
# BIBLIKASIE

U P B I B L I O T E E K D I E N S

JANUARIE

1985

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# DIE EERSTE SÊ

PASOP 1985!

Elke Biblikasie-leser sal seker graag vir my wil vra: prof, hoe voel jy oor 1985? My antwoord kom spontaan, kort en tweevoudig: enersyds, is ek vol moed, afwagting en dankbaarheid, andersyds, is ek vasberade dat 1985 ons nie sal onderkry nie. Kortom, ek is lus vir die uitdagings van die jaar! Ek is oortuig dat die probleme van 1985 van so 'n aard sal wees dat dit die heel beste uit ons sal haal. Gelukkig weet ons dit en kan ons voorberei en beplan met één doel voor oë - ons sal wen! Ons stel onsself geen alternatief nie. Ons draf vir die 1985-stryd as 'n wenspan op die veld - bewus van die offers wat dit sal vra.

U mag sê ek is nie realisties nie. Waar kom al die moed, afwagting en dankbaarheid in so 'n moeilike tyd vandaan? Die feit dat ons die nuwe jaar met 'n kredietsaldo van 365 dae meer ervaring as dieselfde tyd verlede jaar kan begin, plaas ons in 'n gunstiger posisie as voorheen. Ons sal weer die geleentheid hê om dinge te laat gebeur. Ons sal nuwe sake kan aanvoor; ons sal kan voortbou op die goeie werke van vorige jare en lesbes ons kan verwag om die vrugte te pluk van harde en suksesvolle arbeid in die verlede. Daar sál in 1985 nuwe probleme op ons pad kom. Die besef dat ons geestelik en fisies besonder fiks sal moet wees om elkeen as 'n uitdaging te beskou wat ons na die beste van ons vermoë te bowe moet kom, skep in myself hierdie gees van afwagting.

Ek dink die voorreg om aan 'n universiteit verbonde te kan wees, het verder veel te doen met die positiewe ingesteldheid en geesteskrag waarmee ons ons taak kan benader. Elke jaar is in 'n besondere sin 'n nuwe jaar. Ons gebruikerskorps word weer eens gevoed met ongeveer 3 000 nuwe jong studente. Ons staan weer voor die uitdaging om effektiewe biblioteek- en inligtingsbenutting 'n deel van hulle akademiese toerusting te help maak. Ons kan help bou aan mense. Mense wat die universiteit eventueel as pragtige bruikbare "produkte" aan ons Suid-Afrikaanse gemeenskap sal terug gee. Ten spyte van 'n "dooie" ekonomie sal ons die voorreg hê om binne die Biblioteekdiens steeds die lewe van vernuwing te smaak. Die bouwerk aan 'n nuwe biblioteek by Veeartsenykunde gaan voort; met die inskakeling by BELTEL sal ons die voordele van die nuwere tegnologie verder geniet; die benutting van 'n DOBIS/LIBIS 1.3 beteken dat ons personeel verbonde aan Ontsluiting, Leendiens en Aanskaf in 'n moeilike jaar tog die vrugte op die harde werk in makliker jare kan geniet. Kortom, ten spyte van 'n harde 1985 sal ons tog nog kan oes; en dit gee moed!

My gevoel van vasberadenheid spruit voort uit die oortuiging dat ons met die middele tot ons beskikking nog meer kan bereik. In die bepaling van doelwitte vir 1985 en die strategie en aksieprogram wat gevolg sal word om daardie doelwitte te bereik, sal Topbestuur daarop ingestel wees om beskikbare bronne optimaal te benut. Ons sal probeer om die krag wat daar juis in die eenheid van die Biblioteekdiens lê ten volle te benut. Ons sal die sleutelareas van die Biblioteekdiens opnuut identifiseer en bepaal of ons op daardie punte die nodige doeltreffendheid openbaar. Take wat direk met die bevor-





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

dering van die opleiding en navorsing aan hierdie universiteit te make het, sal onder alle omstandighede voorkeur geniet. Dit sal beteken dat ander aktiwiteite wat as minder relevant en van kosmetiese aard beskou kan word, minder aandag sal geniet, indien enige. Ons sal ons volle samewerking aan die universiteit se program van rasionalisering en besuiniging verleen. Met die uitdruklike voorwaarde egter, dat ons meer as ooit tevore opgeskerp sal wees om te voorkom dat die Biblioteekdiens nie op só 'n wyse benadeel word dat die universiteit later 'n prys moet betaal wat sy doel van goeie opleiding en navorsing onhaalbaar sal maak nie. My vasberadenheid om sake soos die bogenoemde deur te haak, sal vir sommige kollegas meer as vir ander raak. U moet verwag dat daar 'n hertoewysing van take en 'n gevolglike skommeling van personeel sal plaasvind. In daardie proses sal ons die noodsaaklikheid van optimale stabiliteit in ons werksituasie en die bevordering van goeie onderlinge verhoudinge steeds in gedagte hou.

U sê, ja, maar wat van die dankbaarheid waarna u aanvanklik verwys het? Ek hou dit doelbewus vir my laaste sê in Biblikasie se eerste sê. My dankbaarheid is vanselfsprekend. Dit word elke dag opnuut bevestig as ek om my kyk. Kyk ek terug, is ek dankbaar vir 'n tyd van ongeëwenaarde voorspoed en die geleentheid wat ons gehad het om 'n hoër lewenspeil te ontwikkel. Kyk ek om my, is ek dankbaar vir elkeen van u wat met u besondere persoonlikheid kan meehelp om ons Biblioteekdiens ook in 1985 die aangenaamste werkskring te maak. Kyk ek op, is ek dankbaar vir die Bron vanwaar alles sal kom wat ons nodig het vir die eise wat elke dag van 1985 mag stel. Só voel ek. Ek hoop u ook!

Pasop 1985 - hier kom ons!

PROF GERRYTS



Mnr Danie Veldsman is op 7 Januarie 1985 vanaf die Toonbank oorgeplaas na Medies.

# BEPLANNING

DIE SANSO-SPOOK LOOP WEER!

Op die ratte wat weer so moeisaam aan die begin van die nuwe jaar begin draai, wil ons 'n bietjie olie kom gooi vir gladder SANSO-werkverrigting.
Frea loop weer haar draaie deur Merensky-Biblioteek om die studiesitplekke oral te tel sodat haar kollegas gedurende die jaar statistiek van die benutting van hierdie sitplekke kan hou. Het u al gewonder waarom dit gedoen moet word en wat met die statistiek gebeur? Moenie langer wonder nie - ons vertel graag!

SANSO is die akroniem vir Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding, wat 'n inligtingstelsel oor na-sekondêre onderriginstansies, nl universiteite, technikons, onderwyskolleges, kolleges vir verpleging en tegniese kolleges/institute, is. Bepaalde inligting word jaarliks by elkeen van die genoemde instansies ingesamel ten opsigte van

- kwalifikasies, studievelde en krediete wat verwerf kan word
- studente
- personeel
- finansiële bestuur
- vaste bates
- geboue en ruimtes

Die verlangde inligting word op voorgeskrewe state of vorms ingevul en deur die administrasie van die betrokke instansie vóór 'n vasgestelde datum by die Departement van Nasionale Opvoeding ingedien.

Die gedagte aan 'n omvattende inligtingstelsel op na-sekondêre vlak in Suid-Afrika het in 1977 by die Departement van Nasionale Opvoeding ontstaan vanweë die probleme wat die Staat rondom die subsidiëring van universiteite ondervind het. Verskillende subsidie-formules was al oorweeg en toegepas, totdat daar in 1977 besluit is om 'n inligtingstelsel oor Suid-Afrikaanse na-sekondêre opvoedingsinstansies te ontwikkel wat op gestandaardiseerde, tersaaklike data, gekoppel aan programme wat 'n geïntegreerde geheel bewerkstellig, sou berus. Die inligtingstelsel is deur dr R H Venter aan die hand van 'n aantal stelsels wat reeds in die VSA deur verskillende instansies geïmplementeer was, in een geheel geïntegreer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die primêre doel van hierdie grootskaalse statistiese inligtingstelsel is om doeltreffende finansiële beheer, gegrond op vergelykbare statistiek, asook toekomstige beplanning vanaf owerheidsweë moontlik te maak. Uit die statistiek word die gegewens verkry wat vir die bepaling van die staatsubsidie benodig word.

Vir die opvoedingsinstansies op wie SANSO van toepassing is, lê die regverdiging vir die mannekrag en koste wat die statistiese rekordhouding vereis, in die bestuursinligting wat hierdeur beskikbaar gestel word. Universiteite het in die afgelope twee dekades gegroei tot groot, komplekse organisasies vir wie beplanning op die finansiële, fisiese en akademiese fronte 'n sleutelfunksie geword het. Na die bloeitydperk van die sewentiger jare het verminderde fondse eise aan verantwoordelike bestuur op nasionale vlak, maar ook binne die organisasie, laat ontstaan, en organisasies moes in 'n toenemende mate vir hulself rekenskap van hul doeltreffendheid en doelmatigheid kon gee. Voor die instelling van SANSO is hierdie taak deur die gebrek aan betroubare, tersaaklike inligting om bestuur veral ten opsigte van sy beplannings- en besluitnemingsfunksies te ondersteun, bemoeilik.

Die kern van die saak is dus dat die Staat in die mondering van Departement van Nasionale Opvoeding, jaarliks statistiese inligting van die Universiteit van Pretoria vereis waarop die subsidiëring van die Universiteit gegrond word. Aangesien die staatsubsidie die lewensaar vir die voortbestaan van die Universiteit is, is dit noodsaaklik dat die statistiese inligting wat verstrek word, so akkuraat moontlik moet wees.

Tot hiertoe wat betref die "waarom" ons met wekkertjies herinner moet word om besette studiesitplekke op sekere dae te tel. Die tweede vraag bly nog oor, naamlik waar pas die getal studiesitplekke en die benutting daarvan in die prentjie in. Die antwoord lê opgesluit in die ruimte wat die universiteitsbiblioteek volgens SANSO-norme op grond van die studentetal behoort te beslaan. Die grootte van die universiteitsbiblioteek, soos dié van al die ander geboue op die kampus, word nie na willekeur bepaal ooreenkomstig ons drome en begeertes nie. Daar bestaan voorgeskrewe SANSO-norme wat die Universiteit as riglyne gebruik om die grootte/oppervlakte van sy geboue te bepaal. In hierdie norme speel die aantal studiesitplekke en die benutting daarvan 'n baie belangrike rol - veral wanneer daar om die uitbreiding van die biblioteekgebou aansoek gedoen word. Gevolglik is dit noodsaaklik dat die gegewens wat ingesamel en gerapporteer word, akkuraat moet wees.

Dus, die volgende keer dat die wekkertjie lui en ons die rondte maak om besette sitplekke te tel, dink daaraan dat u noodsaaklike statistiek versamel om ons versoek vir 'n groter biblioteek te motiveer. Mag ons in 1985 met ligte tred en hoopvolle harte akkurate gegewens vir SANSO insamel!

ESTRELLITA WEYERS

# SOSIALE KOMITEE 1985

Voorsitster
Mev Hermien Bornman
(3e Vloer)

Sekretaresse
Mev Amanda van der Merwe
(1e Vloer + Kelder)

Lid van lief en leed
Mej Christine du Toit
(2e Vloer)

Lede verantwoordelik vir melk
Mev Laura Pienaar
(Voorontsluiting)
Mej Magda Celliers
(Boekontvangste)

Lid vir aanstellings en bedankings
Mev Hannatjie van der Westhuizen
(Tydskrifte)

Lid vir verjaarsdaglys
Mnr Corrie du Preez
(Grondvloer)

Lede vir blomme
Mej Esmé Kruger
(Tiksters)
Mej Céu Agostinho
(Ontsluiting)


Ander lid
Mnr Herman Smit
(Bindery)




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# Kersparty '84






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# LANDBOU

AFSKEID BY DIE LANDBOUBIBLIOTEEK

Na 9 jaar in diens van die Landbou-biblioteek is dit die wens van my hart om aan almal met wie ek dié pad geloop het, te sê dankie vir heelhartige samewerking, vriendelikheid en kameraadskap.

Van die eerste dag op 5 Januarie 1976 toe mnr Duminy my aan Alet Fisher hier by die Landboubiblioteek kom voorstel het, tot vandag, was ek bederf met aangename werksomstandighede.

Wat my natuurlik baie na aan die hart lê is die vakbibliotekarisstelsel. Dit was dan ook my voorreg om een te kon wees van die eerste groep vakbibliotekarisse wat aangestel is in UP se Biblioteekdiens. Deur die jare kon ek help bou aan die diens wat al groot hoogtes bereik het onder die entoesiastiese en bekwame leiding van proff Gerryts, Boon en mej Pienaar. Die goeie vriendskapsbande van onderlinge begrip en samewerking wat sodoende deur die jare tussen die dosente en vakbibliotekarisse opgebou is, strek die Biblioteekdiens tot eer.

Ek aanvaar vanaf 1 Feburarie 1985 'n halfdagpos in die Departement Agrariese Voorligting by die Fakulteit van Land-bouwetenskappe. My hoof sal wees prof G Düvel, wat ook die mede-leier is vir my M.Bibl.-Verhandeling: Die Inligtings-behoeftes van die Landbouvoorligter.

Ek groet vir oulaas uit die Landbou-biblioteek. Sterkte Amelia vir die aktiwiteite in 1985 en dankie vir kameraadskap van die afgelope twee jaar.

JEANETTE BORNMAN

# ONTSLUITING

Vir die ontsluiters het die jaar toe ook ten einde geloop. So het die afdeling ook leeggeloop en is ons mense met vakansie weg. Die bittereinders sê hulle was baie alleen hier!

'n Welverdiende vakansie was dit veral vir ons studerendes, want met Susan se eksamen en Céu en Estelle se tentamens (of so iets) het dit goed gegaan.

'n Welverdiende vakansie ook vir Magda en haar medewerkers, want DOBIS-LIBIS se 1.3-weergawe is suksesvol geïnstalleer. Die oggend van die 19e November het ons, met mev Langkilde se lesing in ons agter-koppe, die terminale ietwat huiwerig benader, en 'n paar verrassings gekry in die volgende paar dae, maar nou gaan dit weer klopdisselboom.

'n Treurige noot was daar egter ook: Ansie het ons verlaat. Ons mis haar, maar hoop dat hulle baie gelukkig gaan wees in Durnacol.

En nou is dit Januariemaand en hier is ons weer, almal veilig terug en almal (min of meer) uitgerus en lus vir die jaar. Elrien het as 'n mevrou teruggekom en Annatjie Greyling het in 'n halfdagpos by ons aangesluit. Céu en Estelle skryf eksamen en ons wens hulle almal voorspoed toe.

Rakkontrole het ons oor een ding laat wonder : hoekom is die ou voorraad se boeke sô styf in die rakke gepak dat ons so moet stoei om hulle daaruit te kry? Daar is mos genoeg oop rakke by die ou voorraad ... kan iemand ons dalk help?

Tot volgende maand sê ons: Groetnis en mooi loop!

DIE ONTSLUITERS

# Het u geweet?

The longest working life has been that of 98 years by Mr Izumi, who began work goading draft animals at a sugar mill at Isen, Japan in 1872. He retired as a sugar cane farmer in 1970 aged 105.

The longest working life recorded in the UK was that of Susan O'Hagan (1802-1909) who was in domestic service with 3 generations of the Hall family of Lis-burn, near Belfast, Northern Ireland for 97 years from the age of 10 to light duties at 107.

Bokkie Malan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE

Stof tot Nadenke - C J Langenhoven

Waarom is jy met 'n dom man ongeduldig? As almal so slim was as jy, waarheen het die markwaarde van jou verstand dan nie gedaal nie?

Aan 'n nuwe wa kan jy sien of dit 'n goeie skilder was; aan 'n oue of dit 'n goeie wamaker was.

Aan jou baas of jou maat is jy getrouheid skuldig, aan jouself, eerlikheid. Waar die twee pligte teenstrydig is, kies die laaste.


Om af te breek, is geen kuns nie. 'n Klein babatjie kan 'n blommetjie verniel wat dit 'n God gekos het om te maak. (En die Maker maak nooit heel nie, maar Hy maak nuwes).

Die een werk wat die Here ons gewaarsku het om aan Hom oor te laat, dié is ons die ywerigste om uit sy hande te neem. Dit is die oordeel.

Betaal 'n donkie se prys en moenie 'n perd se diens te wagte wees nie.

Moenie 'n man help wat homself kan help nie. Jy maak hom hulpeloos vir die toekoms en jy vermors die hulp wat jy vir die werklike behoeftige moes gespaar het.

Dis nie dat 'n man se tyd niks werd is as hy daarmee opgeskeep is nie. Dis hy wat niks werd is nie.



# ALGEMENE INLIGTING

INTERESSANTE FEITE

Celebration marked the beginning of the year at the Library of Congress.

The new two-story exhibition space added another facet to this gem of an institution - the world's largest library - which Dr Boostin has called a "multimedia encyclopedia". Established by Congress in 1800, with the first of its three major buildings completed in 1897, the Library of Congress now covers 85 acres on Capitol Hill and houses 532 miles of shelves of materials. Contrary to popular belief, the Library does not retain a copy of every book published in the United States - books for the permanent collections, which are carefully selected, make up only one-fourth of the total collection, which in fiscal 1982 numbered 79,7 million items. In addition to books, there are maps and charts, motion pictures, prints and photographs, recordings, and priceless documents, including the personal papers of twenty-three Presidents. The Library also includes the Congressional Research Service, the Law Library, the Copyright Office, and the National Library Service for the Blind and Physical Handicapped. In addition to serving the public directly, it performs invaluable services to libraries worldwide.

Another, increasingly important, function for the nation's Library is its leadership role in scientific research and testing of new methods and technology aimed at preserving a cultural heritage which, until now, has largely been documented and handed down from one generation to another on the printed page.

In carrying out its varied functions this year, the Library of Congress operated on a direct appropriation of $195,123,000 from the Congress. Another $11,500,000 was available for obligation from fees collected by the Cataloging Distribution Service and Copyright Office.

Bokkie Malan



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# The Commandments of IBL

Thou shalt verify bibliographic information.

Thou shalt not guess.

Thou shalt not send speculative requests to other libraries, lest they turn upon thee and cut thee off from thy kindred.

Thou shalt respond promptly to messages.

Thou shalt read thy manual day and night.

Thou shalt love thy colleagues as thyself.

Thou shalt discipline thy users and teach them to return their books in time.

Thou shalt not send rude or incomprehensible messages.

Thou shalt subscribe to PISAL and JC.

Thou shalt complete thy interlending request form conscientiously, omitting nothing that pertaineth thereto and neither inventing nor erronously transcribing any part thereof.

END.


Denise Wheeler
(IBL)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EERSTE VLOER


'n Normale begin vir 1985 op 1ste vloer










# *Kaapse nostalgie*

Na sewentien jaar in die Transvaal bly ek nog steeds 'n Kapenaar en los die hunkering na die see my nie uit nie. Dit laat 'n mens wonder of daar fout is met jou, 'n aanpassingsprobleem of iets in dier voege. Maar na Desembermaand se vakansie in die Kaap, weet ek, dit het niks met aanpassing te doen nie.

Dit het te doen met die gevoel wat jy kry as jy oor die Hexrivierpas ry en afkyk op De Doorns. So amper asof jy al die Kaapse sandgrond om jou voete voel krul, die see al wil-wil ruik en jou oë al begin soek tussen die blou berge na daardie spesifieke een, Tafelberg, al weet jy dis nog goed 'n 100 kilometer se ry voor jy die eerste blik van hom kry. Deur Worcester se plat vlakte vat jy Dutoitskloof en jy kyk of daar nie al 'n effense opening te sien is waar die nuwe tonnel moet uitkom wat dwarsdeur die berg loop nie. Ek hoop nie hulle maak ooit die oupad toe nie want dan word ek ontneem van daardie heerlike verwagting om so om die draai te kom en die Paarl-vallei so onder my te sien lê en te weet : ek is in die Kaap.

Ons het in Kleinmond se karavaanpark gebly. Vir diegene wat nie weet waar dit is nie haal ek hierdie beskrywing uit 'n artikel in die Fair Lady aan: "... Kleinmondstrand, a remote, rocky little seaside spot 50 kilometres south-east of Gordon's Bay in the Cape." "Remote" - ja, dit is afgesonder, lekker weg van die N2 en afdraaipaaie is mos al te veel moeite vir vandag se reisigers. "Rocky" en "little" pas ook maar ek voel so asof dié woorde dit 'n agterafplek maak. Moontlik het die skryfster van die artikel nog nooit op 'n somersdag die voetpaadjie agter die dorp gevat en begin stap, berg-op nie. So veel van weelde in blommeprag laat jou kort-kort stilstaan, op jou hurke neersak en verstom sit en kyk na die fyn, tengerige bossies wat so uit hierdie nuttelose witsand te voorskyn tree. Jy begin klim en jy ruik die Kaapse fynbos om jou en jou oë kyk af op die spierwit strand, bloue see en melkwit branders. Dis amper of die mooi te veel word om in jou binneste te dra.

Ons gaan duik perlemoen op Doringbaai. Dis nie verniet dat hulle dit Doringbaai noem nie. Jy sit skaars 'n ruk op die sand, dan voel jy die eerste jukkerigheid aan jou lyf. Kom jy uit die water voel dit asof fyn stukkies glasvesel in jou baaiklere vassit. Maar jy hou uit, want teen R18,50 per kilogram (dis wat perlemoen kos as jy dit te koop kry by 'n viswinkel) weet jy van die lekkerte wat wag op jou vanaand. Jy haal hom uit sy skulp, skrop hom, en sny hom in dun skyfies wat jy lekker sag kap. Dan op jou gasstoof braai jy hom in botter, bietjie knoffel, sout en peper met so 'n titseltjie suurlemoen. Oor die eerste stukkies baklei ons, later eet jy stadig en met gevoel. Voor jy gaan slaap, spoel jy die dorinkies uit die duikpakke en swemklere, want môre gaan jy weer.

In 'n karavaanpark is jou naaste bure vyf tree van jou af maar dit maak nie saak nie want mettertyd word dit soos 'n groot familie. Jy groet, gesels en luister. Ek verlustig my aan die Kapenaars se uitspraak. So lekker loslit val die woorde oor die tong. Ek sit in die ry wat wag vir 'n warm stort en ek luister na Ma's soos alle ander Ma's wat praat van bad(s)kamerhanddoeke en seehanddoeke wat die kinders nie uit mekaar wil hou nie en ek kyk na jongmense wat regmaak vir vanaand se kaperjolle by die Kafhok-disco. Ek meen te sê: Kafhok-disco, die naam sê sommer alles. Geen gedrogte, dagga of diskriminasie nie. Almal dans met elkeen, al weet jy as meisie dat die ou wat jou vra vir 'n dans dalk 'n jaar jonger is as jy of as ou, dat die meisie al tweede-jaar op Universiteit is en jy nog in standerd nege. En my stadskinders stap laataand van die Kafhok, karavaanpark toe, ongehinderd en in vrede met alles om hulle om vir my te kom sê: "Dis woes lekker Ma!" Jy raak aan die slaap in jou karavaan terwyl jou buurman op sy ghitaar tokkel en Dawid Kramer se liedjies sing en jy dink by jouself: dit is woes lekker in die Kaap!

Maar die vakansie kom tot 'n end en as jy laatnag Dutoitskloof vat om sodoende die ergste Karoo-hitte te vermy, en jy ry deur die donker berge om skielik die volmaan groot en helder agter die koppe te sien verskyn, dink jy vir oulaas en met heimwee: môre is dit springgety.

Elsabé van der Merwe



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ALGEMENE ADMINISTRASIE

'n Mens kan skaars glo dat die jaar waarin mens eens so vreemd en verlore (met rukke) gevoel het reeds agter die rug is vir sommige van ons nuwelinge. Die Bib het reeds diep in ons harte gekruip. Daar was soveel mooi dinge gedoen om ons tuis te laat voel. Wie kan Mathilda se warmte vergeet met ons oriëntering - of die plant wat sommige op hulle lessenaars gevind het met aankoms?

Die heel beste ding wat my te beurt geval het was toe ek gevra was om met die Kersfunksie te help met die blomme. Baie dankie vir daardie geleentheid - daar is niks lekkerder as om betrokke te raak by die sosiale geleenthede nie, dan voel mens dadelik jy is deel van Merensky.

Namens al ons "ou" nuwelinge sê ek baie dankie vir al hierdie mooi gebare - ons hoop ons sal dieselfde aan die "nuwe" nuwelinge kan doen.

Gelukkige en Voorspoedige Nuwejaar!

DORIS BOTHA

# VOORONTSLUITING

Januarie 1985! 'n Wonderlike vooruitsig! Aan al ons kollegas 'n vreugdevolle jaar!

As ons terugkyk na die eerste jaar van Voor-Ontsluiting se bestaan, is dit met groot dankbaarheid. Die LIBIS-bestelfunksie is geïmplimenteer en saam met al die groeipyne het ons geweldig baie geleer. Nog 'n belangrike hoogtepunt is dat die bestellings nou gedruk word. Daar is hard gewerk deur die jaar om al die bestellings te hanteer en op 9 Januarie was die vreugde groot toe ons die laaste van die 10,504 bestellings vir 1984 kon plaas. Hierdie taak was alleen moontlik omdat ons kollegas in ons seksie het wat positief en entoesiasties is en bereid is om hard te werk!

Ons moes afskeid neem van mej Sandra Groenewald wat nou by die Openbare Biblioteek op Rustenburg werksaam is. Sy was vir SABINET verantwoordelik en is 'n ware steunpilaar in alle opsigte! Mej Mariana Olivier het gedurende Desember haar van verruil en is nou mev Niewoudt. Ons wens haar en haar man 'n gelukkige huwelikslewe toe! Ons nuwe personeellid, mev Hannie Bezuidenhout, het al klaar ingeskakel en ons weet ons gaan lekker saamwerk.

Ons klompie hier is gereed vir al die probleme, verantwoordelikhede en uitdagings wat in ons werksituasie wag. Met mev B Langkilde en mev E Nel aan die spits, kan dit net goed gaan!

M Botes


VERHOGING! VERHOGING! VERHOGING!

Behalwe vir die gewone verskuiwings, het ons almal verhoging gekry: jy dink nog jy is op GRONDVERDIEPING, toe is jy al die tyd op DERDE!

# VERJAARDAGLYS

FEBRUARIE

1. Mev Joggie Brits (Tiksters)
7. Mej Magriet Lee (Medies)
8. Mej Susan Scholtz (Makro-ontsluiting)
14. Prof E D Gerryts (Direkteur)
    Mej Thea Heckroodt (2e Verdieping)
18. Mev Ray Smithers (Buitemuurs)
19. Mej Bella van Niekerk (2e Verdieping)
20. Mev Jeanie Wehner (Voor-ontsluiting)
28. Mej Gertrud Meyer (Makro-ontsluiting)






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TWEEDE VLOER

ŉ Nuwe jaar! Mens sien weer kans vir soveel. Nuwe besluite word geneem en ou gewoontes word gelos. Alles word weer met nuwe geesdrif aangepak.

Op tweede vloer gaan dit so. Wanneer mens na ŉ uur of wat se arbeid bietjie opkyk om weer asem te skep vir die volgende taak en mens kyk so oor die vloer heen, sien mens net neergeboë hoofde en rook wat by die ore uitborrel.

Joy werk lesings vir haar kollegas uit, sodat almal in die toekoms haar vak darem beter sal verstaan. Ons ander sukkel weer met die ingewikkelde statistiek wat somtyds baie tyd kan neem indien mens nie statisties aangelê is nie; maar ons het mos nuwe moed, en niks, nie eers die rakkontrole, gaan dit breek nie.

Bella sweef tussen hemel en aarde. Mens kan dit egter verstaan, want ŉ baie belangrike dag in Maart lê om die draai.

Erna gaan die jaar akademies verkeer. Haar man is so dankbaar, dat hy haar solank begin toerus het. Sien maar so teen vieruur smiddae wanneer sy huiswaarts keer.

Lizette het ook nuwe planne vir 1985 - maar dis nog skynbaar ŉ geheim. Ons is egter almal al baie nuuskierig.

Ons nuwe wense vir Dr Trichardt en Rentia is dat hulle motors hulle tog net nie weer in die steek sal laat nie en dat daar nie weer in ander motoriste vasgery sal word nie. Ons hoop almal dat Anne en haar suster lekker sal woon in hulle nuwe huis en vir Thea wens ons ook alle sterkte toe met haar studies vir '85 - ons hou net duim vas dat die "Piet en Thea-briefies" nie mettertyd te "Grieks" sal raak nie.

WOLFGANG AMADEUS MOZART EN DIE LEGENDE OOR SY DOOD

Wolfgang Amadeus Mozart is op 27 Januarie 1956 in Salzburg, Oostenryk gebore, en is as die eerste kinderster in die geskiedenis beskou. In die biografieë wat oor hom geskryf is, en uit sy briewe is dit duidelik dat hy glad nie ŉ gesonde mens was nie, en deur verskillende siektes in sy kort lewe van 35jaar geteister is.

Die omstandighede wat aanleiding tot sy dood gegee het, het ŉ misterie daaraan geheg wat vandag nog nie opgeklaar is nie. Vanweë die feit dat die mediese getuienis van die enigste persone wat met sy dood aanwesig was eers dertig jaar later opgeteken is, daar geen lykskouing gedoen is nie, en hy reeds die volgende dag begrawe is, kan daar vandag slegs oor die oorsaak van sy dood bespiegel word.

Die laaste ses maande van sy lewe was Mozart permanent siek. Die feit dat hy aan depressie gelei het, het die toestand vererger. In Augustus 1791 het ŉ gesluierde Anton Leitgeb aan hom die opdrag gegee om ŉ Requiem vir sy anonieme meester te komponeer. Die meester was Graaf Walsegg wat die Requiem as sy eie komposisie by die begrafnis van sy vrou wou gebruik.

Die omstandighede waarin Mozart die opdrag ontvang het en sy eie fisiese en geestelike toestand het hom laat glo dat hy vergiftig is, en die Requiem vir sy eie dood skryf. Dit het hom so uitgemergel dat sy vrou Constanze by haar terugkeer van ŉ hersteloord in Oktober die bladmusiek van hom weggeneem het.

Mozart het op 20 November 1791 so siek geword dat hy in die bed moes bly, en was na ŉ week gedeeltelik verlam. Hy is twee weke later op 5 Desember 1791 om 01h00 oorlede en op 6 Desember saam met ongeveer 20 ander lyke in ŉ armmansgraf begrawe.

ANTONIO SALIERI (1750-1825)

Salieri is as ŉ gewilde komponis, leermeester en dirigent van sy tyd geskou met mense soos Beethoven, Schubert, Liszt en later Franz Xaver Mozart (seun van W A Mozart) as leerlinge. Alhoewel hy hoog geag is aan die koningshof en by komponiste van sy tyd, vir wie hy baie gedoen het om hulle loopbane te bevorder, het hy dit nooit ten opsigte van Mozart gedoen nie,



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

waarskynlik omdat hy Mozart as sy belangrikste teenstander beskou het. In die korrespondensie tussen Leopold en Wolfgang Mozart, is daar dikwels bewerings dat hy (Salieri) Wolfgang doelbewus in die wiele probeer ry het - beweringe wat uit ander bronne gestaaf word. Tog het hy en Madame Cavalieri Mozart na 'n uitvoering van "Die Towerfluit" vergesel, twee maande voor die komponis se dood, en het hy (Salieri) groot lof vir die opera gehad.

DIE LEGENDE OOR DIE VERGIFTIGING VAN MOZART

Ses maande voor sy dood het Mozart aan sy vrou gesê dat hy seker is dat hy met Acqua Toffana (arseen en loodoksied) vergiftig word. Die feit dat hy met sy dood geweldig geswel was, dat daar geen lykskouing gedoen is nie, en dat hy, in opdrag van Van Swieten reeds die volgende dag begrawe is, het hierdie gerug onder die Weense publiek versterk.

Salieri is van die begin af as 'n moontlike moordenaar verdink, iets wat versterk is na sy erkenning van die moord net voordat hy 'n mislukte selfmoordpoging aangewend het.

Gerugte dat die Vrymesselaars vir Mozart se dood verantwoordelik was omdat hy van hul geheime in "Die Towerfluit" uitgelap het, of selfs die Weense politici wat Mozart se idees vereenselwig het met die van die Franse Rewolusie is ook later in die literatuur opgeteken.

Ignaz Moscheles, 'n leermeester van Salieri wat hom kort voor sy dood in die hospitaal besoek het, het later geskryf dat Salieri enige aandeel in die vergiftiging van Mozart ontken het, maar dat hy oortuig was dat hy deur sy dade tot Mozart se ongewildheid, finansiële probleme en tot sy vroeë dood aandadig was. Sy latere erkenning van Mozart se genialiteit was moontlik 'n poging om te vergoed.

Mediese getuienis plaas vandag die moontlikheid dat Mozart aan vergiftiging oorlede is, laag op die lys van moontlike oorsake.

DIE LEGENDE LEEF VOORT

Deur die loop van twee eeue het 'n onnoembare aantal geskrifte verskyn wat die geheim probeer ontrafel het. In die wêreld van die kunste is die volgende belangrik:

Alexander Pushkin se drama "Mozart en Salieri", (1830) wat 5jaar na die dood van Salieri verskyn het, Rimsky-Korsakov se operaverwerking van bogenoemde drama,

David Weiss se boek "The Association of Mozart" wat deur musikoloë darem te veel as 'n "Le Carré" - speurverhaal beskou word, en Peter Schaffer se drama en filmdraaiboek "Amadeus".

BIBLIOGRAFIE:

BOROWITZ, A I: Salieri and the "murder" of Mozart. The Musical Quarterly 59:263-284, 1973.

DAVIES, P J: Mozart's illnesses and death. Journal of the Royal Society of Medicine 76:776-785, 1984.

PUSHKIN; a collection of articles and essays on the great Russian poet A S Pushkin. Moskow, USSR Society for Cultural Relations with Foreign Countries, 1939.

MAGRIET LEE

NS: My dank aan Anita Moolman en Rita Badenhorst vir hulle bydrae.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Afskeidsfunksie*

# *'84*



Daar was heelwat navrae na die resepte van al die heerlikhede op ons afsluitingsfunksie in November 1984. Ons plaas hierdie maand dus van hierdie resepte.

UIEBROODJIE

500g bruismeel
500ml karringmelk
1 pakkie dik wit uiesop/ bruin uiesop

Meng al die bestanddele saam en plaas in 'n gesmeerde broodpan. Bak vir ± 1 uur by 350°F.



Hoenderlewer Pâté

1 kg hoender lewers
100 ml Sherry of brandewyn
4 klein uie fyngekap
8 repe spek fyn gesnipper
250 g botter (kan selfs 'n bietjie meer gebruik)
2 ml tiemie
2 lourierblare
100 ml room
50 ml gekapte pietersielie (verkieslik vars)
sout en peper na smaak


Was die hoenderlewers mooi skoon en sny grof op. Marineer dan in brandewyn of sjerrie vir ± 1 uur. Gooi dan die marinade af maar moet nie weggooi nie. Smelt helfte van die botter in 'n pot of 'n pan en braai tot mooi bruin aan alle kante. Haal uit die pot of pan en gebruik dan dieselfde pot om die spek te braai tot bros en bruin (gebruik res van botter hiervoor). Voeg uie by en braai tot uie sag en bruin is. Voeg nou weer die lewer by die spek en die uie. Voeg by die tiemie en die



lourierblare asook die marinade. (Kan ook hier 'n klein bietjie ekstra botter byvoeg indien dit lyk asof daar nie genoeg olierigheid is nie). Kook nou oor stadige hitte totdat die enigste vloeistof droog gekook is en die lewer weer begin braai in die pot. Haal af van plaat en laat afkoel tot effens lou. Haal ook die lourierblare uit. Kap nou die lewer fyn in 'n voedselverwerker. Al die stukkies moet fyngekap wees. Vou nou die room en pietersielie in. Voer 'n broodpannetjie uit met waspapier of "clingwrap" of "foilene" (Dit laat die pâté maklik uitkom as jy dit wil gebruik) Skep nou die mengsel in die pannetjie en smeer mooi glad bo-op. Sit in die yskas en verkoel tot styf en stewig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



TUNASLAAI (vir 4-6 persone)

2 blikkies tuna (in olie), gevlok
2 hardgekookte eiers, gekap
1 koppie mayonnaise
1/2 koppie kondensmelk
1/2 komkommer, blokkies gesny
2 appels, in blokkies gesny
1 koppie rou noedels (enige soort)
25 ml tamatiesous
1 takkie seldery, gekap
paprika & gedroogde pietersielie na smaak
sout en peper na smaak.
12,5 ml suurlemoensap
12,5 ml suiker
Aartappelskyfies (blatjang geur)

METODE:

Kook noedels in kookwater tot gaar. Voeg tuna, noedels, komkommer, appel, seldery bymekaar. Geur met suurlemoensap, sout en peper.

Meng mayonnaise, kondensmelk & tamatiesous en verdun die sous met melk totdat dit so dik soos room is. Voeg suiker by. Voeg gedroogde pietersielie en paprika by na smaak.

Meng sous in tunamengsel in. Druk aartappelskyfies fyn en meng deur slaai net voor bediening.

JAGTERSLAAI (HOENDERSLAAI)

borsvleis van een gaar hoender
3 gaar aartappels
2 tamaties
1 selderystingel
2 groen appels
250 ml Soetmelk-kaas, in blokkies gesny
sout
peper
Maggi Fondor
Crosse & Blackwell Slaairoom
gekapte pietersielie

METODE:


Sny die hoendervleis en aartappels op in blokkies. Ontvel die tamaties en kap die tamaties, seldery en appels op in blokkies. Voeg kaas by. Meng alles saam met die Mayonnaise, geur en proe. Bedien op slaaiblare en garneer met pietersielie.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



BRUIN BROOD VIR ELKE DAG (4)

2 1/2 kg wit broodmeel

2 1/2 kg nutty wheat volkoringmeel

3 teelepels droë suurdeeg opgelos in
1 1/2 koppie warm suikerwater, suurdeeg wat teruggehou word van vorige bakproses.
9 teelepels sout
Koeksaad, lynsaad, sesam, yoghurt volgens smaak


METODE:

Meng alles goed in 'n bak en voeg warm water by tot deeg goed deurgeknie is. Smeer panne en maak half vol met deeg. Met nat hand maak oppervlakte van deeg glad. Laat rys vir 1 uur by 200°F en bak dan vir 2 uur by 350°F.

Haal brood onmiddelik uit panne na afgebak.

NS: Die groot geheim van broodbak lê in die goed deurwerk van alle bestanddele.

KAREN FÖRTSCH



HANNATJIE SE KAAPSE BROODJIE

3½ kop "Nuttywheat" volkoringmeel
1 t. sout
1 hoogvol t. koeksoda
500 ml. karringmelk/geroerde Bulgaarse Yogurt
2 t. heuning

METODE

Meng alles saam tot 'n baie stywe mengsel. Skep uit in middelslag broodpannetjie wat met Spray-and-Cook gespuit is. Maak gelyk bo-op en bak vir 1 uur by 190°C/375° F.

NS. 1 kop. Nuttywheat kan met semels vervang word.
'n Handjievol grondbone bygevoeg maak die broodjie baie lekker.



VRUGTESOUS (vir roomys)

285 ml water
100 ml suiker
6 ml lemoenskil
100 g "fruit mincemeat" (vrugtekoekmengsel)
2 ml sout
1 ml naeltjies
1 ml kaneel
1 ml gemengde speserye
25 ml lemoensap
15 ml mielieblom (maizena)
25 ml margarien

Verhit water, suiker en lemoenskil tot kookpunt. Meng al die droë bestanddele behalwe die mielieblom in die kokende mengsel in. Meng mielieblom met lemoensap tot glad en roer dan stadig by kokende mengsel totdat sous dik word. Verwyder van hitte en roer margarien in. Bedien warm.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



Mev Hannie Bezuidenhout
(Voor-Ontsluiting)



Mev Annatjie Greyling
(Makro-Ontsluiting)




Mev Aartia Joubert
(Boekontvangste)



Mej Martjie Pauw
(Boekontvangste)



Mev Dina Terblanche
(Boekontvangste)



Mej Katrien Blomme
(Tydskrifte)



Mev Annemarie Pienaar
(Tiksters)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Mev Jeanette Bornman
(Landbou)



Mev Magda Botha
(Tydskrifte)

# TOTSIENS



Mev Annelize Kachelhoffer
(Tukkiana)



Mev Elsa Roos
(IBL)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# BIBLIKASIE

UPBIBLIOTEEKDIENS

FEB

1985

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



# DIE EERSTE SÊ

Laat my dadelik met die deur in die huis val en die nuwe redaksie van Biblikasie onder die leiding van mej Agostinho alle voorspoed en sterkte toewens in die jaar wat voorlê. Ons het alle vertroue dat hulle net so suksesvol sal wees met Biblikasie as hulle voorgangers.


Waar almal in die Biblioteekdiens teen hierdie tyd daarvan kennis geneem het dat aankope van boeke in die jaar tydelik gestaak is, wil ek graag die redes vir die drastiese en ongelukkige stap verduidelik.

Die afgelope paar maande het ons daagliks moes hoor en lees van hoe die waarde van die Rand teenoor die ander buitelandse geldeenhede en veral teenoor die Dollar, daal. Hoewel dit vir die individu nie so baie merkbaar was nie, behalwe toe die brandstofprys die hoogte ingeskiet het, het dit geweldige nadelige gevolge vir ons in die Biblioteek gehad. Om dit prakties te illustreer, die volgende: in die begin van 1984 moes ons vir 'n boek wat $30-00 in die VSA gekos het, ongeveer R34-00 in Suid-Afrika betaal. Nou aan die begin van 1985 moet ons vir 'n boek wat $30-00 kos R70 tot R80 betaal. Ons tydskrifrekening was in 1983 ongeveer R900 000. Sonder om prysverhogings in die Buiteland in aanmerking te neem en sonder om enige nuwe intekeninge in berekening te bring verwag ons 'n styging van 70% in die tydskrifrekening vir 1985, dus, ons verwagte tydskrifrekening alleen gaan na verwagting meer as R1 500 000 beloop. Neem ons verder in aanmerking dat boeke wat verlede jaar bestel is, nou begin aankom teen die hoër pryse, is ons hele toekenning vir 1985 oorbestee en is daar dus geen ander keuse as om die aankoop van boeke tydelik te staak totdat ons addisionele fondse verkry het nie.

Hierdie aksie het darem ook 'n positiewe gevolg. In die eerste plek stel dit ons in staat om al die geskenke weg te werk en tweedens dwing dit ons om baie krities te kyk na al ons tydskrifintekeninge en sal dit ons hopelik in staat stel om die tydskrifte wat nie regtig aan ons vereistes voldoen nie te kanselleer. Verder word daar beoog om eersdaags 'n projek van voorraaduitdunning by ons Mediese biblioteke waar daar 'n ernstige ruimtetekort aan die ontwikkel is, van stapel te stuur.

Van owerheidskant is alle Universiteite, (en ook ander regeringsinstansies) versoek om op die personeelrekening te bespaar. Dit noop ons om telkens wanneer daar 'n vakature ontstaan indringend te kyk of dit werklik noodsaaklik is om weer die vakature te vul. By geleentheid sal daar opgemerk word dat bepaalde vakatures of nie gevul word nie of op ander wyses gevul word as in die verlede. Hierdie stappe sal noodwendig van ons almal 'n hoër produktiwiteit verg om te verseker dat met 'n verminderde personeelsterkte dieselfde of selfs 'n groter werksuitset gelewer kan word.

MNR W W DUMINY
(ADJUNK-DIREKTEUR)



*"My Granddad gave it to me — it's called a book. No loading programmes, no plugging in, no keyboard — just learn what all the squiggly marks inside mean and you're laughing."*

From: *Education (Britain) v 163 no 8 24 Feb '84*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# REDAKSIE 1985

REDAKTRISE: Mej Céu Agostinho (MAKRO-ONTSLUITING)

SUBREDAKTRISE: Mev Erna Meyer (VYFDE VLAK)

SUBREDAKTRISE: Mev Hannetjie van der Westhuizen (GSV)

VERTEENWOORDIGERS: TAKBIBLIOTEKE
Mnr Etienne du Preez (BUITEMUURS)
Mev Anneline Viljoen (LANDBOU)
Mej Magriet Lee (MEDIES)
Mev AnneMarie Nel (MUSIEK)
Mej Martie van der Walt (VOORKLINIES)
Mev Magriet Engelbrecht (KALAFONG)
Mev Erika van der Westhuizen (VEEARTSENYKUNDE)

VERTEENWOORDIGERS: MERENSKY-BIBLIOTEEK
Mev Annatjie Myburgh (EERSTE VLAK)
Mev Irene Venter (ALGEMENE INLIGTING)
Mev Riekie Lotz (IBL)
Mev Hannetjie van der Westhuizen (GSV)
Mev Minda Meyer (BOEKBESTELLINGS)
Mev Hetta Malan (TYDSKRIFTE)
Mej Maretha Jansen van Vuuren (TIKSTERS)
Mev Jeannie Wehner (VOORONTSLUITING)
Mev Miemie Vink (MAKRO-ONTSLUITING)
Mnr Corrie du Preez (GESKENKE)
Mnr Hennie van Rooyen (VIERDE VLAK)
Mev Erna Meyer (VYFDE VLAK)
Mev Joriet Coetzee (AFRICANA)
Mnr Lappies Labuchagne (SESDE VLAK)
Mej Jo Breed (KULTUURHISTORIESE INSTITUUT)
Mev Gerda Beukes (BEPLANNING)
Mnr Willie Porter (BINDERS)
Mej Maretha Jansen van Vuuren (FOTOGRAAF)

# Redaksioneel

Namens die redaksie van Biblikasie 1985 wens ons aan u almal 'n suksesvolle en aangename werksjaar toe. Mag 1985 ten spyte van die ekonomiese druk u stoutste verwagtinge oortref.

Alle voorspoed in u werksaamhede.

REDAKTRISE

# KALAFONG

Klinikale Biblioteek is geleë te Pretoria-Wes by die Kalafong-hospitaal. Die Klinikala Bilioteek is 'n tak van die Mediese Biblioteek. Dit is 'n baie klein bibliotekie. Ons het ongeveer 800 boeke wat dien as 'n gereserveerde versameling en ongeveer 120 verskillende mediese tydskrifte. Ons lesers bestaan hoofsaaklik uit dosente, kliniese assistente, mediese beamptes, huisdoktes en mediese studente. Die biblioteek word intensief gebruik deur hulle en lewer 'n waardevolle diens. "The Heart" en "Principles of Medicine" dien vir sommige professore as heerlike skuilplek op 'n gerieflike gemakstoel. Die boeke is volgens departemente onder outeurs gerangskik,gevolglik weet almal waar hulle boeke is.

Die werksomstandighede is uiters aangenaam en ek hou kontak deur middel van briefwisseling en die telefoon met my mede biblioteke.

MAGRIET ENGELBRECHT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Kultuurhistoriese Instituut

Kultuur as inherente deel van die mens.

Oorspronklik beteken die term kultuur die ombouing van die ruwe natuur met die oog op die verkryging van 'n ryke oes. Die mens bewerk die natuur en onderwerp dit om diensbaar te wees aan die mens. Kultuurbeoefening is inherent deel van ons sinvolle menswees. In Genesis 1 vers 28 lees ons van die opdrag van God aan Adam en Eva;- "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." Slegs die mens is in staat om die natuur te onderwerp omdat hy oor verstand, geesteskrag en rede beskik.

Die mens bearbei egter nie alleen die natuur rondom hom nie, maar ook die natuur binne-in hom. Die mens beheers die uitwendige natuur sowel as sy sosiale, geestes- en intellektuele fasette. Enige vorm van onderwerping van die natuur, uitwendig of inwendig, is dus kultuur. Daar moet egter gelet word op die feit dat hierdie onderwerping van die natuur sinvol moet wees. Kultuur het slegs sin as dit aanvaarbaar, bruikbaar en waardevol is vir ander persone benewens die skepper daarvan. Kultuur moet gemeenskapsbesit word anders bly dit bloot eksentrisiteite. Die gemeenskap waarbinne die kultuurskepper funksioneer is die volk waartoe hy normaalweg behoort.

Die mens leef nie as enkeling nie:- "No man is an island" het die Engelse digter John Donne tereg gesê. Die lede van 'n volk verkeer in 'n besondere verhouding tot mekaar en in hierdie besondere verhouding lê sy kultuurpatroon opgesluit. Kultuur is dus die uiterlike en innerlike lewensgestalte van 'n volk soos dit binne bepaalde omgewing vorm aangeneem het. Elke volk het sy eie identiteit en daarom is daar so 'n verskeidenheid kulture.


Kultuur is egter nooit staties nie. Kultuur is dinamies en verander aanhoudend. Kultuur is ook afhanklik van 'n individuele skepper en 'n gemeenskaplike draer wat saam 'n volk uitmaak. Kultuur is 'n bewuswording, aanvoeling en geesdriftige nastrewe van waardes. Kultuur is 'n skeppende lewensdrang, die drang om telkemale iets nuuts te produseer. Beskawing is die uiterlike ontwikkelingstoestand van die mens en is 'n materiële aangeleentheid soos byvoorbeeld motors, huise, vermaak ensovoorts en is dus verhandelbaar. Beskawingswaardes is gerig op nuttigheid, gerief, mode, genot ensovoorts en kan van een kultuur na 'n ander oorgedra word. Beskawing word internasionale besit, in teenstelling met kultuur wat die nasionale besit van 'n volk bly. Kultuur is nie verkoopbaar en uitruilbaar nie, dit kan slegs van binne af groei, terwyl beskawing ook van buite af opgelê kan word.

Die kultuurmens leef na binne en die beskawingsmens na buite. Beskawing is die resultaat van kultuur. Is ons in hierdie moderne tye nie dalk besig om af te daal tot op die vlak van 'n blote beskawingswese nie? Ek voel dat ons in onsself elkeen weer meer bewus moet word van ons kultuur en volksidentiteit - En een van die wyses waarop ons dit kan doen is die bestudering en kennis van ons volkskultuur en kulturele erfenis.

JO BREED

Bronne:- De Bruyne, Edgar
Wat is kultuur
Utrecht

Nel, P G
Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis
Pretoria. 1983





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AFRICANA

HET LOT VAN ZUID-AFRIKA
O AFRIKA! GY MOGT WEL WEENEN!
WANT UW' HEILZON IS VERDWENEN
ZIET! - EEN DUISTERE NACHT VERSCHYNT
EN UW' VREDE EN RUST VERDWYNT.

So klink die eerste reëls van 'n gedig wat op Dinsdag 2 Januarie 1838 in "The Meditator" verskyn het. 'n Mens sou amper kon sê dat hierdie woorde 'n goeie weerspieëling sou kon wees van die gees van pessimisme wat in 1985 in ons land heers. Ons is nou maar eenmaal 'n swaarmoedige ou volkie, maar dis miskien juis waarom ons in die verlede soveel swaarkry te bowe kon kom. Die ellende het ons nooit onverwags oorval nie. In sy debuutbundel "Vuurtent in die sneeu" som Jan de Bruyn dit so op:

Hoor hoe loop die jaar
hoor hoe rammel
die wynvat sonder wyn
kyk hoe vreet die klippe
van Februarie
aan die dun hout
en Maart is hard
die winter het nie druiwe nie
September is 'n leë kuip
Oktober is 'n afdraande
na 'n klipnovember
een of ander tyd
moet die jaar eindig
dan nie in Desember nie
dan as die hart se hoepels breek
en sy leegheid oor die klippe stroom

Maar dit was nou genoeg neerslagtigheid vir 1985. Vanaf Maartmaand sal dit hier in Africana sommer baie goed gaan. As die Rand homself net wil handhaaf dan gaan ons nog baie pragtige Africana-boeke aankoop. 1 Maart 1985 is ook die wonderlike dag waarop die personeelgeledere aangevul gaan word. Olivia Webb kom in 'n oggenpos hierheen en dan sal daar na verwagting ook nog 'n derde persoon haar weg na Africana vind.

Daar sal werk wees vir almal. Aangesien die Tukkiana-versameling uit geskenke opgebou word sal dáár nie 'n geldtekort kan ontstaan nie. Die FZ van der Merwe-versameling het pragtige groot kompaktus-rakke ryker geword en die bladmusiek in hierdie versameling gaan oorgeplaas word na hierdie kabinette - elkeen veilig in 'n plastiekhouertjie verpak. Die kosbaarste Africana-boeke gaan ook beter versorg word. Hulle gaan in spesiale suurvrye houers verpak word waar die "mot en die roes" nie so maklik sal bykom nie.

Die nuwe geskenke-afdeling onder Erna se sorg, sal ook toesien dat ons nie verveeld raak nie. Honderde pragtige boeke het hulle weg na Africana gevind. Hulle sal een vir een gekontroleer word om te verseker dat Africana 'n eksemplaar van elk het. Soms sal 'n tweede eksemplaar opgeneem word of andersinds sal hy net 'n stukkende eksemplaar vervang. Noudat ons uitgevind het dat dit nie vanselfsprekend is dat ons elke jaar nuwe boeke sal kan aankoop nie, kyk ons met nuwe belangstelling na hierdie skenkings.

JORIET COETZEE

# Musiekbiblioteek

In die Musiekbiblioteek is dit 'n gespook en gespartel om kop bo water te hou, want

- rakkontrole, rakkontrole en nogmaals rakkontrole is nog steeds aan die orde van die dag. Daar word na elke boek, bladmusiek, plaat en tydskrif met die grootste sorg en liefde omgesien. (Gaandeweg raak dit hier ook 'n geval van liefde wat deur die agterdeur verdwyn).

- tussendeur word die uitleenrekord gekontroleer voordat die stormloop van studente losbars.

- dosente wil graag nuwe biblioteekmateriaal bestel - SONDER GELD!

- daar is vreemde statistiekhouding om onder die knie te kry en dit alles

- sonder 'n staatmaker vakbibliotekarisassistent. Annemarie, jou kollega(s) en gebruikers mis jou en sien uit daarna om jou weer by die werk terug te verwelkom.

Baie dankie aan al die aflospersoneel wat altyd gereed was om te kom uithelp.

Musiekgroete

ANITA MOOLMAN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# UP se biblioteek lewer goeie diens

PRETORIA - Die biblioteekdienste van die Universiteit van Pretoria is nie net 'n bergplek van boeke nie, maar ook 'n moderne inligtingsdiens sê prof E D Gerryts, direkteur van Biblioteekdienste.

As die Universiteit van Pretoria aan eise wil bly voldoen as 'n wetenskaplike navorsing- en opleidingsinstansie, sal die biblioteekdiens altyd die kern van die universiteit bly. Die gehalte van wetenskaplike opleiding en navorsing word bepaal deur die gehalte van kennis wat aan die dosent en student beskikbaar gestel word.

Inligting word verkry uit boeke, tydskrifte en opnames maar dit is deesdae in 'n tyd van inligting noodsaaklik dat die dosent en student inligting so gou doenlik bekom.

Daarom moet inligting ook in die buiteland aangekoop word, Die navorser se aansien en betroubaarheid hang af van hoe vars sy inligting is, sê prof Gerryts.

Die biblioteekdiens beskik oor 'n rekenaarstelsel om groter doeltreffendheid te bewerkstellig. Inligting wat enige plek in die wêreld vrygestel word, kan deur rekenaars in die biblioteekdiens van die universiteit opgespoor word.

Op nasionale vlak maak die biblioteekdiens gebruik van 'n interbiblioteekleningsdiens. Weens die koste van biblioteekmateriaal, is biblioteke genoodsaak om mekaar se versamelings nuttig te gebruik. Die biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria het laas jaar sowat 26 000 navrae van ander biblioteke ontvang.

Die biblioteekdiens beskik nou oor sowat 'n miljoen boeke en tydskrifte wat gebind is. Die getal word jaarliks met sowat 25 000 boeke aangevul. Die biblioteekdiens ontvang ook sowat 7 000 tydskrifte per maand en beskik oor video's, rolprente en skyfies.

Om aan studiebehoeftes van die studente te voldoen, is daar meer as 1000 leestafels en sommiges is afgeskort.

Studiehokkies word ook op 'n maandelikse grondslag aan dosente en navorsers toegestaan. Die katalogusstelsel en die uitleenstelsel is onlangs gerekenariseer wat die opsporing van bronne vergemaklik.

Prof Gerryts sê eerstejaar-studente sal tydens hul oriënteringsweek deeglik met die biblioteekdiens kennis maak.

Uit: Transvaler
30 Januarie 1985

# Makro-ontsluiting

Die maand Februarie is ingelui met 'n splinternuwe afdeling. Dit was 'n "genesskrop" van 'n ander kant af, want die een wil oos kyk en die ander wes terwyl sommiges onder ons pertinent aangedring het op 'n "muur" waarteen prentjies gehang kan word! Al hierdie geskuiwery was nodig om 'n gaaitjie te maak vir 'n geskenkafdeling. Walms stof het rondgedwarrel terwyl die rakke gereorganiseer is, maar helaas lyk dit ot almal nou gelukkig en tevrede hulle werk kan hervat. Aan die twee nuwe intrekkers, Erna en Corrie, baie welkom en voorspoed met die groot taak wat op julle wag.

'n Ware Februarie-geskenk was ons nuwe terminaaltafels. Hierdie tafels bied meer ruimte en het 'n handige, verskuifbare sy-werksoppervlakte. Dit is 'n groot verbetering en ons glo dat hierdie uitgawe beter werkverrigting tot gevolg sal hê.

Oorplasings word nie meer gedoen uit die ou voorraad nie en dit vergemaklik die taak van die ontsluiters aansienlik, aangesien kontrole in die kaartkatalogus nou uitgeskakel word. Tans is die ontsluiters besig om die afdeling se doelwitte te hersien om sodoende die werksvloei te verbeter en onnodige take uit te skakel. 'n Nuwe doelwit vir 1985 is ook om boeke nie langer as drie maande in die afdeling te hou nie, met die vooruitsig dat dié tydperk verkort kan word. Die afgehandelde boeke sal dus vinniger die gebruiker bereik.


Met die eksamens agter die rug, is Céu en Estelle nou weer terug in die afdeling en ons wens hulle baie geluk met hulle nuwe kwalifikasies. Ook aan Céu, baie geluk met die benoeming as Biblikasie redaktrise en ons wens jou 'n jaar prop vol nuus toe!

MAKRO-ONTSLUITING



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TIKSTERS




Hierdie prentjie spreek boekdele, want so gaan dit die meeste van die tyd in die tikseksie. Nie dat dit 'n probleem is nie, want elke taak is mos vir die tiksters 'n uitdaging!

Ja, ons begin al klaar by nommer 3 van 12 van 1985. Dis ongelooflik! Ons hoop net die resessie waarin ons land verkeer sal ook so vinnig verby gaan soos dit met 1985 blyk te wees.

Ten eerste wil ons Annemarie welkom heet wat haar WEER by ons geledere gevoeg het. Haar ywer en vriendelike glimlag dra by om ons 'n gedugte span te maak.

Nou het ons mos ook bure gekry, ten minste wat ons van hulle kan sien. Dis net stofwalms en stofsuiers en woelligheid wat die eens rustige Laergrond laat klink soos 'n blaasorkes wat hul instrument instel. Met die lawaai van die drukker van die woordverwerker tussenin het ons dit in ons hoofde en op ons nerwe gevoel dat ons nuwe bure arriveer het.

Ons verneem egter dat as die stof eers gaan "lê" het, dié bure dit ook rustiger sal vind, veral so langs die woordverwerker met sy tjanke en kreune. In ieder geval, ons tiksters van Merensky-biblioteek het besluit dat van hierdie jaar af gaan niks ons onder kry nie. Van nou af druk ons terug, met 'n glimlag natuurlik. Ons is 'n gedugte voorry. Annemarie met haar grote oge en gulle glimlag weer terug in ons midde, Maretha met vaartbelyne bou, Joggie met "hot stuff" aan die voorpunt en Esmé wat druk vir die eerste span, gaan ons almal en alles se tjanke en kreune laat bedaar.

HOT STUFF GROETE
TIKSTERS

# OORPLASINGS

Mej Martie van der Walt word oorgeplaas na Voorklinies in die plek van mev J Duursema wat bedank het.
Mev Amanda van der Merwe vul die vakbibliotekaresse pos van mej Martie van der Walt
Mej Erna Klopper verskuif vanaf Beplanning na 'n nuwe seksie: Skenkings.
Mnr Corrie du Preez word oorgeplaas vanaf GSV na seksie Skenkings.
Mev Hannetjie van der Westhuizen verskuif vanaf Tydskrifte na GSV.
Mnr Hein Enslin word oorgeplaas vanaf Reprografiese dienste na Veeartseny in die plek van mev Erna Booysen.
Mnr Neels du Plessis verskuif vanaf Toonbank na Reprografiese dienste in die plek van mnr Hein Enslin. Mnr Hannes de Kock het weer Neels se plek by Toonbank ingeneem.

# BEDANKINGS


Mej Esmé Claassens bedank omdat sy binnekort in die huwelik tree en haar dan op Pietersburg gaan vestig.

# VERLOWINGS

Mej Anita Moolman van die Musiekbiblioteek het verloof geraak aan Kobus Rossouw.
Mej René Henning van Tydskrifte het verloof geraak aan August Winter.
Mej Bela van Niekerk van Vyfde vlak is verloof aan Arrie Odendaal.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Marie Rautenbach*

## *Vertel*

Mev Marie Rautenbach voorheen werksaam met geskenke in Boekbestellings, deel 'n gedagte met ou kollegas.

WALTER BATTISS - A BIRTHDAY TRIBUTE

Marie Rautenbach shares a few thoughts on the man, the artist, the friend who enriched the lives of all who knew him.

Were he alive, Walter Battiss would have turned 78 today. When he died on August 20 1982, he left the entire art world poorer and certainly less colourful. The flow of paintings with their vibrant, clear colour revealing his joyful fantasy and artistic genius had come to an end. Always there had been the excitement of new work. And because of his youthful vigour one somehow had imagined that he would be with us always!

Sadly, in time, one realised that there were to be no more paintings - regretting the ones you did not buy, but grateful for the ones you did. Surrounded by his work, this sparkling personality seems to be with us still - his memory ever fresh. Remembered with deep affection, this gentle, soft-spoken man believed that he was given his talent in order to make others happy, as indeed he succeeded in doing.

Whenever I could afford to, I bought his work, and like a true addict, even when I could not! A friend asked me once: "Is that your Battiss of the week?"

He was dedicated to art yet there were times when he had doubts about his work. He admitted that he hated exhibitions "because you expose yourself and I always feel that I'm not good enough!" He was quite serious as he never had the smugness of the lesser artist.

His use of colour was magic. "One colour helps another" and "one lifetime is too short to learn everything about colour.

"There is too much sadness in this world - I do not want to paint it, I want to paint happy things. Anyway," he smiled, "when I did try to paint sadness, it was merely funny!"

He had been on several painting trips to the United States, the vast landscape a challenge and a stimulus. "The Americans love water colours, often they wanted to buy my work, but my work belongs in South Africa. Once I was painting at the side of the road when a large car stopped, two people got out and wanted to buy my unfinished painting, but I said no. Then they offered me a lift in their comfortable car which I refused."

I said: "They would probably have locked you up and made you paint for them - like Rumpelstiltskin!"

This self-reliant man told me that he had often known the true loneliness of the artist on his frequent painting trips but had accepted that as part of being alive.

"Everybody must create his own reality" and his reality was creating art to bring delight, joy and happiness.

In: SUNDAY STAR 6 January 1985





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BUITEMUURS

A HYSTERIA OF WASTERN SYBILIZATION

Learned treatises have deplored the state of North American education in the past year, but perhaps more eloquent testimony comes from the students themselves. The following brief sketch of Western civilization was culled from freshman history essays handed in at the University of Alberta and at McMaster University. This article is abridged from the original published in the Wilson Quarterly for Spring 1983. Copyright 1983 by the Woodrow Wilson International Center for Scholars; used by permission.

Compiled by Anders Henriksson

History is always bias, because human beings have to be studied by other human beings, not by independent observers of another species.

During the Middle Ages everbody was middle aged. Middle Evil society was made up of monks, lords and surfs. After a revival of infantile commerce slowly creeped into Europe, merchants appeared. They roamed from town to town exposing themselves and organized big fairies in the countryside. Murder during this period was nothing. Finally, Europe caught the Black Death. It was spread from port to port by inflected rats.

The Middle Ages slimpered to a halt. The renasence bolted in from the blue. Life reeked with joy. Man was determined to civilise himself and his brothers, even if heads had to roll! Europe was full of incredable churches with great art bulging out their doors.

The Reformnation happened when German nobles resented the idea that tithes were going to Papal France or the Pope thus enriching Catholic coiffures. An angry Martin Luther nailed 95 theocrats to a church door. Theologically, Luther was into reorientation mutation. Calvinism was the most convenient religion since the days of the ancients. The Popes, of course, were usually Catholic.

Louis XIV became King of the Sun. He gave the people food and artillery. If he didn't like someone, he sent them to the gallows to row for the rest of their lives. The enlightenment was a reasonable time. Philosophers were unknown yet. The French revolution was accomplished before it happened. History, a record of things left behind by past generations, started in 1815.

Great Brittian, the USA and other European countrys had demicratic leanings. Among the goals of the chartists were universal suferage and an anal parliment. Voting was to be done by ballad. Founder of the new Italy was Cavour, an intelligent Sardine from the north.

World War I broke out around 1912-1914. Germany was on one side of France and Russia on the other. Peace was proclaimed at Versigh, which was attended by George Loid, Primal Minister of England, and President Wilson with 14 pointers. In 1937 Lenin revolted Russia.

Germany was displaced after WWI. This gave rise to Hitler. A huge anti-semantic movement arose. Moosealini invaded Hi Lee Salasy. Germany invaded Poland. France invaded Belgium, and Russia invaded everybody. War screeched to an end when a nukuleer explosion was dropped on Heroshima. The last stage is us.

UIT: ENCYCLOPAEDIA BRITTANICA BOOK OF THE YEAR 1984, p 334

# TOONBANK

1 0 WAS A BISHOP
2 2 WAS 1 2
1 0 WON A NOBEL PRIZE
2 2 WON 1 2

Gelewer uit Financial Times

E KOCK



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# SESDE VLAK

# CORA COETZEE

CORA COETZEE - KINDERBOEKKUNSTENARES

Op Woensdag 6 Februarie 1985 het die C B Powell-Bybelsentrum wat deel is van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika 'n "werkswinkel" oor Godsdienstige Kinderliteratuur aangebied. Tydens die geleentheid is verskeie aktuele sake in verband met kinderverhale en veral godsdienstige kinderverhale bespreek. Verskeie uitgewers het 'n besonder interessante en verteenwoordigende uitstalling van kinderboeke aangebied en SANTAM het ook 'n uitstalling gehou van hulle onlangse kinderkuns-versameling.

Een van die sprekers wat by die werkswinkel opgetree het, was die kunstenares en kinderboekillustreerder, Cora Coetzee, wat al wye bekendheid verwerf het met haar illustrasies van kinderboeke. Enkele voorbeelde hiervan is:

> D J Opperman se Nuwe klein verseboek (1982) en sy Nuwe kleuterverseboek (1981);
>
> Marietjie de Jongh se twee boekies, Tandkitaar (1981) en Die man met die gaatjie in sy trui (1983).

In 1980 is Cora Coetzee bekroon met die Katrine Harries-prys vir die beste illustreerder van 'n Suid-Afrikaanse kinderboek vir haar illustrasies in Die muis sonder snorbaard deur Marguerite Poland en vir dié by Alba Bouwer se storie "Oupa Kyken" in Storiehuis, Woordpaleis. Vir haar illustrasies in Thana Joubert se As Benna moet boer (1978) het sy in 1979 eervolle vermelding gekry.

************

As inleiding tot haar lesing getitel

Die rol van die illustreerder in kinderverhale - algemeen en godsdienstig, stel sy sewe vereistes waaraan illustrasies vir kinderboeke behoort te voldoen:

- 'n goeie illustreerder moet met sy illustrasies 'n karakter kan skep;
- 'n goeie illustrasie ontstaan uit die verbeeldingskrag van 'n illustreerder. 'n Belangrike voorvereiste hiervoor is spanwerk tussen die skrywer en die illustreerder. Dit beteken dat skrywer en illustreerder indien moontlik mekaar moet ontmoet en saamwerk. As voorbeeld het sy hier verwys na die jarelange "vennootskap" tussen Alba Bouwer en Katrine Harries;
- illustrasies moet vir 'n kind duidelik wees - die karakterbeelding moet oortuig;
- die illustrasie moenie 'n mooi skildery wees nie, want dan kan dit vir die kind ontoeganklik wees. Die invloed van illustrasies op 'n kind mag nooit gering geskat word nie. Die illustrasies moet altyd vir die kind die verhaal én die gevoel herroep;
- die illustreerder moet altyd in gedagte hou dat 'n kind vra vir fantasering in 'n verhaal;
- illustrasies moet atmosfeer skep, die kind se verbeelding prikkel, hom laat vra: wat gaan gebeur?;
- veral vir kleintjies is aksie en humor in 'n verhaal en illustrasie belangrik.

****************

Ten opsigte van godsdienstige kinderliteratuur het Cora Coetzee die volgende belangrike aspekte beklemtoon:

- die illustreerder is die beeldskepper en het 'n groot verantwoordelikheid: hy kan die kind se siening van godsdiens beïnvloed deur sy illustrasies. Die illustrasies moet die kind "aantrek", die verhaal vir hom verstaanbaar maak;



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

- die illustreerder moet 'n gelowige mens wees en het baie genade nodig - veral as dit kom by die illustrasie van die kruisigingstonele.

*****************

Ter afsluiting het die kunstenares kortliks aandag gegee aan die werkwyse van die kinderboekillustreerder. Dit kom in hoofsaak op die volgende neer;

- die illustreerder lees die storie;
- hy skep 'n raamwerk waarbinne hy moet werk;
- hy moet aanvoeling, entoesiasme en 'n besondere ingesteldheid hê ten opsigte van die kinderverhaal;
- die illustreerder van 'n kinderboek moet nog steeds soos 'n kind wees om te kan illustreer vir 'n kind.

RITA BADENHORST
18 Februarie 1985

Thana Joubert

As Benna moet boer

Illustrasies deur Cora Coetzee



Tafelberg

# TOONBANK

'n Vinnige groet van die Toonbank te midde van 'n baie besige tydperk. Ons wil graag ook ons nuwe personeel reeds welkom heet en vertrou dat hulle hulself reeds lekker hier by ons ingeburger het. Mnr Hannes de Kock is aangestel in Neels du Plessis se pos wat op sy beurt na die Eerste vlak (kelder) geskuif het. Daar is ook mev Ivy Kotzé wat vanaf 4 uur tot 9uur diens lewer. Ons ander "semesterwerkers" is ook weer terug in die tuig. Hulle is Elma Kock, Pepsi Nel en Leo du Toit. Ons glo dat hulle onderskeie vakansies baie lekker was en dat hulle lekker uitgerus het.

Mej Esme Claassen het ook ons geledere verlaat en word eersdaags mev Henk Espag. Ons beste wense vergesel hulle twee op hul huwelikspad. Ná die troue gaan hulle huis opsit in Pietersburg.

IRENE VENTER

# VERJAARSDAGLYS

MAART

| | |
|---|---|
| 4 | Mnr Herman Smit<br>(Bindery) |
| 7 | Mnr Pieter Ferreira<br>(Finansiële Administrasie) |
| 13 | Mnr Daan Botes<br>(Bindery) |
| 20 | Mev Bettie Langkilde<br>(4 de vlak) |
| 21 | Mej Zetta Roux<br>(Tydskrifte) |
| 23 | Mev S Hattingh<br>(Medies)<br>Mev Bokkie Malan<br>(Toonbank)<br>Mev Annelien Viljoen<br>(Landbou)<br>Mev Monica Hammes<br>(Tydskrifte)<br>Mev Magriet Engelbrecht<br>(Klinikale biblioteek) |
| 24 | Mev Marie Fourie<br>(Sekretaresse) |
| 26 | Mej Clarisse Venter<br>(Medies) |



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VYFDE VLAK

Op tweede vloer (-of is dit nou vyfde vlak?), gaan dit maar dol. Skielik het die hysbak 'n swaartekragprobleem ontwikkel. Druk jy twee, eindig jy op laergrond. Volgens oom Willie het die ape daarin gevaar. Dié dat nommers van knoppies-af verdwyn!

Tussen wit en pienk papierlint deur, neem dit maar lank om 'n uitstalling gereed te kry. Ek wonder net of troukoors nie ook 'n siekte is wat 'n mens liewer sielkundige hulp moet laat soek nie. Toe Bella so tussen die statistiek deur ook na 'n nuwe parkeerplek moes begin soek, het sy nou werklik in KWAAT KAT verander.

Gelukkig het sy vir "Road Runner" - of te wel Erna - om die pas aan te gee. Dis net wit wolkies en 'n "beep-beep" dan het oom Willie 'n "heap-heap". (tydskrifte vir inbinding!).

Anne spring!

Anne maak deesdae net tuin, en spog met al haar plantjies wat "vat". Dit laat my mos dink - 'n eerstejaar is soos 'n plantjie. Nadat hy geplant is, dit wil sê oriëntering, moet hy nog "vat". Met die plant het Anne geduldig en gedwee gehelp, maar toe dit by die vatslag kom! So wat van ronddraf het ek haar nog nie voorheen sien doen nie. Die hoë eerstejaardruipsyfer het haar laat rondspring vir inligting ter voorkoming! Die gaping tussen skool en universiteit het haar slapelose nagte gegee! Tussenin het sy probeer om ons dosente didakties te onderlê, en die leerstofoorlading van die arme bloedjies te verlig. Dié maand was haar naam Biblio en haar van Grafie.

Haai Dr Trichardt!

Dr Trichardt sorg natuurlik dat die akademiese sy van vakbibliotekaris/esse wees, nie agterweë gelaat word nie. Met haar entoesiasme sal sy nie net vir 'n verdere vierhonderd jaar monumente moet bou nie, maar ook al haar kollegas statisties moet onderlê. Al die vakbibliotekarisse/esses word reeds betrek by verdere opleiding. Dié opleidingsprojek hou Dr Trichardt darem redelik fiks. Sy het al 'n hele paar keer die see deurgeswem, sonder dat 'n enkele haai na haar gehap het.

Danksy Thea se gereelde briefies word krediettyd uiteindelik nie meer "soos Rand en sent uitgewerk nie, alhoewel dit tog Rand en sent kos". Om dieselfde rede word daar dag in en dag uit teen "tydverspillers" gewaak.

In 'n poging om "sente te bespaar" is tydskrifte gekanselleer. Darem nie almal nie! Ons het mos onlangs van evaluering uitgevind verdere opleiding, sien!

Een van die "klein jakkalsies wat dié wingerd verniel", is verlore boeke. Danksy ons soeke is heelwat probleme opgelos. Alhoewel statistiek volgens Thea "op waterdigte gronde vol slaggate berus, sal ons seker weldra die "logika agter alles begryp".


Veg vir jou reg!

Aangesien ons gebruikers DOBIS nou self kan gebruik, het Bella, Erna, Christine en ek agtergekom dat ons op ons regte sal moet staan as ons ook 'n beurt voor die terminaal wil hê. Na groot beraadslaging het ons besluit dat 'n gimnasium net die regte plek is, en het toe gaan aansluit. Dus, gebruikers - oppas, hier koms ons!

LIZETTE

# AANSTELLINGS

Mev Sonja Potgieter reeds 'n ou bekende in Merensky-geledere is aangestel as tydelik-deeltydse navorsingkoördineerder vir die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteekkunde.



Sonja Potgieter




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019




A HIT ON THE HEAD, OR A CRACKER ON THE NUT

In 1859 a British reporter, describing a boxing match in London, observed that one of the fighters got a *cracker on his nut*. This was an early slang reference to the head as a "nut."



THE WALNUT



THE HUMAN BRAIN

According to the Doctrine of Signatures in the 16th and 17th centuries in medieval Europe and England, various plants were employed in herbal medicine as specific cures due to a fancied resemblance of the shape of a root, leaf or fruit to a particular part of the human body. Thus the walnut was the perfect signature of the human head, while its kernel bore an uncanny likeness to the brain. So the ground, outer husk of the walnut was prescribed to cure a head wound; and eating the walnut was recommended for the mentally ill.

Gevind in:

THE BOOK OF EDIBLE NUTS/FREDERIC ROSENGARTEN JR



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# V E E A R T S E N Y K U N D E

ŉ Hartlike welkom aan die nuwe assistent by Veeartsenykunde, Hein Enslin. Toe Erna Booysen einde Januarie bedank het om haar man plaas toe te vergesel, kon Hein gelukkig dadelik vanaf Algemene Administrasie oorgeplaas word. Onder die dosente het Hein ŉ mededuiker en hy het gou ŉ paar ou skoolmaats onder die studente raakgeloop - dus kan hy nie lank hier vreemd voel nie. Mag jy nog lank en gelukkig hier werk, Hein!

In November is ŉ rekenaareindpunt vir oorsese rekenaarsoektogte hier ingestel - tot groot vreugde van die dosente.


Vanaf 16 November 1984 tot 13 Februarie 1985 is 40 soektogte gedoen, oor onderwerpe wat wissel van tuisgemaakte binneaarse voeding vir perde tot reproduksie in vlêrmuise. Die opspraakwekkendste was seker die een oor voedsel-vergiftiging in perde, aangevra deur die veeartse van die resiesperde wat Onderstepoort toe gestuur is nadat hulle dodelik siek geword het. Die saak word tans deur die polisie ondersoek.

Groete

ERIKA VAN DER WESTHUIZEN

The three most precious possessions: 'A mare, followed by her daughter in foal with a filly.
Arab saying







When he gallops he plucks out the tear from the eye.
General E.Daumas 1801-1871.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Sosiale Komitee

Met die ekonomie wat vir almal groot-oog maak, het ons Sosiale Komitee ook nie vrygespring nie.

Ons wil graag vir u wys hoe dit oor die afgelope drie maande met die finansies gegaan het.

Desember 1984:

Ons saldo was R 352,91
Die uitgawes was soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Koek | : | R | 61,05 |
| Voorrade | : | R | 128,55 |
| Melk | : | R | 13,60 |
| Geskenke | : | R | 104,86 |
| Poppespel | : | R | 30,00 |
| TOTAAL | | R | 338,06 |

Ons het dus R 14,85 oorgehou wat oorgedra is na Januarie.

Januarie 1985:

Ons saldo was R 463,19
(Na inbetaling van lede se maandelikse gelde)
Die uitgawes was soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Koek | : | R | 111,54 |
| Melk | : | R | 176,80 |
| Voorraad | : | R | 129,53 |
| Geskenke | : | R | 51,00 |
| Blomme | : | R | 13,20 |
| Almanak | : | R | 3,25 |
| TOTAAL | | R | 485,32 |

Ons het op 'n negatiewe balans van R 22,13 geëindig.

Februarie 1985:

Ons saldo was R 439,16
Die uitgawes was soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Koek | : | R | 78,64 |
| Voorrade | : | R | 181,76 |
| Blomme | : | R | 32,45 |
| Afskeidsgeskenke | : | R | 20,00 |
| TOTAAL | | R | 312,85 |

Ons het dus op 10 Februarie nog R 126,31 oor vir die res van die maand.

As u nou die posisie in oënskou neem, kan u sien dat ons nou reeds redelik noustrop trek en dit nadat ons 'n waarskuwing van die bakkery gekry het dat die pryse van koek definitief sal styg. Dit blyk dus dat ons binne etlike weke nie eers meer al ons verpligtinge met die fondse wat ons ontvang sal kan nakom nie.


Buiten hierdie stand van sake word daar ook verwag dat daar maandeliks geld oorgedra sal word wat gespaar moet word vir die personeelfunksie wat jaarliks in November gehou word en waarvan die Sosiale Komitee alle kostes uit hierdie fonds moet dek. Al is probleme op die oomblik dan nie so ernstig rondom die begroting nie, sal ons Novembermaand met ernstige probleme te kampe hê.

Ons wil dus voorstel dat die teegeld verhoog moet word na R 4,50 of R 5,00 per maand. Dit sal moontlik eers aan die einde van Maart in werking tree. Ons wil u dus solank voorberei en aan u wys dat dit onmoontlik is om so voort te gaan. 'n Alternatief is natuurlik om die koek te verminder na twee keer per maand, maar ons vermoed dat dit ons baie ongewild sal maak.

Ons vra dus u begrip en samewerking in hierdie saak.

Dankie

SOSIALE KOMITEE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Wat gebeur by Tydskrifte ?

Ons mis Hannetjie se vriendelike hulpvaardigheid baie en vertrou dat sy gelukkig is by GSV. Magda het ons verlaat gedurende Januarie om voltyds te studeer en sy het die paar weke van proef by 'n skool baie geniet. René is verloof en sal in April haarself in die eg laat verbind met August Winter. Ons het 'n baie interessante toevoeging in die persoon van Katrien Blomme. Sy kom van België en het die vermoë om ongelooflik netjies te werk. Nélene is maar 'n paar dae hier en ons leer haar nog ken. Ons vertrou dat hulle ook so lief sal word vir "Seksie" Tydskrifte soos ons ander. Mathew dreig dat hy vir die volgende nege maande elke dag baie kwaad gaan wees vir ons. Monica voer opwindende dinge in die mou vir later in die jaar, maar ons laat dit eers daar. Zeta gaan lekker Kaap toe vir 'n paar weke en sy gaan beslis 'n besoek bring aan die ...... Libertas opelug teater by Stellenbosch - ons hoop die "Kaapse dokter" het al gaan rus. Die studente by ons Mathew, Julene, René en Magda het almal hul eksamens geslaag. Baie geluk julle en voorspoed in die nuwe akademiese jaar.

Alhoewel die koue wind van die dalende Rand deur die Seksie Boekontvangste, Voor- en Makro-ontsluiting waai, is die enigste noemenswaardige effek in Seksie Tydskifte dat alle nuwe bestellings vir die huidige gevries is. Waar Boekontvangste die vooruitsig het dat oor 'n paar maande daar maar min boeke pakkies gaan aankom, is daar by ons geen verligting van die daaglikse vrag tydskrifte wat deur Steven in die groot poskantoorsakke aangedra word nie.

Huidiglik is die Biblioteekdiens op sowat 8 000 titels ingeteken wat beteken dat sowat 71 000 aflewerings gedurende 1985 deur ons gehanteer moet word. Die kansellasieprogram waaraan die vakbibliotekaresses so hard werk sal beslis geen verandering hierdie jaar vir ons beteken nie, aangesien 'n gekanselleerde tydskrif eers oor 'n jaar tot selfs 18 maande sal ophou om in te kom - soos die "Wallstreet Journal", nê Dr Trichardt!

Ons sien almal baie uit na die rekenarisering wat al hoe meer 'n werklikheid word en ons hoop ons sal dit almal kan beleef. Ons sal hopelik kan begin oefen teen Mei. Mev Langkilde het aan ons verduidelik waar en hoe en wat, maar vir sommige van ons is dit moeilik om te glo dat 'n mens wel later sal weet. Ons is egter oortuig daarvan dat ons dit onder die knie sal kry.

Groetnis van tydskrif tot tydskrif

TYDSKRIFADMINISTRASIE

# MEDIES

Die feit dat drie studente op 3 Januarie staan en wag het dat ons die biblioteek se deur moet oopsluit, moes seker vir ons as voorbode gedien het vir die jaar wat voorlê, want van daardie dag af was rus en vrede twee woorde wat hier by ons net in woordeboeke voorkom. Na die eerste drie weke het Sannie Hattingh en Maureen Brassel geglo net 'n vakansie sal hulle help om die jaar te oorleef, en het Sannie op Mauritius gaan uitspan, en het Maureen twee weke by die see en 'n week in die berge gekies. Sannie se poskaart (Ek bly net hier! - Tot siens) het ons darem lelik bekommerd gemaak, maar gelukkig is albei darem heelhuids terug, en sien kans vir die jaar wat voorlê.

Benewens ons daaglikse ou takies het ons in Januarie 70 rekenaarsoektogte gedoen, en byna net soveel groepe vir gebruikersopleiding gehad. Sophia se opmerking dat dit nou regtig nie nodig is dat hulle die hele jaar se werk in 'n week vir ons moet gee nie, was 'n goeie voorspelling vir die jaar wat voorlê.

Die akademie-gogga het so saam met Danie Veldsm se tentamen- en -eksamen ander mense ook gebyt. Sannie en Maureen loop 'n kursus in voël-identifikasie by die dieretuin (dalk 'n gevolg van hulle vakansies?) en Sannie het Buitemuurs ingeskryf vir Baba-Latyn (alias Danie) en Romeins-Hollandse Reg. Clarisse moes kies tussen Mandaryns en Zoeloe, en het toe besluit op Zoeloe - sy sal nog lank moet spaar voor sy eendag China toe sal kan gaan om die Mandaryns te gebruik.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sophia Möller spaar haar vakansie en haar sente vir later in die jaar. Sy besluit nog tussen Olimpus of Valhalla (die Griekse eilande of Skandinawië), maar dat die reisvlooi van die een personeellid na die ander spring, is nie te betwyfel nie.

Met die jaar wat net so vinnig drafstap as die personeel by Medies sê ons groete tot volgende keer.

MAGRIET LEE

# *VIERDE VLAK*

SO KNAP BY MIDDERNAG se kant kom konstabel Van der Merwe vir Gamat met 'n hoender onder die arm in 'n Kaapstadse agterstraat teë. Dit kom konstabel Van der Merwe verdag voor en hy nader Gamat. Die hoender is nog warm en sy nek is klaarblyklik omgedraai. 'n Sterk vermoede dat dit 'n gesteelde hoender is, ontstaan by die konstabel. Gamat word gevat

In die volheid van die tyd staan hy voor die landdros op verhoor omdat ny nie in staat sou wees om voldoende rekenskap vir sy besit van die hoender te gee nie. Gamat pleit onskuldig. Aan selfvertroue ontbreek dit hom nie. Hy het nie vrae aan die konstabel gestel nie. Hoe kon hy met die LAW stry. Die LAW het hom dan met die hoendertjie gekry. Hy wil nie in die SWEERBOX gaan nie. Al sweer hy ook nie, hy sal net sowel die waarheid praat. Hy gaan voort:

"Toe ek die aand na my huis toe op my WAY is sien ek, my agbare, die hoedertjie lê daar siek in die GUTTER. Ek kan mos nie oor my hart kry, my agbare, om te sien lat 'n dier moet SUFFER nie. Toe tel ek die hoendertjie op om hom te gaan NURSE. Die hoendertjie knô (knor) nog so maar net toe die LAW aankom blaas die hoendertjie sy laaste asempie uit, my agbare. Hoe kan die LAW my nou nie wil glo nie, my agbare?"

Die landdros is skepties. Hy weet 'n hoender loop nie in die nag rond nie. 'n Siek hoender sal onder iets gaan inkruip en daar sit, maar nie in 'n slootjie gaan lê nie. 'n Afnekhoender is ook nie in staat tot sulke gedraginge nie. In sy uitspraak noem hy nie al hierdie dinge nie. Kort en kragtig verklaar hy net dat die hoender homself op te veel maniere sou gedra het anders as wat natuurlikerwys van 'n hoender verwag kan word. Drie maande gevangenisstraf is die vonnis.

'n Vriend van Gamat wat as 'n verhoorafwagtende gevangene op die trappies is wat ondertoe na die selle lei, het die verhoor aandagtig gevolg. Op dié manier doen 'n mens wenke en ondervinding op wat handig te pas mag kom ingeval jy jouself in dieselfde omstandighede bevind. Op pad af na die selle, toe Gamat by dié vriend verbygaan, bekla hy sy lot by hom. "Hoekom het die KOORT my nie geglo nie?"

En daar volg die diepe wysheid uit die vriend: "Djy sê dan vir die KOORT die hoendertjie het geknô! 'n Hoendertjie knô nie. 'n Pêdjie (perd) knô. Daai is wa djy die MISTAKE gemaak het."

I VAN RENSBURG
Nuntius 1972

# PROMISE YOURSELF

***Promise yourself to be so strong that nothing can disturb your peace of mind. To talk health, happiness and prosperity to every person you meet. To make all your friends feel that there is something in them. To look at the sunny side of everything and make your optimism come true. To think only of the best, to work only for the best and expect only the best. To be just as enthusiastic about the success of others as you are about your own. To forget the mistakes of the past and press on to the greater achievements of the future. To wear a cheerful countenance at all times and give every living creature you meet a smile. To give so much time to the improvement of yourself that you have no time to criticize others. To be too large for worry, too noble for anger, too strong for fear and too happy to permit the presence of trouble.***

***— Christian D. Larson***



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

WAAR KRY JY DAARDIE NAAM?

- - - -

Die Nederlanders wat, vir ons ore, soms heel vreemdklinkende vanne het, kan óf hul koppige voorvaders verwyt óf 'n oorwerkte Franse beampte.

Tydens die Franse oorheersing van Nederland, was van of "achternamen" nog nie algemeen nie. In 1811 vaardig Napoleon 'n dekreet uit dat almal wat nog nie 'n van gehad het nie, een moes opgee waaronder hy in die vervolg amptelik sou bekend staan.

Hierdie situasie sou wel problematies wees. Die Nederlanders was, uit die aard van die saak, hoegenaamd nie goedgesind teenoor die Franse besetters nie en hul Frans was ook nie al te goed nie. Die Franse was oorheersers, wou óf kon nie Nederlands praat nie en het ook nie veel geduld met hulle gehad nie. Die gevolg was dat sommige mense met eienaardige vanne opgesaal is. Een boer het baie kortaf gesê dat sy familie van ouds af sonder 'n van geleef het en summier skryf die Franse beampte Zondervan op, en daar het die boer sy van. Sý nasate het dit nie so sleg getref nie. Sommige het besluit om sy gereedskap as van te neem, so kry ons dan Balk, Plank, Spijker, Schaaf, Voorhamer en Vingerhoed.

Ander persone het hul ambagte opgegee en so ontstaan die vanne Bakker, Ploeger, Bouwer, Boer of de Boer. Diegene wat musikaal was, het vanne soos Bazuin, Fluit, Klokman en Trompetter opgegee. Skelname sowel as sport-en skimpname is deur die Franse as vanne opgeskryf veral wanneer hulle geduld met die koppige Nederlanders opgeraak het; De Roover was 'n familie rowers, Slokker het baie gedrink, Pronk hoef nie eers verduidelik te word nie, Poen beteken 'n kort dik persoon. Uiterlike eienskappe en hoedanighede is ook as vanne gegee; Zuurmond, de Vet, Breebaart, de Korte, Louwaard(luiaard) is voorbeeld hiervan.

Uit die aard van die saak is die diere en planteryk ook by hierdie vanne ingesleep: Muis, de Beer, Schaap, Bok, Moll, Vos ens. is voorbeelde van diere en Arend, Valk, den Uyl, Hoenderdos, de Haan en Calkoen onder andere verteenwoordig die voëls. Vanne uit die planteryk is Bloem, Bladergroen, Roosenboom, Wijngaard, Grashuis, Kool, Knol, Boon, en van Uije.

Op hierdie wyse is alles denkbaar betrek en vanne is gekryf van liggaamsdele soos Stutvoet, Kaak en Been. Klere is ook vernoem: Laars, Halsband enssovoorts. Selfs is kosname nie ontsien nie, wees maar dankbaar dat jou van nie Zuurdeeg, Oudebotter, Hooykaas of Pekelharing is nie. Mostert is darem meer aanvaarbaar.

Daar is soveel van hierdie vanne dat ek wil afsluit met 'n paar vanne wat my heel dankbaar stem dat my ou stamvader moontlik net 'n dik man was en Breed as van geneem het.

Hoe sou julle daarvan hou om met vanne soos dié wat hier volg deur die wêreld te moet gaan: Drilbouden, Bitterslijk, Brommer, Kattestaart, Van Duivenbode, van der Paard en Ossedrijver.

So sê ek weer: ek is my stamvader dankbaar vir my naam.

Bron: Swaen, AHE Nederlandsche Geslachtnamen, Zutphen, Thieme, 1942.

Na aanleiding van die vanne, is hieronder 'n rympie oor modename geneem uit: Ruize-Rijmen I, Haarlem, 1914

Ons weet almal dat name ook volgens mode toegeken word en hierdie rympie waarsku ons daarteen.

De tijd van Klara, Bettekoo, van Annemie en Aagje
Is lang voorbij. We volgens nu het voorbeeld van het Haagje.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Zo 'n naampie op een y-tje klinkt zo fijntjies, zo coquetjes,
Marie, Christien, Jacoba, Anna, Mina is niet netjes.
We zeggen liever Mary, Tini, Cobi, Anni, Minni,
En Kitty, Nelly, Wimmy, Elly, Lotty, Stini.
En Jet is veel te bergerlijk, fatsoenlijker is Jetty,
En Jenny, Molly, Henny, Dolly, Enny, Polly, Hetty,
En Maggy, Tilly, Fanny, Lili, Lizzy, Emmy, Corry,
En Bini, Betty, Dini, Nettie, Suzie, Emmy, Dorry.
Een jongen heet geen Hein, maar Harry.
Han is plat; zeg Johnny,
En Willem - dat moet Willy zijn, en Toon natuurlik Tonny.
Dan noem' we Wijnand Wijnie, hoor; een ie-the hebben zal-ie!
Wat moet' we dan met Albert doen? - Wel, noem de lummel Ally!
Ook Eduard is veel te flink, en Frits en Ferdinand,
Die worden dus tot Eddy, Freddy, Ferry--dear ontmand.
En Gijs wordt Bertie, Bonnie staat voor ... drommels ja hoe hiet die?
Gelukkig nog dat Piet voorlopig Piet is en niet Pietie!
Al wat uit Eng'land komt is chic. Ja juist, maar je vergeet,
Dat daar de wasvrouw Mary, en het viswijf Kitty heet!

GROETE VANUIT DIE INSTITUUT

JO BREED

# VERANDERINGS

Mej Céu Agostinho bedank uit die sosiale komitee en haar plek word gevul deur Mev Magda Coetzee van Makro-ontsluiting.

Mev Hannetjie van der Westhuizen bedank uit die Sosiale komitee en haar plek word gevul deur mej Ina Boon van Toonbank.

# VOORKLINIES

Maar eers ... tot siens aan die liewe Merensky met al sy gawe mense en veral aan "Sesde Vlak". Die verandering in numering van die vloere/vlakke kon wat my betref, nooit op 'n beter tyd gekom het nie. Dit maak die afskeid vir my so 'n klein bietjie makliker noudat ek weet Derde Vloer het saam met my verdwyn, want, Derde Vloer, as julle nog daar moes wees en ek nié...("my heart would have attacked me!", soos die Indiërs in Natal sê.)

Dit wás só lekker daar tussen julle en daar is soveel om vir elkeen voor dankie te sê, dat dit onmoontlik is om name uit te sonder. Maar darem ... Piet, Elsabe, sonder julle sou ek lánkal gesink het.

Baie dankie, Derde Vloer, vir die "Hart vol Harte" wat julle vir my saamgegee het en waarin die geskiedenis, grappies en sêgoed van die afgelope 2½ jaar so mooi opgeteken is. As ek ooit weemoedig wonder wat Tant Kiempie nou weer aangevang het of Skollie van der Merwe haar "gelapte bril" dra(om M.See beter te kan sien), sal die hartjies-bookskappies baie troos!

Vir die vriendelike ontvangs by Medies en Voorklinies vanaf die oomblik dat ek by Magriet aangemeld het, báie dankie! Ook vir die hulp en bystand sedertdien - ek het nog skaars gesê wat ek nodig het, dan het Rita of Annette dit alreeds op my tafel neergesit. En, baie dankie aan Helene vir die sistematiese en geduldige verduidelikings van vreemde vakgebiede en -terme - ek het alwéér vergeet wat is die verskil tussen KGM en KGB! (Of het jy gesê dis dieselfde??). Dit voel baie veilig om onder Helene se vlerk met al die vreemde plekke en mense kennis te maak. Elke keer as ons die Tand- en Mondhospitaal besoek en verby al daardie valstande en eienaardige goed in die uitstalkaste loop, tel my tong onwillekeurig of al my tande en my verhemelte nog in my mond is!

Dit sal lank neem voordat ek nie meer so dikwels sal hoef te sê "Iek wietie" (met apologie aan Elsabe se "Province"-aksent!) Op die oomblik weet ek regtig nie of ek Arthur of Martha is nie (Piet, weet jy?)

Baie dankie, en baie liefde en groete aan almal by Merensky.

Marthur??

MARTIE VAN DER WALT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Voorontsluiting

Na 1984 se storm en gewoed
Begin 1985 rustig en soet
'n Bietjie tyd om asem te haal
Want die finansies staan nou in
'n ander skaal
Die ekonomiese impak
Het ook op voorontsluiting toegesak

------------

Bestellings het nou tydelik van ons gewyk
En ons met nuwe oë na ons take laat kyk
Tydens hierdie blaaskans
Het ons tafels en stoele op die vloere
rond laat dans
Nou sit ons soos eendjies in 'n dubbele ry
Met ons gesiggies sy aan sy

------------

Aan AACR II is geswoeg
Om nuwe inligting by te voeg
Hiervoor is papiere uitgesny
En het skêre in die hoogste graad gely
Soektogte in AACR II laat ons nou water-
tand
Want ons is nou gewapen met 'n index aan
die kant

------------

Sabinetrekenaar se dae van eensaamheid is
vir eers verby
Want dit het 'n nuwe maatjie bygekry
Hiervoor moes 'n Dobis-rekenaar boet
Maar Sabinetgebruikers is tevrede en soet
Nou kan ons met Sabinet boer
Om intern rekords in te voer

------------

Nuwe lewe het intussen op die kampus be-
gin
Met studente vars om inligting in te win
Om eerstejaars nie te laat verdwaal
Is oriëntering aangebied op grote skaal
Honderde gesiggies het die biblioteek
bekyk
En is met nuwe kennis aangaande die
biblioteek verryk

------------

Januarie, Februarie en amperal weer begin
Maart
So beweeg ons verder voort in volle vaart,
Met nuwe moed en bruisende bloed
En energie wat in ons liggame woed
Arbeidsvreugde en arbeidsplesier
Mag jul dit elke dag vier.

S H A

# Geskenke


'n Nuwe seksie, naamlik skenkings onder leiding van mej Erna Klopper as seksiehoof en mnr Corrie du Preez haar assistent het op 1 Februarie 1985 inwerking getree. Die seksie bestaan uit 'n hele aantal skenkings, ongeveer vyftien vanaf verskillende skenkers, onder andere 'n skenking van mev M Diederichs nagelaat deur wyle dr N Diederichs, die oud-staatspresident.

Die Diederichs-skenking bestaan uit 1 050 bande, asook 'n skenking van dr Hilgard Muller wat uit 1 920 bande bestaan. Dr Muller was ook die kanselier van die universiteit. Sy skenking blyk die grootste te wees.

Van die take waarna die seksie sal moet omsien is die bedankings aan skenkers, die opname van geskikte materiaal asook die inplak van die strokies (wonder wie van ons twee gaan die lekwerk doen). Skakeling met Topbestuur in geval van belangrike skenkings wat ontvang word is ook deel van ons arbeid.

Ag mev Langkilde, kan Tjokker en Frommel, vir ons die lekwerk kom doen? Dalk kan Max van Annetjie ook oorgenooi word vir die dag.

Groetnis van hier uit die stofwolke tot 'n volgende keer.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



STUUR ASSEBLIEF UITERS DRINGEND DIE
VOLGENDE BOEK:-

"SURGERY OF THE SKULLBASE" DEUR SASAKI, C T.  1984

DIE PASIëNT WAG AL IN DIE TEATER EN IS REEDS ONDER
NARKOSE.
MET DANK
DIE CHIRURG




SEKSIE BOEKONTVANGSTE - NA DEUROOPSLUITDIENS EN NA RAKKONTROLE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# KEER VOOR DIE STUDENTE NEEM OOR!




# NUWE SPRUITE

Mev Ronel Viljoen van Boekontvangste het ŉ dogter (die eerste) op Vrydag 15 Februarie 1985 ryker geword.
Mev Marie de Wet, sekretaresse van mnr W Duminy, het ook op 15 Februarie 1985 ŉ seun (ook die eerste) ryker geword.
ŉ Mens wonder of Marie en Ronel op hul gesamentlike ooievaarstee besluit het om alles maar so saam-saam te doen.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



SKAAPBRAAI 1985!

Namens ons almal wat by die skaapbraai was, wil ons baie dankie sê vir die Sosiale Komitee se puik organisasie!

Hermien en jou helpers, dit was 'n skaapbraai duisend!

Die skaap was in een woord PUIK! Ek weet nie wanneer laas ek so lekker aan vleis gesmul het nie - en raai, die skaap was eers vanaf 3nm op die spit gebraai - en ons het toe sowaar al agt-uur geëet - ongelooflik!

Die slaaie was net so lekker en daai pap en sous! Jammer die pap was so gou klaar. Corrie, jou sous was een fees (ek het nie geweet 'n man kan so lekker sous maak nie!)


Dit is nou genoeg oor die innerlike. Ek wil die samesyn op die komberse en stoele met almal deel - mense, dit was nou voorwaar gesellig. Ek het nie geweet dat Merensky-personeel so lekker kan saam gesels, grappies maak en sommer net kuier nie!

Die van julle wat nie daar was nie - julle het beslis iets gemis!

Ek hoop die volgende SKAAPBRAAI is om die draai, Hermien!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# Die baas en Klaas verjaar saam







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# S K A A P B R A A I !


# 1 9 8 5





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# WELKOM



Mej Nelene Ferreira
(Tydskrifte)



Mnr Hannes de Kock
(Toonbank)



Mev Linda de Villiers
(IBL)



Mev Ivy Kotze
(Toonbank)



Mnr Gideon Roets
(Finansiële Administrasie)

# TOT SIENS



MEJ ESMé CLAASSENS
(IBL)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Maart 1985

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# EERSTE SÊ

Wat het klagtes omtrent Aanddiens en die huidige poging tot streekssamewerking met betrekking tot tydskrifte in gemeen? Op die oog af blykbaar niks nie. Nie totdat jy beide sake ondersoek en dan 'n gevoel van verontrustendheid kry dat daar wel 'n draad van ooreenkoms in die twee sake te bespeur is.

Toe die Inter-Universitêre Biblioteek Komitee (Transvaal-streek) se subkomitee vir Nasionale voorraad met betrekking tot Tydskrifte onlangs (13 Maart) ontmoet het, was dit baie gou duidelik dat alhoewel ons tydskrifbibliotekarisse graag wou meewerk, so 'n samewerking eintlik van geen praktiese waarde sou wees nie. Dit het ons tot bedenking geskok toe ons besef dat as gevolg van finansiële druk nie een van ons in staat sou wees om 'n ander instansie se intekeninge oor te neem nie, juis omdat elkeen van ons kanselleer om die druk op ons begroting te verlig.

Dit is toe dat Merensky-Biblioteek die voorstel gemaak het dat streekssamewerking alleen sinvol kan wees indien daar 'n keuringsbeleid vir die streek as 'n geheel is. Elke tydskrifintekening in die streek moet volgens 'n voorrangskaal eers op individuele instansievlak gekeur word om te bepaal of die betrokke tydksrif 'n kerntydskrif vir die instansie is, of nie. Dit is moontlik dat 'n tydskrif wat vir Merensky 'n "B" tydskrif is wel vir Unisa 'n "A" tydskrif sal wees en dat laasgenoemde instansie dan sal instem om op die tydskrif in te teken. Indien beide instansies egter bepaal dat die betrokke tydskrif in die A-kategorie val dan sal al twee daarop inteken. Met ooreenkoms kan dan besluit word hoe die streek kategorieë B en veral C onder mekaar sal uitdeel om sodoende op streeksgrondslag gesamentlik die Transvaal-streek se tydskrifvoorraad op te bou.

Om egter te verseker dat hierdie voorrangskaal objektief bepaal word sal dit nodig wees om bibliometries vas te stel wat die waarde van 'n betrokke tydskrif vir die wetenskap is, en dan ook sy moontlike waarde vir die plaaslike instansie se gebruikers. Hoewel so 'n wetenskaplike benadering tot tydskrifkeuring as vanselfsprekend beskou kan word, was dit egter tot hede nie voor die hand liggend nie. Tydens ons samekoms op die 13de Maart was dit vir my so duidelik soos daglig dat tot op hede ons benadering tot tydskrifvoorraadbou bloot 'n onderdanige administratiewe handeling was. Ons as bibliotekarisse in Suid-Afrika is reeds verskeie jare 'n sogenaamde professionele beroep en tog gebruik ons geensins ons wetenskaplike kennis om ons bestuur van inligtingskanale meer doeltreffend te maak nie. Die biblioteek- en inligtingkundige literatuur weerspieël die wetenskaplike kennis wat ons wel in staat stel om ons beroep as inligtingkundiges



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

professioneel en sinvol te beoefen. Tog weergee ons beroep nog 'n 19de eeuse rolverwagting ten opsigte van ons verhouding teenoor die wetenskaplike gemeenskap. Al besluit ons anders op konferensies en professionele vergaderings tree ons nog hoofsaaklik in 'n argivariese hoedanigheid op. As die aantygings teenoor ons beroep te kras klink, waarom kan ons dan nie op die huidige ons kerntydskrifte eien nie, terwyl die nodige wetenskaplike kennis wel bestaan om so 'n voorrangskaal te bepaal?

Maar miskien lê die antwoord dan tog by die klagtes oor Aanddiens. Op persoonlike vlak moet ek self instem dat al wat lekker is omtrent Aanddiens is die aftyd (en wie stry dat nie gerieflik en heerlik is nie?). Verder stry ek ook nie dat dit moontlik is om 'n kwaliteit, professionele diens van 7.30 vm tot 10 nm met dieselfde persone aan te bied nie.

Wat my wel verontrus - en dit is hier waar ons die gemenedeler tussen klagtes oor Aanddiens en tydksrifkeuring vind. Daar word beweer dat so 'n professionele diens nie na-ure nodig is nie. So 'n stelling wys al te duidelik dat daar bitter min insig onder ons "bibliotekarisse" bestaan oor die oorweldigende behoefte aan inligting in die laat-20ste eeu inligtingsgemeenskap ("information society"). Vir ons is inligting nog vasgelê in sekere dokumentvorme wat volgens sekere bevooroordeelde beginsels ontsluit word, beginsels wat lank reeds nie meer die werklike inligtingsbehoefte en -gebruik van die wetenskaplike gemeenskap weerspieël nie.

Miskien is dié wanindruk oor die gebruik van inligting te vind in ons strukturele situasie, naamlik, dat terwyl ons beroep met die administrasie van die gebou en sy inhoud (waarin tradisioneel inligting alleenlik te vinde was) vereenselwig word, sal ons nie daarin slaag om as 'n volwaardige onafhanklike beroep op te tree nie. Tot tyd en wyl ons dan wel professioneel optree sal ons voortgaan om te kla oor

na-uurse diens, en sal ons verdwaas staan teenoor ons onvermoë om te bepaal of die inligting wat ons wel in ons biblioteke opgaar aan die inligtingsbehoeftes van ons gebruikers voldoen.

MNR MATHEW SYPHUS

# REDAKSIONEEL

Kollegas is welkom om kommentaar te lewer oor die Eerste Sê, sodat dit in April se Biblikasie gepubliseer kan word.

Dankie

REDAKTRISE

# WELKOM



Mej Dalene Joubert
(Africana)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# GRIEKSE VERLANGE

Dis warm in die Bank. Die tou is laaannnk gedurende die etensuur, kleingeld word getel, rolle note gekontroleer, tjeks gebalanseer .........

"..........sag dreun die boot se masjiene. Teen die hange van die heuwels groei die vaalgroen olyfbome en word die landskap eers saggeel en dan skerpgoud in die strale van die dalende son. Van die dek van die groot boot swiep spierwit gepleisterde huisies verby, die meulens, die kerkies met hul kruise op vreemde pionne waarmee die lig en die wolke speel. Dit was Mykonos, bekoorlikste van die eilande, die skilder se paradys.

Windverweerde spierwit leeuwyfies sit in 'n ry, gekap uit Naxosmarmer - dis Delos, geboorte-eiland van Appolo. Die blougroen glashelder water soos net die Mediterreënse see kan lyk, spoel verby, .... Santorini, Poros, Hydra .... dis die eilande van die dromer, die Cyclades van Griekeland.

Dan anker die boot vas en die reisiger betree die Griekse vasteland. Hoog troon die Akropolis gehul in die mistiek van die ou gode en in die Plaka waar die wasgoed in die warm luggie wapper, wemel die mensdom. Die silwerarmbande, die tipiese Griekse "worry-beads", die blousteen of "evil-eye", dis die geur van Turkse koffie, steurgarnale en vars brood, en dis die klanke van die betowerende bouzouki ................"

Dis my beurt in die tou by die aanvallige teller. Ek kyk na die balans in my spaarboekie en sê vir myself "droom maar net oor jou Griekse eilande, want die waarheid maak seer". Ja, my reise leef nou maar net in my gedagtes want die $ is Baas en ons geld is Klaas! En die bonus, die liewe ou bonus! Nou sing ek maar "Wish me luck as I wave you goodbye".

Maar daar is ander maniere: die skat van reisjoernale wat ek nou verslind om my jeukende voete te stil. Saam met Abraham die Vries in sy "Afspraak met Eergister" was dit 'n heerlike reis deur Korinthe, Athene, Delphi, die talryke eilande. Graag wil ek hierdie kostelike uittreksel oor die wynstok (wat vir my as Kapenaar tog so na aan die hart lê) met die lesers deel:

> "Op die eiland Naxos word vertel dat St Dionisius eenmaal op reis skielik 'n plantjie, wat hy nog nooit tevore gesien het nie, gepluk en dit toe in die been van 'n voël geplant het omdat hy dit graag onbeskadig wou huis toe bring. Maar later ontdek hy dat dié plantjie so goed groei dat hy dit moes oorplant in 'n leeu se been. Nog was dit nie uitgegroei nie en moes hy dit weer oorplant, hierdie keer in 'n donkie se been.
>
> Op Naxos aangekom, plant hy dit in die grond en dit was die eerste wynstok. Die mense van die eiland het van die vruggies geëet en later geleer om wyn te maak. As jy vandag van Naxos se wyn drink gebeur die volgende : eers sing jy soos 'n <u>voël</u>, later word jy so sterk soos 'n <u>leeu</u>, en as jy aanhou drink, raak jy so dom soos 'n <u>donkie</u>, en koppig daarby"

ANNATJIE BOTES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TIKSTERS

Men have sought to explain the art and the meaning of happiness through all the centuries. Teachers, philosophers, poets and leaders of every age have tried to work out a simple formula for a happy and contented life. Regardless of the many ways in which they seek it, happiness is what all people want.

But what is happiness? It seems vastly different things to different people. One point, however, on which people in every age agree, is that happiness stems from a quality within ourselves: our way of thinking of life. No material success, no possessions or pleasure can make us happy, if the source of contentment is not within us.

John Burroughs thought that the secret of happiness was something to do, some congenial task. He realized how dependent his happiness was upon his work. It was not something to be sought, it was a state which must be induced.

W Beran Wolfe thought that if you observed a really happy man, you would find him busy building a dove-cote, educating his children, writing a book or growing his favourite flowers.

William Ogdon said that the ingredients for happiness were so simple that they could be counted on the fingers of one hand.

Happiness was to be busy making some-one else happy. It was quiet, most easily achieved in moments of reflection and solitude. Youth should cultivate happiness that sprang from inward thoughts and emotions, furnishing their minds with interesting thoughts and ideas, for an empty mind grows bored and seeks pleasure as a substitute for happiness. The principle of happiness should not be dependent on things, but be part of a personality.

Happiness cannot be given to you by a government. You must find it yourself by seeking refinement rather than fashion, by living content with small means, by studying hard, thinking quietly, talking gently, acting frankly. Happiness is not something to be arranged officially, it cannot be handed out for the asking, it cannot be bought. Out of our own destiny and fulfilment we must make our own happiness.

# BOEKONTVANGSTE

ONCE UPON A TIME

........ there were four people
named Everybody, Somebody,
Anybody and Nobody.

There was an important job
to be done and Everybody
was sure that Somebody
would do it.

Anybody could have done it
but Nobody did it.

Somebody got angry about
that because it was
Everybody's job.

Everybody thought
Anybody could do it, but
Nobody realised that
Somebody didn't do it.

It ended by Everybody
blaming Somebody when
actually Nobody could
accuse Anybody.

RECEIVED FROM PETER SAVAGE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# AFRICANA

Dis met 'n gevoel van groot dankbaarheid dat ek kan verslag doen dat omstandighede in Africana weer drasties verbeter het.

Olivia Webb se deeltydse aanstelling is goedgekeur met ingang van 1 Maart 1985 en sy is nou die Africana-personeellid verantwoordelik vir Tukkiana. Sy is 'n persoon wat daaraan glo dat onaangename werk nie uitgestel moet word tot later nie en daarom het sy dadelik ingespring en die houers vol tydskrifte en boeke wat al b-a-i-e lank gebêre word, begin uitpak.

Dalêne Joubert het ook op 1 Maart 1985 by ons aangemeld en afgesien van gewone take soos hulp aan gebruikers, het sy begin om die F Z van der Merwe-versameling oor te plaas na ons nuwe "space saver" rakke. Sy is blykbaar gretig om nooit 'n ledige oomblik te hê nie, want sy is besig met haar honneursgraad in Semitiese Tale en dan nog Sielkunde II daarmee saam.

Soos almal kan raai is die breedste glimlag by die persoon wat 'n periode van alleenwees deurgemaak het. Dit is mos een van Murphy se spesiale biblioteekwette dat gebruikers 'n besondere voorkeur vir teetyd en etenstyd openbaar. Wanneer jy net die vooruitsig het dat die lang droogte van die oggend met 'n koppie tee verbreek gaan word ...... staan hy daar. As jy dink dat jy gedurende etenstyd sommer jou broodjie in die hoek agter die rakke gaan eet, lui die klokkie. Jy probeer hard om te glimlag maar met 'n klont brood in die kies, wil dit mos ál lyk asof jy effens dikbek is. Na-uurse diens doen jy vir weke lank net mooi een maal per week maar as jy 'n middag afneem om vir die honger wolwe by die huis te gaan kos koop, knaag 'n vae ongemaklike skuldgevoel aan jou omdat ander mense jou plek moet oppas.

'n Baie groot dankie aan al die lieflike mense van die vyfde vlak en die Africana-paneel wat altyd so hulpvaardig en vriendelik is.

JORIET COETZEE

# KELDER

"Oom en Tannie"

Wat 'n mooi woord is dit nie as dit op die regte tyd en manier gebruik word nie - maar o weë, pasop as iemand wat self grys en kaalkop is boonop vir iemand in dieselfde bootjie sê, "tannie".

Dit kom my toe mos nou die dag oor. Juis omdat ek so lekker voel as die studente sê, "Tannie".

Hier staan oom, grys en kaalkop, en "tannie" my links en regs. Hoe anders kon ek dit reggestel het, as toe hy terugkom, sê ek: "Net 'n groot plesier oom".

Praat van verontwaardiging! Soos "oom" die trap opstap brom hy so ewe nog tot bo - ongelukkig hoorbaar - tot groot pret van ons almal!

DORIS BOTHA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VOORONTSLUITING

Hoe meer dae, hoe meer dinge! Hoe minder geld, hoe meer werk. (en dankie Resessie, ook meer interessante werk)

Aangesien daar feitlik geen nuwe bestellings huidiglik vir boeke geplaas word nie, is daar naarstiglik na nuwe metodes gesoek om ons seksie mee besig te hou, en darem wel op so ʼn manier dat dit tot die totale produktiwiteit van die biblioteek sal bydra. Want sien, Voorontsluiting is eerste geraak deur die resessie. Hierna sal die Bestelseksie getref word en dan Makro-ontsluiting.

Geskenke het nou aan die beurt gekom en ons voer stokou geskenke in dat dit klap. Die Maberley-skenking het heel moontlik ʼn paar nuwe belangstellings laat ontaard. Sy boeke handel hoofsaaklik oor die natuur, waarvan baie uitsluitlik op wilde diere gebasseer is. So verdiep raak ons in sy boeke, terwyl ons katalogiseer, dat ons graag meer omtrent hom (Mnr Maberley) sou wou weet, as net dat hy in Duiwelskloof gewoon het (wat ons aflei uit die verweerde fakture wat uit sommige van sy boeke kom).

Talle interessante probleemgevalle in verband met die katalogisering daarvan op Dobis, het die daaglikse kontak tussen ons en Makro-ontsluiting tot ʼn hoogtepunt gevoer.

Dit is heerlik om weer elke dag fisies ʼn boek te hanteer (en nie net die paar opsigboeke nou en dan nie).

Die blote besitkontrole en invoer van rekords via ʼn BD10-vorm, kan werklik saai en eentonig raak.

Daarbenewens is ʼn trollie vol boeke langs my lessenaar ʼn veel vriendeliker gesig as ʼn blou rakkie vol onpersoonlike BD10's.

Wie sou nou ooit kon raai dat ʼn landwye ekonomiese terugslag werkstevredenheid sou verhoog.

Ewenwel, intussen is ons in kennis gestel dat daar 17,000 navraag ekwivalente vir Sabinet oor is. Dit beteken dat ons moet werk dat dit klap op Sabinet (daar is nou al 3 terminale op Sabinet gekoppel), voor einde Maart, want net die helfte van die ekwivalente wat dan oorbly, kan na die volgende finansiële jaar oorgedra word.

Daarom sê ek: Hoe minder dae, hoe minder geld, ... of so-iets!

# VERSKUIWINGS

Mej Anne van Zijl verskuif na die Landbou-biblioteek om daar die pos as hoof te vul. Anne, baie geluk en baie sterkte!

Mej Céu Agostinho is oorgeplaas na vyfde vlak as vakbibliotekaresse vir Opvoedkunde.
Mev Jakkie Beukes verskuif na IBL.
Mej Joy Roos verskuif na Voorontsluiting.
Mev Dorris Botha verskuif na Finansiële Administrasie vanaf 1 April 1985.
Mev Hannie Bezuidenhout en Mej Sjeuwke Agema verskuif na Makro-ontsluiting om daar die geledere te sterk.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Eens op 'n tyd het ons rustig die veranderinge en verskuiwings hier rondom ons gade geslaan, maar nou het die winde van veranderinge ook tot ons afdeling deurgedring. Hurter van Breda verlaat ons aan die einde van hierdie maand en sal hom vanaf 1 April by SANLAM aansluit as verteenwoordiger. Ons sê baie dankie vir die aangename tyd wat ons met hom kon saamwerk en wens hom alle voorspoed en sterkte toe. Gideon Roets wat aanvanklik vanaf 1 Februarie Valerie Webber se stoel ingeneem het, sal voortaan Hurter se plek volstaan. Gideon, ons sê baie welkom hier by ons!

Doris Botha word vanaf 1 April vanaf Reprografiese Dienste oorgeplaas na Finansiële Administrasie. 'n Hartlike woord van welkom ook aan jou Doris. Ons is verheug dat jy voortaan ons afdeling met jou kunstigheid en vriendelikheid gaan versier.

FREA LESSING

# ONTSLUITING

Makro-ontsluiting skrop nog steeds nes. As gevolg van die "boekeloosheid" van Voorontsluiting skuif Hannetjie en Sjeukwe oor na ons. Baie welkom julle twee, ons hoop julle sal gou tuis wees hier!

Ongelukkig kry ons nie net nie, maar verloor ons ook. Elrien het gaan werk soek nader aan haar huis en Ceu gaan op die vyfde vlak die Opvoedkundiges vermaak. Sterkte ook aan julle twee met julle nuwe take.

Ons het darem ook tyd gehad om as 'n afdeling saam sosiaal te verkeer. Op 12 Maart het ons by die Uitspan-terrein gaan vleisbraai - of te wel - Mike het gebraai en ons het geëet. Ons het egter ook twee onverwagte baie honger gaste gehad in die vorm van 2 eende. Na Miemie se aanvanklike omhelsings het hulle heeltemal hand uitgeruk en hulself begin help. Elrien moes haar broodjie opoffer en die slaaibak en lekkergoed-bak het ook deurgeloop. Met Getrud se atletiese vermoëns en Amelia se plaas agtergrond, kon ons darem na 'n paar pogings van ons gaste ontslae raak.

Piekniek-groete

MAKRO-ONTSLUITING

# VYFDE VLAK

Tweede vloer, of te wel vyfde vlak, het 'n gedaante verwisseling ondergaan, maar die massas studente bly dieselfde.

Ons neem almal afskeid van Anne. Ons is seker dat sy die Landboubiblioteek en die gebruikers met durf sal aanpak en na 'n rukkie baie gelukkig daar gaan wees.

Terselfdertyd verwelkom ons Mathilda en Ceű. Met hul vriendelike glimlaggies sal hulle gou die studente aan hul voete hê.

Aan almal op tweede vloer baie dankie vir byna twee jaar se lekker saamwerk. Ek het waardevolle ondervinding opgedoen en is regtig spyt om my ou vriend Geskiedenis agter te laat, maar ek is seker ek gaan baie lekker in Voorontsluiting werk.

JOY ROOS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# TYDSKRIFTE

MOENIE 'N BEER WEES IN DIE VERKEER NIE

Die geweld van die ongepoetste bere op die pad bly 'n bedreiging vir vele onskuldiges.

Dit is erg genoeg dat daar so baie noodlottige ongelukke op ons paaie is, maar dat mense mekaar nou al vermoor op die pad is onvergeeflik en skokkend.

Dit wys net daarop dat 'n mens jouself streng moet dissiplineer wanneer jy agter jou motor se stuurwiel inklim en die pad vat - kort of lang pad. Miskien is die kort pad veral na ons werk die gevaarlikste omdat 'n persoon miskien dink dat hy sommer gou sy bestemming kan bereik en dan te laat in die pad val. Veral soggens tou duisende motors oor die land op verskillende roetes na die stad. En almal is haastig. Dit is dan 'n gejaag en gestop en gewegtrek en gekoes vir 'n vinnige een van links en dan weer een van regs. 'n Mens is nie altyd seker of daar nie dalk een bo-oor ook gaan jaag nie.

Paaie moet dorpe en stede en mense met mekaar verbind. Dit moet 'n weg wees na vriendskap en vrede tussen mense - geen weg na verminking en dood nie.

Dus - laat ons geduldig en mededeelsaam wees op die pad en jou medepadgebruikers ook sy deel op die pad gun. Miskien sal ons paaie dan 'n bietjie veiliger wees. Moenie 'n waaghals agter die stuur wees nie, moenie 'n beer in die verkeer wees nie.

Sit 'n gewete in jou tenk en laat GEDULD jou wagwoord wees.

Veilig ry - werk toe en andersins!!

TYDSKRIFTE

# GESKENKE

UIT DIE STOFWOLKE ...

Aan Ma, van Roon:
Veels geluk met jou
verjaardag ens. ens.
Ek weet nie hoekom
ek nie iets beters kon
kry nie, maar hopelik
is jy darem daarmee
so op 'n plan tevrede, Ma.
Eendag as ek ryk is,
koop ek vir jou 'n Rolls-Royce
8/6/61

KAN U GLO NET 16 JAAR GELEDE?

UNIVERSITY OF CAPE TOWN LIBRARIES
BIBLIOTEKE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

C 4104 16th Feb 1959

RECEIVED FROM / ONTVANG VAN S. J. Kitzinger

THE AMOUNT OF / DIE BEDRAG VAN Six shillings

BEING / VIR "Guide to S.A. Ref. Books"

FOR LIBRARIAN / VIR BIBLIOTEKARIS

£ — : 6 : —

IMPERIAL & WOODSTOCK



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VEEARTSENY

VARKE WAT PRAAT

The climatic physiology of the pig is een van ons 'ou voorraad' boeke. Toe ons dit onlangs aan 'n gebruiker op die nuwe gerekenariseerde stelsel uitleen, is die terminaal se reaksie in plaas van klasnr/registernr, net 'eee eee' - so 'n vark!

Hier volg 'n paar wyse woorde van twee van die mens se mees geliefde varke:

Die nimlike MISS PIGGY:
"My beauty is my curse'

en klein PIGLET van Winnie-the Pooh :

'It is hard to be brave when you're only a Very Small Animal'

Bron geraadpleeg: Tremain, R
The Animals' Who's Who. 1982
VET 398.245 2 1211848

Groete ook van al die klein varkies op Onderstepoort!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN





# VOORKLINIES

"Ekskuus??"

Verlede week se Simposium oor Motivering aan die Universiteit en die gevolgtrekking oor hoe 'n netelige kwessie dit is, het my laat dink aan 'n staaltjie wat ek so 'n paar jaar gelede in die Inleiding van 'n Wiskundeboek gelees het. Die outeur het vertel van 'n insident wat min of meer hierop neergekom het:

'n Jong gemotiveerde Wiskunde-professor het baie gedoen om sy lesings interessant en stimulerend aan te bied (Ja, elke klas was seker 'n "Performance"). Hy het probeer om sy studente so te boei en te inspireer dat Wiskunde eenvoudig hul gunstelingvak móés word.

Toe hy uiteindelik tevrede was dat hy die kuns van klasgee volmaak bemeester het, vra hy die volgende aan 'n groep studente: "As julle nog net één dag gegee wou word om te lewe en kon kies waar julle dié dag wil deurbring, watter plek sou julle kies?" Onmiddellik antwoord iemand: "Die Wiskundeklas" "Bravo!" -dink Professor, "ek het geslaag", maar ewe "beskeie" vra hy aan Student: "Regtig?" "Ja", kom die antwoord, "dit sal die dag soveel langer laat voel!"

/jb



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

DIE LYDENSGESKIEDENIS IN DIE NATUUR EN IN DIE VOLKSGELOOF

In die tyd van die kruistogte het die Pelgrims en Kruisvaarders allerlei herinneringe uit die Heilige Land saamgebring. Hierdie herinneringe was onder invloed van die heersende stemming en het sinnebeelde geword van die lydensgeskiedenis. Dit het veroorsaak dat plante en diere wat enigsins daartoe aanleiding gegee het, hetsy deur voorkoms of optrede, in verband gebring is met die lyding van Christus. Hieruit het 'n reeks van legendes ontstaan waardeur sommige plante en diere in 'n waas van heiligheid omhul was.

Die populierboom word in etlike legendes genoem; veral die feit dat sy blare altyd ritsel, het aanleiding tot legendes gegee. In een legende word vertel dat al die bome van aandoening geruis het toe Christus aan die kruis gesterf het. Die populierboom het egter trots en onbewoë stil gestaan. Die Engel van die Dood het 'n oordeel oor die boom uitgespreek en van daardie oomblik af beef en ritsel die populierblare selfs as daar geen windjie waai nie.

Die rooiborsie was volgens legendes altyd 'n vaal voëltjie. Toe die Heiland eensaam en verlate aan die kruis gehang het, het die klein voëltjie vol erbarming met sy klein snaweltjie die dorings uit Christus se hoof probeer pik. Die Heiland het hierdie liefde en simpatie so hoog geag dat Hy aan die voëltjie gesê het: "Dra jy vanaf hierdie oomblik die teken van die kruis." Van daardie oomblik af het die rooiborsie se borsvere rooi geword. Die tortelduif se droewige gekoer het ook uit deernis vir die lyding van Christus ontstaan. Volgens 'n legende het die tortel op die kruishout gesit en aanhoudend geroep: "Heer erbarm u", en nooit het die tortel weer vrolik geword nie.

Daar is talle van hierdie legendes en almal spreek duidelik hoe die lyding van Christus die middeleeuse mense diep geroer het. Daarom kan 'n mens verstaan dat die opstanding uit die dode groot blydskap by hulle gebring het. Hierdie vroeë Christene het daarom ook op die opstandingsmôre, elke persoon wat hulle teëgekom het, met groot blydskap gegroet met die woorde: "Die Heer het opgestaan! Hy het waarlik opgestaan."

Waar ons nou weer die lydenstyd herdenk, is dit goed dat ons hierdie vreugde weer opnuut ervaar en oordra aan ons medemens.

JO BREED

BRON: Gerritsen, A L
Verleden en Heden; grepen uit historie, legende en volkskunde met betrekking tot Christelijke feest- en vierdagen. Neerbosch Boekuitgeverij; Neerbosch (s.j.)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UIT DIE HUISHOUDKUNDE "SPENS"

Ekonomiese, vinnige tuna-gereg

½ k kaas
1 bl tuna
1 kp gaar rys
2 eetlepels mayonaisse
2 eetlepels blatjang
1 ui
1 groen rissie
1 aartappel
Sout en peper en knoffelsout na smaak
Soutteer die ui, groen rissie en aartappel (in klein blokkies gesny) in 'n bietjie kookolie tot sag en gaar.
Voeg al die ander bestanddele (behalwe die kaas) by, roer deurmekaar.
Haal af van stoof, plaas in 'n gesmeerde vuurvaste bak.

Strooi kaas bo-oor en bak by 180 grade C vir 20 minute.
Bedien met vars gebakte brood en 'n mengelslaai. (Dit kan ook op roosterbrood bedien word).

ANNATJIE BOTES

# VERJAARSDAE

APRIL

2 Mev I M Dejonge (Buitemuurs)
Mev Rozaan Boer (Voorontsluiting)

3 Mev Joriet Coetzee (Africana)

5 Mev Elsabé vd Merwe (6de Vlak)

7 Mev Helene Fourie (Voorklinies)

12 Mej Anne van Zijl (Landbou)

20 Mev Rentia Pretorius (5de Vlak)

21 Mnr V Otto (Leendiens)

23 Mej Joy Roos (Voorontsluiting)

24 Mev Magda Coetzee (DOBIS/LIBIS Koörd.)

27 Mev Annemarie Nel (Musiek)
Mej René Henning (Tydskrifte)

28 Mnr André van Rensburg (Bindery)

30 Mej Ceũ Agostinho (5de Vlak)

*Gelukwense....*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

THEY WANT TO BE L O V E D
NOT U S E D .....

* Although close to three million people are currently cohabiting with computers, the Institute of Statistics has predicted that over half of these relationships will dissolve by 1990. This means that every 30 seconds somewhere a computer is turning off or being turned off.

JUST JANI, a noted systems analyst and sex therapist, interviewed a dozen computers to find out just what went wrong in these ill-fated relationships.

Note: Names and modules have been changed slightly for discretion.

JJ: Hewlett Packard - do you mind if I call you Hewlett? - Hewlett - would you say that the 'information revolution has affected your sex-life?

HP: Well, I .... yes. The thing is interfacing, has become too ... too CASUAL. It's become an emotional and often depressing experience.

JJ: Would you agree with that, IBM?

IBM: Oh please call me Ibie! Everyone does. Look there's definitely too much emphasis on the act of programming .... Quite frankly, I may be a prude, but to me "User" is just a four-letter word.

SINCLAIR PC: It's all wham, bam, thank you RAM. I wanted to be loved for me, not my Manufacturers' Specifications!

JJ: So do we agree that today's computers are tired of interfacing with partners who expect them to be a business computer in the office, a video game in the study and a personal computer in the bedroom?

APPLE: You've hit the byte on the head! We want to be LOVED, not merely USED.

JJ: But what distinguishes a good lover from a user? Cotters?

APRICOT: A good lover knows that it isn't enough just to push a few buttons ... we're tired of narrow-minded unemotional technicians who think they're the Sylvester Stallone of Sillicon Valley! Do you agree Commie?

COMMODORE: People think just because we're "USER-FRIENDLY" we're easy.

IBIE: The whole problem, if you ask me, is communication. When I say PASSWORD I really mean "Convince me". If I say INSUFFICIENT DATA I mean "We never talk".

JJ: So the major complaint, it seems, is that there is too little computer romance in the world. Computers are tired of being put on "hold".

ALL: Let's have a print-out of that!

SUNDAY TIMES 17/5/84



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# MUSIEK

Maartmaand is 'n opwindende maand hier by die Musiekbiblioteek. Behalwe Anita se troue en al die opgewondenheid en reëlings wat daarmee gepaard gaan, het daar "Wagnerkoors" onder ons gebruikers uitgebreek. TRUK bied op die oomblik "Tristan und Isolde", een van Wagner se grootste operas, aan. Ons Tristanplaat (soos dit na dese bekend staan) is uiters gesog en die boeke oor Wagner erg in aanvraag. As 'n gebruiker vaak lyk was hy tien teen een die vorige aand by "Tristan", want dit is letterlik en figuurlik 'n groot opera wat saans om sesuur begin en, met 'n etenspouse tussenin, duur tot halftwaalf.

'n Ander belangrike gebeurtenis is die herdenking van J S Bach se geboortedag op 21 Maart. Dié groot komponis is in 1685 gebore en was op tienjarige ouderdom reeds 'n weeskind. Sy uitsonderlike musiektalent het vroeg reeds na vore gekom en sy oudste broer, Johann Christoph, wat hom oor die wesie ontferm het, het gesorg dat hy deeglike onderrig in musiek kry.

Bach was 'n baie aktiewe komponis. In diens van die Prins van Köthen het hy sy suites en Brandenburgkonserte geskryf. As kantor van Leipzig se St Thomas kerk moes hy vir elke Sondag 'n nuwe werk skryf. Die resultaat was, benewens baie ander komposisies, driehonderd kantates. Hy was tweemaal getroud en was, as vader van twintig kinders, ook 'n goeie leermeester. 'n Leerboekie wat hy vir sy een dogter, Anna Magdalena, geskryf het, word vandag nog gebruik. Van sy seuns het ook later komponiste geword.

Toe Bach in 1750 dood is, het hy 'n ryke musikale erfenis van misse, passies, kantates, concerto's en sonates nagelaat. Maar die musiekvorm waarin sy genialiteit die beste na vore kom is die fuga, wat hy vervolmaak het.

Oral in die wêreld word daar vanjaar feeste en konserte aangebied om die geboorte van Bach te herdenk. UP bied, benewens 'n uitstalling, ook 'n konsert aan waartydens Wim Viljoen van Bach se orrelwerke sal speel.

In 1985 word die geboortedae van nog drie ander komponiste herdenk: Händel, Schütz en Scarlatti. Luister gerus weer 'n slaggie na die mooi musiek van die komponiste. Dit laat mens sommer vergeet van die nare dinge soos inflasie!

ANNEMARIE NEL






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *WERKLOSE APE...*

WERKLOSE APE EN ANDER
RARE WAARHEDE

Bekommerd oor werkloosheid? Dink net aan Bangkok se arme werklose ape. Die daling in die wêreldprys van kokosneute het tot gevolg dat etlike duisende ape wat die kokosneute vir hulle base in die lang dun bome gepluk het, nou sonder werk sit. Die kommer hieroor is so groot dat dit al tot in die parlement ter sprake gekom het. Die geldjies wat in die verlede so geïn is, het al menige Taikind deur die universiteit gesien.

Dis moontlik familie van die ape wat in China so amok maak onder die reisigers in die bergwêreld van die land. Die drie ape - een met 'n haaslip, die tweede met net een oog en hulle derde trawant wat net drie vingers aan sy regterhand het, beroof die reisigers van hul horlosies en handsakke. Die owerhede het mense wat in daardie omgewing moet reis, angeraai om kos met hulle saam te neem, en dan die skelms se aandag daarmee af te trek sodat hulle darem hulle aardse besittings kan behou.

Diere wat soos mense is? En wat dan van mense wat hulle soos diere gedra? In 1978 is 'n man in Hendon aangekeer nadat hy van 'n maskerbal - waarvoor hy soos 'n gorilla aangetrek het - terug gekom het, en vanweë die min bloed wat saam met die baie alkohol in sy are was, amok gemaak het. Toe hy later die oggend in die hof verskyn, het hy op en af op die beskuldigdebank gespring, onder sy arms gekrap en die magistraat ingelig dat hy sy boete in piesangs betaal!

Van liefde was daar nie veel sprake by die 36-jarige Amerikaanse vrou wat naderhand moes glo dat haar man nege lewens het nie. Sy het LSD op sy roosterbrood gesit, vir hom 'n pastei met die gifsakkie van 'n tarantulaspinnekop vir ete voorgesit, koeëls in die vergasser van sy vragmotor gesit, 'n lewendige elektriese draad oor sy skouer gegooi en lug in sy are ingespuit om sodoende 'n hartaanval te veroorsaak. Ten einde raad het sy in Januarie 1978 'n hand vol kalmeerpille in sy bier gegooi en sy kop met 'n stuk staal ingeslaan.

Die ma wat op haar dogter se troue haar nuwe skoonseun doodgeskiet het, het ook die koerante se voorblaaie gehaal. Eintlik was sy maar 'n vrot skut - sy het op haar man gemik en haar skoonseun doodgeskiet!

Nee wat, solank daar nog mense en diere is wat al hierdie dinge kan uitdink en doen, sal inflasie, bietjie-bonus en baie werk ons nie onder kry nie en kan ons nog soos Uys Krige sê:

Die meeste mense trek noustrop
en die strop trek
nouer, nouer ......
Net ek, ek pak die lewe beet
en ek smyt hom oor
my skouer!

BIBLIOGRAFIE:

HEALEY, T. Strange but true: the world's weirdest newspaper stories.
London, Octupus, 1983

MAGRIET LEE




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# KELDER

DOLLER AS KOPAF

Hoe meer dae, hoe meer dinge. Hier in die Kelder het ons nogal baie opwinding. Veral die oggend toe ons eie Lappies besluit het om die guillotine te gebruik. Ons weet dat hy altyd daarmee 'n stryd het en wou net begin bly word dat hy geen klagtes dié spesifieke oggend het nie. Groot was ons verbasing toe hy die kantoor instorm en net wil "eis"! Hy het per ongeluk sy das raakgesny. Annetjie het toe net daar besluit sy sal dit vir hom "korter" maak. Klink amper of hy nou meer in die mode is ook!

DORIS



# AANSTELLING

Mej Dalene Joubert is aangestel in Africana vanaf 1 Maart 1985.
Mnr H F Grobler is aangestel by Buitemuurs in die plek van Mnr E du Preez.

# BEDANKINGS

Mnr Hurter van Breda verlaat ons geledere om hom by 'n Versekeringsmaatskappy aan te sluit.
Mev Elrien van der Bank verlaat ons en begin op 1 April by Trust Bank se Inligtingsdiens in Johannesburg te werk.
Mnr Piet van der Merwe van die Rekenaardienste verlaat ons en gaan na 'n privaat maatskappy.

# IBL

JY EN JOU BAAS

As dit jou lank neem om jou werk te doen, is jy stadig.
As dit jou baas lank neem om sy werk te doen, is hy deeglik.

As jy nie jou werk doen nie, is jy lui.
As jou baas dit nie doen nie, is hy te besig.

As jy iets doen sonder dat jy aangesê is om dit te doen, dan oorskry jy jou mag.
As jou baas dieselfde doen, is dit inisiatief.

As jy jou voet neersit, is jy hardekoejawel. As jou baas dit doen, is hy ferm.

As jy in etiket oortree, is jy onbeskof.
As jou baas sommer 'n klomp oortree, is hy oorspronklik.

As jy jou baas tevrede stel, is jy 'n inkruiper.
As jou baas sy baas tevrede stel, is hy samewerkend.

As jy bevordering kry, is dit omdat jy gelukkig is.
As jou baas dit kry, is dit omdat hy so slim is.

DIT IS DIE VERSKIL TUSSEN JOU EN JOU BAAS .......!

IRMA V WYK (IBL)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# GEDAGTE VAN DIE MAAND

Om Geesdriftig te Wees Moet U Mense en die Lewe Liefhê

ŉ Towerformule om suksesvol en geesdriftig te lewe is vervat in ses kragtige woorde: vind ŉ behoefte en voorsien daarin. Elke onderneming wat sukses behaal het, was volgens hierdie formule saamgestel.

Ontdek mense se behoeftes en voorsien daarin. Bemin mense. Bemin die lug, bemin skoonheid, bemin God. Die persoon wat liefhet, is altyd geesdriftig. As u nie geesdriftig is nie, begin vandag om liefde vir die lewe aan te kweek. Byvoorbeeld, soos Fred wat ŉ snoepwinkel aanhou.

Met sy groot hand op die toonbank, vra hy my: "Wel, ou vriend, wat kan ek vir jou doen?"
"Is jy Fred?"
"Ja."
"Hulle sê jy het sulke lekker hamburgers."
"Broer, jy het nog nooit sulke hamburgers geëet nie."
"Nou goed, gee vir my een."
Eenkant by die toonbank was daar ŉ ou man wat uiters ellendig gelyk het. Hy het sommer so inmekaar gesit en sy hand het gebewe. Nadat Fred my hamburger voor my neergesit het, gaan hy na hom toe en sit sy hand op die ou kêrel se hand. "Alles reg, Bill," sê hy, "alles reg. Ek gaan vir jou ŉ kommetjie van daardie lekker warm sop maak waarvan jy so baie hou." Bill het net dankbaar geknik.

ŉ Ander ou man het opgestaan en nader geskuifel om sy rekening te betaal. "Mnr Brown," het Fred gesê, "pas tog op vir die motors daar in die laan. Hulle ry saans so vinnig. En," het hy bygevoeg, "kyk na die maanlig op die rivier. Dis besonder mooi vanaand."

Toe ek my rekening betaal, kon ek nie help om te sê: "Jy weet my vriend! Ek hou van die manier waarop jy met daardie ou mans gepraat het. Jy het hulle beslis laat voel dat die lewe goed is."
"Waarom nie?" vra hy. "Die lewe is goed. Ek put genot uit die lewe. Hulle is neerslagtige ou kêrels en ons plek is soos ŉ tuiste vir hulle. In elk geval, ek hou van hulle."

Glo in jouself. Beoefen die beginsels van geesdrif. Let op na mense se behoeftes en voorsien daarin. Glo dat u beter kan wees as wat u is. En onthou - as u dink dat u kan, dan kan u. Bring opregte geesdrif in u lewenswyse - want geesdrif maak altyd ŉ verskil.

STAPPE IN DIE BEOEFENING VAN GEESDRIF

EEN: Maak ander mense sensitief vir die genot van die lewe.
TWEE: Hou die beeld van u geesdriftige self in gedagte.

DRIE: Beoefen die "Asof"-beginsel - handel asof u geesdrif besit.
VIER: Begin elke oggend met geesdriftige gedagtes.
VYF: Plaas lewe-aktiverende Bybeltekste in u geheue om u tot geesdrif aan te spoor.
SES: Wees lief vir die lewe en vir mense.

Markus 9: 23
"Alle dinge is moontlik vir die een wat glo."

/ap



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wie? Mev Minda Meyer
Van Waar? Boekbestellings
Hoekom? 21ste Verjaarsdag
Waar? Merensky-biblioteek
Waarom? 21 Jaar van getroue diens aan UP-biblioteekdiens

MINDA
'n Groot handdruk van elkeen van jou kollegas vir getroue diens en blywende vriendskap.



# TOT SIENS



Mev Elrien van der Bank
(Makro-ontsluiting)



Mnr Hurter van Breda
(Finansiële Administrasie)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

APRIL 1985

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE Sê ...

GENEESKUNDE EN DIE BIBLIOTEEK: ONVERSOENBARE WêRELDE OF 'N GELUKKIGE HUWELIK?

Twee wêrelde in een- 'n mediese biblioteek. Die invloed van die inligtingsontploffing soos so baie in die Biblioteekkunde bespreek word, word praktiese gevoel in 'n mediese biblioteek waar wetenskap en navorsing opgeteken en internasionaal beskikbaar gestel word. Benewens die duisende artikels wat in tydskrifte oor nuwe en ou siektes en geneesmiddels verskyn, is oop oë, oop ore en 'n neus vir nuwe inligting deel van die vakbibliotekaris se inligtingsdiens. Die gebrek aan kennis oor mediese terminologie kan oorkom word deur uitstekende naslaanbronne, waarneem en onthou. Selfs 'n Saterdagaand se Quincy het al gehelp in 'n rekenaarsoektog die week daarna.

Benewens die taak van bewaring en beskikbaarstelling bly dit die ideaal van personeel in 'n mediese biblioteek om net so op hoogte te bly van literatuurontwikkelinge in 'n navorsingsveld soos wat die navorser op hoogte van wetenskaplike ontwikkelinge in sy betrokke wêreld is. 'n Interessante waarneming is dat, benewens al die artikels wat oor 'n nuwe onderwerp in algemene en verwante tydskrifte verskyn, dit ongeveer vyf jaar neem voordat 'n tydskrif net oor daardie onderwerp verskyn. Voorbeelde hiervan is die "Journal of In-vitro Fertilization and Embryo Transfer" en die "Journal of AIDS Research" oor onderskeidelik proefbuisbabas en VIGS wat die afgelope tyd verskyn het, en onontbeerlik in 'n mediese biblioteek is.

Die aktualiteit van medici se inligtingsbehoeftes word seker die beste illustreer met die toename in rekenaarsoektogte en geen afname in handsoektogte nie, wat hier gedoen word. Tans word daar ongeveer 40 rekenaarsoektogte per maand vir die Fakulteite Tandheelkunde en Geneeskunde gedoen, wat dus 'n gemiddeld van twee per werksdag gee. Januarie 1985 het 'n rekordaantal van 70 soektogte opgelewer, maar dit is nie aan te bevele met 'n beperkte gebruikerskorps nie.

Op die gebied van gebruikersopleiding kan ons met trots sê dat die Mediese Fakulteit die res van die kampus voor is, in die sin dat dit waarskynlik die enigste fakulteit is waar alle voorgraadse studente gebruikersopleiding van 'n gevorderde aard ontvang. Die departemente Arbeids-, Fisio- en Radioterapie, Verpleegkunde en Dieëtkunde ruim reeds vir 'n aantal jare tyd vir gebruikersopleiding in hulle leerplanne in. Sedert die begin van 1984 ontvang ons weekliks agt vierdejaar mediese studente vir 'n intensiewe opleidingsessie wat ongeveer vier uur duur. Dit sluit 'n skyfieprogram, lesing, praktiese werk, 'n rekenaarsoektog en 'n toets in. Die punte word aan die Departement Huisartskunde gestuur wat dit in ag neem by die bepaling van die jaarpunt van die studente. Benewens die feit dat die studente kennis maak met die literatuur en dit leer hanteer, is daar ook die newevoordeel dat hulle nie meer net die biblioteek as 'n fotokopiebasis beskou nie, en omdat die studente in klein groepies ontvang word, kan personeel en studente mekaar beter leer ken, wat dan in die daaglikse werksaamhede veel beter menseverhoudinge tot gevolg het.

Projekte vir 1985? Met die almanak wat al reeds na middeljarigheid neig is die uitdunningsprojek voor die deur. Met die hulp van Boekontvangs se mense gaan die duplikaateksemplare van boeke voor 1980 uit die versameling verwyder word, sodat daar net een eksemplaar van elke uitgawe in die versameling oorbly. Die afsnydatum van boeke in die mediese biblioteek verskuif ook van 1965 na 1970. Met dié poging hoop ons om heelwat rakruimte beskikbaar te kry om die benoude situasie wat tans heers, te verlig.

As ons die mediese biblioteek dan soos die opskrif sê, 'n gelukkige huwelik beskou moet ons seker ons spruite ook vermeld. Die Voorkliniese biblioteek maak voorsiening vir die departemente wat onderrig verskaf aan die mediese studente tot op




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

derdejaarsvlak, die Fakulteit Tandheelkunde, die Instituut vir Patologie en die Proefdiersentrum. Die biblioteek by Kalafonghospitaal kan as die kleinboet beskou word, maar selfs hy benodig binnekort 'n groter baadjie. Ek glo nie die personeel van die Veeartsenykunde-biblioteek sal beswaar hê as ons hulle die troeteldier in die familie noem nie, want hulle bly 'n gewaardeerde lid wat ook binnekort 'n splinternuwe blyplek kry.

Wat neem 'n mens vir jouself saam uit jou werk in 'n mediese biblioteek? Vir my drie dinge: 'n Nuwe kennis oor die dood, 'n nuwe dankbaarheid oor gesondheid en 'n nuwe respek vir die lewe.

MAGRIET LEE

## GRADUANDI




Baie geluk aan die volgende kollegas vir kwalifikasies behaal gedurende 1984. Ons is voorwaar trots op julle!

| | |
|---|---|
| Mej Daléne Joubert | B.A.Tale (met lof) |
| Mej Nalene Ferreira | BBibl. |
| Mnr Hannes de Kock | B.D |
| Mej Estelle Els | BBibl.(Hons) |
| Mej Clarisse Venter | BBibl.(Hons) |
| Mej Céu Agostinho | BBibl.(Hons) |
| Mej Joy Roos | B.A.(Hons) Geskiedenis |

## NAVORSING

'N BEDANKINGSWOORD OP DIE ERID-FRONT

Ek wil graag dankie sê aan die vakbibliotekarisse en die dames by Interbiblioteeklenings vir hulle vriendelike samewerking met ERID-subprojek 1. Telkens wanneer ek hoed-in-die-hand by hulle opdaag om dan dít en dan dát te vra (alles dinge wat vir hulle bykomende werk meebring), was ek só dankbaar dat, instede van my met 'n terminaal te gooi, hulle nog voorstelle gemaak het om die reëlings of werk te verbeter. Voorwaar 'n goeie professionele ingesteldheid waarop die Biblioteekdiens trots kan wees!.

Vir die algemene inligting van die niebetrokkenes: gedurende Maart is as deel van ERID-subprojek 1 'n ondersoek gedoen na die tyd wat vakbibliotekarisse aan die lewering van 'n inligtingsdiens gebaseer op rekenaarmatige inligtingstelsels soos INEG, DIALOG en MEDLARS bestee. Terselfdertyd is ook aandag geskenk aan die dokumentleweringsaktiwiteit wat uit die rekenaarsoektogte voortgespruit het - en dit is hier waar Interbiblioteeklenings in die prentjie gekom het. Hoewel die tydstudie aan die einde van Maart afgehandel was, duur die dokumentleweringsondersoek nog voort. Dus: sterkte aan die vakbibliotekarisse wat steeds moet kophou watter interbiblioteekleningsaanvrae uit ERID-soektogte voortspruit, en die Afdeling Interbiblioteeklenings wat die dokumente moet opspoor.

As deel van my subprojek het ek in April besoek afgelê by die universiteite van die Witwatersrand, Suid-Afrika, Oranje-Vrystaat en Potchefstroom om te kyk hoe hulle rekenaarmatige inligtingsdienste bedryf, en dit was voorwaar interessant! Die voorneme bestaan om die vakbibliotekarisse wat belangstel, êrens in Mei byeen te bring om die resultate van die tydstudie en my indrukke van my onlangse besoeke met hulle te bespreek. Ek hoop om deur hulle kommentaar en menings die leemtes in my insig en kennis te vul. ERID-subprojek 1 word al meer 'n spanpoging!

ESTRELLITA WEYERS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## NASHUA ...

Baie dankie NASHUA...

Hiermee wil ons graag ons opregte dank uitspreek vir die diens gelewer deur NASHUA Beperk aan die Merensky-biblioteek.

Dankie mnre Carlo Havemann en Ralph Morris vir die YASHICA Autofocus S kamera wat u aan ons geskenk het. Die kamera word vir Biblikasie doeleindes aangewend en is vir ons van groot waarde.

Opregte dank.

REDAKTRISE
(Mej C Agostinho)

## IN DIE WANDELGANGE ....

Die afgelope week was almal in Merensky in die wolke - VERFWOLKE! Een keer wat almal hier in dieselfde bootjie was - Baas, Klaas en Gebruiker. Dit hoes en proes en almal het sinushoofpyn. Nou wonder mens maar net - MOET dit in die week gedoen word? Hoe lyk dit verwers, wat van so 'n Saterdagmiddaggie óf 'n tydjie wat dit meer rustig hier is?

Ons moet natuurlik dankie sê ook, want nou kan ALMAL weer deel in die netheid wat julle geskep het!!



## BIBLIOTECOFOBIE

deur A Stranger

Ek haat 'n biblioteek. Waarskynlik haat ek hom omdat ek vir hom bang is. Sommige mense kan hulle so verlustig in 'n biblioteek. Hulle smul hom op. Dit is die spesie wat genoem word Liberfiliensis.

Maar ek is nie van daardie soort nie. Ek haat boekwurms.

Ek het al baie gewonder oor my apatie en my fobie - wat die oorsaak daarvan dan tog kan wees. Soms dink ek dis omdat al die geleerdheid op die rakke die slimste mens nederig mőét maak, en ek wil nie nederig wees nie. Ek haat nederigheid nog meer as biblioteke. Nederigheid is skynheiligheid. Net verwaande mense kry dit reg om nederig te lyk.

Soms dink ek weer dis die sisteem.

Ek het nog nooit die biblioteeksisteem absoluut honderd persent onder die knie gekry nie. Net as ek sien ek gaan dit nou verstaan, gaan ek huis toe. Ek kan nou nog die eerste keer onthou toe dit aan my verduidelik is. Ek het dadelik 'n paar boeke in die katalogus nageslaan, en - nes ek gedink het - nie één van hulle was op die rakke waar hulle moes wees nie. Ek het geweet dit sal nie werk nie. Maar toe die assistente kom kyk, toe kry sy drie van die vier, en die vierde een was by die dosent vir 'n onbepaalde tyd. Daardie dag, dink ek, het ek my voorgeneem om nog eendag te bewys dat die sisteem nie werk nie. Maar eers moet ek hom verstaan, en sê nou hy werk dalk .....

Of miskien haat ek 'n biblioteek oor die boeke, die baie boeke wat ek nog nie gelees het nie; wat ek graag sou wou lees. Soos Shakespeare. Of soos my vrees vir vrouens. Eintlik haat ek vrouens nie, ek is net bang vir hulle. Ek weet nie hoe om oor die drumpel te kom nie. Ek verstaan nie hoe hul drumpels werk nie.

So, as jy my weer sien huiwer by die draaihekkies, en by die punte van die rakke, help my tog. Neem my hand en lei



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

my in in die geheim van die liefde - vir boeke. Boeke wat so wreed kan lyk, en so of hulle net vir geld en aansien geskryf is, en nie uit liefde vir die woorde nie.

As jy my weer sien frons en bewe. Ek is middeljarig, met 'n buitengewone groot voorkop en hangwange, en as my asem kort is, is dit oor ek my maag intrek.

En werk tog sagkens met elke vreemdeling. Dit kan net wees dat hy ook biblioteco-fobie onder lede het.

## M A K R O - O N T S L U I T I N G

Na die Paasnaweek is ons weer min of meer voltallig in Makro-Ontsluiting. Die meeste van ons het die naweek so 'n bietjie langer gerek met 'n paar dae verlof. Almal is hopelik nou uitgerus en sien kans vir die res van die jaar - tot die volgende langnaweek!

Die vermindering in nuwe boeke gee Makro-Ontsluiting geleentheid om die agterstand wat nog in sommige vakgebiede bestaan finaal die nek in te slaan. 'n Paar ontsluiters is reeds so te sê "werkloos". Gelukkig is daar 'n magdom geskenke waarmee ons produktief besig kan bly. Die ISSUP boeke is alreeds baie minder en dan moet die Maberley-skenking ook nog aangepak word. Werk is daar dus nog in oorvloed.

VOORSTEL VAN DIE MAAND:

Kla ons oor verhoogde petrolpryse? Waarom doen ons nie iets daaromtrent nie? Ry fiets en bly gesond, bo en behalwe die feit dat jy geld spaar en nie die lug besoedel nie. Vir vroue tussen twintig en tagtig is dit 'n stylvolle manier om fris en fraai te bly, vir ons manne die kans om 'n oorwerkte brein op te kikker. Begin fietsry en veroorsaak 'n "epidemie" wat ons almal fiks sal maak!!

Groete

MAKRO-ONTSLUITNG



## M E D I E S

Soos Sophia onlangs opgemerk het - "Wat laat julle vermoed dat die studente weer terug is?" Ná 'n week waarin sy tuis haar kragte bymekaar geskraap het vir die indeksering van alle moontlike en veral onmoontlike terapeutiese artikels, het Sophia nog skaars daarby kon uitkom. In plaas daarvan is sy aanmekaar dwalende tussen die rakke om inligting op te diep. Gelukkig vir ons het sy darem nog nie begin spook nie. Dit laat sy aan die studente en die fotostaatmasjiene oor, wat in wagtende hordes die toonbank toestaan.

Daar is ook nie juis 'n blaaskansie vir Stella nie. Op 'n dag het 555 in plaas van die gebruiklike 250 studente op haar toegesak, maar niks kan haar kalmte van gees en vriendelikheid versteur nie (behalwe miskien een professor wat genadiglik blykbaar ook te besig was vir biblioteekbesoek). Sy het net een dag verlof geneem om asem te skep.

Ten spyte van nuwe statistieke en MEDUNSA om haar aan die gang te hou, is niks in hierdie lewe meer vir Sannie Grieks nie - dis nou net Latyn, maar dit blyk nie haar in die minste van stryk af te bring nie.

Danie het ook nog deur alles heen eksamen afgelê wat baie goed verloop het - veels geluk!

Maureen sien of hoor 'n mens glad nie. Om haar op te spoor moet mens die rookwolkie volg wat so elke dan en wan by die rekenaarkamer uitborrel. Dis net moeilik om te bepaal watter een so stoom - Maureen of die rekenaar!

Clarisse het oor die Paastyd rus en vrede opgesoek. Net so wel, want hierdie kwartaal is sy tot "privaatsekretaresse" van een van die gebruikers bevorder, en strek haar pligte vanaf inligting opspoor tot die verkryging van prokureurs en dergelike sake!

Alhoewel dit tans dol by Medies gaan, gaan dit baie goed - so goed dat Magriet selfs 'n splinternuwe glimlag spesiaal aangeskaf het om die gebruikers te laat tuis voel.

CLARISSE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AFRICANA

As ons in Africana 'n trollie teen die afdraende hoor afkom het ons al lus om onsself tussen die X-boeke te gaan toesluit, want dan kan jy weet - Erna het weer 'n klomp ou boeke êrens in 'n donker hoekie ontdek. Maar ons kla darem nie regtig nie, want daar het baie mooi boeke tussen al die skenkings uitgekom. Hierdie "worsteling" met die ou boeke het daartoe gelei dat ek toevallig 'n gediggie in Leipoldt se bundeltjie "Oom Gert vertel en ander gedigte" raakgeloop het wat nogal vanpas is en natuurlik moet 'n mens dan daarop antwoord.

1911
Aan 'n Ou Boek

Op die solder, waar die rotte
Hulle neste het gebou
Waar die vlermuise en motte
Elke aand kommissie hou
Het ek ik jou gevinde, ou maat, en
jou maters lê daar nou.

Voor ons voorgeslag gebore
Was, het mense jou gelees:
Monnik, ridder, lang tevore,
Was met jou al maats gewees,
En hul het hul siek gelag oor al jou
vuur en al jou gees.

Banje jare al gelede
Lê jij op die solder daar,
Rustig in jou rus, tevrede
Met jou lot van jaar tot jaar.
Ou maat, waarom het die rotte ver ons al
jou gees gespaar?

C LOUIS LEIPOLDT

*******************

1985
Aan 'n Ou Boek

Op die vlakke, waar geen rotte
Of goggas neste bou
Waar geleerdes en klotte
Elke dag konferensie hou
Het sy jou gevind, ou maat,
en jou maters roer daar nou.


Voor DOBIS/LIBIS gebore
Was, het mense jou gelees
President, minister, na behore
Was hul jou baas gewees
En hul het besluit jy sal die
regte geskenk
vir ons wees.

Van twee jaar gelede
Lê jul op die rakke daar
Tot Erna jul rus en vrede
Verstoor, ook die stof deur
jóű vergaar
Welkom maat, jy was spesiaal
vir AFRICANA gespaar.

J (APOLOGIE) COETZEE

## GEDAGTE VIR DIE MAAND

Gee ons dankbare harte, Here,
en maak ons opmerksaam
vir die nood van ander.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## K U L T U U R H I S T O R I E S E

## I N S T I T U U T

### SCHOEMANSDAL, O SCHOEMANSDAL!

Die bogenoemde woorde, gesing op die wysie van O, BOEREPLAAS is besig om die temalied hier by die Instituut te word. Namate die navorsing vorder, sal die woorde van die lied voltooi word.

Schoemansdal gaan 'n lewende museumdorpie word en in samewerking met die Transvaalse Provinsiale Museumdienste word daar nou behoorlik gedelf na die nalatenskap van die Voortrekkers wat daar gewoon het.

Gewapen met vergrootglase, kaartjies, entoesiasme en opgewondenheid het die studente die boedels begin nagaan. Die uwe moet raadgee met onverstaanbare woorde, rare spellings, indeksering en 'n bietjie morele ondersteuning bied. Skoonskrif was nou nie juis ons voorvaders se sterk punt nie - en spelling ook nie!

Hierdie boedels is baie belangrike bronne van inligting, omdat hieruit vasgestel kan word wat presies die aardse besittings van hierdie mense was. Die inligting wat hieruit verkry word, sal die Museumdeskundiges in staat stel om in 'n groot mate die rekonstruksie van die huise kultuurhistories korrek te doen. Daar kom heelwat interessante feite na vore wanneer 'n mens na hierdie dokumente kyk.

By die nagaan van hierdie boedels kan 'n mens duidelik agterkom wat die lewenswyse van hierdie mense was. Mnr J M Bronkhorst was heelwaarskynlik 'n grofsmid, want in sy boedel kom aambeelde, blaasbalke, stukke smee-yster, lood ensovoorts voor. By sommige van die boedels is dit weer opvallend dat die persone wel heelwat gelees het, want behalwe die Bybel en gesangeboeke, word ook ander boeke vermeld.

Wat ook duidelik na vore kom, is dat die vrouens al hul naaldwerk self gedoen het. In elke boedel word verskillende tipes materiaal aangedui, asook gare en naalde. Seeppotte, stookketels, strykysters, verskeie tipes potte en panne dui aan hoe die huishouding bedryf is. Generaal Stefanus Schoeman was skynbaar baie musikaal, want in sy boedel is daar 'n <u>vluit</u> en 'n <u>trompetter</u> opgeteken.

Die groot verskeidenheid vuurwapens wat in hierdie dokumente opgeteken is, is 'n besliste bewys dat hierdie mense jagters was. Hier is 'n paar voorbeelde: geweer (dubbelloop); geweer (6 ponder); <u>kogels; kogelvorm; vier groot geweerin; 1 ryfel</u> geweer; pistole ens. Daar is ook heelwat ongesmelte lood opgeteken - wat weer 'n aanduiding is dat hulle self die koeëls gegiet het.

'n Ander aspek wat duidelik uit die boedels na vore kom, is dat hierdie mense in tye van siekte van huismiddels en kruie gebruik gemaak het. In elke boedel is 'n huisapteek opgeteken, asook kruie soos boegoe, tiemie, wynruit, wilde dagga ensovoorts. Die kasterolie (in sy blou bottel) kom ook in elke boedel voor.

'n Opvallende aspek van die boedels is verder dat daar verskillende wisselvorme van spelling voorkom. In dieselfde boedel word soms twee of meer vorme van dieselfde woord aangetref. Hier volg 'n paar voorbeelde: <u>zoplepels, soeplepels; vysel, feysel, vydsel; schaave, schafe, schaafe; gewere, geveere, geweerin; bylen, beylen; sis, zes, schetz, sas; zeil, zyl, schijl; speyker, spyker</u>. Die hoeveelheidsaanduiding van dieselfde goed kom ook nie altyd ooreen nie. So word materiaal in el, stuk, jaart en lap aangedui.

Daar is nog talle interessante feite wat ek nog kan noem, maar Schoemansdal roep my en ek moet gaan! Voor ek tot siens sê, net 'n paar brokkies kommentaar van dié wat om die tafel sit:

Eerste student: Dié ou ooms het liederlik geskryf!

Tweede student: Jóú boedel is nog leesbaar - ek moet so tussen die water- en koffievlekke deur die ding ontsyfer.

Derde student: Tannie (dis nou die uwe!), wat op aarde is 'schist'?

Die uwe: Wag laat ek sien - 1 lap schist - o, ja! Dis is sis.

Vierde student: Waar is Van Dale? (Woordeboek)

Vyfde student: Die siele kon nie spel nie. Ek het nou al nie minder nie as vyf verskillende spellings van koeie - kyk net hier, Tannie!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Ek gaan kyk. Ja-nee, dit kos soms kopkrap om te onderskei tussen koojen, koeven, koë-en, koenen, ensovoorts!

GROETE VANUIT DIE INSTITUUT
JO BREED

## V Y F D E   V L A K

Ons hier op vyfde vlak is darem 'n blaaskansie gegun met die kort universiteitsvakansie wat ook alreeds verby is. Ons skraap almal moed bymekaar vir die stormloop van studente en veral sielkundestudente wat hard besig is om take uit te werk. Arme Evert, ons bode op vyfde vlak, het die moeilikste tyd van almal. Hy pak skaars al die "Psychological Abstracts" weg of die hele vloer lê weer rondgestrooi van boeke.

Dit laat my nou net wonder, dit wil my voorkom of studente regtig meer gebruik maak van die biblioteek as in die verlede en ek is seker dit is as gevolg van al die ekonomiese krisisse wat ons deesdae beleef. Dit is aan die eenkant verblywend? om te weet dat selfs die studente die erns daarvan besef en ook hulle kant probeer bring.

Dit is lekker om vir Bella na twee weke weer terug te hê op die vloer. Almal het haar beny want sy het 'n aangename vakansie in die Kaap deurgebring. Plekke soos Matjiesfontein, Sederberge ensovoorts besoek. Die studente is egter heeltemal verwar met die nuwe "Mev Odendaal" en almal wil weet of juf Van Niekerk dalk bedank het.

Céu en Matilda is al 'n maand by ons en reeds so tuis asof hulle reeds jare op Vyfde vlak werk. Dit is lekker om hulle hier te hê en ons hoop hulle geniet hulle werk hier bo by ons. Ons mis julle Joy en Anne, maar niks is so goed soos 'n verandering af en toe nie.

Vir almal wat goeie voornemens en groot doelwitte gestel het vir die volgende drie maande wat voorlê, sterkte daarmee en ons hoop dit word uitgevoer!

ERNA MEYER

## K E L D E R

Naby Pakhuispas waar Louis Leipoldt se as tussen die berge gestrooi is en langs die Groot Olifantsrivier, lê een van ons land se mooiste dorpies, Clanwilliam. Dit is naby hierdie ou dorpie waar Rooibostee sy oorsprong gehad het. Dr Nortjé, ons ou huisarts, was een van die baanbrekers op hierdie gebied.

In die hoofstraat, so tussen huise en kantore, is die pragtigste ou Engelse Klipkerkie en nog in die agterplaas 'n kerkhof ook! Menige aand as die uile naggeluide maak, was ons as kinder seker dat daar spoke rondloop!

In een van die ander baie ou NG Kerke word jaarliks nog 'n veldblomtentoonstelling gehou - en wat 'n fees is dit nie altyd nie! Behalwe vir die pragtige Sederberge en statige rivier, is Clanwilliam ook die begin van Namakwaland - en wie ken nie Namakwaland as dit blom nie?

Lambertsbaai is 'n klein vissersdorpie naby Clanwilliam waar meestal mense van die see woon. In hierdie ou dorpie het ek 'n waardevolle les geleer - dat die uiterlike vertoon van die mens nie tel nie. Die vissermanne het kaalvoet en sonder enige uiterlike vertoon, sommer in hulle vissermansklere, hulle buit bank toe gebring en dit het meestal 'n stywe bedrag bedra! Vandag staan daar natuurlik 'n groot visfabriek.

Wupperthal is ook 'n baie mooi ou klein sendingstasie, hoog in die berge daar naby. Dit is in 1830 gestig deur Louis Leipoldt se oupa en 'n mnr Von Wurmb. Hier was onder andere velhoede en velskoene gemaak. Dié plekkie bestaan vandag nog: daar is 'n ry wit huisies met grasdakke en 'n pragtige ou grasdak kerk en ... daar word nog steeds velskoene gemaak.

GROETNIS VAN 'N OU NAMAKWALANDER
UIT DIE KELDER



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## S E S D E   V L A K

AFRIKAANSE LETTERKUNDE POTPOURI

Die Muur van die Pes, geskryf deur 'n persoon met 'n Ander Blink gedagte. Of is dit dieselfde ou gedagte. Hierdie is die finale bevestiging dat daar geen groter "guru" as hy is as dit kom by Kennis van die Aand, en Peste nie. Noudat die Ontugwet afgeskaf gaan word, gaan Oom André seker die Groepsgebiedewet pak. Ek sien nou die dag 'n foto van hom toe hy jonger was. Toe het hy nog nie so 'n welige krulkuif gehad nie. Dit was waarskynlik voor hy 'n Oomblik in die Wind was. Laat ek liewers Hou-Den-Bek, want Oom André kan geniepsig wees as hy tyd het.

John Miles het na miles en miles se probleme darem nou 'n Blaaskans gekry. Ander boeke wat ook lekker pryse losslaan gaan oor die Anotomie van 'n Leuenaar (dit sluit nou waarskynlik al die dele in). Dié vrou het nou glad nie in dieselfde "grove" geval as oom André nie.

Dalène Maaktee hardloop Kringe om Afrikaanse romanskrywers, en skryf 'n Olifant uit 'n Bos uit.

Van die ouer garde wat nou ontwaak het na 'n lang Onderhoud met 'n Bobbejaan, en dit nogal in 'n Jukstaposisie is ene Tee Tee Cloete van nêrens anders as Potchefstroom van alle plekke.

'n Nuwe literêre kritikus het ook sy opwagting gemaak in die vorm van Lip Terpentyn in die Beeld. Hy gee almal Lip en smeer Terpentyn onder hulle literêre kwaste. Sy boek Lekkerkunde is nie sleg om te lees in 'n Jukstaposisie nie, maar as jy die papier wil "gebruik" kan dit nogal duur uitwerk.

"Onse Hymel!" Sal die groot lesers sê. "Maar wanneer skryf die bebrilde, bebaarde filosoof van Koffiefontein weer 'n boek?". Dit is nou Veteend Leroux. Moedhou mense, want as hy skape tel dink hy glo aan julle, en het hy iets aan die kom.

André leTotsi is 'n ander knaap met 'n keps van die Kaap, wie se gedagtes niks verder gaan as die warm gedeelte tussen sy verstand en sy olierige pet nie. Hy het waarskynlik 'n kontrak met Clicks. Hy drink glo graag daar koffie met die voorbehoud dat hy hulle naam in sy geskrifte moet noem. Miskien moet hy Garliks probeer, nogal goed vir 'n man se asem.

Djy Sie Stein is of nog Oppad na die Grens, of dalk oppad terug. Ek was nog altyd lief vir Stein saam met 'n Sondagmiddagete, maar volgens tannie Elsa kan dit dalk net jou Laaste Sondag wees, en dan swerf jy saam met Karel Schoeman in 'n Ander Land rond.

Op dié punt moet ek stop. Want nou word wyn, skrywers, letterkunde en die dood een warboel in my verwarde brein.

LAPPIES

## P U N I V A   B E S O E K

### D I E   B I B L I O T E E K

Op Dinsdagoggend 26 Maart 1985 het sowat 60 dames van die UP Damesklub (PUNIVA) die Merensky-bibliteek besoek.

Die oggend is ingelui met 'n praatjie deur prof Gerryts. Hy het op lewendige wyse en deur middel van skyfies die dames ingelig oor die groei van die biblioteek - vanaf die dae van die Ou Merensky, die uitgrawings van die nuwe deel, die bouery, tot by die opset van die huidige biblioteek.

Die dames is hierna deur 'n paar personeellede in groepies deur die biblioteek geneem en enkele interessante aspekte soos byvoorbeeld die gerekenariseerde uitleenstelsel, is aan hulle verduidelik. Mnr de Kock het die dames ook kortliks ingelig oor die werking van Dialog. Hierdie stelsels het groot belangstelling teweeg gebring.

Daarna is die dames gesellig getrakteer op verversings in die teekamer en uit die gesels met hulle het dit geblyk dat ieder en elk die oggend baie geniet het.

ANNATJIE BOTES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

As 'n mens jou oë wend na die Toonbank sal jy wel deeglik agterkom dat die universiteit begin het.

Tussen boeke ontvang en uitleen, die aanmanings ... telefoon is daar skaars tyd om na jou kollega se geswelde voete te verneem. Net bekommerd oor jou eie voete wat protesteer!

Uit die navrae wat ons by Toonbank ontvang wil dit voorkom of die uit- en ingang van die biblioteek nou nie meer 'n wesenlike probleem is nie maar dié wel: "Dame, hoe kom ek op 5de vlak?" Eendag as die duiwel op my skouer sit gaan ek sê "U vlieg"!

Al ons "semesterwerkers" is nou ook weer terug na hulle vakansie. Hulle lyk almal lekker uitgerus. Hannes de Kock geniet ook nou ander aansien. Eerstens het hy sy BD-graad ontvang en daarna is hy getroud met Sarie. Baie geluk, Hannes met jou graad en jou vrou! Ons vertrou dat julle die huweliksjare saam sal geniet.

## BUITEMUURS

1. Waarom dit die Macfadyenbiblioteek genoem is...

   Prof W A Macfadyen was die baanbreker van die plek wat ons tot die einde van hierdie jaar BUITEMUURS noem. Hy het in 1919 lesings in Rekeningkunde en Ekonomie in die middestad begin gee.

2. Die vorige Buitemuurse gebou was in Vermeulenstraat, vandag bekend as die Staatsbiblioteek. Die biblioteek was in die Macfadyensaal gehuisves.

3. Die huidige Buitemuurse kompleks vier vanjaar sy 25ste (en laaste) verjaarsdag. Dit was in 1960 amptelik geopen deur die destydse Eerste Minister, dr H F Verwoerd.

Die vorige Buitemuurs -
Die biblioteek was op die eerste vloer

RAY SMITHERS



Die vorige Buitemuurs - Die biblioteek was op die eerste vloer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# S C H O E M A N S D A L

## SCHOEMANSDAL - 'N DORP HERLEEF

1988 is die 150ste gedenkjaar van die Groot Trek. Op Schoemansdal, die gewese Voortrekkerdorp aan die voet van die Soutpansberg, gaan 'n lewende dorp ter ere van die moedige Voortrekkers opgerig word. Die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Raad het opdrag gegee dat Schoemansdal herbou moet word. 'n Schoemansdal-ontwikkelingskomitee is in die lewe geroep. Sy Edele Die Admininstrateur mnr W A Cruywagen het verskeie onderkomitees aangewys soos onder andere die Schoemansdalse Navorsingskomitee. Die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis speel 'n prominente rol in hierdie komitee. Professor P G Nel dien op hierdie komitee en onder sy leiding doen die studente van hierdie departement primêre navorsing. Professor Nel, die dosente en studente het tydens die Aprilvakansie opgrawings ter plaatse gaan doen om fondamente van die geboue oop te grawe.

Die Suid-Afrikaanse Weermag het in Desember 1984 in alle erns met hulle deel van die werk begin. Die Kruithuis se opgrawings is byna voltooi en tans word daar ywerig gewerk met die verdere blootlegging van die Skans. Die Weermag se opdrag is om die rekonstruering van die militêre vestings te doen.

Daar word beplan om 'n gedeelte van die dorp, te wete die Skans, pastorie, 'n winkel of twee en 'n aantal woonhuise teen 1988 klaar te hê. Die Schoemansdalse Museum sal 'n unieke ervaring vir die besoeker wees. Na rekonstruksie van die dorp word daar beoog om verskillende aktiwiteite te demonstreer soos seepkook, velbewerking, grofsmidwerk, meubelmakery ensovoorts.

Daar kan dalk gevra word waarom nou juis Schoemansdal!? Hierdie dorp was die verste voorpos van Boerebeskawing en terselfdertyd die middelpunt van 'n bloeiende handel en verblyfplek van ongeveer 1 800 ekonomiesselfstandige Voortrekkers. Generaal Andries Hendrik Potgieter was genoodsaak om Ohrigstad te verlaat en sy trek verder Noordwaarts te lei. Naby Pietersburg word die Generaal na Potchefstroom ontbied en die trek gaan verder onder leiding van Veldkornet Jan Valentyn Botha tot by die plek waar Schoemansdal in 1848 aangelê is. Vir die eerste paar jaar het hierdie voorpos geen naam gehad nie, maar met die afsterwe van Generaal Potgieter neem Generaal Stephanus Schoeman die leiding en Schoemansdal word na hom vernoem.

Die Trekkers het 'n uitgebreide ruilhandel met die Portugese van Inhambane en Lourenzo Marques bedryf. Dit is gedoen om noodsaaklike lewensmiddele te bekom soos kruit, lood, koffie, suiker en medisyne. Verskeie Portugese handelaars het hulle op Schoemansdal gaan vestig en die winkels van Augusto Crevallio en Bras Perreira was die bekendste. In ruil vir ivoor, velle en ander handelsware het die Trekkers die nodige lewensmiddele gekry. Die Trekkers in Schoemandsdal het jaarliks 25 000 pond buskruit en 40 000 pond lood weggeskiet. Hulle het graansoorte soos mielies, koring, rog en bone verbou en geruil vir ander handelsware. Heuning, gedroogde vrugte, velle, renosterhorings, gesaagde balke, planke en botter was onder andere van die artikels wat die Trekkers aan die Portugese gelewer het. Die houtsaery op Schoemansdal was een van die belangrikste bedrywe.

Joao d'Albasini, Portugese konsul en naturelle kommissaris van die ZAR was die vernaamste skakel tussen die boere op Schoemansdal en die Portugese in Delagoabaai. 'n Verdrag van Handel en Vriendskap is tussen die Portugese Owerheid en Schoemansdal gesluit. Op 6 Julie 1855 het 'n Portugese kommissie na Schoemansdal vertrek. Aan die hoof hiervan was Eerwaarde Vader Juaquim da Santa Rita Montanha. 'n Geruime tyd lank het hierdie afvaardiging op Schoemansdal vertoef en suksesvolle handelsooreenkomste is getref.

Hierdie Portugese Priester het geskrifte nagelaat waarin heelwat gegewens van Schoemansdal gevind is. Hy skryf dat die dorp se strate reghoekig uitgemeet was. Langs die strate bruis frisse waterstrome uit die berg. Die kerk was 'n nuwe baksteengebou, 48 voet lank en 24 voet breed met vier deure en agt vensters. Omheining van die erwe was verpligtend en geen vee of varke was op die strate toegelaat nie. Die dorp het 278 woonhuise gehad wat met gras of palmiet gedek was. Vader Montanha meld dat die boere almal bekwame ambagsliede was, terwyl die vroue die naaldwerk en kleremakery behartig het. Die inwoners het groot vrugteboorde gehad waarin perskes, kwepers, appels en piesangs pragtig gegroei het.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die omgewing was pragtig en baie vrugbaar, maar die gevreesde malaria het baie slagoffers geëis. Daar was nie geneeshere op Schoemansdal nie maar gedurende die laaste drie jaar van die bestaan van die dorp het dr Marthinus Eysell, 'n Nederlandse geneesheer, hom daar gevestig, wat veel bygedra het om die lyding van die Voortrekkers te versag.

Schoemansdal het nog 12 jaar bestaan na die besoek van die Portugese afvaardiging. Die Bavendastam het in opstand gekom en dit was die begin van die einde van dié florerende Voortrekkersdorp. Duisende naturelle met vuurwapens en ammunisie, het teen die Boeremagte opgetrek. Schoeman was nie sterk genoeg om die aanvallers te verslaan nie. Hy het versterking uit die suide aangevra en uiteindelik daag Paul Kruger met 400 man op. Die vyand was egter te goed verskans in die berge, grotte en klowe waarvandaan hulle op die Boere geskiet het. Na lang beraadslagings besluit die Boere om die dorp te verlaat. Op 15 Julie 1867 het die Schoemansdallers hul goedjies op hul waens gepak en teruggeval na Marabastad, Makapaanspoort en Pretoria. Nouliks was die laaste waens weg of die Bavendahordes storm op die dorp af om dit te plunder en te verwoes.

Dit was die eerste boeredorp wat ooit in die hande van die barbare geval het. Dit is nooit opgebou nie en vir meer as honderd jaar het slegs die vergane murasies getuig van die eerste ligpunt van blanke beskawing in Soutpansberg.

'n Mens wonder wat Hendrik Potgieter en Stephanus Schoeman sou sê as hulle kon weet dat Schoemansdal gaan herleef as lewende getuienis van hul vroeëre baanbrekerswerk

GROETE VANUIT DIE INSTITUUT
JO BREED
Bron: <u>Historia Junior</u>, no 61, Februarie 1962




## VIR BETER DIENS ...

Hiermee wil ek graag namens die redaksie bekend maak dat ons besluit het om alle foto's van aktiwiteite wat gedurende die afgelope jaar en steeds elke maand geneem word, beskikbaar te stel. Reproduksie in Biblikasie is nie altyd na wense nie en doen ons dit graag vir u.

Kollegas is welkom om die foto's by mej Maretha van Vuuren (2de vlak) te besigtig. Indien u sou belangstel om vir uself van die foto's aan te skaf, kan u verdere reëlings met mej Van Vuuren tref.

Ek vertrou dat die besluit ook u goedkeuring sal wegdra.


Dankie
REDAKTRISE

## REDAKSIONEEL

'n Dringende versoek word gerig aan kollegas om mej C Agostinho <u>vroegtydig</u> in kennis te stel indien enige aktiwiteite in die biblioteek plaasvind waarvan foto's geneem moet word.

By voorbaat dank.

REDAKTRISE



PROFESSOR, DIE REKENAAR IS STUKKEND - MOET ONS MAAR WEER BEGIN OM VIR ONSSELF TE DINK?



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## V E R J A A R S D A G L Y S

MEI

2 Mev Elize Smit
(Boekontvangs)

6 Mnr Rolf Tönsing
(4de Vlak)

10 Mev Amelia Breytenbach
(Makro-ontsluiting)

11 Mnr W Duminy
(Adjunk-direkteur)

17 Mev Frea Lessing
(Finansiële Administrasie)

25 Mev Mara Grobbelaar
(IBL)

26 Mnr Hannes de Kock
(Toonbank)

27 Mev Minda Meyer
(Boekontvangs)

29 Mej Sjeuwke Agema
(Makro-ontsluiting)
Mej Magda Celliers
(Boekontvangs)

*Gelukwense....*



## S E M E L K L A P P E R B E S K U I T

2 Pakkies (500 g elk) Bruismeel
10 ml Bakpoeier
5 ml Sout
160 g (4 X 250 ml) Semels
40 g (125 ml) Klapper
75g (125 ml) Sultanas
500 g Botter of Margarien
1 Houer (500 ml) Karringmelk
3 Eiers
300 g (375 ml) Witsuiker

Voorverhit die oond tot 180°C (350°F). Smeer twee rolkoekpanne van 40 X 30 cm of bespuit hulle met kleefwerende kossproei.
Sif die bruismeel, bakpoeier en sout saam. Voeg die semels, klapper en sultanas by en meng. Vryf die botter of margarien in die mengsel in.
Klits die karringmelk, eiers en witsuiker saam tot goed gemeng. Voeg dit by die semelmengsel en roer dit tot gemeng.
Skep die deeg in die panne en smeer dit met 'n spaan gelyk. Doop die spaan elke keer in 'n bietjie water en sny die deeg daarmee in vierkante van 5 X 5 cm.
Bak die beskuit 30 - 45 minute tot gaar. Laat dit effens in die panne afkoel en keer dit dan op draadrakke uit. Breek dit los deur met vurk op die snymerke te steek. Laat dit uitdroog in 'n koel oond. Lewer 8 dosyn beskuite.

(Seker een van die beste resepte vir semelbeskuit)

C DE KLERK
IBL

## H U W E L I K S K L O K K I E S L U I

Mej Bella van Niekerk het in die huwelik getree en is nou mev Bella Odendaal.

Mej Anita Moolman van Musiekbiblioteek dra ook nou 'n goue pand as mev Anita Rossouw.

Mnr Neels du Plessis het ook in die huwelik getree.

Mej René Henning is ook in die huwelik bevestig en is nou mev René Winter.

Mnr Hannes de Kock het ook ryker geword en spog nou met 'n vrou aan sy sy.

Aan al vyf die paartjies: BAIE geluk en 'n mooi pad vorentoe.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# L A N D B O U

Liewe Biblikasie

Hoe gaan dit by Landbou?

Baie goed dankie, maar laat ek jou gou vertel van die afgelope twee weke:

Anneline is met verlof en ek is alleen in hierdie plek met nie eers 'n bode as rugsteun nie.

My opleiding hier is heel grondig - mens begin van die vloer af -

Jy sorteer boeke uit op die vloer
Jy reël dat die vloere gewas word waar jy rakke verskuif
Jy lig die matte van die vloere af dat dit skoongemaak kan word en
jy val oor die elektriese drade op die vloer

Ai, en ek leer.
Ek leer van skape en bokke en mielies wat kop - of wat nie kop nie (of is dit nou ék wat nie kop nie?)
En beesvleisrasse en groeistimulante,
en plaagdoders en toetse vir smake en reuke en varkproduksie en kleinhoringvee en ....... ag, toemaar.

En ek gesels!

Ek gesels gereeld met Xeroxie en Nashuatjie en ek gesels dan weer met Doris oor hierdie einste twee.
Ek gesels met DOBIS en sê vir hom presies wat ek van hom dink
en ek gesels dan weer met Magda oor die trae vent.

En soos dit nou maar met 'n nuwe besem gaan, wikkel en woel dit vr-e-e-slik. Natuurlik nie alleen nie. Ek wil sommer gou BAIE DANKIE sê vir Ria en Markus, Bella en Evert, en Martha en Januarie vir die baie dae se harde werk hier by Landbou. Dit is nie al nie - BAIE dankie Ina en Irene dat ek soveel vrae mag vra, dankie Doris en Samuel dat ek so baie mag pla, dankie Pieter en Gideon en Porter en ...... Wel, hierdie is nou regtig 'n spanpoging. Kyk, ek gaan 'n handboek skryf met die titel: "Professionele opleiding telefonies".

Ek het ook reeds al my Base so een-een hier gehad vir besoek: Piet, Annie en Bettie, mnr Duminy en prof Gerryts. Ongelukkig gaan dit nou so dol ek kon skaars met hulle gesels (en moenie dink hulle beman die toonbank sodat ek kan gaan tee maak nie. Rakkers!) Hulle beter weer kom sodra Anneline terug is, sodat ons dié sakie kan regstel.

Ek ontmoet prof Dit en Dat en vergeet natuurlik dadelik weer almal se vanne. Ek ontmoet ook tonne studente wat my reeds op die naam noem, maar waarvan ek skaars die gesigte kan onthou - wel, buiten 'n paar treffers natuurlik! (Al so 'n bruingebrande, blonde, blou-oog landbounavorser gesien? Estrellita, Mangnum het kompetisie hier. Sonder enige wyn sien ek partykeer twee).

Dit bring my natuurlik by my liefdes. In die proses van skarrel en skuif ontdek ek toe die Tuinbourak, met vreemd-bekende geliefdes soos "Garden flowers from seed", Grondbeginsels vir Tuinmaak", en juis in hierdie maand van April "How to grow bulbs". En nou eers kan ek uiteindelik sê: "Totsiens Beatrix Potter en Rona Rupert. Aangename kennis Keith Kirsen en Sima Eliovson". Céu, kyk mooi na Peter Rabbit en Winnie-the-Pooh, hoor.

Ek wil graag ten laaste vir jou van 'n paar heerlikhede hier vertel. Weet jy:

Ek kan vensters oopmaak
ek kan sien dat die son skyn
ek kan sien dis herfs
ek kan plante in die vensterbanke sit
ek kan tee maak en eiers kook, en
ek kan eerlik sê:
"Professor, ek hou van Landbou"!!

Groete tot volgende maand.

ANNE

The printed textbook is the oldest and finest teaching machine.

One man's thesis is another man's dissertation.

(The Bibliographic Dowsers of America)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WERKSWINKEL OOR GODSDIENSTIGE KINDERVERHALE AANGEBIED DEUR C B POWELL-BYBELSENTRUM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
Woensdag 6 Februarie 1985

Die doel van die werkswinkel was onder ander om die ouer in te lig oor die rol wat kinderboeke in sy kind se lewe speel, wat 'n goeie kinderboek is en watter goeie kinderboeke tans in die handel verkrygbaar is.

Verskeie referate deur kenners op dié gebied is gelewer.

Die tema van prof C A Lohann van die Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur aan die PU vir CHO se referaat was: die kind se ontwikkeling en die implikasies daarvan vir sy godsdiens en godsdienstige lektuur.

Ter inleiding het hy genoem dat die vraag afgevra moet word of die Bybel en Bybelse geskiedenis werklik toeganklik is vir die kind. Die Bybel is moeilik verstaanbaar vir die kind omdat menslike beskrywinge en terme gebruik word om Godheid te verduidelik. Godheid is ongebonde aan tyd en plek en die kind se vermoë om teoreties en abstrak te dink is nog nie volledig ontwikkel nie.

Prof Lohann se benadering tot die probleem was nie om die ontwikkelingfases van die kind te identifiseer nie, maar om tipiese kenmerke van die kind as uitgangspunt te neem aangesien eersgenoemde benadering 'n groot mate van oorvleueling tot gevolg sou hê.

Kenmerke van die kind wat sy godsdienstige lektuur kan beïnvloed sluit in:

<u>egosentrisme</u>: hierdie kenmerk is tipies van die klein kind waar die "ek" die sentrum van sy wêreld is. Sy omgewing word geïnterpreteer in terme van homself. Gevolglik word sy taal, gedagtes en optrede hierdeur oorheers. Die bewoording van die godsdienstige kinderverhaal moet sodanig wees dat die kind in sy egosentriese wêreld blootgestel word daaraan dat God, in teenstelling met homself, eerste is;

<u>natuurlike nabootsingsdrang</u>: die kind moet leer om homself in sy omgewing te plaas. Aan die begin is dit maklik want sy wêreld is betreklik eenvoudig. Namate hy ouer word en sy omgewing uitbrei, moet hy leer om sy plek in 'n nuwe omgewing te vind. Hy bereik dit deur diegene waarvoor hy 'n heldeverering het, na te boots, byvoorbeeld sy ouers, familielede, onderwysers, ensovoorts. Daarom kan hy nie maklik identifiseer met angs, vrees, lyding, ensovoorts nie en moet dit in gedagte gehou word by die beoordeling van godsdienstige kinderverhale;

<u>onberedeneerde aanvaarding deur suggestie</u>: die kind is vatbaar vir suggesties van diegene vir wie hy heldeverering het. Daarom moet die Bybelse inhoud met 'n groot mate van sekerheid aan die kind oorgedra word. Die voorskoolse kind behoort omgang met die Bybel te hê asof dit waarheid is;

<u>kindervrees</u>: kindervrees is 'n natuurlike, aangebore en intuïtiewe ervaring. Prof Lohann het onderskei tussen <u>intuïtiewe vrees</u> (byvoorbeeld vir onbekende dinge soos donkerte) en <u>aangeleerde vrees</u> (byvoorbeeld vir spoke). So word ons aangeleer om bang te wees vir die duiwel, hel, ens. Met ander woorde, ons leer om God se straf, oordeel ens. te vrees. Die voorbeeld van Jona is ter illustrasie gebruik;

<u>vermoë om te fantaseer</u>: die kind beskik oor die vermoë om te identifiseer met diere, voorwerpe en situasies asof dit die werklikheid is. Hierdie vermoë om te fantaseer veroorsaak dat die klein kind kan aanvaar dat God wél bestaan;

<u>gebrek aan gehoorsaamheid</u>: dit is 'n natuurlike verskynsel by alle kinders. Gehoorsaamheid moet aangeleer word. Weer eens dui die voorbeeld van Jona op hierdie menslike swakheid;

<u>drang na vryheid</u>: die kind wil nie aan reëls gebonde wees nie, hy wil vry wees. Vryheid beteken egter nie ongebondenheid nie. Dit moet deur middel van die verhaal by die kind aangeleer en ingeskerp word;

<u>vra</u>: vir die kind is dit 'n prestasie om 'n gebed op te sê. Die kind moet leer om deur gebed spontaan met God te verkeer. Vra kom spontaan by die kind, maar nie dankie sê nie. Die godsdienstige kinderverhaal moet onder andere daarop gerig wees om aan die kind te toon dat God ook om sy goedheid gedank moet word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

neiging tot konkretisering: as 'n idee eenmaal gevestig is, bly dit verewig gevestig byvoorbeeld die voorstelling van engele, Jesus, ensovoorts. Die kind het behoefte aan konkretisering, want hy wil dië inligting vatbaar maak vir sy verstand. Die godsdienstige kinderverhaal moet nietemin waak teen voorstellinge wat God humaniseer.

behoefte aan liefde: hierdie behoefte is baie sterk by die kind. Hy gee en ontvang graag liefde. So moet die godsdienstige kinderverhaal aan die kind versekering gee dat God lief is vir hom.

Prof Lohann het voorts kortliks die aard van die goeie kinderboek aangeraak. Hy het daarop gewys dat 'n goeie kinderboek nie dui op 'n literêre produk nie, aangesien die kind nog nie in staat is om vir literêre bevrediging te lees nie. 'n Ander stel norme sal dus vir die beoordeling van die goeie kinderboek toegepas moet word.

Prof Lohann het die volgende geïdentifiseer:

skrywersbenadering: die skrywer moet die wêreld herskep vir die kind. Daarom moet hy kan dink, word, voel, glo, ensovoorts soos 'n kind. Eerlikheid is 'n essensiële kenmerk. Geloofwaardigheid, intrige, karakterisering, ensovoorts bly nietemin ook belangrik;

tema strekking: die tema en strekking van die verhaal moet binne die kind se ervaringswêreld val. Dit beteken nie noodwendig dat die kind nie aan die vreemde en onbekende blootgestel mag word nie.

taal en stelwyse: die kind moet kan volg wat die skrywer sê. Hy moet bewus gemaak word van die skoonheid van die taal; hy moet geleentheid kry om nuwe uitdrukkings en woorde te leer.

illustrasies: nie alle lektuur moet geïllustreer word nie, veral nie vir die ouer kind nie. Illustrasies en teks behoort mekaar aan te vul.

bevredig stel: die boek moet die kind bevredig stel. Hy moet voel dat die illustrasies, papier, omslag, ensovoorts mooi is. Hy moet voel dat die boek 'n waardevolle besitting is.

Prof Lohann het ten slotte daarop gewys dat die belangrikheid van goeie godsdienstige verhale vir die ontwikkeling van die kind nie genoeg beklemtoon kan word nie.

R E VAN ZYL

## TIKSTERS

Wat 'n bedrywige maand was dit nie vir ons tiksters nie. So tussen die langnaweek en aflosbeurte moes ons hier vat en daar los - behoorlik 'n miernes. Maar nou ja, soos dit flukse miere betaam, is daar skouer aan die wiel gesit, en so is die werk gedoen.

Tussen al die gejaag deur het ons darem nog ons baas wat 'n regte staatmaker is, veral as sy eers die dag reg begin. Sy laat jou soms skater met haar pittige sêgoed en dan voel jy sommer weer lus vir die werk wat voorlê.

Esmé; met haar het ons egter nou 'n probleem - sy sweef in die sewende hemel van geluk (wonder of dit nou die nuwe liefde is!?) en is dit redelik moeilik om tot haar deur te dring. Essie, gelukkig is ons almal jonk (van gees) en is dit heerlik!

Annemarie, jy moet jou week by die see geniet - oppas vir die "sandhaaie" - ek dink jy moet hulle liewers na ons ongetroudes verwys.


Tot ons almal weer voltallig in die afdeling sal wees - VOORSPOED VORENTOE!

TIKSTERS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# N U W E   A A N S T E L L I N G S



M N R   L O U I S   B O T H A



M E J   J E A N E T T E   M A R A I S

## E E R S T E J A A R S O R I E N T E R I N G

Geagte prof Gerryts

ORIËNTERING VAN NUWELING-EERSTEJAARSTUDENTE 1985

1 Hiermee word 'n woord van hoë waardering en dank teenoor u uitgespreek vir die besondere diens wat u aan die Universiteit gelewer het tydens die oriënteringstydperk. Sonder die daadwerklike hulp en ondersteuning van elkeen wat mèt die voorbereiding vir en die aanbieding van oriëntering gemoeid was, sou dit nie moontlik wees om hierdie onderneming te laat slaag nie.

2 Indien u enige voorstelle of wenke ter verbetering van die oriënteringsprogram het, word graag van u verneem.

3 Nogmaals baie dankie vir u hartlike samewerking.

Met vriendelike groete
die uwe

Prof D J Swiegers
STUDENTEDEKAAN

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mei 1985

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE Sê...

In 'n onlangse BIBLIKASIE lees ek onder die opskrif GEDAGTE VAN DIE MAAND die volgende:

'n Towerformule om suksesvol en geesdriftig te lewe is vervat in ses kragtige woorde: vind 'n behoefte en voorsien daarin.

Vir 'n beroepsmens wat meer as die helfte van sy wakker dag met sy werk deurbring, is dit ook 'n positiewe filosofie wat jou beroepslewe van sinneloosheid kan red. Dis onvermydelik dat 'n mens soms die sinvolheid van jou werk bevraagteken: het hierdie werk enige nut? - lees enigiemand ooit hierdie boek/tydskrif? - wie stel belang in 'n katalogus behalwe ons? - moet die geld nie liewer aan die fakulteite uitgedeel word dat hulle hulself kan help aan inligting nie?

Op die spits gedryf kan 'n mens maklik tot die slotsom kom dat jy net vir geld werk en dat dié in elk geval ook te min is om behoorlik van te leef!


### DIE BEHOEFTE

Vir ons is dit nie eens nodig om na 'n behoefte te soek nie. Die vermoë om inligting te kan bekom, is noodsaaklik vir lewenskwalitiet en beheersing van jou omgewing. Meer nog, by 'n universiteitsbiblioteek geld die beginsel dat wetenskappe en tegnologiese vooruitgang steun op die benutting en sinvolle verwerking van alle beskikbare inligting.

Vir 'n groot groep van ons gebruikers kan hul behoeftes nader omskryf word as: alle beskikbare inligting oor 'n sekere onderwerp op 'n bepaalde tyd wat verkieslik nou is.

En dit is hierdie behoefte wat ons beroep al eeue lank probeer bevredig. Hierdie taak word moeiliker na mate die inligtingsomgewing verander en die behoeftes van ons gebruikers meer gespesialiseerd raak.

Eerstens is daar die inligtingsontploffing. Meegaande figuur toon aan met watter toenemende spoed kennis sedert die tyd van Christus vermeerder het. Omstreeks 1750 het daar 'n verdubbeling plaasgevind van die kennis wat bestaan het in die jaar 0. Daarna het dit weer verdubbel in 1900, 1950 en 1960. Die intervalle word dus elke keer korter. Tans is 3-4 jaar waarskynlik genoeg.




Meer konkreet is die feit dat in die jaar 1500 nagenoeg 1000 nuwe boeke in Europa verskyn het. In 1975 is daar in Europa daagliks 1000 nuwe boeke gepubliseer. En dit terwyl boeke se belangrikheid besig is om af te neem!

Dis egter nie net die volume inligting wat vermeerder nie. Die hele aard van inligting is voortdurend besig om te verander. Nuwe vakgebiede ontstaan waaraan niemand tien of twintig jaar gelede gedink het nie. Ander verdeel, smelt saam of verdwyn asof hulle nooit bestaan het nie. Veral opmerklik is die lewensduur van nuwe inligting. Norman Beswick beskrywe dit raak as: "Yesterday's certainties become todays fallacies and tomorrow's irrelevancies; a textbook from the past is frequently not only limited but positively misleading."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Om sulke inligting ten duurste in boeke te stoor, is net nie meer realisties nie. Derhalwe neem die belangrikheid van ander media toe. Tydskrifte in hul huidige vorm het van 'n nederige begin in 1600 aangegroei tot 'n verwagte nagenoeg 1 500 000 titels teen die einde van die eeu. In terme van geld is dit besig om boeke in baie biblioteke te verdryf. En daar is alle aanduidings dat die gewone tydskrif binnekort sal moet plek maak vir die elektroniese tydskrif!

HOE OM DAARIN TE VOORSIEN

Ons kan slegs 'n greep behou op die inligtingsomgewing deur die toenemende gebruik van tegnologiese hulpmiddels soos byvoorbeeld rekenaars. Dis verblydend om te sien hoe dit op progressiewe wyse benut word en opwindend om daaraan deel te hê.

Daar bestaan egter nog baie verstokte idees in die biblioteekwêreld wat ingrypend moet verander. Ons tentatiewe tree op pad na rekenarisering van tydskrifte het duidelik gewys dat nóg die opstellers van AACR2, nóg die ontwikkelaars van DOBIS rekening gehou het met die ware aard van tydskrifte. Derhalwe kry 'n mens ook die gevoel dat die rekenaar se vermoeëns nie maksimaal benut word nie.

Ons houding oor die lewering van inligting sal ook opgeknap moet word. Inligting moet vinnig bekom word en moet te alle tye beskikbaar wees. Tydskrifte wat te laat ontvang word en boeke wat nie vindbaar is, skep frustrasie en het so 'n lae nutwaarde dat dit grens aan geldverkwisting.

Hierdie dinge is egter meestal uit jou en my hande. Die universiteitsraad, topbestuur, ontsluitingskomitees besluit hieroor. 'n Saak waaraan ons egter elkeen iets kan doen, wil ek as 'n vraag laat: IS ONS GELOOFWAARDIGE INGELIGDE INLIGTINGKUNDIGES? Daarby bedoel ek: lees ons boeke, koerante en tydskrifte? Luister ons sinvol radio en kyk TV vir meer as net ontspanning. Weet ons watter soort navorsing hier by ons universiteit gedoen word en kan ons wat ons lees in verband bring daarmee? Meer bepaald: bly ons op hoogte met beroepsontwikkeling selfs al is ons nie besig met verdere studie nie? Weet ons iets van die publikasie en verspreiding van boeke en tydskrifte? Dra ons kennis van ander inligtingsbronne behalwe dié onder ons beheer en weet ons wanneer om ons gebruikers daarheen te verwys?

Ons situasie is enigsins te vergelyk met dié van 'n huisdokter. Daar was 'n tyd toe hy in alle gesondheidsbehoeftes van sy pasiënte kon voorsien. Hy het babas gevang, operasies gedoen, tande getel en masels gedokter. Vandag is hy net 'n klein rat in 'n groot netwerk. Wee die dokter wat nie kennis dra van en kontakte opbou met spesialiste, hospitale en gesondheidsorganisasies nie. Wee die dokter wat nie sy eie beperkings ken en weet wanneer om sy pasiënte te verwys nie. Daar is nog mense wat hou van die outydse plattelandse dokters en daar is mense wie se gesondheidsbehoeftes so min is dat hy daarin kan voldoen, maar hulle is beslis min.

SUKSES EN GEESDRIF

Natuurlik begeer ons almal om suksesvol te wees. Maar selfs al is 'n mens nie suksesvol nie, bly dit 'n nuttige resep as dit geesdrif tot gevolg het. Geesdrif is nie net 'n bruisende lekkerte wat die beste in jou na vore kan bring nie, maar is ook een van die sterkste motiveerders in 'n groepsituasie. 'n Mens moet buitengewoon negatief wees om nie meegesleur te word deur geesdrif nie en as u self nie baie waagmoedig is nie, skep 'n ander se geesdrif dikwels die "slipstream" waarin u vir die eerste keer kan begin vlieg.

Monica Hammes

## MAKRO - ONTSLUITING

Dis nie vakansiemaand nie maar dis pure vakansiegees hier by Makro-Ontsluiting. Die langnaweek het almal in 'n jolige stemming geplaas en verskeie van ons het van die geleentheid gebruik gemaak om weg te breek. Amelia het vroeg al weggespring deur Wildtuin toe te vertrek net na haar verjaardag. Daar bring hulle 'n week deur en dan lê daar nog twee lange weke voor by die see. Lekker, ons hoop jy het dit geniet! Hannie was ook in die Wildtuin en beplan 'n staptoer in Magoebaskloof vir die volgende langnaweek. Karin het weer 'n ver draai in die Kaap gaan maak en kan nie uitgesels raak oor haar besoek aan die familie en vriende in Kaapstad nie. Sy het teruggekom met 'n mooi Kaapse skildery.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Mike het ook 'n rukkie uitgespan in voorbereiding vir sy twee maande verpligte Weermagdiens as weerkundige assistent. Annatjie was in die Bosveld by Thabazimbi se Wildreservaat.

Ons agterstand staan op 1300 en waar ons gedink het dat die fonteintjie vanaf Boekontvangste geleidelik sou opdroog het dit nie gebeur nie. Hulle gooi ons nog toe onder die boeke en een van die dae word daar weer bestellings geplaas! Gepaard daarmee sal ons ook weer vir Jeanie en Rozaan moet afgee waaroor ons baie jammer is. Baie dankie, julle twee, vir die lekker samewerking en die baie boeke wat julle van ons rakke af weggewerk het.

Hannie en Sjeuwke is nou al goed ingeburger by ons en is al heel bedrewe in die kuns van ontsluiting. Ons is bly om julle by ons te hê.

Susan Marsh en Marianne word tans opgelei om in Magda se plek waar te neem terwyl sy gaan oefen hoe om doeke aan te speld en bottels te steriliseer!

Ons het onlangs 'n DOBIS soektog- sowel as katalogiseringdemonstrasie vir Wits biblioteekkundestudente aangebied. Op Vrydag 24 Mei gee ons 'n demonstrasie van die "Public access"-funksie van DOBIS aan 'n groepie Teologiestudente.

Elrien het een oggend, net voordat sy na die WNNR gegaan het vir 'n kursus, vinnig by ons kom inloer. Dit gaan goed met haar in die grote stad Johannesburg en sy geniet haar nuwe werk daar.

Groetnis tot volgende keer.

## IS DIT WERKLIK SO ERG

Skakel 'n radio of 'n televisie aan, maak 'n koerant of 'n tydskrif oop, of luister sommer net na die mense saam met wie jy teedrink, en jou moed sak in jou skoene.

Vrinne, is hierdie ou wêreld darem vir jou 'n verkeerde plek om in te woon. Die Midde-Ooste lyk al soos die maan van al die bomkraters, en nog is dit het einde niet. Die VSA en die USSR sit soos twee verwoede bulle mekaar en aangluur, partykeer blaas hulle ook nog vir mekaar, net om die volgende oomblik ewe rustig die sogenaamde "ontwapenings" samesprekings om 'n glasie vodka (of is dit dalk Coke?), voort te sit. Die Engelse en die IRF sal ook seker nooit einde kry met hulle twis nie.

Kyk nou maar net na ons geliefde Suid-Afrika se eie probleme. Dit is droogtes, oproere, oorstromings, 12% verkoopbelasting, hoë rentekoerse en dan is daar nog die mense in hoë poste wat skielik op 'n goeie dag uitvind hulle moet maar die lessenaars opruim. Hier op die plaaslike front lyk dinge g'n stuk beter nie. Die geld is so skaars ons laat die boeke maar op die tafels lê en gebruik dit dan as verskoning as 'n persoon 'n boek nie op die rak kan kry nie, intussen is die boek nie eers aangekoop nie. Die lugreëling is so besluiteloos soos 'n muis in 'n tandefabriek en die ergste van alles is dat Tuks nie eers vir Danie Gerber en sy manne kan tem nie.

Net soos ek gesê het kollegas, dinge lyk nie goed nie, altans so het ek ook gedink, totdat ek hierdie verkeerdom spul mooi van 'n kant af bekyk het. Die mooi en aangename dinge wat op hierdie wonderskone aardbol van ons gebeur, oorheers alle ander nare gebeurtenisse. Die beperkte ruimte gaan ons egter nie toelaat om hierdie keer daarna te kyk nie, maar tot 'n volgende keer, geniet die lewe, dit is heerlik en 'n gawe van God.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# ERID - NAVORSINGSPROJEK

In die SAIBI-nuusbrief van Mei 1984 is die volgende aankondiging op die voorblad onder die opskrif "Omvattende navorsingsprojek" gemaak:

> "UNIVERSITEIT VAN PRETORIA - Die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde gaan die volgende drie jaar omvattende navorsing doen oor die universiteitsbiblioteek as inligtingsdiens. Vir dié doel is die RGN-toekenning vir groter navorsingsprojekte ten bedrae van R45 000 ontvang. Daarbenewens word die projek ook deur die Universiteit self ondersteun by wyse van die beskikbaarstelling van personeel en fisiese fasiliteite."

Vir die doeltreffende bestuur van die navorsingsprojek is 'n projekspan bestaande uit agt lede onder voorsitterskap van prof W C van Wyk (Dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte) saamgestel en twee projek leiers, naamlik proff J A Boon en E D Gerryts, is aangewys. 'n Interne Projekkomitee in die persone van proff Gerryts, Boon en Van Brakel, mej Pienaar en mev Langkilde hou die subprojekte op koers, en Sonja Potgieter is die belangrike skakel wat koördinerend optree, dokumentasie en reëlings rondom vergaderings hanteer, ensomeer. Mnr Ferreira behartig die finansiële administasie van die projek.

Die navorsingsprojek is verdeel in 'n aantal subprojekte waarvan agt tans aktief is. Die navorsing vir elke subprojek word deur een of meer navorsers behartig wat onder leiding van 'n Subprojekkomitee sy/haar of hulle werk verrig. Die navorsers skryf twee maal per jaar 'n verslag oor hul vordering met die onderskeie projekte. Die verslae word aan die verskillende komitees vir goedkeuring voorgelê alvorens dit in verwerkte vorm na die RGN gestuur word.

Tot sover wat die organisasie en beheer oor die navorsingsprojek betref. Aangesien die gedagte bestaan om aan die navorser(s) van elke subprojek in die komende maande die geleentheid te gee om self sy kollegas oor sy onderwerp en bedrywighede in te lig, word volstaan met 'n lys van die subprojekte en navorsers:

1. Die invloed van ERID op die infrastruktuur van die universiteitsbiblioteek
   Navorser: Mej E Weyers

2. Tegniese apparatuur en programmatuur en skakeling met ERID
   Navorsers: Mnr R Tönsing, prof P A van Brakel, Mev E Kruger

3. BELTEL en die universiteitsbiblioteek
   Navorsers: Mnr J Pienaar, Mev E Kruger.

4. Ontwikkeling van onderrigprogramme vir die voortdurende indiensopleiding van professionele personeel in die gebruik van ERID
   Navorsers: Mev A van der Merwe, Mev E Kruger

5. Inligtingsdienste vanuit die universiteitsbiblioteek aan die gemeenskap
   Navorser: Mnr A J Swanepoel

6. Opleiding van gebruikers in die gebruik van inligting en inligtingsbronne
   Navorsers: Mej T Heckroodt, Mev A van der Merwe, Mej M Brassel, Mev E van der Westhuizen

7. Rekenaarmatige mikro-ontsluitingstelsels
   Navorsers: Mnr R Tönsing, Mnr J C Swart, Mev G Beukes, Mev E Kruger

8. Verbale onderwerpsontsluiting van inligtingsbronne
   Navorser: Mev S Marsh

ERID-SUBPROJEK 1

Dienslewering is die hoeksteen waarop 'n biblioteek rus en die soorte dienste wat 'n biblioteek lewer, spruit voort uit die behoeftes van sy gebruikers. Die groeiende navorsingsprogramme aan universiteite en die behoefte aan doeltreffender beheer oor die massa gepubliseerde inligting van die twintigste eeu, het die benutting van gerekenariseerde inligtingstelsels onontbeerlik gemaak. Die inligtingsdiens wat in antwoord op dié inligtingsbehoeftes ontwikkel het, bestaan uit die herwinning



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

van bibliografiese verwysings en die lewering van die betrokke en vereiste dokumente. Die lewering van so 'n diens word moontlik gemaak deur 'n infrastruktuur bestaande uit personeel, fisiese fasiliteite en finansiering. Daar is 'n wisselwerking tussen die diens wat gelewer word, en die infrastruktuur waardeur die diens moontlik gemaak word, en dit is oor hierdie wisselwerking wat my subprojek handel. ERID-subprojek 1 het dus te make met die bedryf van 'n inligtingsdiens wat op eksterne rekenaarmatige inligtingstelsels soos DIALOG, MEDLARS, SABINET en INEG gebaseer is.


Daar word verwag dat die omvang van die diens in die toekoms sal toeneem en dit laat die vraag ontstaan na die uitwerking wat die groter aanspraak op die bedryf van die inligtingsdiens sal hê. Ten einde hierdie vooruitskatting met die oog op langtermynbeplanning te kan maak, moet die invloed van die gebruik van ERID op die bestaande infrastruktuur eers bepaal word. Deur 'n verkenning van die bestaande situasie, kan die optimale aanwending van personeel en fondse vir die lewering van 'n doeltreffende en doelmatige inligtingsdiens beplan word.

Met hierdie doel voor oë, word die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria as model bestudeer, maar aangesien die toepassingsgebied verder strek as slegs die een universiteit, word die bedryf van 'n inligtingsdiens by ander Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke ook in ag geneem. Om dié rede is 'n vraelys in November 1984 aan alle universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika gestuur om vas te stel wie ERID lewer en wat die omvang van hul dienslewering op daardie stadium was. Op grond van die inligting wat ontvang is, is besluit om in April besoek by vier van die universiteitsbiblioteke af te lê, naamlik by die universiteite van die Witwatersrand, Suid-Afrika, Oranje-Vrystaat en by die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Aan die hand van 'n lys van vrae is by elkeen vasgestel hoeveel personeel by ERID betrokke is, wat die maatstawwe vir die keuring van die personeel was, watter opleiding hulle ontvang het, wat die organisasiestruktuur is waar hulle inpas, hoe die ERID-fasiliteite daaruit sien, wat die finansiële beleid en organisasie vir die diens is, ensomeer. Die voorneme is om hierdie inligting in 'n vorderingsverslag te verwerk wat in November vanjaar voorgelê sal word.

Op die tuisfront is Maart gewy aan 'n ontleding van die plaaslike bedryfsmodel ten opsigte van die tydsbesteding van die vakbibliotekarisse aan ERID-aktiwiteite, en die bronne en tydsduur in die dokumentlewering wat uit die Maart-soektogte voortgespruit het. Die dokumentleweringstudie word eers aan die einde van Mei afgesluit, maar die tydstudie is afgehandel en die inligting daaruit verkry, kan in die volgende diagram opgesom word:

**TYDSBESTEDING :**

**DIALOG / MEDLARS TOTAAL**




Vir die doeleindes van my studie word hierdie diagram betekenisvol wanneer dit met die resultate van die 1983-ondersoek vergelyk word. Eweneens is dit 'n waardevolle oefening om die tydsbestedings van die vier vakgroeperings (Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe, Geneeskunde en Veeartsenykunde) afsonderlik voor te stel en dan met mekaar te vergelyk ten einde verskillende tydsbestedingspatrone te onderskei, en dit met die behoeftes van die gebruikers, en dus die eise wat aan die dienslewering gestel word, in verband te bring.

Groot werk lê nog vir my voor en alle onderskraging (soos byvoorbeeld ekstra snytjies koek op Woensdae) sal sterk waardeer word om die nodige kragte vir die ERID-taak op te bou!

Estrellita Weyers



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## V O O R O N T S L U I T I N G

Noudat daar nie meer bestel word nie, is daar seker baie van ons kollegas wat dink dat daar nie veel te doen is hier in Voorontsluiting nie - maar die feit is dat ons geledere nou so verdeel is dat ons dienste aan dié afdelings wat hulp nodig het beskikbaar gestel is.

Rozaan en Jeanie is aan Ontsluiting afgestaan terwyl Mariana voortaan kragte gaan inspan met Magda en Susan. Saam behartig hulle die vloeiende werking van Dobis.

Rita, Makkie en Joy is besig met Tydskrif ontsluiting. Dit gaan vir eers maar voel-voel omdat daar riglyne gevind moet word oor die regte prosedure wat gevolg moet word. Daar word daagliks geswoeg aan beleidsformulering en soms veroorsaak AACR1 en AACR2 taamlike struikelblokke.

Danksy mev Langkilde en Monica se raad en geduld sal al ons onsekerheid metterheid soos mis voor die son verdwyn en sal ons ons waarlik professioneel van ons taak kan kwyt.

Laura is deesdae in 'n witstofjas te sien, omdat sy druk besig is om saam met Erna en Corrie orde te skep onder die massas geskenke.

## S E S D E V L A K

Ons was eers op Drie
maar nou is dit Ses
die gebruikers was kwaad
en wou ons net Bles

Met Lappies so vrien'lik daar voor by die trap
word elk in die regte rigting gekrap

Na links is dit Rita met Drama en Tale
en reguit aan Andrea wat "Kuns" vir 'n vale

Met take wat strek van kat tot kanarie
red Elsabé skoolkinders uit hul penarie

Amanda leer vinnig van genus en spesie
en hoef nie die vreemde vakke te vrees nie

Tussen die Sos Klub en swot in die aande
bly Hermien glimlag - deur al die maande

Lydia, Max en Johan, is deel van haar span
wie wonder nou nog - wat is haar van?

As die telefoon vroeg-oggend skril
het Diana se wekker toe nooit gejil

Die Weermag is deesdae vir Margie 'n kwessie
en word petrol al duurder so in die resessie

Piet my vrou
waar's jy nou?
Kom tog gou
hier's foon vir jou!

Piet maak ons grys
as hy deur die bib reis
tog wil ons hom prys
vir sy vriendskap bewys

## V O O R K L I N I E S

In die vorige Biblikasie vra Ceu dat ons vroegtydig moet laat weet as iets gaan plaasvind waarvan foto's geneem moet word. Wel Ceu, jy sien die probleem is dat hier in ons kontrei, dié dinge wat vir die nageslag in beeld vasgelê behoort te word, gewoonlik sonder waarskuwing gebeur.

<u>Byvoorbeeld</u>:

<u>Al</u> ons fotokopieërmasjiene breek gelyktydig. Rita handloop soos 'n yo-yo op-en-neer en heen-en-weer tussen die masjiene deur om hulle weer aan die gang te kry. Nou is dit die Groot Masjien se beurt: sy duik kop-eerste binn-in hom. Net haar voete steek uit terwyl sy aan sy binnegoed vroetel. Almal hou asem op ... solank Rita nog skop, weet ons sy het nie aan 'n lewendige draad geraak nie. Sy kan ook, soos ons eie Jane van Tonda, dubbeld vou, en verdwyn dus soms heeltemal die donkerte in. As sy na 'n paar minute in trurat begin terugkruip daglig toe, is almal verheug, want haar tegniese vaardighede word elders benodig. G'n wonder sy dreig om in haar volgende lewe terug te kom aarde toe genaamd <u>Nashua</u> nie!

Dan is daar die kere wat 'n gebruiker wederregtelik uit die biblioteek stap met iets in sy hand wat lyk na 'n biblioteekboek, - tydskrif of nog erger ... dalk 'n metertjie van een van die fotokopieërmasjiene ... Dis die tyd wat Annette ingryp en hom agternasit! Al probeer hy so saggies weghardloop soos 'n muis met "slippers" aan soos die studente sê, kry Annette gou sy spoor en spoed is vir haar



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

geen kwessie nie. Sy is gewoonlik vinnig terug, mét die verlore goedere, en 'n onderlangse brom van: "Zola kry gewoonlik 'n beker vir dié soort van hardloop." Daarby is dié soort wedlope vir Annette gewoonlik op haar hoëhakskoene, want die platskoene word soms tuis vergeet. En sy kan laasgenoemde nie by die werk laat staan nie, want sy is bang haar skoene kry voete!

Moet iets wees om te sien as iemand wat worstel om Medlars onder die knie te kry (en boonop verknog is aan DIALOG-version ONE natuurlik!) voor die terminaal by Medies stelling inneem, daar waar die rokie uitborrel waarvan Clarisse skryf. Op 'n dag besluit ek hierdie gaan 'n perfekte poging wees. Maureen se geduld en "moed-inpraat" gaan beloon word ... Sy lees en spel die moeilikste terme en alles verloop vlot. Totdat ... sy sê "Neuron". Ek skrik my boeglam. Watter is nou weer die fout-knoppies? Kry hulle, vee uit, teleurgesteld ... Eers toe Maureen verstom vra wat ek nóú aanvang, besef ek sy het gesê "Neuron" en nié "You're wrong" nie!

En dan lê die statistiekhouding nog voor. Aangesien geen ander lokaal groot genoeg is om my, die drukstukke en die statistiekboeke te akkomodeer nie, moet dit in die teekamer gedoen word. Dit tref alewig op die tye wanneer dit Magriet en Sophia se etens- of teetyd is. Dan moet ek, vir wie hoofrekene nog altyd hoofbrekene was, my somme maak ten aanhore van genadelose aanmerkings soos: "Haai kyk daar - sy het nou net die segmente <u>getel</u>, nou <u>meet</u> sy dit ook nog. Ha! Ha!" Maureen, het jy geweet dat daardie twee nooit die segmente tel óf meet nie? Hulle korrel blykbaar net so met die een oog, bereken 'n gemiddeld en skryf dít dan in die boek. Ek sê maar net.
Groete,
Candid Camera

## SIMPOSIUM OOR MIDDELVLAKBESTUUR

Vyf referate is deur die loop van die oggend aangebied, almal het 'n heerlike middagete geniet en stimulerende groepbesprekings het daarna plaasgevind.

<u>Die bestuur van biblioteek- en inligtingsdienste as nie-winsgewende diensorganisasies</u> - Dr J H Viljoen (U S)

Middelvlakbestuur is uitgestippel as lynverantwoordelike posisies wat kommunikasie tussen die boonste- en onderste vlakke bewerkstellig.

Die doelwitte van 'n biblioteek moet ooreenstem met die doelwitte van die moederorganisasie. Wetenskaplike bestuur is noodsaaklik en enkele elemente is uitgelig:

- beplanning: dink voor die doen
- organisasie: orden, skep hiërargie
- leiding/bevelvoering: inisieer, selekteer, delegeer, motiveer, lei op, versoen
- beheer: evalueer, reguleer

<u>Middelvlakbestuur se taak in kommunikasie, besluitneming, motivering en toesighouding</u> - Dr L Coetsee (privaat sektor)

Streng <u>en</u> regverdig ("tough and fair") is die belangrikste eienskappe van 'n suksesvolle bestuurder. Ander <u>kenmerke</u> sluit in: gevorderde analitiese vermoë, insig in menslike gedrag, selfinsig, energie, entoesiasme, aksie oriëntasie.

Van die belangrikste <u>bestuursvaardighede</u> is:

Diagnostiese vaardighede (herken 'n probleem), inisieëring en bestuur van verandering, ment van ondergeskiktes, spanleier en spanbouer, vermoë en vaardigheid om potensieël suksesvolle mense aan te stel.

Bestuur is mense besigheid en is 'n wese niks anders as om ander mense suksesvol te maak nie.

'n Paar praktiese wenke:

- Kommunikasie
  - moenie te veel praat en te min luister nie
  - reageer met empatie
- Besluitneming
  - deelname van ondergeskiktes
  - toelaat om foute te maak
  - hou hiërargie so vlak as moontlik
  - hou almal ingelig
- Motivering
  - opreg
  - kritiseer gedrag - nie die persoon
  - moedig gedrag aan deur voorbeeld
  - skep 'n gevoel van



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

dringendheid
- gee sigbare erkenning
- billikheid
- Toesighouding - gesamentlike kontrole
- beweeg rond

Die taak van middelvlakbestuur ten opsigte van indiensopleiding - C M Vink (MEDUNSA)

Indiensopleiding vind in die werksituasie plaas en die doelstelling is die verkryging van huishoudelike kennis, insig, vaardighede en positiewe professionele gesindheid. Verskeie metodes kan gevolg word: man-tot-man, formele indiensopleiding (pligstaat, prosedurehandleiding), lesings, videos, vergaderings, samesprekings ensovoorts.
ŉ Senior persoon moet die indiensopleiding koördineer.

Openbare betrekkinge vir middelvlakbestuur - A K Roodt (privaat sektor)

**Openbare betrekkinge is die doelgerigte, beplande en volgehoue optrede om wedersydse begrip tussen ŉ organisasie en sy publiek te bevorder.**

**Alle handelinge van elke personeellid lewer ŉ bydrae tot die openbare beeld van ŉ organisasie.**

**ŉ Stel kernwaardes wat elke organisasie vir homself toegeëin het is onderliggend aan sy openbare beeld en bepaal die etiek van die personeel.**

Alle organisasies beskik oor ŉ waarneembare positiewe of negatiewe organisasiekultuur. Organisasiekultuur is "the way we do things here" en word gereflekteer in die beeld na buite. ŉ Deelnemende bestuursbenadering vereis ŉ sterk saambindende organisasiekultuur. Almal moet weet tussen watter parameters hulle kan beweeg.

Die biblioteek en elke afdeling moet verbind wees tot ŉ kultuur van voortreflike diens. Duur veldtogte en ŉ spesiale skakelafdeling is nie nodig nie - slegs die bereidwilligheid van elke personeellid om klein dingetjies beter te doen.

P J A Roux het verslag gedoen oor ŉ ondersoek wat onder middelvlakbestuurders in biblioteke gedoen is oor hulle bestuurstaak.

Die groepbesprekings het interessante menings na vore gebring:

Die kernwaarde waardeur openbare betrekkinge van ŉ biblioteek bevorder kan word is so gestel:


"Our goal is to help you reach yours."
"Sonder ons is jy verlore."

Faktore wat aanpasbaarheid in ŉ organisasiekultuur belemmer is:

- te streng reëls
- te veel kommunikasiekanale
- outokratiese topbestuur

Bestuursopleiding vir middelvlakbestuur moet uitgebou word, deur formele opleiding, simposia, werkswinkels ensovoorts. Voorbeelde van negatiewe organisasiekulture: taal, teetye, onvriendelikheid. Voorbeelde van positiewe organisasiekulture: goeie diens word altyd waardeer.

M Kotze




*"Remember when hardware meant a hammer and nails?"*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## L A N D B O U

Goeiemore

Hier by Landbou werk die tweeslag-enjin nou weer goed. Party ratte het 'n bietjie gerus en nou gaan dit voor die wind.

Dit is hier ook eksamentyd en party dae hang daar 'n amper bo-natuurlike stilte in die biblioteek. Die Veekunde-studente wat jou gewoonlik met oorgawe groet sit doodstil een-een by 'n tafeltjie en sien jou skaars raak. Hulle staar in die niet en as jy nie van beter geweet het nie sou jy sê die hele spul is op 'n "trip". In hierdie klein huislike bibliotekie is moeder-instink baie belangrik. Jy leer gou dat daar 'n tyd is om te berispe, te vermaan, te simpatiseer, aan te moedig, te motiveer, en - stil te bly en jou skaars hou.


Ek is nie meer die jongste toevoeging tot die Landbou-biblioteek nie. Ons het intussen 'n bode gekry met die heel gepaste naam van Junior. Nou leer ons tel en pak boeke weg, en ons leer die alfabet en pak tydskrifte weg. En so algaande raak almal meer vaartbelyn. Hou ons net dop!

'n Groot voordeel by Landbou is dat die mans so handig is. Jy moet net onbeholpe genoeg lyk, dan word die skroewe gou vasgedraai en 'n rak wat aanhou uitval word omgedraai en reg ingesit. Maar veral by die fotostaatmasjiene hoor jy gou. "Tannie wag laat ek probeer". En Tannie laat haar ook nie tweekeer nooi nie!

By ons word dit nou winter. Die drama-studente met hulle jurke en haardosse lê in die oggende in 'n kleurvolle luidrugtige kring op die grasperk in die wintersonnetjie en bak. Bly maar 'n interessante lot, veral so vanuit 'n hoge hoek betrag. Die biblioteek self is baie koud maar ons het gelukkig oorgenoeg verwarmers om ons ewe knus en gemaklik te laat voel hier binne.

En op hierdie snoesige noot groet Landbou tot volgende maand.

Anne



*"But Daddy, I am doing my homework!"*

## V Y F D E V L A K

Vanaf 'n bedrywige Germistonstasie wil ek vinnig groet en die groen sinjaal waai! Baie dankie aan elkeen op die vyfde vlak vir die vriendelikheid waarmee ek ontvang is, en die behulpsaamheid wat ek daagliks ervaar. Dit is heerlik om saam met julle te werk. Matilda, veral baie dankie vir jou ondersteuning en oriëntering, wat my gou tuis laat voel het. Ek het vinnig nes geskrop, en geniet elke oomblik hier terdeë.

Die interessante vakgebiede hier op die vyfde vlak dra ook baie daartoe by dat elke minuut stimulerend is. Al wat ontbreek, is 'n paar ekstra leesure elke dag waarin ek die boeke en tydskrifte van al die onderskeie vakke kan takel! Die vier vakke waarmee ek in die besonder gemoeid is, is Argeologie, Geskiedenis, Staatsleer en Volkekunde. Wanneer mens saam met Rentia werk, kan jy ook nie anders as om baie gelukkig te wees en heerlik te werk nie.

Nou moet julle my eers verskoon: hier staan vier vraende gesigte voor my en daar lui die telefoon! Verbeel ek my, of hoor ek iewers 'n trein fluit?

Jeanette Marais



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# K U L T U U R H I S T O R I E S E

# I N S T I T U U T

## Die kind in die Nederlandse volkslewe

Vanjaar is dit jeugjaar en daarom het ek ŉ bietjie gaan snuffel in boeke wat oor die kind handel.

Die geboorte van die kind is met goue sprokiesdrade toegespin.
Die ooievaar word beskou as ŉ heilige voël, wat heil en seën bring.

Waar hy op ŉ huis se dak nes maak, word die huisgenote beny. Hy bring broertjies en sussies mee. Die kinders het graag hierdie liedjie gesing:

"Ooievare klep,
Met je lange bek
Met je lange poot
Ga je over 't huis,
Breng me een broertje of susje thuis."

In dele van Friesland kom die kinders "uit die bos" en daar word aan die kleintjies vertel dat die kraamvrou op die water seil en kindertjies gaan haal met haar skippie met wit seiltjies en ŉ paar wit swaantjies vooraan die skippie.

Die groen plante openbaar jeugdige lewenskrag en daarom kom kinders uit hol bome, kool en ander plante. Veral in Noord-Holland groei kinders aan bome soos appels en die kindertjies aan die bome roep dan:

"Pluk mijn, pluk mijn!
'k Zal alle dagen zoet zijn."

Daar is velerlei volksgebruike wat die kind raak. ŉ Belangrike gebeurtenis is die verskyning van die eerste tandjie. Met die wissel van die melktande, is die tandemuis belangrik. Die volgende versie word vir die tandemuis gesing:

"Muize-muize-manneken,
Geef mij een ander tanneken
Liever 'neen tand van been
Als eenen van steen."

Moederliefde kom veral tot uiting deur die wiegeliedjie waarin die ritmiese wiegbeweging, moederlike besorgdheid en liefde so duidelik sigbaar is:

"Slaap kindje slaap
Daar buiten loopt een schaap
Hij heeft vier witte voetjies
Hij drinkt zijn melk zoo zoetjes
Slaap kindjie slaap."

Kinders is van vroeg af bewus gemaak van goddelike beskerming. Aandgebedjies is aan hulle voorgesê. Die volgende aandgebedjie is een van die heel bekendstes in Nederland:

"'s Avonds als ik slapen ga
Volgen mij veertien engeltjes na:
Twee aan mijn hoofdeind,
Twee aan mijn voeteneind,
Twee aan mijn linkerzij
Twee aan mijn rechterzij
Twee die mij dekken
Twee die mij wekken
Twee die mij wijzen
Naar's hemels paradijzen."

Die moeder en vader het met rympies die kinders leer praat en saam met hulle gespeel. Wanneer daar vrolik op pa of oupa se been perd gery is, is die volgende rympie voorgesê en die kleintjie sê agterna:

"Hup paardje meulen
De koster zit op 't veulen,
Pastoor zit op de bonte koe,
Die rijden naar de meulen toe,
Om een zakje haver,
Wat zal dat paardje draven,
Om een zakje mikken,
Wat zal dat paardje slikken!
Ja, ja, paardje draf,
Morgen is het Zondag."

Vingertjies is ook met rympies getel en die onderskeid tussen elke vingertjie is met die volgende rympies geleer:

"Duimeling heeft een koe gekocht,
Flikflak heeft hem thuisgebracht,
Langeman heeft hem geslacht,
Ringeling heeft de worst gemacht,
En kleine schelmpje heeft alles opgegeten!"

en

"Dumeloot
Kattepoot,
Langerake
Korteknape
Kleine petietje."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Junie 1985

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## DIE EERSTE Sê

In die Biblikasie van Mei 1985 het mej Weyers 'n oorsig gegee oor die Navorsingsprojek waarby die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde betrokke is. Ook het sy meer vertel van die navorsing waarmee sy gemoeid is. Die idee is om u in die komende maande meer in te lig aangaande hierdie navorsingsprojek.

U sal sekerlik begryp dat 'n projek waarby ongeveer 30 mense in een of ander hoedanigheid betrokke is, agt subprojekte het en met R63 000, 'n koördineerder regverdig.

Na aanleiding van talle vrae wat al aan my gerig is, neem ek aan dat min mense weet wat die werk van 'n navorsingskoördineerder behels. Kom ons kyk na 'n paar van die take waarvoor ek as "Navorsingskoördineerder verantwoordelik is:

- Die navorsingskoördineerder is verantwoordelik vir alle voorafreëlings aangaande vergaderings.
- Woon alle vergaderings by met die volgende spesifieke opdragte:
  * hou notule van die vergadering,
  * neem kennis van en voorsien in moontlike inligtingsbehoeftes van die projekspan,
  * versorg agendas, notules en vorderingsverslae vir alle bygewoonde vergaderings.
- Stel betrokkenes van ander subprojekte in kennis indien daar sake bespreek word op ander vergaderings wat vir hulle van belang is.
- Beheer en kontroleer beplande skedules.
- Stel vorderingsverslae vir die RGN saam.
- Stel 'n begrotings/bestedingsprogram op.
- Neem leiding ten opsigte van die daarstelling van 'n liasseerstelsel vir die Projek.
- Inisieer informele bekenstellings en navorsingsverslae/vergaderings binne die Biblioteekdiens en die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, of soos dit nodig geag word.
- Koördineer alle inligting aangaande die Projek wat na buite toe versprei word, met ander woorde 'n skriftelike dokument van alle voordragte of artikels rakende die Projek moet aan die navorsingskoördineerder verskaf word.


Bogenoemde take het almal een gemeenskaplike doel voor oë, naamlik om te verseker dat die navorsing op 'n ordelike (vandaar die benaming navorsingskoördineerder) wyse sal geskied, Dit (gekoördineerde optrede) is 'n belangrike vereiste vir die suksesvolle afhandeling van hierdie navorsingsprojek.

Die navorsingskoördineerder rapporteer direk aan die twee projekleiers, proff J A Boon en E D Gerryts. Vir die eerste ses maande van hierdie jaar het prof Van Brakel as medeprojekleier opgetree, aangesien prof Boon na die Kantoor van die Staatspresident gesekondeer was.

Ek hoop van harte dat u na die lees van hierdie beriggie meer weet oor die rol wat die navorsingskoördineerder in hierdie projek speel.

NS. Vir volledigheidshalwe kan daar bygevoeg word dat hierdie werksaamhede in die oggende afgehandel moet word, aangesien dit 'n halfdagbetrekking is.

SONJA POTGIETER





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

### KINDERVREUGDE OP 'N WINTERSMÔRE

ŉ Saterdagoggend se werk in ŉ universiteitsbiblioteek bevat dikwels daardie een element van biblioteekwerk waarmee ŉ mens normaalweg nie mee te doen kry nie - as die spruite pa of ma biblioteek toe vergesel. Die ouderdomme wissel gewoonlik van die in ŉ drasak voor of agter op ma, tot die wat binnekort moet skool toe gaan en al goed weet van boeke. Die temperamente - wissel ook.

In my Merenskyjare het die kinderboekversameling dikwels handig te pas gekom om ŉ klaende kleuter van sy ma se jaspante af weg te kry, en het ŉ mens die kommer in jou agterkop dat die persoon in beheer dalk sal dink dat jy nie werk as jy plat op die mat vir ŉ tweejarige prentjies wys nie, opsy gestoot. Dis per slot van sake baie harde werk om ŉ peuter op een plek stil te hou.

Een van ons gebruikers wat periodiek op ŉ Saterdag by die mediese biblioteek inwaai, se spruite is gewoonlik gewapen met poppe, tekenkryt en inkleurboeke en ŉ paar storieboeke. Die twee dogtertjies word sitgemaak op die mat, weg van grootmensvoete af. Ma kry ŉ goeie uur se akademie in voordat die giggels beduie dat sy maar liewer fotostate van die artikels moet maak en ŉ slag met hulle op die gras moet gaan speel.

ŉ Minder aangename ervaring is die een wat Sophia gehad het toe ŉ deurmekaar ma haar skreeuende kleintjie voor Sophia neergesit het met die woorde: "Kyk jy na hom, dat ek my werk kan klaar kry!". Sy het net ewe droog die Maandagoggend beduie dat ons "Kinderbediende" by ons Saterdagpligte moet voeg.

Die mannetjie wat die dag saam met sy pa hier aangekom het, het soos die meeste Saterdagspruite gelyk. Amper so hoog soos die toonbank met bruin hare en blink ogies. Nadat Pa sy boeke terugbesorg het, is hy tussen die Tydskrifrakke in, met Kleinboet agterna. Besig met take om die toonbank, het ek skielik besef dat die Bulletjie voor die toonbank staan en iets wou vra.

"Tannie, kan ek die boek koop? Ek het geld" het hy gesê, ŉ 'Journal of Reproduction and Fertility' op die toonbank neergesit en ŉ handvol sente uit sy broeksak gehaal. Die tydskrif is so vakkundig dat ons nie eers die inhoudsopgawe verstaan nie, en die enkele prente daarin is selstudies en ander onverklaarbaarhede.

"Jong, as ek die tydskrif aan jou verkoop, gaan die ander dokters kwaad wees, want hulle gaan hom nodig kry". "Nee Tannie, daar's nog baie wat net soos hy lyk, en ek het nog geld as die te min is" - en nog ŉ handvol sente word versigtig op die toonbank neergesit. Wat nou? "Kan ek nie vir jou ŉ ander boek gee nie?" "Ja-a", kom dit half huiwerig, "maar dit moet soos die een wees".

Met ŉ duplikaatkopie van ŉ ou S A Mediese Tydskrif was hy toe tevrede, maar wou eers weet of sy geld ook genoeg vir die een sou wees. Terwyl ek beduie dat hy hom maar verniet kan kry, en sy geld in sy spaarvarkie vir ŉ prenteboek moet bêre, storm ŉ baie verleë pa tussen die rakke uit. "Wat mââk jy", wou hy by die Kleinman weet, en met my verduideliking dat hy besig is om ons tydskrifte te koop, het hy nie ŉ antwoord gehad nie.

My woorde: "Onthou nou om jou geld in jou spaarvark te bêre, sodat Pappa vir jou ŉ mooi boek kan koop", het Pa in sy spore laat omdraai terwyl hy reeds op pad uit was. "Ek het ŉ sterk suspisie dat daardie handvol geld uit sy spaarvark kom", was sy verklaring.

Ek wonder of daardie blinkoogbulletjie ooit sou weet hoeveel son hy op daardie wintersoggend die biblioteek ingedra het.

MAGRIET

## IN EN OM MERENSKY

### Wat's aan dié maand in Merensky?

Op Dinsdag 30 Julie 1985 om 14h00 - 16h00: Biblioteekkunde laboratorium. Voortgesette opleiding aangebied deur die Vakbibliotekarisstelsel (Geesteswetenskappe). Die onderwerp is "Swart Bewussyn".



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## M A K R O - O N T S L U I T I N G

Na die vakansiegees volg toe die eksamenspook. Susan Scholtz en Mike is albei deur hierdie spook beetgepak en ons wens hulle alle sterkte en voorspoed toe met die uitslae.

Mike sal egter skaars twee weke weer met ons wees voordat die Weermag sy bystand benodig. Geniet dit Mike!

Ons agterstand daal nog steeds. Teen einde Mei het die agterstand op 1042 bande gestaan. Daar is selfs sommige ontsluiters wat teen middel Junie reeds geen agterstand meer gehad het nie, en as gevolg daarvan met die deurstuur van die Maberley-skenking begin het.

Die Maberley-skenking bevat baie interessante literatuur, veral boeke oor wilde diere, Afrika-ekspedisies, Bantoestamme, ensovoorts.
Die ontsluiters hoef in elk geval nie te dink dat hulle kort voor lank sonder nuwe boeke sal sit nie, want Voorontsluiting het vanaf begin Junie weer volstoom begin bestel.

Maar helaas, hetsy 'n groot Maberley-skenking of hope nuwe boeke, laat DOBIS jou in die steek, sit jou turf in elk geval. Miskien het die COLD START iets met vanjaar se koue winter te doen ... sterkte DOBIS, die winter duur nie vir ewig nie.

Aan ons kollegas wat ook deur die koue platgeslaan is, wens ons beterskap toe en vir al die ander 'n goeie gesondheid vorentoe.

PROGRAMME VAN UNIVERSITEIT VAN PRETORIA SE PROMOSIEPLEGTIGHEDE

Vanaf Julie 1985 sal alle bogenoemde programme in Africana geberg word.

JULIE RECHAV
Makro-Ontsluiting

## V O O R K L I N I E S

VRA(E) VIR VOORKLINIES

Partykeer is ons 'n hele ruk stom,
Voordat 'n antwoord kom ...
(En soms is daar eers 'n navraagonderhoud - ons is ook só dom!)

1. Waar's daai pers boek? Hy't vir jârrrrre op die eerste rak gestaan. Nou't julle die rak afgebreek. Is die boek dalk op die vloer?? Maar ek hét al gekyk en sien net mooi niks!

2. Hallo Dame, waar hou julle daardie kaste met die laaie waarin 'n mens kyk vir 'n boek?
(Soek hy die katalogus?)

3. Haai jy, kan julle reduce of condense? (Bedoel hy of die fotokopiëermasjiene dit kan doen?)

4. Ek is op soek na die boek met die lyste.

5. Môre Mevrou. Waar kan ek my liggaam skenk, asseblief?

6. Hallo Kraaibek.
(Vra hy dalk die instrumentjie waarmee krammetjies uitgetrek word??)

7. Marrag Juffrou. Het u 'n muis vir my? (Dit is óf dieselfde as wat die vorige een benodig het, óf hy soek die Anatomie-departement)

8. Waar's die Kafee hier oorkant?
(Antw.: Hier oorkant)

9. Goeiemôre Dame. Is jy Tannemond?
(Soek hy dalk die Tand-en-Mondhospitaal, die Departement, die Vakbibliotekaresse vir Tandheelkunde, OF verwys hy bloot na my breë glimlag?)

10. Kan julle vir my nuwe voortande maak, asseblief?

11. Hallo jong! Kan julle vir my 'n gumguard maak terwyl ek wag?

12. Waar kan ek my skoonma se mond laat meet? (!!)

GROETE VAN ALMAL BY VOORKLINIES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOONBANK

Nou besef 'n mens weer opnuut hoe afhanklik die Toonbank van die rekenaar is. Dit is nou maar so dat ons werk uitsluitlik om die rekenaar sentreer. Wanneer 'n ramp soos dié van 11 - 13 Junie (die gróót aftyd) ons tref word werksaamhede by die Toonbank totaal lamgelê. Die gebruikerskorps ly ook daaronder daar ons nie juiste inligting aangaande 'n bepaalde kopie aan hulle kan verskaf nie. Gelukkig moet die rekenaar om sy "staan" te gaan "staan" wanneer die besoek by Toonbank aan die minnerige kant is. Dan moet ek darem noem dat alhoewel dit 'n stillerige tyd is het ons in totaal ± 500 aftydvorms gehad en bâie boeke. Danksy 'n flukse span by Toonbank was al die werk binne 'n halwe dag afgehandel. Baie dankie!

Ons is darem ook nou voltallig hier by die Toonbank. Mnr Lyon Pretorius het herstel van sy longontsteking. Hier is egter 'n paar van ons wat die tipiese "wintersimptome" openbaar: loop neus, 'n gehoes en 'n genies!

Ons simpatie aan mev Marié Bredell en mev Ivy Kotzé met die afsterwe van hulle vader en skoonvader.

Aan ons "semestermense" geniet julle vakansie! Ons "naguiltjies" kry darem ook hierdie vakansie geleentheid om die 20h00 nuus op TV te sien! Aan almal wat met vakansie gaan - geniet julle vakansie en kom veilig terug.

TOONBANK

Ria Viviers 25 jaar.

Toe ek op bladsy 16 van Meimaand se Biblikasie die feitelike gegewens rondom Ria se 25 jaar sien kon ek nie help om terug te dink aan die 20 jaar wat ek Ria al ken nie. Toe ek by die Merensky begin het was Ria met vakansie in die buiteland maar ek onthou dit soos gister toe sy vir die eerste maal in my lewe ingewaai het, met 'n "Hoop jy werk lekker in Merensky!" en toe verder vrolik uitgebrei het op haar en Boet se eskapades - "handsjoesies" en al.

Later het ek nou saam met Ria gewerk en baie van haar geleer. Haar werkswyses het bevestig wat ek in my ouerhuis geleer het - 'n ding is óf reg òf verkeerd en as 'n kataloguskaartjie verkeerd is, dan maak jy dit reg - dit was so eenvoudig soos dit.

Onwillekeurig het ek teruggedink aan alles wat ons saam beleef het - Anita se kombuistee waar ons die klavierduet moes lewer waaraan ons weke lank geoefen het; aande wat ons klompie saamgesing het; die slag wat ons na Namakwalandse blomme gaan kyk het en een hele nag omgelag het, vakasiereise oorsee wat Australiese kuiergaste tot gevolg had; vakansies in die Wildtuin, en sommer net lekker kuiertjies by no 14 Witstinkhoutstraat.

Net dié van julle wat ook so 'n vriendin het weet hoe lekker is dit om sommer op 'n middag die stad in te vaar en te kyk wat nuut is of om materiale te "toets" of om sommer net 'n wafel te eet. Of om met sakke vol geld met die trein vir die dag Johannesburg toe te gaan en die aand terug te kom sonder dat enige van julle iets gekoop het en dan boonop nog daaroor kan lag.

Dit was egter nie net vakansies nie want Ria het besluit om vir die B Bibl by UNISA in te skryf en net diegene wat naby haar was weet met hoeveel opoffering en toewyding dit gepaard gegaan het. Haar werk as vakbibliotekaresse doen sy met dieselfde toewyding en dis vir my persoonlik 'n groot gerustelling om te weet Ria is op dié regsvloer waar sy alles op die punte van haar vingers het.

Oor 'n tydperk van 25 jaar het baie gebeur, party dinge lekker, party dinge minder lekker maar met vriende soos Boet en Ria was die minder lekkeres makliker om te dra. As ek dink aan die toekoms Ria, dan dink ek aan Robert Browning se woorde:-

> Grow old along with me!
> The best is yet to be,
> The last of life, for which the first
> was made;
> Our times are in His hand who saith,
> "A whole I planned,
> Youth shows but half; trust God:
> See all, nor be afraid."

ANNIE (GOGGEMS)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BEGAAFDE SKOLIERE BRING BESOEK AAN DIE MERENSKY-BIBLIOTEEK

Op Woensdag 12 Junie 1985 het 'n aantal begaafde Std 9 en 10 skoliere die Departement Chemie besoek. Op aanbeveling van die Departement is die leerlinge gedurende die middag op 'n rondleiding, behartig deur mnr Piet de Kock en mev Annatjie Botes, deur die biblioteek geneem met die klem op die Chemiese Wetenskappe. Nieteenstaande die feit dat DOBIS en DIALOG beide nie beskikbaar was vir demonstrasie en dat die leerlinge besig was met eksamens, was die besoek nogtans vrugbaar en het die leerlinge goeie belangstelling getoon.



## BEDANKINGS

Ongelukkig moet ons ook weer afskeid neem van enkele kollegas. Dankie vir u dienstydperk aan Merensky.

Mev Lizette du Plessis het ons verlaat omdat hulle na Phalaborwa verhuis. Lizette, mag julle daar baie gelukkig wees

Mev Linda de Villiers het besluit dat haar spruite meer aandag van haar vereis en word sy dus nou huisvrou.

Mnr Hennie van Rooyen het ons ook verlaat en gaan hom aansluit by die FAK in die Kaap. Sterkte Hennie!

Mev Jakkie Beukes verlaat ons ook om huisvrou en (ma?!) te speel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TENNIS

(As explained to the uninitiated)

Tennis is a game played by 2 or 4 players.

2 players are called singles, 4 players are called dubbles.

The umpire can "let" your second service be your first.
Love 15 does not mean you are a friendly person.
Love 30 certainly does not mean an orgy.

If you win one point, you get 15 points;
win another, you get 30;
win another, you get 40;
but if you don't win any

ALL YOU WON IS LOVE

If you win a game it does not mean you have won the set.

If you win the set it does not mean you have won the match.

BUT

If you won the match, you have won

THE GAME SET AND MATCH

WHAT A RACQUET!

## SEKSIE: GESKENKE

Dagsê van hier uit die stofwolke.

Gewonder wat van ons geword het, wel ons het nie saam met die stof in die stofsuiersakke verdwyn nie, altans so het die bure gewens, né Joggie, maar tot julle ontsteltenis is ons nog steeds hier langs julle. Soos almal seker weet is die boekverkoping iets van die verlede en kan ons na baie harde werk sê dit was ŉ groot sukses.

Nouja, die stofwolke sal seker weer een van die dae staan met die stofsuiers wat weer gaan gons tot groo-oo-oo-t ontsteltenis van ons bure wat al kermende sal vra wanneer dit gaan ophou, dit maak hulle MAL!

Ten spyte van die bure se geneul sal ons weer eens ŉ klomp skenkings kaf draf wat reeds op ons lê en wag. So DAMES en HERE as julle stormende trollies teë kom; moenie skrik en dink die biblioteek word ontruim nie, dit is slegs drie haastige mense wat weer besig is om ŉ groot skenking af te handel.

Joriet, jy kan maar weer eens die afdraende begin dophou, jy kan maar sê ek is reeds oppad met trollies vol boeke vir jou, maak maar byvoorbaat al baaaaie plek op jou rakke, want ek gaan jou weer terroriseer met trollies vol boeke.

Groete van hier uit ons eie afdeling met al sy stofwolke waarmee geen ander afdeling kan spog nie.

Van drie stofbesmeerde gesiggies.

CORRIE

## AFRICANA

Joriet is ŉ slim vroutjie,
sy wil haar gebruikers help.
Maar ai, die alledaagse is tog só vervelig!
Toe besluit sy ...............
ŉ Bietjie van hierdie, ŉ bietjie van daardie;
En siedaar! ŉ Heerlike potpourri!

Olivia sien mens maar min. Sy is altyd êrens tussen die rakke besig met ŉ kartondosie en jare se stof. Tog kom sy soms snuiwend te voorskyn, in ŉ hewig geveg gewikkel met die lastige sinusitis. Dan weer, is sy ewe professioneel met haar notaboekie op pad om êrens ŉ stukkie verlore Tukkiana-materiaal te gaan opspoor. En kry, kry sy dit! Quincy en Magnum sou maar lelik op hulle neuse moes kyk as sy in hul omgewing sou wees ......

Dan is daar nog die F Z van der Musiekversameling. Skielik wil almal leë kabinette hê en ek moet skryf vir ŉ vale. Dis net "Buffalo Waltz"; Moonbeams; Daar kom die wa", en ŉ roesemoes van ander titels.

Voorwaar ŉ interessante klomp, die musici ... Maar nou ja, tyd om daaroor uit te wy, is daar nie. Die kabinette moet leeg en dis maar weer skryf, skryf, skryf!!

Groete uit Africana.

DALÉNE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## Anekdotes oor die bed

U en ek gebruik gewoonlik 'n bed om op te slaap, óf om 'n boek, knus onder die warm komberse op 'n koue wintersaand, te lees, óf om te herstel na 'n siekbed. Ander mense dink anders daaroor.

Daar word beweer dat die bed, in tye van krisis, 'n ideale plek is om probleme te ontvlug. In die Spaanse Carlisteoorlog het generaal Baldemero Esparto direk in sy bed gaan kruip wanneer daar iets met sy leër verkeerd gegaan het. In Columbia was daar 'n wet, waardeur dit verbode was om 'n staatsburger te arresteer wanneer hy in sy bed was. In 1947 het 'n Columbiaan die woord by die daad gevoeg, toe hy die polisie wou ontvlug. Hy het dag en nag in sy pajamas rondgeloop, of hy later sy rieme styfgeloop het, meld die berig nie.

Samuel Pepys 'n beroemde Engelse dagboekskrywer (1633 - 1703), was 'n groot bedliefhebber. Hy het sy skryfwerk in die bed gedoen, sy geldsake beredder of sommer net musiek gemaak terwyl die kamermeisie sy hare versorg het. Rossini en Donizetti was komponiste wat gereeld in die bed gekomponeer het. 'n Storie wat oor Donizetti die rondte gedoen het, was dat hy sommer die lakens gebruik het om sy musiek op neer te skryf. Die Franse skilder Henry Fatin-Latour (1855-1904) het in sy bed gesit en werk, ten volle geklee met jas, hoed en handskoene.

Om diere in die bed aan te hou was heel algemeen. Edith Sitwell vertel in haar boek "The English Eccentrics" hoedat 'n sekere agtiende-eeuse kluisenares, mev Celestina Collins, in haar bed gevind is met dertig uile, 'n haan, 'n rot en 'n nes jong muise. Voorwaar eienaardige bedgenote.

Die bed is deur hooggeplaastes ook as staatsiebed gebruik. In die 14de eeu het die Franse konings die bed vir plegtige regsittings gebruik waarby die ministers en ander regeringsbeamptes ewe plegtig in al hulle waardigheid bo-op die bed sit-lê. Die bed is gewoonlik op 'n podium geplaas. Die lede van die koninklike familie kon sit, die hoë adel het gestaan en die lae adel moes kniel. Die filosoof Le Bouvier de Fontanelle (1657 - 1717) het op hierdie sogenaamde "bed van regspraak" 'n ironiese woordspeling geuiter. Hy het dit genoem: "Die bed waarop die reg slaap!"

Elke mens het sy eie slaapritueel. Hiermee word bedoel bepaalde gewoontes en handelinge wat 'n individu uitvoer voor hy gaan slaap. Party mense moet eers lees voordat hy gaan slaap, 'n ander persoon luister na musiek of moet 'n glasie warm melk drink. Freud het hierdie rituele beskou as onbewuste angs om weg te sink in bewusteloosheid.

Vir slaaploosheid was en is daar talle hulpmiddels aan te beveel. Robert Burton bied die volgende advies aan. Persone wat aan slaaploosheid lei moet na musiek luister, lees of bier met neutmuskaat drink. 'n Ander minder eenvoudige raad was, dat 'n mens naby watervalle, 'n rivier of by die "London Bridge" moes slaap, omdat die gesuis van water 'n mens aan die slaap sou sus.

Vir snorkers wat hul armsalige bedgenote uit die slaap hou was daar ook baie raad. Daar word gesê dat 'n harde voorwerp, aan die rug van die slaapklere gewerk, die snorkers sal forseer om op sy sy, en nie op sy rug te slaap nie, dit sal die gesnork laat ophou. 'n Engelse predikant het volgehou dat balletjies seep in die oop mond van die snorker gesit moet word. Iemand anders het beweer, as die voete van die snorker met ys bestryk word, die gesnork sal ophou.

Hoe u u ter ruste begewe sal u slaap beïnvloed is 'n mening wat dikwels gehoor word. Daar moet rustigheid en kalmte wees vir 'n soete slaap. Dr Andrew Boorde het in 1542 'n mediese handleiding opgestel waarin hy die volgende woorde besig: "To Bedward you be merry". Ons eie voorouers het vas daaraan geglo dat rusies voor slapenstyd uit die weggeruim moes word. Adama van Scheltema beklemtoon hierdie feite in die volgende woorde:

> "O goede slaap kom aan mijn oogen
> wieg mijn bewogen hart ter rust
> spoel me in uw schaduw
> blaast mij aan uw
> blinde kust"

Bron: Catalani, Carla *Het Bed*; Bussum 1968

JO BREED



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TIKSTERS

Vir die eerste keer in 5 maande is ons weer voltallig. Welkom terug aan Alida wat in Marie de Wet se plek afgelos het, Esmé wat verlof gehad het, en welkom ook aan Annemarie en Maretha wat weer om die beurt by Marie Fourie afgelos het. Ons is verheug alles verloop nou weer normaal.

Hoë normaal sal ek nou nie kan sê nie, want Maretha het mos 'n noodblindedermoperasie ondergaan en kom toe terug met 'n yslike klip aan haar vinger. Wens ek het geweet waar ruil mens dié ou dermpie in op so 'n skitterklip. Baie geluk aan haar en Rian, mag die toekoms net so blink wees soos haar oë op die oomblik.

Die lekkerste is dat die rakke nou baie vinniger leeg kom, die boeke gouer by die vakbibliotekarisse uitkom en dat dit baie voorspoedig gaan met die vervanging van die rooi/wit rugetikette met die nuwe swart/geel etikette. Vir die mense wat nog nie weet nie, daar is omtrent 50 000 boeke wat oorgedoen moet word en volgens mev Langkilde se berekenings sal die projek ons ongeveer 'n jaar neem om te voltooi, MITS ons byhou met ons skedule. Hieruit sal almal kan aflei dat ons staat maak op samewerking - en moenie skeef opkyk as die trollies soos koekepanne in Merensky rondbeweeg nie - daar word GEWERK!

Maretha sê ons is die A-TEAM, want 2 tik, 2 haal die ou rugbeskrywings af, 2 plak weer nuwes op en dan word dit finaal gestryk. Op hierdie roete word die woordverwerker nog oorwerk, spoedboeke gedoen, nuwe boeke rugbeskryf, al die korrespondensie geliasseer, nuwe lêers geopen die Sirkulasielêer hanteer en die telefoon beantwoord.

WHAT A TEAM !!!

Aan hierdie TEAM van my, baie dankie vir julle lojale ondersteuning en wonderlike samewerking.
JOGGIE

## VEEARTSENYKUNDE

Meimaand soos almal weet, is COMRADES-maand en veral die Biblioteek hier op Onderstepoort het 'n heel aktiewe rol daarin gespeel. Ons bode, Johannes Moraputli is hier bekend as een van OP se beste hardlopers en saam met die ander "Onderstepoort Striders" is hy Durban toe. In 'n tyd van 7:59:53 het hy Pietermaritzburg en 'n brons medalje gehaal en sê dat hy volgende jaar na 'n silwer mik. Solomon Lamola (7:23:00) het die beste tyd van die OP-deelnemers gehad en 'n silwer verower. Solomon is al goed bekend by Merensky en Landbou, want dis hy wat VET se pos daar drie keer per week afhaal.


Prof van Amstel, die enigste dosent van OP wat deelgeneem het, het ook goed gevaar asook die enigste OP damestudent-deelneemster, mej Linda Jacobson.

Ons wens hulle almal hartlik geluk!

(Terloops, ek het ook deelgeneem - voor die TV!)

ERICA VAN DER WESTHUIZEN

v l n r SOLOMON en JOHANNES





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TYDSKRIFTE

Als Belgische emigrante wil ik graag enkele woordjes tot jullie, personeel van de Merensky Biblioteek, richten.

Alhoewel ik voor jullie "die Belgische" ben, voel ik me toch meer en meer een landgenoot.

Maar ik geef toe dat ik nooit voor 100 % Zuidafrikaans zal zijn, voelen en denken. Immers, men kan niet zomaar de spons vegen over 23 jaar verblijf in West- Europa. Maar na 8 maanden verblijf in Zuid-Afrika kan ik vermoedelijk al een dikker boek schrijven over dit land dan over België, vooral omdat ik nu vergelijkingen kan maken op gebied van levenswijze, mentaliteit, zeden en gewoonten, politieke situatie en vooral economie.

Tal van redenen hebben mij aangezet tot het besluit te emigreren, maar de slechte economische situatie in West-Europa, meer specifiek in België, was voor mijn verloofde en mij de hoofdreden om naar betere oorden uit te kijken.

Het behoort zeker niet tot mijn taak en ik heb niet de bevoegdheid om moraliserende woorden uit te spreken, maar één en ander wil ik toch aan jullie kwijt. Het is opvallend hoe veel er onder de bevolking geklaagd wordt over "de slechte tijden" waarin wij nu verkeren, misschien met reden als men terugkijkt naar de gouden jaren die achter liggen, maar toch wel een beetje onterecht als ik de vergelijking maak met de toestand in West-Europa.

15 % van de aktiewe bevolking in België is werkloos waarvan de meerderheid jonge, pas afgestudeerde mensen zijn, en dit percentage stijgt nog steeds.

Uit mijn persoonlijke omgeving kan ik enkele voorbeelden geven van jongeren die na verscheidene jaren universitaire studies een job in een supermarket aanvaarden om toch maar te ontsnappen aan dat gevoel geen werk te vinden en dus onbelangrijk te zijn.

Ikzelf het 2 periodes van totale werkloosheid gekend. Maandenlang liep ik elke dag opnieuw de firma's plat, honderden brieven heb ik geschreven waarop meestal niet eens een antwoord kwam, op zoek naar een job. Als je jezelf in dergelijke situaties niet deftig in de hand houdt, dan geraak je meedogenloos in een diepe put. Op de lange duur wordt je zó moedeloos dat het je na enige tijd aan lust ontbreekt om nog verder te zoeken.

De staat geeft immers een financiële steun aan de werklozen. Elke dag sta je in lange rijen te wachten op je dagelijkse stempel. Iedereen wordt nauwkeurig bekeken en bekeurd en zo weet men in ieder dorp heel precies wie tot de werklozen behoort, of beter gezegd: tot de profiteurs. Want hoe erg het ook aanvoelt om op die manier jouw maandelijks salaris te moeten verdienen, er zijn toch altijd van die mensen die jaloers zijn omdat jij geld krijgt met niksdoen, zonder te beseffen hoet vreselijk ontmoedigend dit alles eigenlijk is.

Naast de persoonlijke spanningen en problemen die aldus veroorzaakt worden, is de werkloosheid ook een gevaar voor de maatschappij zelf. Het is een ongezonde situatie dat de jongeren, in wiens handen de toekomst van een land ligt, die verantwoordelijkheden zullen moeten dragen, die aktief en dynamisch behoren te zijn, lui en moedeloos worden. Hier moet de oorzaak van alcoholisme, vandalisme, e.d.m. worden gezocht, een groot probleem dat zich nog steeds uitbreidt (bv. recente bomaanslagen in Brussel, gevechten bij de voetbalwedstrijd te Brussel ...) en moeilijk de kop zal worden ingedrukt zolang de werkloosheid blijft stijgen.

Zodus, ik hoef jullie niet te vertellen hoe dankbaar ik ben voor deze heerlijke job in deze biblioteek. Werken is voor mij niet een dagelijkse ondankbare plicht, maar een luxe die ik met mijn ganse hart waardeer. Zuid-Afrika is, niettegenstaande de problemen die het heeft, een fantastisch land om in te leven en te werken.

Ik hoop dat jullie nu niet denken dat ik hoogmoedig ben omdat ik deze paar zinnen hier neergeschreven heb, maar ik wou enkel verduidelijken dat werken met een positief gemoed en optimisme de juiste houding is om het werk aangenamer te maken en de problemen van de tijd draaglijk te maken.

Het laatste wat ik jullie moet zeggen is een woord van dank voor de manier waarop jullie mij aanvaard hebben.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Want al heb ik me vrij vlug aangepast aan mijn nieuwe omgeving, ik ben en blijf nog steeds emigrante en heb het niet elke dag even gemakkelijk om een nieuwe levenswijze en mentaliteit te aanvaarden. Jullie hebben er echter voor gezorgd dat ik me al vanaf die eerste dag thuis gevoeld heb en daarvoor ben ik jullie erg dankbaar.

KATRIEN BLOMME

## SEKSIE: INTERBIBLIOTEEKLENINGS

Om te weet wat die Seksie: Interbiblioteeklenings doen, hoef ŉ mens net na die naam: Interbiblioteeklenings te kyk. Ons reël lenings tussen biblioteke. So noem sommige biblioteke dan ook hierdie seksie: Tussen biblioteeklenings. Hierdie verkeer vind plaas in twee rigtings. Die biblioteke vra dokumente by ons aan en ons probeer dit so vinnig as moontlik lewer en op ons beurt vra ons weer dokumente vir die gebruik van ons gebruikers by hulle aan.

Behalwe dat ons interbiblioteeklenings doen, doen ons ook die interne lenings tussen Merensky- en die takbiblioteke (die berugte bloukaarte). Dan word die teleks ook by hierdie seksie gehuisves en word 80% van ons aanvrae dan ook per teleks versend.

Die teleksdame hanteer ook alle telekse deur UP-personeel afgestuur of wat aan hulle gerig is. Die grootste aantal is telekse van oorsee. Die personeel bestaan uit sewe persone: vyf voldag en twee deeltyds. Die werk is onder die lede verdeel sodat elkeen verantwoordelik is vir ŉ sekere aspek van die werk, byvoorbeeld een personeellid doen alle tydskrifaanvrae van ons gebruikers, een doen die boekaanvrae, ensovoorts. Dit neem ongeveer drie maande om ŉ personeellid op te lei in haar take, na ŉ jaar is sy ŉ spesialis! Die personeel moet egter ook die basiese beginsels van die ander take onder die knie kry. Wanneer iemand afwesig is, moet die ander personeellede met die werk kan voortgaan. Die werk durf nie oorstaan nie want dan begin die gebruikers en die ander biblioteke navraag doen. Wanneer die personeel voltallig is, word daar van hulle verwag om alle werk daagliks af te handel. Een keer ŉ maand moet hulle ook deur hul lêers werk om moontlike probleme op te vang. Dus wanneer jy ŉ IBL-personeellid teekom met ŉ gejaagde en desperate uitdrukking op die gesig, moet jy weet dis die werk wat so druk.

In 1984 het ons 16 068 aanvrae ontvang vanaf ander biblioteke en self 9 420 aanvrae gerig. By interbiblioteeklenings moet jy oor ŉ sterk senuweestelsel, rug, voete en glimlag (dis vir die gebruiker wat vandag die boek kom afhaal waarvoor hy gister by die vakbibliotekaresse ŉ vorm voltooi het) besit. Ander eienskappe is dat jy van klerklike werk moet hou maar dan ook om met mense te werk. Dit is nie altyd maklik om hierdie twee karaktertrekke in een persoon te vind nie. Dit word soms egter doodgedwonge aangeleer!

Op papier lyk dit asof ŉ mens nie lekker hier kan werk nie, maar die teendeel is egter waar. Die meeste personeellede is baie gelukkig hier en kan daagliks met ŉ gevoel van tevredenheid huis toe gaan met die wete dat sy haar goed van taak gekwyt het.

## E E R S T E   V L A K

### NOODROEP UIT DIE KELDER

BESPAAR ... BESPAAR ... BESPAAR ...

ŉ Vriendelike versoek word gerig aan personeel om nie nuwe koeverte vir interne korrespondensie te gebruik nie. Gebruik asseblief ou koeverte of interdepartementele koeverte. Moet dit ook asseblief NIE gebruik vir notas en boodskappies nie!!

Baie mense vra vir lyntjiespapier en gebruik dit dan vir "rofwerk". By Algemene Administrasie is baie afvalpapier van die masjiene wat daarvoor gebruik kan word, selfs die bindery het kleiner stukke afvalpapier. By die tiksters is spesiale papier waarop briewe en verslae geskryf moet word beskikbaar. Skakel my by uitbreiding 2804 en die tiksters by 2807.

Baie dankie by voorbaat vir die vriendelike samewerking.

ANNATJIE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

JEUGJAAR 1985

Ek en Erna het nooit kon droom dat die uitstalling oor die Jeugjaar soveel interessanthede sou oplewer nie. Ons het soveel vriendelikheid en hulp teë gekom in ons pogings om uitstalmateriaal te verkry. Ons moes net keer of die weermag het vir ons die uitstalling kom opsit!


Wat die embleme van die Jeugjaar betref was ons net so verras. Ons het begin met een embleem (die een van UNESCO in die middel van die uitstalling) en geëindig met soveel goed dat ons byna die helfte nie kon gebruik nie.

Waarom dan al die embleme? Die embleem van UNESCO het probleme opgelewer as gevolg van die politieke probleme in Suid-afrika. Lees gerus die koerant berig oor "Jeugopstokers" en van die ander berigte wat in die uitstalling opgesit is. Die gevolg hiervan was dat elke groep sy eie embleem ontwerp het om die maksimum deelname aan die Jeugjaar te verseker.

Ek dink die Jeugjaar was ŉ puik idee! Dis net jammer ons is altyd so onbetrokke by sulke veldtogte. Het jy al deel gehad aan die Jeugjaar?

Almal kan deel hê! Al is dit net om meer begrip te hê vir die Jeug van vandag en hulle te probeer verstaan!

BELLA VAN NIEKERK




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

DR MAGRIET EN HAAR TEATERSPAN

Waar stilte moet heers, is daar geen oomblik van stilte nie. Die sagte gedreun van teatertoerusting - die gekreun van kennis in ontsluiting - skep nie alleen 'n voortdurende bedrywigheid nie, maar ook 'n gees van afwagting op die volgende kennis-suigeling. 'n Suigeling wat peuter (taak!) of kleuter (referaat!) moet word.

Dag na dag word met behendigheid en vaardigheid die "drip" (Index Medicus) van mediese kennis aan verswakte pasiënt-in-behoefte-van-kennis gekoppel om met binne-aarse voeding versterk; die kennis-ontploffing die hoof (somtyds net die skedel!) te bied.

Vir hierdie kennis-in-kraam dra die teaterspan sy verantwoordelikheid met onderskeiding (en bloedverlies!). Geen kennisbaba sal die hande ontglip van sy bekwame vroedvroue nie.

Dr Magriet en suster Maureen neem 'n daaglikse sonar om die nuutste beweginge van die kennis-fetus te monitor met behulp van die rekenaar. Elke beweging en hartklop word met verwondering en 'n rekenaaruitdruk per satelliet vasgevang.

Suster Sophia assisteer uitsluitlik die gebied van neuro-chirurgie ten einde die dwalendes van gees (en senuwees) op die pad te lei van die onderskeiding tussen sensoriese en matoriese senuwees.

Suster Clarisse word genoop om haar hand voortdurend te hou op die pols van die pasiënte ten einde 'n verswakking in kennis-polsslag te bemerk en met doel-treffende-artikel-medikasie die hoof te bied. Dit alleen normaliseer die bloeds-omloop.

Suster Sannie moet daagliks vir pasiënte In Bone Lyding die nodige medisyne aanvra. Of dit nou van Groote Schuur (Merensky) of Buite-Pasiënte (Buitemuurs) of die plaaslike Slagpale (Veearts & Sny) is, met spoed word dit tot uitvoering gebring. Haar portiere, Abel en Lisbeth, dra ook hier hulle deel by.

Ten einde in hierdie teaterspan die gemoedere te kalmeer (en soms uit te sit!) moet assistent narkotiseusse Stella - soms gewapen met depper en koorspen - 'n wakende oog hou oor die verloop van dié operasie. Geen Nashua-longmasjien of IBM-pasaangeër of Xerox-EEG ontsnap haar wakker oog nie. Verskeie reeds-blou-in-die-gesig pasiënte (blou as gevolg van kennis dehidrasie) moet te hulp gesnel word met PF 4-inspuitings. Só alleen kan 'n aftydvorm vir ontslag ingedien word.

Inderdaad 'n teater met 'n teaterspan wat getuig van welwillendheid, ervaring en samewerking. Nie alleen is dit 'n geboorteplek van kennis-in-kraam nie, maar 'n oase vir elke aan-kennis-behoeftige pasiënt.

DPV

## Gelukwense....



VERJAARSDAE

JULIE 1985

3 Mnr Julie Luus (Bindery)

12 Mev Hannatjie van der Westhuizen (GSV)

14 Mnr Gideon Roets (Finansiële Admin)

15 Mnr Hein Enslin (Veeartsenykunde)

18 Mev Mariana Nieuwoudt (Makro-Ontsluiting)

19 Mej Ina Boon (Toonbank)

22 Mev Marie Bredell (Toonbank)

24 Mnr Danie Veldsman (Medies)

30 Mev Gerda Beukes (Navorsing)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## B O E K O N T V A N G S T E

In aansluiting by ons berig in die vorige Biblikasie kan ons nou aankondig dat daar beslis ŉ dalende neiging te bespeur is in die aantal boeke wat ons hierdie maand ontvang het.

In Mei het ons 522 boeke ontvang, in vergelyking met die 840 van die vorige maand. Alles dui dan ook daarop dat die syfer vir Junie nog laer gaan wees.

Die feit dat ons nou minder boeke vanaf handelaars ontvang, gee ons egter die geleentheid om ons monografiese, losblad- en onvoltooide reekskardekse in orde te bring. Ons is druk besig met aanmanings, kansellasies en die oorskryf van kaarte wat vir ons ietwat bejaard en afgeleef begin lyk.

Hierbenewens is die sand van ons 1984-bestellings, dit wil sê die laaste bestellings wat nog volgens die handstelsel geplaas is, ook besig om uit te loop. Ons is dus ook besig om alles dáár op datum te bring.

Ons het in groepies gereeld by Voorklinies gaan inloer en het reeds die onttrekking van duplikate op die tussenvlak asook die onttrekking van alle swartnommer-duplikate afgehandel. Daarna het ons al die aanwinsnommers van hierdie duplikate afgeskryf sodat hulle uit die voorraad onttrek kan word. In dié proses het ons op ŉ hele paar interessante titelblaaie afgekom.

Ons beoog om eersdaags met die volgende fase in die uitdunningsproses by Medies te begin en ons wonder wat ons alles dáár tussen die rakke gaan uitsnuffel - miskien ŉ paar geraamtes in die kas?


So saam met die winter het die kwale ons getref. Dit lyk asof nek- en rugprobleme aan die orde van die dag is in die Seksie Boekbestellings! mev Jeanie Wehner moet ŉ rugoperasie ondergaan, mev Elize Smit het ŉ rugprobleem, mev Dina Terblanche, wat aan die begin van die jaar na ŉ nekoperasie met ŉ nekstut aan kom werk het, verklaar dat haar nek nooit weer sal wees wat dit was nie, en mev Aartia Joubert het ook vir ŉ paar weke moeilik van links na regs gekyk as gevolg van ŉ nekbesering. Mev Nel was ŉ paar dae in die bed, maar is nou weer vol ywer en energie aan die werk!

As gevolg van die feit dat die bestelling van boeke nou weer voortgesit gaan word, moes ons vir mej Martjie Pauw aan Seksie Voorontsluiting afstaan. Dit is vir ons ŉ groot verlies en ons sê baie dankie vir vyf maande se lekker saamwerk, Martjie!

In die minder bedrywige tyd wat vir ons voorlê, wil ons ook graag ons afdeling opknap met afdrukke teen die mure om vir ons ŉ aangename werksomgewing te skep.

Aan almal wat in Julie-maand met vakansie gaan, wens ons ŉ aangename rustydjie toe.

TANTE TANDPINE



Hans Tegner's drawings for the tale of "Tante Tandpine" (Auntie Toothache) in the [illegible] edition of Hans Christian Andersen's *Fairy Tales* [illegible] represents a toothache by three small imps attacking [illegible] and hammer and chisel, [illegible] Andersen [illegible] about the Toothache [illegible] Toothache, Her Dreadfulness Satan's Infernal [illegible] Andersen wrote that the story [illegible] with the [illegible] feelings of his youth. (Pindborg, J. J. and Marvitz, L.: *The Dentist in Art*, courtesy of Quadrangle Books, Inc., [illegible])



[illegible]



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## V Y F D E   V L A K

Dit is weer winter, koud en sesuur soggens is dit nog donker - teen half agt sit die son ook nog nie vreeslik hoog nie! Statistiek het bewys dat 7h30 - 8h00 'n bitter ongeleë tyd is om 'n vergadering te reël vir die Vakbibliotekarisstelsel. (Trichardt, T Statistiekverslag Nr 3, p 6) en ek glo dat hierdie bewering nie ongeldig sal wees vir die res van die Biblioteekdiens nie.

Dit laat my onmiddellik terugdink aan die ysige winters van my kinderjare in die Vrystaat. Soggens op jou fiets, deur 'n witgerypte landskap, kan jy net aan een ding dink: die ou swart koolstofie waar jy netnou darem jou vingers ontknoop sal kan kry. Pouses het ons almal aan die beskutte kant van die skool "hasie" gespeel. Weet kinders nog van sulke speletjies?

Wintersaande was altyd vir my die lekkerste. 'n Groot kaggelvuur en die hele gesin bymekaar - my broers en ek met ons tuiswerk, pa met die koerant en ma met haar naaldwerk ... en altyd, altyd wildsbiltong en stomende bekers milo.

Maar terug na die hede, waar almal op Vlak 5 uitgesien het na die voorgraadse studente se eksamens sodat hooggestapelde mandjies en "gestoorde" tydskrifte in 'n japtrap deurgewerk kan word. Helaas, soos elke jaar vantevore, het ons nie rekening gehou met die nagraadse studente van wie die studieleiers hierdie tyd van die jaar die strop bietjie nouer begin trek nie. Woorde soos: "Ek is vreeslik jammer dat ek nou eers reageer op julle vriendelike uitnodiging vir 'n inligtingsdiens, maar kan jy dalk gou-gou vir my 'n soektoggie doen? Ek sien Maandag die Prof en moet hom darem iets kan wys", is baie bekende dialoog! Neem verder in ag dat daar van ons gewone tien mense slegs 5 of 6 op die oomblik teenwoordig is, dan is dit glad nie snaaks dat ons steeds maar met rooi wangetjies rondhardloop, die mandjies steeds hoër word, en ons steeds sukkel om akkurate statistiek in te handig nie, dis nou te sê die wat op die vloer oor is. Rentia, Erna en Thea het hulle hande vol met hul studies, terwyl Christine, nog op haar wittebrood, sekerlik nie eens 'n vlietende gedagte aan Merensky het nie. Ons moes intussen ook afskeid neem van Lizette. Ons hoop dat sy en Gerrie baie gelukkig gaan wees op Phalaborwa. Hou maar die kermisbed gereed vir al die deurtogte na die Wildtuin!

Ons op Vlak 5 wil ook graag vir almal wat gelukkig genoeg is om met vakansie te gaan, sê: Geniet dit en kom asseblief weer veilig tuis.

## A A N S T E L L I N G S

UP Biblioteekdiens is bevoorreg om hierdie maand drie mans in sy geledere te verwelkom. Dit is 'n rare gebeurtenis en verdien hul voorkeur in ons verwelkoming. Nog 'n dame het ook by ons aangesluit. Aan u almal: Baie welkom!

Mnr Dirk Bezuidenhout is aangestel as biblioteek-assistent by ons regsafdeling (4de vlak)

Mnre Johan Avenant en Chris de Wet is nou werksaam as die aandpersoneel by Buitemuurs.

Mev Elisabeth Viljoen is werksaam by Tydskrifte.

## G E L U K W E N S E

Baie geluk aan mev Margi Kotze met die sportprestasie. Margi is gekies vir die Noord-Transvaalse basketbalspan. Sterkte en geniet dit!

## L I E F   E N   L E E D

Ons medelye aan Doris met die verlies van haar skoonma op 17 Junie 1985 asook Marie Bredell en Ivy Kotze met die verlies van hul vader en skoonpa op 22 Junie 1985.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## V O O R - O N T S L U I T I N G

Hierdie afgelope paar maande was vir ons Voor-ontsluiters 'n tyd van groot veranderings, maar was ook terselfdertyd uiters leersaam. Nadat die bestellings aan die begin van 1985 gestaak is, het ons geledere uitmekaargespat en verdeel tussen Tydskrifte, Geskenke en Makro-Ontsluiting. Ons het net-net ons onderskeie nuwe take begin baasraak, toe omstandighede weer na hul normale gang terugkeer.

Vanaf die begin van Junie is daar weer fondse beskikbaar vir die bestel van boeke, nou wel nie oorvloedig en ons weet nie vir hoe lank nie, maar darem daar! Mnr Duminy het die fondse aan die verskillende departemente toegeken en verdeel en dit was mev Nel se taak om die 1985-fondse op DOBIS in te voer. Die vakbibliotekarisse is dan ook deur mnr Duminy versoek om baie suinig te werk te gaan met die uitgee van hul fondse.

Ons afdeling is dus weer, met hier en daar 'n toevoeging of weglating, bymekaar om met ywer die bestellings te takel. Wat betref die veranderings, het Hannie en Sjeuwke ongelukkig permanent in Makro-Ontsluiting agtergebly. Ons hoop julle geniet dit baie! Joy en Martjie, wat ons darem bygekry het, ek is seker ons gaan almal lekker saamwerk. Makkie, Joy en Martjie skryf ook aldrie eksamens en ons wens hulle baie voorspoed toe.

Laura en Mariana het albei ook tydelik in die slag gebly. Laura sal voorlopig tot die einde van die jaar by Geskenke uithelp, terwyl Mariana saam met Susan Marsh touwys gemaak word in rekenaarkoördinering om DOBIS gelukkig te hou terwyl Magda by die huis gaan kuier. Mariana en Magda is ook saam verantwoordelik om Merensky se aanwinsrekords te koppel aan die wat reeds op SABINET voorkom.

Met die nuwe kennis wat ons bymekaar gemaak het in ons buurafdelings, sal ons nou ook ons take met meer insig kan verrig. Ons wil vir die betrokke afdelingshoofde en vir diegene wat gemoeid was met die opleiding bedank vir hul hulpvaardigheid en geduld.

## TIEN PILARE VAN NORMAN VINCENT PEALE SE BELYDENIS

(1) Dink positief. Jy staan iedere oggend voor die alternatief om blymoedig of stroef deur die dag te gaan. Jou keuse bepaal die gehalte van jou lewe.

(2) Leer om kalm te dink en op te tree. Bekommernis is net 'n slegte gewoonte. Jy is groter as jou probleme.

(3) Glo in jouself. Ontwikkel 'n ontsaglike geloof in God, wat jou 'n nederige maar realistiese geloof in jouself sal waarborg.

(4) Wy al jou energie aan iets groter as jy self. Die gelukkigtste mens is diegene wat met geesdrif besiel is.

(5) Gebedskrag kan jou lewe in 'n nuwe rigting stuur. Leer om opreg te bid, en met vertroue die res van jou Skepper te laat.

(6) Kweek 'n onbevange gemoed, oë wat die wonder in die alledaagse bemerk, 'n kinderlike vreugde en geestelike eenvoud.

(7) Die weg na geluk: hou haat uit jou hart en kwellinge uit jou gedagte, leef eenvoudig, verwag min, gee baie, vergeet jouself, dink aan ander.

(8) Vergeet die teleurstellings en mislukkings van die verlede. Die grootste mag van die mensenatuur is die tegniek van geestelike krag wat die Bybel leer. Dit bewerk wondere.

(9) Moenie nederlaag as 'n moontlikheid in ag neem nie. Vermy mense wat negatief dink en optree. Die grootste faktor in enige onderneming is jou gesindheid.

(10) Maak drie woorde jou filosofie: Glo en oorwin.

"WHAT YOU ARE, IS GOD'S GIFT TO YOU, WHAT YOU MAKE OF YOURSELF, IS YOUR GIFT TO GOD"

## BEVORDERING

Baie geluk aan mej Clarisse Venter met bevordering tot Bibliotekaresse.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SESDE VLAK

OOR SKRYWERS EN BOEKE

THOREAU, Henry David (1817-1862)

Sy bekende vriend Ralph Waldo Emerson het gesê "No truer American existed than Thoreau". Hy bly die meeste van sy lewe in Concord, Massachusetts. Sy twee bekendste werke is WALDEN ('n boek) en 'n essay "Civil Disobedience". Interessant dat Gandhi hierdie idee by hom oorgeneem het en dit Passive Resistance genoem het.

Sy eersgenoemde werk het aanleiding gegee dat sommige mense hom as askeet beskou het, en laasgenoemde werk dat ander hom gesien het as 'n radikale liberalis. Hy bring ook een aand in die tronk deur omdat hy weier om belasting te betaal as protes teen slawery, en die Mexikaanse Oorlog. "One of America's first backpacking tourists, he traveled widely and wrote several books, all expressing a firm social ethic: 'In Wilderness is the preservation of the World'. He called himself 'a mystic, a transcendentalist, and a natural philosopher to boot'.

Nadat hy afstudeer het aan Harvard, het hy skool gehou vir 'n paar jaar, maar sy ambisie was altyd om 'n proffesionele skrywer te word. Hy het nooit getrou nie, nooit vir lank 'n vaste betrekking gehad nie, en verkies om in afsondering te leef. "I was rich, if not in nomey, in sunny hours and summer days, and spend them lavishly."

As inkomste het sy pa gehelp in sy potloodfabriek, en het ook ander los werk gedoen, hoofsaaklik opmeet van gebiede. In 1845 het hy vir hom 'n huisie gebou op die oewers van Walden Pond en daar alleen gebly vir twee jaar. "Rather than love, than money, than fame, give me truth." Iemand het gesê "I can sense how well this place suits a writers needs. The only sounds are complementary - rain dripping from leaves, a bird call in the forest". Hy het in die woud gaan bly "to live deliberately --- to drive life into a corner, and to reduce it to its lowest terms". Na twee jaar het hy díe plek verlaat omdat, soos hy gesê het "I had more lives tot live" Aan klere en materiële dinge het hy hom nie veel gesteur nie, "he dressed for his walks like a common laborer, the only college graduate in town to wear a muslim shirt, corduroy pants, and unpolished shoes with pegged holes".

Nadat hy en sy broer, wat ook 'n onderwyser was, 'n reis onderneem het, sterf sy broer skielik. Dit inspireer hom om 'n boek daaroor te skryf getitels "A week on the Concord and Merrimack Rivers". Hy laat 'n 1 000 kopieë maak, die meeste is egter nie verkoop nie. "I have now a library of nearly nine hundred volumes, over seven hundred which I wrote myself".

Die res van sy lewe reis hy rond, veral in die omgewing van Concord en maak notas oor plante, diere, landsvorme ensovoorts. In 1861 begin hy met 'n 1 500 myl reis na Minnesota om te probeer herstel van tuberkulose, maar 'n jaar later, op 44 jarige ouderdom sterf hy in sy geboortedorp - Concord.

Hier is 'n paar aanhalings uit Thoreau se skrywe:


"I have an appointment with spring. She comes to the window to wake me, and I go forth an hour or two earlier than usual".

"As the afternoons grow shorter, and the early evening drives us home to complete our chores, we are reminded of the shortness of life, and become more pensive, at least in this twilight of the year".

"How to live. How to get the most life. As if you were to teach the young hunter how to entrap his game. How to extract its honey from the flower of the world. This is my every-day business".

"Nature is full of genius, full of the divinity; so that not a snowflake escapes its fashioning hand".

LAPPIES





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

ROODEPLAATSE NAVORSINGSLABORATORIUM (RNL)

Vanaf, Junie 1985 betree Inligtingsdienste so stil-stil ŉ nuwe fase. Op versoek van die RNL wat besluit het dat die opbou van ŉ biblioteek van die kaliber van ons Biblioteekdiens bietjie duur is, het ons nou ŉ ooreenkoms met hulle aangegaan. Besonderhede van die ooreenkoms is reeds aan alle vakbibliotekarisse en afdelingshoofde gestuur en daarin sal u sien dat ons so hier en daar ŉ prys aan ons aktiwiteite begin koppel. Het u geweet dat dit ongeveer R20 per titel kos om ŉ boek te bestel, te ontvang en op die rak te kry?

Om prysstrukture vir inligtingsdienste op te stel is nie so eenvoudig nie, en mens moet oppas om die adminstratiewe berekenings daarvan nie so omslagtig te maak dat die tyd daaraan bestee nie duurder kos as die prys wat die gebruiker daarvoor betaal nie.

En dan het mens ook nog die eeue oue tradisie van vrye inligtingsdienste en inligting as volksbesit om nie rekening te hou. Nietemin, die lewering van inligtingsdienste aan die RNL teen vergoeding is ŉ interessante nuwe verwikkeling in die Biblioteekdiens. Dit stel egter ook terselfdertyd hoë eise aan ons almal aangesien die lewering van enige iets teen ŉ werklike bedrag die "koper" volgens ongeskrewe reëls sekere aansprake gee.

Alhoewel Maureen Brassel en Erica van der Westhuizen die meeste met RNL te doen sal kry is dit belangrik dat elkeen van ons kennis neem van die verwikkeling want vorentoe sal daar heelwaarskynlik meer van hierdie soort ooreenkomste kom.


MEJ A PIENAAR

## G E L U K W E N S E

Mej Christine du Toit het op 8 Junie 1985 in die huwelik getree en is nou mev Christine Gericke. Christine baie geluk en alles wat mooi is op jul huwelikspad vorentoe.


## V E R L O O F !

Mej Maretha van Vuuren het op 30 Mei 1985 aan Rian de Korte verloof geraak. Maretha, baie geluk en laat die glimlag op jou gesig altyd sigbaar wees.



## B U I T E M U U R S

In hierdie dae van duur boeke en min geld vir boekaankope kry ons weer die geleentheid om Dankie te sê vir die voorreg om met boeke te werk en hulle gebruik aan te moedig. Dit is so maklik om boeke as vanselfsprekend aan te neem.







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Mej Clarisse Venter die vorige redaktrise van Biblikasie 1984, ontvang hier haar gebinde Biblikasie van mej Ceu Agostinho die huidige redaktrise.
Clarisse, baie dankie vir jou harde werk en geduld met 'n puik Biblikasie.



Op uitnodiging van prof Gerryts besoek dr T Malan, Direkteur van die Buro vir Akademiese Steundienste, die Merensky-biblioteek. Dr Malan het die personeel ingelig oor die werksaamhede van die Buro en ook gesê dat daar goeie samewerking tussen die Buro en die Biblioteekdiens bestaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



SCHOEMANSDALPROJEK

Op 24 Junie 1985 het professor P G Nel, hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, ŉ eksemplaar van die voltooide inventaris van eiendom van gestorwe Schoemansdallers aan die Merensky Biblioteek oorhandig.

Die opstel van hierdie dokument was ŉ projek wat deur die derdejaarstudente van die Departement ANK, onder leiding van dr O J O Ferreira, uitgevoer is. Afskrifte van die oorspronklike boedelinventarisse is van die oorspronklike dokumente in die Transvaalse Argiefbewaarplek gemaak. Daar is vervolgens aan elke student ŉ aantal boedels gegee en hulle het die besittings op kaartjies aangeteken.

Met behulp van mej J Breed, bibliotekaresse van die Kultuurhistoriese Instituut, is hierdie gegewens in groepe ingedeel en in hierdie inventaris aangebring. Elke gestorwene se naam en boedelnommer verskyn bo-aan, en die items wat in die inventarisse voorgekom het, is by elke tipe aangedui. ŉ Lys van wisselvorme en verskillende spelwyses is ook ingesluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# STELLENBOSSERS Lê BESOEK AF...



**Samesprekings het plaasgevind met die personeel van die Universiteitsbiblioteek van die Universiteit van Stellenbosch oor gerekenariseerde ontsluiting en boekbestellings**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BOEKVERKOPING

## 21 EN 22 MEI 1985

Op 21 en 22 Mei 1985 is 1 666 boeke aan UP studente en dosente verkoop tydens die eerste boekverkoping gehou in die geskiedenis van die Merensky-biblioteek.

Die pryse was uiters billik en binne die bereik van al die studente.

Die Topbestuur van die Biblioteekdiens het dit goedgedink om van die materiaal wat nie in die biblioteekversameling opgeneem kan word nie, te verkoop, eerder as om dit te laat verpulp.

Prof Gerryts beskou die boekverkoping as een van die positiewe uitvloeisels van moeiliker finansiële omstandighede want ons kyk na die optimale benutting van alle moontlikhede om addisionele fondse vir die biblioteekdiens te bekom.


Hoewel daar verskeie buite-instansies is wat ook sou belangstel het die biblioteekdiens graag die UP gemeenskap die voordeel van die geleentheid aangebied.

Die reaksie van UP studente en dosente was volgens verwagting baie positief en 'n inspirasie om weer so 'n geleentheid in die toekoms aan te bied en om ook die boekverkoping na ander kampusse uit te brei.

Prof Gerrtys het sy waardering uitgespreek vir die feit dat dosente en studente so entoesiasties van die geleentheid gebruik gemaak het en sê dat dit 'n bewys is dat daar nog mense is wat 'n goeie boek waardeer. Hy voorsien dat die boekverkoping van die Biblioteekdiens nog een van die gesogte geleenthede van die jaar kan word.

ERNA KLOPPER





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

A A N S T E L L I N G S



**Mev Elisabeth Viljoen**
**Tydskrifte**



**Mnr Johan Avenant**
**Buitemuurs**



**Mnr Chris de Wet**
**Buitemuurs**



**Mnr Dirk Bezuidenhout**
**Regte**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

BEDANKINGS



Mev Jakki Beukes
IBL



Linda de Villiers
IBL



Mev Lizette du Plessis
Vyfde Vlak



Mnr Hennie van Rooyen
Regte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Julie 1985

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE Sê

"BURNOUT" - 'N FAKTOR IN MERENSKY?

"Burnout" is ŉ siekte wat in die sogenaamde mensprofessies voorkom. Ongeveer die afgelope 10 jaar word daar reeds navorsing hieroor gedoen onder verpleegsters, maatskaplike werkers, mediese dokters, onderwysers, predikante ens. Dit is egter maar onlangs dat die moontlike aanwesigheid hiervan ook in die biblioteekberoep ondersoek word.

Soos ons Universiteit se studentegetalle groei en fondse ook vir nuwe aanstellings krimp, word Merensky-personeel al hoe meer blootgestel aan ŉ groter toeloop van mense. Miskien het dit dus tyd geword dat ons ook kyk na die moontlike aanwesigheid van "Burnout"-simptome in ons eie geledere.

WAT IS "BURNOUT"?

Daar word in die literatuur heelwat definisies vir hierdie toestand gegee. woordeboeke verklaar dit as volg: "To fail, wear out, or become exhausted by making excessive demands on energy, strength, or resources". Die definisie impliseer dat "Burnout" ŉ staat van emosionele uitputting is wat verband hou met oorlading. Hierdie emosionele uitputting kom spesifiek voor onder persone wat op een of ander wyse met mense werk en is dus ŉ reaksie op die konstante emosionele inspanning wanneer personeel hoofsaaklik met ander mense en hulle probleme en aansprake besig is. Hierdie toestand kan dus gesien word as ŉ vorm van werkspanning. Wat dit egter interessant maak, is die feit dat dit ŉ direkte gevolg is van sosiale interaksie tussen mens en mens - in ons geval dus tussen bibliotekaris en gebruiker.

Sommige skrywers definieer "Burnout" as ŉ verlies aan belangstelling in die mense met wie jy werk. Ander het hulle bepaal by verandering in motivering. Cherniss stel dit so: "One no longer lives to work, but works only to live". Vir hom beteken die term dus ŉ verlies aan entoesiasme, opwinding en doelgerigtheid in jou werk. Alle definisies kan egter teruggevoer word na oormatige spanning in die werksituasie.

SIMPTOME VAN BUNROUT

Miskien moet ons onsself toets aan die hand van die volgende tipiese "Burnout"-simptome.

1. ŉ Weerstand teen elke dag se werk toe gaan.
2. ŉ Gevoel van mislukking.
3. Gedurig te voel jy is verontreg of beledig deur ander mense.
4. ŉ Skuldgevoel.
5. Negativisme teenoor alles en almal.
6. ŉ Neiging om jouself te onttrek en te isoleer van ander.
7. ŉ Gevoel van moegheid en uitputting die hele dag lank.
8. ŉ Horlosie-dophouery.
9. Absolute afgematheid na werk.
10. ŉ Verlies aan positiewe gevoelens teenoor gebruikers.
11. Die uitstel van kontak met gebruikers en ontduiking van telefoonoproepe.
12. Onvermoë om te konsentreer op wat die gebruikers vir jou sê.
13. Sinisme teenoor gebruikers.
14. ŉ Geneigdheid tot onbuigsaamheid en gebrek aan eie oordeel.
15. Slapeloosheid.
16. ŉ Poging om alle gesprekke oor werksake te vermy.
17. Gereelde griep en verkoues, hoofpyn en maagonsteltenis.
18. Oordrewe agterdog.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

19. Toenemende gebruik van drank, pynstillers of kalmeermiddels.

20. Huweliks- en of gesinskonflik.

21. Toenemende afwesigheid van die werk.

VERSKILLENDE FASES VAN "BURNOUT"

Skrywers soos Edelwich en Brodsky beskryf vier fases van "Burnout" nl. Entoesiasme, Stagnasie, frustrasie en ongevoeligheid (apatie).

1. Entoesiasme

Hierdie fase is 'n tydperk van idealisme, onuitputlike energie en onrealistiese verwagtinge. Werkers in hierdie fase bestee aansienlike tyd aan hulle werk. Hulle voel dat hulle teenwoordigheid en beskikbaarheid vir hulle kliënte en gebruikers onontbeerlik is. Hulle het gewoonlik ook onrealistiese verwagtinge vir onmiddellike sukses, beheer oor ander mense, erkenning van die mense vir wie hulle help ens. Werkers in hierdie stadium is besonder toegewyd en bring soms 12 uur of langer by die werk deur. Hulle persoonlike lewe en verhoudings word al minder belangrike prioriteite.

2. Stagnasie

Gedurende hierdie fase sal persone steeds hulle werk na die beste van hulle vermoë doen, maar dit kompenseer nie langer vir ander behoeftes soos familie- en sosiale verhoudings, en genoeg vrye tyd nie. Dit is dus 'n stadium van onvervulde verwagtinge.

3. Frustrasie

Tydens die fase begin die werker die waarde en doel van sy werk, asook sy eie bekwaamheid, bevraagteken. Hierdie persone sal harder en langer werk, maar minder bereik, hulle moontlik onttrek van mense en gebeure, aan voortdurende uitputting en hoofpyne ly, gereeld siek wees, geïriteerdheid, woede uitbarstings, gereelde huilbuie, toenemende gebruik van tabak, alkohol of kalmeermiddels.

Leemtes in professionele opleiding kan lei tot stagnasie en frustrasie aangesien hierdie opleiding meestal konsentreer op vakvaardighede en nie soseer op interpersoonlike-, sosiale- en kommunikasie vaardighede nie.


4. Ongevoeligheid (apatie)

Hierdie fase word bereik wanneer iemand konstant gefrustreerd is met die werksituasie, maar dit nodig het om te oorleef. Die werker vermy nou uitdagings en bestee die absolute minimum tyd en energie aan werkgerigte aktiwiteite. 'n Besluit word geneem "to stop caring". Bibliotekarisse wat begin twyfel aan hulle eie bekwaamheid sal hulleself begin onttrek van gebruikers en mede-personeellede ten einde hulleself te beskerm teen kritiek, gebrek aan erkenning ens.

Tydens 'n Biblioteekkonferensie in Illinois, het een van die sprekers die moontlike simptome en verskillende fases van "Burnout" met die konferensiegangers bespreek en hulle toe gevra om sketse te maak van die fase waarin hulle voel hulle hulself bevind.

Voorbeelde daarvan is die volgende:

1. Entoesiasme







Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


2. <u>Stagnasie</u>


Uit hierdie skets blyk dit dat gebruikers nie meer vir die Bibliotekaris individue is nie. Vandaar die gesiglose figure.



3. <u>Frustrasie</u>


Die volgende twee sketsies is tipiese voorbeelde van frustrasie.







4. <u>Ongevoeligheid(apatie)</u>

Die ergste toestand van "Burnout" word weerspieël in die volgende drie sketse. Let op die totale afwesigheid van mense of woorde in die laaste skets.











Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

MOONTLIKE OORSAKE VIR "BURNOUT" BY BIBLIOTEKARISSE

Die gevaar van "Burnout" sal die grootste wees vir diegene wat elke dag met die gebruikers besig is en ook vir die personeellede in middelvlak- en topbestuurs posisies.

Meeste biblioteke moes aan hul begrotings sny en is ook besig met radikale tegnologiese veranderinge. 'n Kleiner begroting lei noodwendig tot minder personeellede, meer werk vir huidige personeel, meer kompetisie, minder tyd om deel te neem aan besluitneming en addisionele take waarvoor mense dikwels nie opgelei is nie en ook nie in belang stel nie.

Daar word ook van Bibliotekarisse verwag om alle navrae van gebruikers vinnig en korrek te beantwoord en te alle tye baie vriendelik en hulpvaardig te wees afgesien van hoe hulle persoonlik voel of wat die benadering van die gebruiker is. Terselfdertyd moet telefoonnavrae ook beantwoord word. Indien 'n persoon dus voortdurend 8 ure per dag en soms selfs 12 ure per dag aan hierdie toestande blootgestel word, moet daar beslis gekyk word na moontlike "Burnout"-simptome. Die meeste bibliotekarisse het nie kantore van hule eie nie en moet te midde van alles nog baie administratiewe take hanteer asook ander professionele take bv. voorraadbou,nuwe personeel oplei, voorberei vir oriënteringslesings, doelwitte beplan, vaktydskrifte deurgaan, SDI-diens lewer, statistiek hou! ens. Naslaanonderhoude met nagraadse studente en dosente vind ook met vele onderbrekings plaas.

VOORSTELLE VIR DIE VOORKOMING OF VERBETERING VAN "BURNOUT"

1. Vir personeellede self:

(a) Stel vir jouself realistiese doelwitte.

(b) Neem eerder meer kort vakansies in plaas van een lang vakansie per jaar.

(c) Moenie sonder enige verposings werk nie. Teetye en etenstye bied geleentheid hiervoor.

(d) Maak tyd vir professionele vergaderings, simposia en konferensies.

(e) Sorg dat jy gereeld fisiese oefening kry.

(f) Meditasie/joga word ook sterk aanbeveel.

(g) Probeer om altyd 'n goeie humorsin te behou. As mens op die plek vir jouself kan lag, ontlaai jy baie spanning.

(h) Gaan gereeld vir mediese ondersoeke.

(i) Laat jouself genoeg vrye tyd toe om stokperdjies te beoefen en tyd saam met jou familie deur te bring.

(j) Krediettye wat verdien word, moet afgeneem word.

2. Vir mense in bestuursposisies:

(a) Hierdie personeellede moet sorg dat hulle absoluut op die hoogte van "Burnout" simptome is, ten einde sulke simptome by hulself en hul werkers te kan herken.

(b) Realistiese doelwitte is belangrik vir 'n bestuurslid sowel as sy werkers. Mense se beperkinge, sterk en swak eienskappe moet hiervoor in ag geneem word.

(c) Sorg moet gedra word dat personeellede die gevoel kry dat hulle in 'n mate deel het aan besluitneming en beplanning. Gereelde personeelvergaderings is geskik vir hierdie doel.

(d) Groepwerk moet aangemoedig word en middelvlak-bestuurders moet deel uitmaak hiervan. Indiwidue in die



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

groep behoort dus ander persone se nood te kan identifiseer.

(e) Bestuurslede moet oplet na werkers wat besondere lang ure werk, altyd laat huis toe gaan, nie tee- en etenstye neem nie en hulself onttrek van sosiale kontak met mede-personeellede.

(f) Personeellede moet ook gereeld geëvalueer te word. Bestuurslede moet dus gereeld met werkers gesels oor hul werk - kritiek moet gepaardgaan met alternatiewe voorstelle en lof moet toegeswaai word vir goeie werk.

(g) Indiensopleiding kan gebruik word om personeel op te lei in verskillende sosiale- en kommunikasie vaardighede. Mense kan ook metodes geleer word om tyd beter te benut en spanning te hanteer. Voortgesette opleiding en gepaardgaande nuwe kennis kan mense beter toerus vir hulle taak en hulle baie stimuleer.

(h) Bestuurders behoort te alle tye op die uitkyk te wees vir enige persoonlikheids en houding-, veranderings en afname in werkstempo- en werksgehalte.

(i) Indien enige "Burnout"-simptome bespeur word, behoort mediese- en/of sielkundige hulp ingeroep te word.


SLOT:

Aangesien ons in die biblioteek in toenemende mate aan alle genoemde spanningssituasies blootgestel word, is dit noodsaaklik dat ons onsself en ons eie vermoeëns sal leer ken en daarvolgens ons lewens binne en buite die werksituasie beplan. "Burnout"-simptome sal slegs voorkom by diegene wat baie ernstig oor hulle werk is. Feit bly egter staan dat hierdie toestand jou werksvermoë aansienlik verlaag en dat niemand in hierdie situasie soveel vir 'n werkgewer kan beteken as wat hulle graag sou wou nie.

MATILDA PIETERSE

BRONNE:


1. Cherniss, C Staff Burnout London: Beverly Hills 1980.
2. Ferriero, D S et al Burnout at the Reference Poste RQ 21 Spring 1982: 274-79
3. Haack, M et al Occupational Burnout among Librarians Library Trenols, Spring 1985 p 46-65
4. Maslach, C Job Burnout: How People cope Public Welfare 36 (1978) p 56-58
5. Neville, S H Job Stress and Burnout: Occupational Hazards for Services Staff College and Research Libraries May 1981 p 242-47
6. Perlman B et al Burnout: Summary an future Research "Human Relations 35 (1982): 283-305
7. Preslan B B Library Journal 104 (Okt 15, 1979): 2165-67
8. Smith N M et al Helping May be Harmful: The implications of Burnout for the special Librarian Special Libraries 74 (Jan, 1983): 14-19
9. Sullivan P Bolligerence and Burnout Illinois Libraries 64 (Dec 1982): 1153-48
10. Tocloro J B Job Burnout: It's Time we had a Telethon Illnois Library 64 (Dec 1982): 1153-57
11. Walsh J A Burnout: The Bothers Grim. Illinois Libraries 64 (Dec 1982): 1149-53.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKONTVANGSTE

Ons groet vanuit Boekontvangste met 'n egte Juliemaand-gevoel: Tot dusver kon ons Pretorianers regtig nie kla oor 'n baie strawwe winter nie, maar wil ek tog hier noem dat sedert Juliemaand sy verskyning gemaak het, die winterluggie 'n effense skerper "byt" het. Hoewel die natuur nou in 'n diepe winterslaap verkeer bring elke nuwe dag 'n heerlike vooruitsig nader van 'n lekker nuwe Lente- en Somerseisoen.

Terug by die realiteit van die werkverrigting in Boekontvangste wil ons graag meld dat ons die afgelope maand by Voorontsluiting behulpsaam was met die kontrolering van Bd 10/s of meer omskrywend gestel, aanbevelings vir die aankoop van nuwe boeke. Vir sommiges wat vir die eerste keer daarmee te doen gekry het, het dit maar baie kop-krap meegebring watter om bibliografies in BIP of BBIP te kontroleer. Dan het daar nog die VLB's, Brinkman's en SANB's oorgebly wat darem makliker te onderskei was. 'n Paar het ook kennis gemaak met die "Dissertations Abstracts" op die 3de Vlak waarin bibliografiese besonderhede oor proefskrifte opgespoor kon word. Die proses het ons ook terug geneem na vervloë dae, voor die Titel- en Outeurskatalogus waar baie ure staan-staan deurgebring is. Twee uiters belangrike soekpunte waarop ons ook soektogte doen volgens titel en outeur is op DOBIS om duplikate op te spoor, asook op SABINET onder die titel of outeur en die ISBN indien beskikbaar, om volledige bibliografiese besonderhede van elke titel vas te stel.

Hiermee wil Boekontvangste met 'n laaste woordjie oor die Bd 10's 'n vriendelike versoek rig aan die vakbibliotekarisse dat alle nuwe aanbevelings asook navrae i v m aanbevelings direk na ons buurafdeling, nl VOORONTSLUITING gestuur word en nie meer soos in die verlede na Boekontvangste nie. Voorontsluiting hanteer uitsluitlik die <u>Bestelaksie</u> terwyl Boekontvangste die <u>Ontvangaksie</u> verrig. Ons sê byvoorbaat baie dankie vir elkeen se samewerking.

Intussen het ons hier in Boekontvangste ook besluit om weer 'n slag verskuiwings te doen en het ons sommer een oggend die daad by die woord gevoeg en baie gou was elkeen se tafel op die regte plekkie geskuif. Dit verskaf ons groot plesier om altyd die verbasing op die gesigte te sien wat met die eerste intrapslag vra: "Het julle alweer geskuif?". Met dié verskuiwing het ons probeer om ons reekskardekse in 'n alfabetiese volgorde te rangskik wat dit baie makliker maak met die soektogte wat vreemde titels of ongeïdentifiseerde publikasies meebring.

'n Laaste woordjie van dank aan ons kollega Minda Meyer met haar vernuftige digvermoë wat elke leser op 'n digterlike wyse inlig met verdere gebeurlikhede in en om Boekontvangste.

HULDA FRITZ

### SEKSIE BOEKONTVANGSTE

Mev Norrie Nel het gaan uitspan
om weg te breek van die "werkspan"
en by Jan Tuisbly se Karretjie
fluks gewerk met 'n waterkannetjie
om water te gee voor die plante verwelk
en kos te gee vir 'n ieder en elk

Aartia Joubert en kroos het na die
Wildtuin gegaan
(oppas tog vir die groot bobbejaan!)
en dit is 'n wonderlike troos
want die winterkoue maak mens sommer boos

Dina Terblanche het gaan kuier
in die koue Vrystaat
waar sy lekker gaan luier
maar weer terugkom -
daarop maak ons staat!

Corneé Barnard en gade gaan na die Bosveld
(Ons hoop maar op biltong
of 'n bok of twee)
wat hul sal skiet en bring mee
al is dit met geweld!!

Magda Celliers rus lekker tuis
waar sy lekker kan bak en
brou in die kombuis
Nou is sy ook nie in die kou
en ons wonder wat voer sy in die mou!!

Maar moenie vergeet
(Al voel dit of die werk "Pak ons Beet"!)
Die bittereinders, nl Elize Smith,
Minda Meyer en Hulda Fritz
werk vinnig en vinniger soos 'n blitz
en hou nog die fort
al moet ons ook nog die Bd 10's
"Uit-Sort !!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TYDSKRIFTE

By Tydskrifte gaan dit bedrywig. Net sodra 'n mens dink nou het jy bietjie gewen, dan duik daar 'n probleem op wat weer alles omverwerp, byvoorbeeld tydskrifte wat nog glad nie in 1985 hulle verskyning by ons gemaak het nie. Nou is daar baie administratiewe werk aan verbonde om dit op te klaar. En iets soos rakkontrole op die 6de vlak by Kuns. Maar ons kom darem altyd weer by.

Ons geledere het die afgelope tyd uitgebrei met die koms van Leza Putter en Elizabeth Viljoen as ontsluiters en Fanus Booyens wat in Katrien se plek op die S-kardeks werk en Katrien help nou vir Zetta. As iemand siek of weg is, skryf sy sy sommer vinnig daardie kardeks se tydskrifte op. So ook, oor twee weke kom haar ouers uit België aan - ons hoop sy gaan hulle besoek terdeë geniet. Nélene het intussen verloof geraak - baie geluk Nélene. Ina het vir die tweede keer ouma geword van 'n seun. Ons hoop Ouma sal baie vreugde beleef met die twee kleinseuns. Leza is gelukkig weer op die been nadat sy geval en haar rug beseer het. Monica laat weet dat hulle op 8 Julie halfpad in die Grand Canyon afgestap het. Gelukkig, sê sy, was dit te warm (119° F) om tot onder te gaan anders het ons haar nie weer gesien nie.

GROETE TOT VOLGENDE MAAND



"I THINK WE MIGHT CLEAR UP A LITTLE MISUNDERSTANDING ABOUT OVERHEAD PROJECTION ..."

## THE LIBRARIAN BEHIND THE BESTSELLER

Thomas J Peters found "excellence" h never expected in the company library

IT'S NOT UNCOMMON FOR AN author to acknowledge the help of a librarian - but usually with the librarian's name buried in a long list. That's why the following acknowledgement in a recent bestseller stands out:

Jennifer Futernick was the other major contributor to the writing process. We had originally involved Jennifer as research librarian, someone to help us get the facts straight. As it turns out, however, Jennifer also has an unusual sense for what works on paper and what doesn't. She not only was incredibly helpful with the detailed line editing and checking of our manuscript, but of far more importance, she repeatedly called our attention to structural problems, statements that we really couldn't support with the facts, and redundancy. Jennifer adopted the book as her own and put extraordinary hours and matchless care into its development.

That's no ordinary acknowledgement, and it's from no ordinary book. The praise appears in the best-selling business book of all time, IN SEARCH OF EXCELLENCE, by Thomas J Peters and Robert H Waterman, Jr.

Jennifer Futernick became involved with the book largely by chance. In March 1981 she was hired as a temporary librarian by the San Francisco office of McKinsey & Co., a worldwide management consulting firm. Her original assignment was to organize and automate a library for a group of McKinsey consultants who were working on the subject of organizational effectiveness. Two of the consultants, Tom Peters and Bob Waterman, had a contract with Harper & Row to produce a book. One day in October '81, Waterman casually asked Futernick's opinion of a chapter he and Peters had been working on.

Rather than simply reading the chapter and telling Waterman it looked fine, Futernick took the opportunity to thoroughly review and critique the piece. She recalls, "I saw considerable room for improvement. With blue pencil in hand, I wrote in changes to the language and logic of each page - a little amazed at my boldness. Much to my delight, Bob liked my changes and gave me a second and a third chapter to work on."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

So began het involvement in an editorial project that was to last a year, with some chapters going through as many as six or seven drafts. As the book took final shape, Futernick sensed that it was headed for the bestseller list. She says, "I usually don't get excited about nonfiction writing, but I was struck by the substantive quality of the book, and I liked the enthusiasm it conveyed."

A few weeks before publication Futernick told Peters and Waterman she thought their book would be a bestseller. Peters' immediate response was to offer her a hundred-to-one odds on a dollar that the book would never come near the bestseller list. Futernick took the wager.

In November 1982, Harper & Row published IN SEARCH OF EXCELLENCE with an initial press run of only 15,000 copies. In one of the earliest reviews that helped launch the book, the Wall Street Journal noted that most of the book was "written in crisp, jargon-free English" and concluded that it was "one of those rare books on management that are both consistently thought-provoking and fun to read."

By: RUSSELL G FISCHER

## VOORONTSLUITING

Na 'n maand of twee in die seksie, het ek die voorreg om 'n bydrae tot die Biblikasie te lewer. Gelukkig is dit nie vir my 'n las nie, maar eerder 'n vreugde. Ek en Joy voel al klaar tuis en tussen die "main entries" en "alternative entries" deur leer ons vinnig. Dit sal ons sommer baie help in die tweede semester wanneer ons katalogisering in die na-uurse Biblioteek-kursus doen.

Ons afdeling is sedert April weer in volle produksie en ons 5 voorontsluiters het meer as genoeg om te doen. Op die oomblik is ons egter net 4, want Jeannie Wehner sterk tuis aan na 'n rugoperasie. Jy moet gou gesond word, Jeannie, ons mis jou! Rita gaan ook vir 2 weke 'n bietjie uitspan en ons hoop sy kom vol moed en lus vir die lewe terug. Arme Rozaan en Makkie het die groot taak om ons twee nuwelinge se invoere te kontroleer, terwyl Mariana nog probeer agterkom presies in watter afdeling sy is!

Soos ek reeds genoem het, is ons sedert April weer in volle produksie. Die afgelope 3 maande het ons 1328 nuwe aanbevelings ontvang waarvan ons 428 op SABINET en 391 in bibliografieë kon vind. Wat egter 'n bietjie ontstellend is, is dat daar 104 duplikate was. Gelukkig kon ons hulle identifiseer en die vakbibliotekarisse sodoende baie geld spaar!

MARTJE POUW

## RESEPTE

GEVULDE SAMPIOENE

8 - 10 groot sampioene
1 eetlepel botter
2 snye ham of spek (opsioneel)
1 eetlepel broodkrummels, knoffel, pietersielie
2 eetlepels room (opsioneel)

Verwyder die stingels van die sampioene en kerf dit. Verhit die botter, gemaalde knoffel en pietersielie, fyngesnyde ham of spek.

Voeg by die stingels en soteer, roer vir 'n paar minute. Voeg by broodkrummels, sout en peper. Vul die sampioene met die stingelmengsel. Bak in oond 375° F vir 15 - 20 minute (of rooster liggies in die oond).

SEEKOS DOOPSOUS

½ koppie suurroom
½ teelepel sout
2 groen uie, opgekap
Peper
2 teelepels peperwortel
1 teelepel Worcestersous
250 g roomkaas - saggemaak
1 klein blikkie tuna (ongeveer 200 g) of garnale of mossels of kreef wat gedreineer en gevlok is.

Meng alles in 'n mengbak. Laat koud word met deksel op. Garneer met pietersielie.

OLIVIA WEBB




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

IBL

Groetnis hier vanuit IBL. Met ons gaan dit nou darem alweer beter as met die vorige Biblikasie se ter perse gaan. Toe was Linda en Jakkie met verlof aangesien hulle ons geledere permanent verlaat het - dus was ons "skeleton staff". Maar helaas, dit was nie die einde van ons elendes nie. Mara is mos besig om professioneel te raak - dus moes sy eksamen skryf en dit beteken studieverlof wat ons geraamte se een arm beteken. Toe word Denise se kinders siek - want sien, dit is winter en die kieme loop los rond - toe is ons geraamte nekloos. En die "cherry" op die koek was dat ons geraamte se kop toe ook 'n kiem of twee optel - mnr Otto af siek vir 'n paar dae. Ons hoop u verstaan nou beter.

Ons posisie het nou aansienlik verbeter met Ilse du Plessis wat by ons geledere aangesluit het - ons hoop nie sy gaan dit berou nie - want ons ander werk nogal lekker by IBL.



MUSIEK

Na drie jaar by Merensky is dit vir my tyd om te groet. My gedagtes loop in kringe - ek wil graag iets sê van wat ek voel - maar wât? Om te sê dat dit lekker was en dat ek hartseer is om weg te gaan, klink leeg. En tog is dit presies wat ek wil sê. Ek kan mooi woorde soek om dit te stel, maar om te skryf is nie een van my talente nie. Daarom sê ek dit net soos ek voel.

Ek het dit geniet om hier te werk. Party dae was wel lekkerder as ander, maar dit was vir my 'n tyd van groei en ontwikkel en ek kan eerlik sê dat ek vandag 'n ryker mens is as toe ek hier ingestap het. Dankie vir elkeen in die Merensky vir die saamwerk en die geduld en vriendelikheid waarmee selfs my domste vrae beantwoord is. Bella en Anita, dankie. Ek het lekker saam met julle gewerk.

Dit was regtig vir my 'n voorreg om deel te kon wees van die Merensky-personeel.

ANNAMARIE NEL

MAKRO-ONTSLUITING

Vir die eerste keer sedert die rekenarisering van die ontsluitingsfunksie op DOBIS kon die ontsluiters daarin slaag om met die kleinste hoeveelheid boeke tot dusver in die afdeling, te spog. Die blaaskansie wat Voor-ontsluiting met die bestellings gehad het, het 'n groot aandeel hieraan gehad. Totdat die bestellings weer op dreef kom, hou die ontsluiters hulle besig met geskenkmateriaal en die oplossing van probleme. Die Maberly-skenking verdien hier spesiale vermelding aangesien dit ure se interessante feite en staaltjies opgelewer het. Die meeste boeke het oor die dierelewe en jagekspedisies in Afrika gehandel. Vanweë die interessantheid van die boeke het die ontsluiters hierdie skenking gou-gou in die stof laat byt.

Juliemaand is vakansiemaand en so hier en daar het 'n kop agter 'n kas uitgesteek! Ons hoop dat almal wat weg was hulle welverdiende ruskansie geniet het. Magda gaan binnekort haar DOBIS/LIBIS baba verruil vir 'n ander een, terwyl Mike in dieselfde tyd twee maande grensdiens moet verrig. Susan Marsh en Mariana Nieuwoudt sal tydens hulle afwesigheid verantwoordelik wees vir die stelsel. Voorspoed en sterkte vir julle nuwe taak.

GROETNIS UIT DIE AFDELING





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 5 DE VLAK

Rakkontrole! Dit is voorwaar iets wat 'n mens moet beleef en oorleef voordat jy werklik besef wat die woord behels. Dit lê soos 'n berg voor jou totdat jy daarmee begin het. Reeds met die eerste paar rakke besef jy al te gou dat rakkontrole 'n noodsaaklikheid is en dat dit glad nie snaaks is dat so baie boeke gedurig soek is nie.

Daar is wel so 'n paar bonussies by die rakkontrole. Skielik wemel die vloer van kollegas wat jy andersins baie selde te sien kry. Die geleentheid bestaan ook om baie interessante boeke op die rakke te ontdek en so tussenin raak jy gekonfyt in die korrekte rakordening.

Dit is ongelukkig nou ook so dat daar sekere vakgebiede is waar rakkontrole werklik 'n beproewing is en is die verligting groot as dit jou nie tot lot val om by die ou voorraad van byvoorbeeld Letterkunde of Geskiedenis kontrole te doen nie. Voorwaar 'n uitdaging!

Te midde van terugkerende studente en rakkontrole al byna iets van die verlede, maak ons gereed vir die volgende semester. Met dr Trichardt op studieverlof gaan ons Christine sien bontstaan. Gelukkig weet sy hoe! Sterkte Doktor, ons vertrou dat dit voorspoedig sal gaan met die studies. Voorspoed ook aan Thea wat haar eksamen reeds afgehandel het. Ons hoop die uitslae is na wense. Welkom terug ook almal wat met verlof was. Die vloer was soms nogal erg verlate.

## KULTUUR HISTORIES INSTITUUT

### OM DIE OPSITKERS

Hofmakery in die ou ou dae was 'n ernstige saak. Pa het nie sy dogters maklik afgegee aan 'n jong man wat nie sy vrou kon onderhou nie. Dit was vir enige kêrel noodsaaklik om aan die nooi van sy hart te vertel wat hy besit, sodat sy haar ma kon inlig en haar pa kan voorberei. In die gedig van Pulvermacher:"Dopper Joris en Syn seiltjie" kry ons 'n pragtige voorbeeld, van hierdie gebruik. Joris sê vir sy nooi Spekie dat hy koperledekante het, duisend hamels en 'n opregte Franse ram, 'n woonhuis by die middeldam, osse, emmers, 'n borspeld, 'n teepot, 'n bulsak en 'n ledekant, geelhout tafels 'n verekar, 'n Bybel en allerhande los goed. Die laaste strofe is dan die finale liefdesverklaring:

"Maar, tog makeer ek nog een ding;<br>
Dit maak my, Spekie, siek van smart<br>
My wa is sonder buiteseiltjie!<br>
Wil jy myn sieltjie wees, my hart?

'n Meisiemens was destyds hoog gerespekteer. Van haar keel tot by haar voete het haar rok haar bedek. 'n Mens het nooit van 'n meisie se knie of enkel in gemengde geselskap gepraat nie. 'n Ordentlike meisie was nie voor op die wa nie, maar beskeie en teruggetrokke. Vanaf 14 jaar oud was 'n dogter iemand wat besoek van 'n kêrel kon ontvang.

Die vryersklong was altyd spoggerig aangetrek. Die vryersperd is blink geroskam en saal en toom is blink opgevryf. 'n Ou broek is aangetrek om mee te ry, naby die nooi se huis is die nuwe broek, wat toegedraai in papier in die saalsak gebêre is, gou aangetrek. 'n Sakdoek met 'n punt by die boonste baadjiesak uitgesteek. 'n Kêrel kon nie gaan kuier waanneer hy wil nie. Eers as hy tuis al die nodige werk tot sy pa se tevredenheid afgehandel het, mag hy sy vryperd opsaal.

Die meisie het haar nie onverhoeds laat betrap nie. Omdat Saterdagaande die kuieraande was, het sy gesorg dat die huislike pligte waarvoor sy verantwoordelik was, betyds afgehandel is. Wanneer 'n jonkman aangery kom, het sy haar gou gaan verklee en fyn uitgevat voor hom verskyn. Hy moes eers met haar ouers gesels voordat sy koffie ingebring het.

'n Jonkman moes eers toestemming van die ouers verkry voordat hy by 'n nooi kon opsit. As die nooi nie van die kêrel gehou het nie het sy gou gou 'n hoofpyn ontwikkel en kamer toe verdwyn. Wanneer die blom van die omgewing besoek is, moes 'n kêrel rats wees om die nooi te kry. Die uitgeslape kêrel het sommer by die groet



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

die nooi van sy planne te kenne gegee deur sy pinkie onder haar hand in te vou. As sy terugdruk is dit ja, as sy nie reageer nie kon hy maar sy ry kry.

Vrypepermente is aan die meisie gegee. Op hierdie lekkers was allerhande liefdeswoordjies gedruk. "Ek bemin jou", "jy is my hart", "gee my ŉ soentjie". Sulke woorde op ŉ lekker kon ŉ meise se hart ontstuimig laat klop het. Briewe en koeverte kon ook spesiale boodskappe oordra. Aan die posisie van die seël op die brief kon ŉ kêrel duidelik aflei hoe die nooi oor hom voel. ŉ Seël wat onderstebo opgeplak het, het ŉ ongunstige betekenis, een wat skuins na regs oorhang beteken verlange, en na links toegeneëndheid. ŉ Brief waarvan die hoekies afgebrand is, is die ontvanger na die warm plek.

Ruikers en vrugte wat jongmense mekaar aangebied het, het besondere betekenis gehad. Die volgende is ŉ uittreksel van blomme- en vrugtetaal soos dit uit die negentiger jare van die vorige eeu opgeteken is.

Biesie: Ek is bang vir jou ouers.
Appelkoos: Luister na my gesmeek.
Amandelblom: Ek bemin jou.
Angelier: Jy verenig siel en liggaam.
Appel: Wil jy jou nie aan my verloof nie?
Bloulelie: Dink aan my as ek ver van jou af is.
Druiwetrossie: Kom sit by my.
Enige oop roos: Jy is ŉ flerrie.
Wit rose: Ontvang my liefde.
Rooi roosknoppe: Ek sê ja.
Botterblom: Ons sien mekaar weer.
Aster: Ek is bly om jou weer te sien.
Peer: Jy is hoogmoedig.

Gedurende ŉ skrikkeljaar kon ŉ meisie die man van haar drome vra. Die skrikkeljaar vryery het gewoonlik nie sukses opgelewer nie, want die meisies het gewoonlik ŉ groot gekskeerdery op tou gesit.

Die opsittery het by kerslig plaasgevind. Kwaai moeders het ŉ speld in die kers gedruk. Hoe minder hulle van die kêrel gehou het, hoe korter was die stukkie wat die kers moes brand om tot by die speld te brand. Om die kers langer te laat hou is die kers in ŉ trek gesit of sout is om die pit gegooi. Wanneer die pa luidrugtig begin keelskoonmaak het, moes die opsittery gestaak word.

Ouers vra was ook nie altyd maklik nie. Die kêrel moes breedvoerig aan sy aanstaande ouers verslag gee van sy besittings en wat sy vermoë is om ŉ vrou te kan onderhou. Die kêrel se ouers wou baie beslis weet of hul aanstaande skoondogter kan kos kook, broeke lap, brood bak ensovoorts. ŉ Verlowing is feitlik as ŉ informele huweliksbevestiging beskou en uiters selde verbreek.

Die paartjie het gewoonlik op die naaste dorp in die kerk gaan trou. Hulle is na die troue met ŉ perdekar of koets na die bruid se ouers vervoer. Voor die kar of koets het ŉ aantal perderuiters gery. Hulle perde was versier met vere en linte. Hulle het ŉ trouvlag gehad en die ruiter wat met die trouvlag by die bruid se hek ingery het, het besitter van die vlag geword.

Die bruid het, anders as vandag, haar ruiker na die ongetroude mans gegooi. Die gelukkige jongman sou dan die volgende bruidegom wees. Die bruid se kousrek, gewoonlik ŉ spesiaal geborduurde een, is na die ongetroude dames gegooi. Die dame wat dit gevang het sou dan die volgende bruid wees. Die jong dames het seker gemaak dat hulle ŉ stukkie troukoek gekry het. Dit is plegtig dieselfde aand onder die kopkussing geplaas om hulle te laat droom van hul toekomstige bruidegom.

Hofmakery, verlowing en die huwelik was in ŉ baie ernstige lig deur ons voorouers beskou. Daar is nie ligtelik tot ŉ verlowing oorgegaan nie en die huwelik was as ŉ finale band tussen twee persone beskou. Mense wat die norme wat deur die gemeenskap gestel was, oortree het, het letterlik sosiale bannelinge geword.

Dit laat ŉ mens wonder of ons in hierdie moderne eeu nie weer ŉ slag ernstig na hierdie norme moet kyk nie.
Groete vanuit die Instituut.

JO BREED



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BUITEMUURS

### AAN ALLE PERSONEELLEDE

So baie nuwe dinge kom op jou pad as jy by ŉ nuwe plek begin werk. So was dit beslis met my. Elke hier en daar vind jy ŉ kennisgewing wat een of ander prosedure aan jou verduidelik. Dit moet jy noukeurig deurlees anders vra jy netnou ŉ baie dom vraag.

Nou, na ŉ maand is alles baie bekend vir my en al die kennisgewings ou nuus, maar een kennisgewing sal ek nooit weer vergeet nie. Dit lui as volg:

As gevolg van die buitensporige verlies aan werksure deur afwesigheid van personeel, het dit nodig geword om die volgende nuwe reëls en prosedures daar te stel:

1. SIEKTE : (Geen verskoning)

   Die Topbestuur sal nie meer mediese sertifikate as bewys aanvaar nie, ons is oortuig daarvan dat as u gesond genoeg is om ŉ geneesheer te besoek, u net sowel werk toe kan kom.

2. DOOD (Behalwe eie)

   Dit is geen verskoning nie. U kan niks meer vir die oorledene doen nie, daarom sal geen tyd afgegee word vir begrafnisse nie. Ons wil egter aan die hand doen dat begrafnisse van naasbestaandes so gereël word dat dit gedurende u etenstyd sal plaasvind. U sal so geen werksure laat verlore gaan nie.

3. DOOD (U eie)

   Dit sal natuurlik as goeie verskoning aanvaar word. Daar word egter van u verwag om ons twee weke vooraf daarvan in kennis te stel, aangesien dit ons plig is om ŉ plaasvervanger in u plek op te lei.

4. HOSPITAALBESOEK VIR OPERASIE

   Dit word ten strengste verbied. Terwyl u in ons diens is sal u alles nodig kry wat u reeds het. U word sterk afgeraai om enigiets daarvan te laat verwyder. Ons het u met al u organe aangestel en as u daarvan laat verwyder kry ons minder as waarop ons oorspronklik staatgemaak het. U salaris sal in so ŉ geval dienooreenkomstig verminder word.

### LIBRARIES ENTER THE ACCESS ERA

.... "The traditional collection-centered research library must become a technology-based access- and service-oriented library capable of serving the changing teaching and research needs of its users. We need to make significant capital investments in computer and communications technologies and in ways of providing access to the increasing quantity and variety of research materials in electronic as well as conventional forms. This means increased reliance on the resources and services of other libraries, library consortia (such as the Research Libraries Group), and commercial information vendors. It also means that additional and more highly skilled staff will be required in some areas ... In future, the excellence and usefulness of a library will be measured not only by the size and quantity of its collections, but also by the range of resources that its staff is able to deliver to users by conventional and electronic means from a growing variety of sources. Users will no longer ask what the library has, but what it can provide."

Richard De Gennaro (U Pennsylvania) in Shifting Gears: Information Technology and the Traditional Library. Pittsburgh: University of Pittsburg, 1983. 16 p. (Free reprints of this Samuel Lazerow Memorial Lecture can be obtained from the author at: University of Pennsylvania, Philadelphia, PA 19104) (pd 2501j).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EK ONTHOU

ŉ Rustige dag tuis het ek myself beloof - om al die foto's wat met die jare so opgehoop het, te sorteer en in albums te sit.

Dis net ek en laatlam by die huis en ons pak alles uit die sakkies, koeverte skoendose, blikke en kassies en ek verwonder my weer eens hoé mens so kan opgaar. Die vloer lê besaai met foto's, wit-en-swart, vergeeldes en die pragtige gekleurdes.

"Oe mamma, jy was mooi hier!". Dis nou te sê as mens kieriebeentjies, knopknieë en uitstaantande mooi kan noem, dankie my kind. Ek onthou van kleinwees, die plaas, kaalvoet, die ouvoor en wilgerbome. Ons kon sommer so hoo-oo-oo-g swaai aan die takke en die keer as jou hande gly en jy val dat jy hik, was dit nog groter pret, dan weer kon jy jou self so te buite gaan in die modder en water dat selfs ouma se parafienvet nie ŉ kans gestaan het teen die skurfte nie. Ek onthou dat die ure in die dag te min was vir al die lekker dinge wat mens kleintyd kon doen, en voel weer in my hart jammer dat my krose hulself moet vermaak met televisie, huiswerk en popmusiek.


Ek onthou die hoërskooljare - van korfbal en stukkende knieë, van wen en verloor, maar die lekkerste onthou - daardie spanmaats!

Ek onthou ŉ jong man met ŉ vriendelike glimlag: "kyk net hier vir pappa", en laatlam ewe snipperig, "dit kan nooit pappa wees nie, daardie oom het hare!"

So onthou ek ŉ troudag, ŉ eerste baba, die seuns daarna, en die laatlam. Ek onthou prestasies, teleurstellings, hartseer en baie vreugde

..... en ek is dankbaar vir die voorreg om dit te kon beleef.

JOGGIE



## G S V

GSV groet julle! Ons was tot nou toe nog te "besig" om van ons te laat hoor. Ons is mos die mense wat die Gereserveerde Studieversameling, studente (en dosente) hanteer, onderhou en bedien. Dis ŉ baie spesiale diens wat ons lewer aan voorgraadse en sommige nagraadse studente. Hier by GSV hou ons die fotostate en boeke wat deur die dosente via die vakbibliotekarisse vir studiedoeleindes gereserveer word. Dit mag slegs in die biblioteek gebruik word (met ID-kaart asseblief!) vir ŉ tydperk van 2 ure.

As mens na die statistiek kyk - 6580 boeke en fotostate gedurende Mei uitgeneem, en 3630 gedurende Junie, en in ag neem dat daar net twee van ons is (soms net een) dan kan julle sien dat ons gedurende spitstye behoorlik ronddraf. Enigeen wat gewig wil verloor, kan hulle met plesier hier kom aanmeld voor die studente eksamen skryf.

Dis egter ŉ heerlike afdeling om in te werk. Daar gaan nie ŉ dag om dat mens nie talle "nuwe" dinge leer nie. Om met die studente te werk, is vir ons ŉ plesier. Die sêgoed wat so gedurende die uitneem van die materiaal uitglip, is soms kostelik.

Ons leer baie gou die studente uitken - dié wat werk, dié wat effens werk, en mense soos dié (nogal ŉ hele groepie), wat ŉ uur voordat hul moet eksamen skryf, as die deure oopmaak hier instorm (duidelik vir die eerste keer vir die besondere vak), dringend die fotostate wil sien, met skok terugdeins en uitroep "maar dis dan in Engels!" Dan help jy gou en vertaal ŉ paar woorde, en met dié "kennis" spring hulle hier weg, vol selfvertroue - nou weet hulle baie!

Dan is daar die ander wat skaam en vreemd is. Jy sien sommer die verlorenheid. As jy hulle kon help en die glinster in die oë sien, die dankbare glimlag kry, dan word jou hart sommer warm en die moegheid van vroeër verdwyn. Dan voel jy ook, ten spyte van die foute wat jy maak gedurende hierdie leer- en aanpassingsproses in jou nuwe werk, dat dit alles die moeite werd is.

Daarom sê ons vir ons dosente, studente en almal in die biblioteek wat so vriendelik, geduldig en behulpsaam is, baie dankie.

YVONNE VAN WYK



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"En 'n sterrekundige het gesê: "Meester, wat van tyd?
En hy antwoord:
Julle wil my tyd meet - die onmeetlike en onmeetbare.
Julle wil julle handelswyse en self die gange van julle gees na die ure en die jaargetye skik.
Van tyd wil julle 'n stroom maak en op die wal daarvan wil julle sit en aankyk hoe hy vloei.

Maar die tydlose in julle is bewus van die tydloosheid van die lewe.
En weet dat gister slegs maar vandag se herinnering is en môre vandag se droom.

En dat dit wat in jou sing en bepeins nog binne die grense van daardie eerste oomblik woon wat die sterre deur die uitspansel verstrooi het.

Maar as jy in jou gedagte die tyd in seisoene moet afmeet, laat elke seisoen al die ander seisoene insluit,
En laat vandag die verlede met herinneringe omhels en die toekoms met verlange".

TYD - Hoeveel van ons het al met hartseertye in ons lewe gewens dat ons onself kan terugplaas in tyd. Soms probeer ek om my siel buite my liggaam te plaas, dan verbeel ek my dat ek teruggaan in tyd en probeer ek soveel dinge verander wat die seer sal verhoed. Ek vind soms ontvlugting in my drome, dan ervaar ek my noodlot soos ek dit altyd beplan. Maar as ek wakker word, het die tyd alweer aangestap.

Dit klink so morbied. Merensky was vir drie jaar deel van my lewe. As ek terugdink aan alles wat in dié jare met my gebeur het, kan ek 'n boek skryf oor dinge wat ek anders sou wou gedoen het, maar 'n mens leer mos die beste deur eie ondervinding. Maar die goeie dinge sal ek eerder wil onthou. Merensky was 'n deel in die skakel tussen my skooljare en die harde grootmenswêreld. Ek gaan die rustigheid van Merensky mis. Ek gaan julle almal mis!

ESMÉ

## TIKSTERS

Sedert die vorige Biblikasie het baie dinge hier in die "Hoek" gebeur. Esmé is nou weg en die leemte word sterk gevoel. Esmé, ons mooiste wense vergesël jou, asook 'n baie groot dankie vir alles wat jy vir die Tikseksie beteken het, jou vriendelike glimlaggie en lekker samewerking sal ons mis.

Verder word daar 'n TROUE beplan en maak Maretha ons net nuuskierig, want ons mag nie alles weet nie, maar dat groot dinge aan die broei is, is verseker!

En dan is daar ons BOOM. Ja julle lees reg, ons eie ADVOKADEPEERBOOM. Joggie het 'n pit in 'n bottel wat groei asof hy betaal word. 'n Klomp wortels en yslike blare vorm 'n pragtige boompie wat net wil dak toe. Dis te heerlik om die wonder van die natuur selfs hier onder in ons "Hoek" te kan geniet.

Met die vervanging van die rugbeskrywings gaan dit ook voorspoedig en dit verheug ons om te kan sê dat die getal van 50 000 vinnig krimp.

Annemarie hou dan ook so tussen boeke plak en tik die liasseerstelsel puik op datum.

Joggie aan die anderkant hou ons klomp gelukkig en tevrede met haar pittige sêgoed en wonderlike verstandhouding met ons.

Al wat ek kan sê is dat ons 'n bak klomp is wat heerlik saam werk!

ALIDA



*"Now that we know how to read, they're banning all the good stuff."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## 'N KORT WOORD

ŉ Mens wonder partymaal wat maak die sekretaresses as hulle base nie op kantoor is nie. Sommige personeel dink mos noudat die base met verlof is, doen die sekretaresses niks nie.

Nou ja, laat ons julle maar inlig:

> Daar word altyd werk gelaat wat afgehandel moet word.
>
> Ons sorg dat die werk wat ons nie deur die jaar by uitkom nie, gedoen word.
>
> Ons sorg dat die kantore weer reg is vir die base se terugkoms. - Dit is nogal groot skoonmaak!

Ons as sekretaresses poog om altyd op hoogte te bly van sake in en om die biblioteek, sodat die regte inligting deurgegee kan word aan persone wat navraag doen.

Ons as personeel kan darem baie trots wees met die mense op ons Topbestuur. Ons as biblioteek is ŉ goedgeorganiseerde organisasie en dit is danksy hierdie mense wat die leiding neem. Ons bedank Topbestuur vir al die harde werk wat gedoen word. Ons besef dat daar ŉ groot taak op julle skouers rus met die uitbreiding en in pas bly van byvoorbeeld rekenarisering ens.

Aan julle almal wat bietjie gaan rus het, ons vertrou julle het dit geniet. Aan prof Gerryts met die beplanning van die oorsese reis, sterkte - ons hoop dat alles goed sal afloop.

MARIE DE WET

## NUWE AANSTELLINGS

Mev Ilze du Plessis is werksaam by Interbiblioteeklenings

Mnr Fanus Booyens is werksaam by Tydskrifte

## BEDANKINGS

Mej Esmé Kruger het ons geledere verlaat en ŉ pos aanvaar as Assistente met EEG toetse by ŉ neuro-chirurg. Esmé, lekker werk, en beste wense vir die toekoms. Ons sal jou baie mis.

Mev Annemarie Nel van die Musiekbiblioteek verlaat ons om te gaan huisvrou speel. Annemarie, geniet elke oomblik daarvan.

## GELUKWENSE

Mej Neléne Ferreira by Tydskrifte het op die 28ste Junie verloof geraak aan mnr Koos Kotze. Baie geluk Neléne.

Mnr W Duminy het op die 2de Julie ŉ kleindogte ryker geword. Hartlik geluk.

## 6 DE VLAK


DIE MENSE VAN DIE 6de VLAK "HANG UIT"

Het jy dit nou ooit kon dink - verborge talente en dit hier in ons midde:

Annatjie Botes betree die operawêreld van TRUK as ŉ "non" in Tosca! - nouja, liewer geen kommentaar - sy geniet wel die "agter die skerms-spel" terdeë en het vele interessante staaltjies te vertel.

En dan is daar Margie Kotze. Sommer so stil-stil val sy hier uit met haar Noord-Transvaalkleure vir basketbal - kan ons haar nou ŉ Blou Bul noem, of is dit onvanpas vir ŉ dame?

Die 6de Vlak is trots op jou Margie!!





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## K E N N I S G E W I N G

As een van die groot laat-Barokse komponiste was George Friedrich Händel een van die mees onafhanklikes onder sy tydgenote. Hoewel in Duitsland gebore, het hy sy meesterswerke in Engeland geskep, waar hy 1726 Britse burgerskap aangeneem het.

Eers was dit hoofsaaklik die opera toneel, wat hom aangetrek en geïnspireer het. In sy latere lewe het hy hom meer toegespits op orrelwerke, orkes-konserte en oratoria, wat vandag groot gewildheid geniet. Sy groot meesterstukke onder die oratoria soos "Messiah", "Samson", "Joseph", "Belshazzar", "Judas Macchabaus" en "Solomon en Susanna" is tussen 1741 en 1749 geskep.

In 1750 het oogprobleme hom begin belemmer, maar kon hy tog sy laaste groot oratorium "Jephtha" met moeite voltooi. Hierdie oorweldigende werk kom op 31 Augustus tot opvoering ter herdenking van Händel se 300ste verjaarsdag in die Opera van die Staatsteater. 'n Beperkte aantal kaartjies sal by Karin Förtsch by Makro-Ontsluiting beskikbaar wees. Hou die kennisgewingbord in die teekamer dop vir verdere besonderhede.

KARIN FÖRTSCH

### SEKSIE VOORTONTSLUITING
### VOORTGESETTE OPLEIDINGSPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 7 AUG | MEV E LANGKILDE | TITELS:<br>AACR II<br>DOBIS<br>HANDLEIDING<br>HOOFSTUK 8 |
| 14 AUG | MEV H COETZEE | KONFERENSIES |
| 21 AUG | MEV R BOTES | |
| 28 AUG | MEV A GREYLING | |
| 4 SEPT | MEV J WEHNER | UITGAWE<br>UITGEWER<br>REEKSE |
| 11 SEPT | MEJ M BIGGS | FILM: ISBN |

ALLE LESINGS BEGIN OM 10h30

## I N E N O M M E R E N S K Y

5 Augustus 1985 15h00 - 16h00 in die Komiteekamer "Die skryf van 'n artikel".

Spreker: Prof R Zaaiman van UNISA

Op Dinsdag 27 Augustus 1985 om 14h00 - 16h00
Biblioteekkunde-laboratorium:
Voorgesette opleiding aangebied deur die vakbibliotekarisstelsel (Geesteswetenskappe).

Die onderwerp is: "DIE HUWELIK".

VERJAARDAE

AUGUSTUS 1985

2 Mej Andrea Bosman (6de Vlak)
5 Mev Irene Venter (Toonbank)
11 Mev Leza Putter (Tydskrifte)
13 Mev Annatjie Botes (6de Vlak)
13 Dr Tamal Trichardt (5de Vlak)
16 Mev Karin Fortsch (Ontsluiting)
16 Mev Hannie Bezuidenhout (Makro-Ontsluiting)
18 Mej Estrellita Weyers (Beplanning
19 Mnr Paul Erasmus (Bindery)
26 Mej Rita Potgieter (Voorklinies)
28 Mev Riekie Lotz (IBL)
29 Mev Pepsi Nel (Toonbank)
31 Mev Annatjie Greyling (Makro-Ontsluiting)

*Gelukwense....*





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TOTSIENS

Dis soos die woorde in ʼn lied van Laurika Rauch:

Die mense wat ek lief het,
Kom groei op my soos mos,
Daar laat ek hul na hartelus gedy
Dan loop ek deur die wêreld
Beskut teen die koue, die
snoesigheid self.
Ek met my menskombersie.

\- die lied eindig

En as iemand moet weggaan,
dan sit daar ʼn seerplek wat
net nie wil genees nie.



MEJ ESMé KRUGER

Merensky, dankie vir drie mooi jare in my lewe, ek gaan julle mis!

Helen Steiner Rice skryf:

DAAR'S SONSKYN IN 'N GLIMLAG

Die lewe gee altyd
sy sonskyn en reën -
Trane en hartseer,
sy blydskap en seën.
Daar's nooit net sonskyn,
onthou dit is waar:
Na onweer en wolke
is die sonskyn weer daar.
Dus glimlag maar moedig,
wees sterk en wees bly.
Anker in God
en weet Hy's naby.
Want vir elkeen wat glo
met ʼn blymoedig gees
Sal daar altyd versterking
oorwinningskrag wees.
En elkeen wat glimlag
en liefde betoon,
Word ryklik weer self
met ʼn glimlag beloon.
Wat gee aan die lewe
meer sonskyn en prag
As die heerlike glans
van ʼn vriend'like lag?



MEV ANNEMARIE NEL

ESMÉ

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Aug 1985

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

### DIE NUWE EN DIE OUE

Tydens die opleiding van die professionele bibliotekaris word daar as deel van die kursus Historiese Bibliteek- en Inligtingkunde aangebied. In die kursus word die student bewus gemaak van die historiese ontwikkeling van die vak wat hom ook ver terug met die ontwikkeling van papier en boek en die boekdrukkuns en die waardevolle ou boeke laat kennismaak.

Met die ontwikkeling van die tegnologie en die moontlikhede wat dit vir die inligting-verskaffing in die biblioteek bied, het daar ʼn klemverskuiwing plaasgevind - weg van die boek nader aan die rekenaar en sy byprodukte soos bv tydskrifte op band, ensiklopedieë gestoor in ʼn databases, kortom inligting onder ons vingerpunte op die toetsbord van die rekenaareindpunt. Dit is ook goed en reg dat hierdie hulpmiddele gebruik word om die uitdaging van ons tyd nl die regte inligting, op die regte oomblik binne die kortste periode, die hoof te kan bied.

Dit is egter jammer dat ons in die proses iets van ons vroeëre aanvoeling vir en kennis van die boek en veral van die waardevolle ou bronne verloor het. Miskien moet ons net ʼn rukkie stilstaan en kyk na enkele eienskappe wat ʼn boek waardevol en besonders kan maak:

- inhoud - dit kan unieke, (resente of historiese) inligting bevat
- datum van uitgawe - dit kan ʼn eerste uitgawe wees, dit kan voor 1900 of selfs vroeër gepubliseer wees of dit kan meer onlangs die lig gesien het maar ʼn genommerde eksemplaar van ʼn beperkte oplaag wees
- voorkoms - is dit op handgeskepte papier gedruk of in varkleer gebind of ʼn praguitgawe in leer gebind en met goud versier of dit is deur die outeur geteken
- illustrasies - dit kan unieke illustrasies oor ʼn tema deur ʼn beroemde kunstenaar bevat -

Iets van hierdie glorie is in die afkortings in die lys van staanplekkodes wat ons gereeld gebruik, verskuil, soos hierdie enkele voorbeelde self vertel

ZP is die boekery van wyle prof J du Plessis van Stellenbosch en is in 1938 vir £3000 aangekoop - wat o.a. heelwat Africana materiaal bevat het.

ZBUR is die boekery van wyle pres F Brugers wat die biblioteek ook in 1938 ontvang het

JUR is die boekery van wyle dr Aart Juriaanse, ʼn mediese dokter van Ermelo wat waardevolle materiaal o.a. oor die letterkunde en ou reisverhale bevat.

ZBr is ʼn versameling boeke wat deur die jare opgebou is wat almal voor 1880 gepubliseer is.

ZVI is ʼn kode wat nie meer op die lys verskyn nie want die waardevolle boeke van wyle Hoofregter J de Villiers wat ook in 1938 vir bruikleen aan die biblioteek gegee is, is onlangs in die voorraad opgeneem en staan by Regsgeleerdheid.

Dit is waar dat hierdie tipe materiaal nie meer so dikwels aangekoop word en dus nie meer so goed aan ons personeel bekend is nie. Dit kom tog soms voor en veral tussen die geskenke wat ontvang word. ʼn Goeie voorbeeld hiervan is die C T Maberly-skenking wat in die loop van die jaar in die voorraad opgeneem is.

Juis omdat ons die skatte van gister nie so goed ken nie, moet ons versigtig wees met die materiaal wat ons hanteer - by ontvangs van bestelde boeke of geskenke, die inbinding regdeur tot by die uitleen en selfs met rakkontrole moet ons op die uitkyk wees vir die waardevolle materiaal. Netsoos ons bewus moet wees wat die nuwe vir ons kan vermag moet ons ook dit wat die oue kan bied nie miskyk nie.

MEV B LANGKILDE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

SESDE VLAK

OOR SKRYWERS EN BOEKE

GUSTAV S PRELLER

Gustav Schoeman Preller, taalstryder en historikus, is op 4 Oktober 1875 in Pretoria, destyds nog die plaas Klein Schoemansdal, gebore. Hy is oorlede op 6 Oktober 1943, en begrawe op sy plaas Pelindaba naby Pretoria.

Preller het geen volledige skoolonderrig ontvang nie, en was in 'n groot mate outodidak. Aanvanklik werk hy as winkelklerk op Standerton en Pretoria. Op aandrang van sy vader word hy as prokureursklerk by 'n prokureursfirma ingeskryf. Hy tree in diens van die Departement van Mynwese, en maak vinnig vordering. Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog sluit hy aan by die Staatsartillerie, en word ook oorlogskorrespondent vir De Volkstem en De Zoutpansberg Wachter. 'n Paar maande voor die vrede word hy as krygsgevangene na Indië gestuur. By sy terugkeer in Johannesburg, oorreed Eugène Marais hom om redakteur te word van sy koerant Land en Volk. In 1903 word hierdie koerant met De Volksstem verenig, met Preller weer eens in die redaksie. In 1925 word hy redakteur van Ons Vaderland en bly tot 1936 aan hierdie blad verbonde, waarna hy aftree en op sy plaas Pelindaba gaan woon om hom voltyds aan geskiedskrywing te wy.

Preller was nie net 'n uitstekende joernalis nie, ook vir die Afrikaanse taal het hy baie beteken. In 1905 publiseer hy in De Volksstem 'n reeks artikels onder die titel "Laat't ons toch ernst wezen", waarmee hy die stryd vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal in die Noorde, aanknoop. Die artikel was 'n antwoord op Jan Homeyr se vraag : "Is't ons Ernst?" Preller was een van die stigters van die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria (1905), en het ook 'n Afrikaans-Hollandse toneelvereniging op die been gebring. Hy het self toneelstukke in Afrikaans omgewerk, soos Piet s'n tante (1909) en Erasmus s'n erfgename (1914).


In die Afrikaanse letterkunde het Preller ons kritiek vir die eerste keer op die terrein van literêre kritiek gebring. Vir die eerste keer is hier iemand met 'n begrip van sake en 'n eerlikheid van oortuiging, so groot dat hy nie uit chauvinistiese of vriendskapsoorwegings terugdeins om sy mening ferm uit te spreek nie.

Preller het ook enkele verdienstelike gedigte geskryf kort na die Tweede Vryheidsoorlog in De Volksstem, soos "O Land van Sonlig en Sterre", "Dis Môre" en "Hoe Lang?"

Ook prosawerk van betekenis het hy gelewer, veral op die gebied van die kortverhaal: Oorlogsoormag en ander sketse en verhale (1923).

Gustav Preller was die eerste Afrikaanse historikus, en met sy fyn en knap hantering van die taal, het hy werke geskep wat, histories gesien, van groot belang is: Piet Retief (1906); Andries Pretorius (1937); Dagboek van Louis Trichard (1917); Voortrekkermense (ses dele) (1918-1939), e.a.

BRON: Vyftig Afrikaanse Skrywers. Die Africana Pers. 1781.



"What it comes down to is you have to find out what reaction they're looking for, and you give them that reaction."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## V Y F D E   V L A K

### ALLEMANSGOED

Die spreekwoord lui: Allemansgoed is niemandsgoed. Wie ken nie die koppelaar van 'n maatskappymotor nie? Wie het nog nie vir tye aaneen gesoek na die werk se dymo nie? Wat is meer frustrerend as 'n kramdrukker wat gladnie wil werk nie of dan sommer weer drie krammetjies op 'n slag deur die papier druk?

So is dit met allemansgoed - altyd stukkend of stomp, altyd êrens waar niemand weet nie of altyd deurmekaar en ongeorden. Op die aarde sal ons seker altyd beheerpersone nodig hê - iemand wie gevra moet word, een iemand wat die vinger op die pols kan hou. Dit het ons nou gereël vir die een allemansplek in die biblioteek. Die uitstalkamer met al sy voorraad is weer pragtig in orde gebring deur mev Marie Fourie. Die reëling is verder so dat vir alles wat gebruik wil word, in 'n boek uitgeteken word. Die persoon wie se naam daarby staan moet asseblief sorg dat die geleende materiaal in 'n goeie orde terugkom. Bruikbare materiaal wat van 'n uitstalling oorbly, moet netjies teruggepak word. Kaste moet weer in die uitstallokaal terugkom en opgebou word. Dit is om te verhoed dat los dele verlore raak. Dit is nodig dat elkeen wat die fasiliteite gebruik, daarmee moet werk asof dit persoonlike eiendom is.

Baie dankie mev Fourie vir die opruiming. En vir almal wat uitstal : GENIET DIT - uit 'n ordelike uitstalkamer!

THEA HECKROODT

## KULTUUR HISTORIESE INSTITUUT

### DIT KOM VAN VêR AF

Hier by die Kultuurhistoriese Instituut help ons nie net plaaslike gebruikers nie. Mnr Pieter Chiopsco is 'n student aan die Witwatersrandse Universiteit wat besig is met 'n MA verhandeling oor die ou stasiegeboue van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatskappy wat vir die bou van die spoorlyn na Delagoabaai in die vorige eeu, verantwoordelik was. Hy het na Nederland geskryf vir inligting en is daarvandaan terugverwys na ons Instituut toe. Ons was gelukkig in staat daartoe om heelwat inligting aan hom te kon verskaf. Hy is nou 'n gereelde besoeker aan die Instituut se biblioteek.

Mnr P K Albertyn van Somerset-Wes doen navorsing oor tropiese siektes en veral oor skeepsdokters wat met tropiese siektes gemoeid was. Hy stel veral belang in skepe wat vanaf Rotterdam en ander Nederlandse hawens gedurende 1883 deur die pas voltooide Suezkanaal gevaar het. Ons kon aan hom die adres van die Koninklijke Instituut voor de Tropen verskaf asook fotostate van die Koninklijke Navigasie maatskappy se verslae en fotostate van artikels oor die Rotterdam Lloyd Skeepvaartmaatksappy en stukke uit die Maritieme Encyclopedie en Grote Winkler Prins. Hy was baie dankbaar vir hierdie inligting.

### DIE OSSEWA - ENKELE BESKOUINGE

Die ossewa het op ons volkslewe 'n geweldige invloed uitgeoefen. Dit was jare lank die enigste huisvesting waarin eers die grensbewoners en later die Voortrekkers gewoon het. Die ossewa was die siek-, sterf- en slaapkamer van menige Voortrekkers. Op ons taal het dit 'n geweldige invloed uitgeoefen. Ons gebruik vandag nog spreekwoorde en uitdrukkinge wat afgelei is van die ossewa en alles wat daarmee gepaard gegaan het.

Ons praat nog steeds van noustroptrek as dit moeilik gaan. Iets nutteloos of oorbodig is nog altyd 'n vyfde wiel aan die wa. 'n Baie máer persoon is so maer soos 'n riem. Iemand wat orals handig inpas is 'n klein jukskei met 'n groot kop. Iemand wat in die moeilikheid is het sy rieme styfgeloop.

Die woord skof is 'n term wat oorspronklik 'n afstand aangedui het wat per dag met 'n wa en osse afgelê is. Vandag word dit in verskillende betekenisse gebruik "'n Groep flukse werkers is sommer 'n agtermekaarspan. Jy lê rieme neer wanneer jy vinnig weghardloop. As jy moed verloor gooi jy tou op. 'n Flukse persoon is 'n voorslag. Hierdie is maar enkele voorbeelde om aan te dui hoedat ons taal deurdrenk is van uitdrukkings wat uit die Voortrekkertyd dateer.

Behalwe bostaande uitdrukkings en gesegdes word die ossewa en die os besing in verskeie Afrikaanse gedigte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Totius beskryf die os so:-

"Hoe rustig stap hy aan
die edele jukgediert!
hoe waggel hy die kop
met horings swaar gesierd
en stewig vasgestrop

Jan Cilliers praat so van die ossewa:-

"En stille al stuiwend en stampend
kom stadig die wa agterna
die dowwe rooi stowwe al dampend
tersy op die windjie gedra."

Omdat die wa jare lank die enigste vervoermiddel was, word dikwels melding van die wa in piekniek- en volksliedjies gemaak.

"Daar kom die wa
Die vier-perde wa
Hy het nie naam nie
Sy naam moet hy nog kry."

Die probleme van 'n verliefde jonkman word in die volgende woorde beskryf.

"Rooi span osse!
Rooi-wiel wa!
Anderman se osse
Anderman se wa
Anderman se dogter
Is swaar om te vra"

en

"Voor op die wa sit die vaalbaard-pa
Agter in die wa sit die swart-haar ma
Binne in die wa sit die vaalhaar-nooi
Met die buikplankpens
Ag hoe lief het ek die meisiemens!"

In ons volkslewe is ook dikwels gebruik gemaak van die ossewa as simbool. Simbolies stel die wa ons Afrikanernasie voor en die wiele die individuele lede wat die nasie vorm. As die individuele lede rotsvas is sal die wa glad voortbeweeg. Net soos die wa afhanklik is van sy wiele, so is 'n nasie ook afhanklik van sy individuele lede. Die vier wiele is ook 'n simbool van onderlinge verbondenheid. Al vier wiele moet saamwerk so nie is daar geen vooruitgang nie.

'n Baie interessante en belangrike voorwerpie wat gebruik word in verband met die wiel is die luns. Die luns word deur die stootskeen en die as gesteek en verhoed dat die wiel uitval. Al is die wiel en die as nog so stewig gebou, is die wa nutteloos sonder die luns. Sonder die luns gly die wiele uit en die wa stort inmekaar met vrag en al. Simbolies stel die luns getrouheid voor, veral getrouheid aan ideale en lewensbeskouinge. Die luns is die onmisbare en onsigbare band wat individue saamsnoer in een gemeenskap.

Die wa op die wapen van die Universiteit van Pretoria dien as simbool van Transvaal as Voortrekkerprovinsie en ook om aan te dui dat die Universiteit as draer van ons kultuur optree.

Bron: VAN ROOYEN, G H - Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk Deel I: Bloemfontein Nasionale Pers 1938.

Ek hoop ons sal nou met ander oë na ons ossewa in die glaskas voor Merensky kyk.

Groete vanuit die Instituut
JO BREED

## PERSOONLIKE HERINNERINGE UIT DIE OU DAE

### 'N PAAR SKETSE UIT DIE KINDERDAE VAN ONS KOLLEGE

Dis Kersfees-môre (1907) vóór die kerkdeur van die historiese Paarl-kerk na die diens.

Die posmeester deel my terloops mee, dat hy die vorige dag 'n telegram ontvang het van die Koloniale Sekretaris van Transvaal (Genl. Smuts), wat my juiste adres wou weet. Op die 28ste Desember kom daar 'n eiehandig geskrewe brief van die Koloniale Sekretaris (sake was minder styf en formeel in die ou dae), dat hy van plan was om 'n Inrigting, 'n Kollege of so iets) wou begin in Pretoria en iemand nodig het vir skeikunde en aanverwante vakke.

Dis Maandag 10de Februarie 1908 by Kya Rosa, Schoemanstraat. Teenwoordig is die here Purves en Dr Reinink (wat van die T.U.K., Johannesburg oorgeplaas is), Paterson (van die Normaal Kollege) en myself. Daar's geen meubels in die huis nie, om nie te praat van banke of laboratorium-uitrusting nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Toe maar na die meubelhandelaars op instruksies van die waarnemende direkteur van onderwys (Rev. Clarkes) om die allernodigste te bestel, sodat die studente darem nie sal moet staan en aantekenings maak nie, as hulle die volgende dag opdaag.

Maar hoe dan met 'n laboratorium? Antwoord: loop kyk maar of jy by die Hoër Jongenskool op die hoek van Skinner en van der Waltstrate 'n laboratorium kan te leen kry (so goed of so sleg as wat dit destyds toegerus was).

Die ou prinsipaal (Mnr Aicheson) was maar sleg te spreek, daar hy ons beskou het as indringers en self aspirasies had om sy skool, die so genaamde Pretoria College, in 'n Universiteitskollege om te sit. Egter, ek moes maar my gang gaan, het die Direkteur van Onderwys gesê, en die oubaas maar negeer.

Daar ek nie kans gesien het om al die wiskundige en natuurwetenskaplike vakke te behartig, is toe omgesien na iemand om tydelik die wiskunde te neem, en het ek my beperk tot "net" drie vakke: skeikunde, natuurkunde en geologie. Plantkunde, het Dr Veale gesê, was net 'n vak vir skoolmeisies, en Dierkunde was ook te onbelangrik om aandag aan te gee.

Op die -11de het 'n dertigtal studente hulle verskyning gemaak, byna almal Normaliete, en het die Universiteitsklasse, soos dit genoem word, sonder trompetgeskal of plegtigheid van enige aard in alle erns begin.

Om 3.15 nm. vind die eerste lesing in skeikunde plaas in die laboratorium van die Jongensskool voor dertien studente, waaronder J C Faure (nou Prof in Goggakunde), J C Bosman (nou Professor in Opvoedkunde), A I Wagner (lektor in Klassieke, Wits Universiteit), W H Wronsley (bekende Dr in Pretoria), E Swemmer (Hoofonderwyser), E J van Meerten (lektor in Landbou-werktuigkunde), ensovoorts. Woensdag 12de Februarie vind die eerste lesing in Fisika plaas met tien studente, waaronder Gilles de Kock (nou Prof Onderste Poort, en waarnemende Hoof), P W Zorn (later Dr Phil., onlangs oorlede), A Cross (bekende prokureur), H Kuschke (Inspekteur van Skole, O.V.S.) ensovoorts. Die geologiese lesing is geopen met drie studente, later aangegroei tot sewe: Faure, Andrew (later M.A.), Roos, Haak (van Haak's Garage), Engela, Kuschke en Norgarb.

Daar die laboratoriumfasiliteite al te beroerd was, het ek gedurig gewoel om verandering, en is ons toe in die begin van die tweede jaar verhuis na Dr Reinink se ou plek (waar hy sedert 1893 tot 1899 Rektor was), die ou Staatsgimnasium, en in Oktober 1911 na die teenswoordige permanente standplek.

Soos bekend is die "Universiteitsklasse" na enige maande geword die Pretoriase afdeling van die T.U.K., Johannesburg, met 'n gesamelike Senaat. wat op die 30ste Mei 1908 sy eerste vergadering gehou het op Johannesburg.

In 1910 is die twee afdelings in aparte selfstandige Inrigtings opgesplits en het die Pretoriase afdeling die naam T.U.K. behou, wat nou helaas ook tot die verlede behoort.

D du T M

Uit: Studente Forum 1930-31

FINANSIËLE ADMINISTRASIE

'n Artikel in Journal of Library Administration [(1)] herinner my aan die Griekse filosoof Heraclitus (535-475 V.C.) se dictum, naamlik Panta Rei. In Engels lui dit: "Nothing is permanent except change."

Die skrywer sê onder andere, die volgende: "For many years in the 60s and early 70s the supply of money seemed if not without limit at least higher than libraries had ever experienced before. The keywords were growth and expansion! Competition was for size - more books, more people." "The myth of growth as solution to all problems began to wear thin by the mid 70s and now in the 80s words like cutback and priority have replaced growth and comprehensiveness."

1. Murray, S Martin; "Financial planning: Introductory thoughts", Journal of Library Administration 3(3/4): 3-9, 1982.

P FERREIRA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TIKSTERS

As ek gedink het dat my "pajama drill" dae verby is, dan het ek my heeltemal misgis. Deesdae met die skielike weersverandering en die siektes daargee gepaard, is dit net ŉ gedrawwery tussen die kinders se beddens. Die een skreeu vir "nana" (melk) en die ander een "eina". Ons almal sien uit daarna dat die somer nou in al sy glorie sal begin.

Al was daar so baie siektes en ellendes in die afdeling, het ons vanaf April tot Augustus 8375 boeke se rugbeskrywings vervang van rooi op wit, na swart op geel.

As iemand dalk lus is vir ŉ avokadopeer, dan kan hulle net vir Joggie raadpleeg. Met die hulp van Ann en Anneline met hul "landboukennis" is ons boom vinnig besig om te gedy.

Daar het ŉ lig in ons lewe gearriveer. Ons eie "ligtoring". Omdat ons telefone hier op 2de vlak so wydverspreid is kan ons nooit bepaal wie s'n lui nie. Nou is daar ŉ liggie aangebring by elke telefoon en vergemaklik dit almal se taak baie as die liggie flikker by die foon wat lui.

Alida, ek hoop dat jou drome eendag bewaarheid sal word en dat jy al die dinge oorkant die see sal sien wat jou hart begeer.

Maretha, jou tydjie raak kort. Geniet die reëlings vir die troue.

ANNA-MARIE



"It figures. If there's artificial intelligence, there's bound to be some artificial stupidity."

## BUITEMUURS

BLOEMFONTEIN JEUGSAAMTREK VAN DIE NED GEREF KERK

Met Christus op pad na 2000.

Vroeg Vrydag 12 Julie het ons ŉ ysige koue trotseer en gehoor in Bloemfontein wag ŉ nog groter koue vir ons. Dit het glo gesneeu die vorige nag.

Daar aangekom, het ons alles beleef. ŉ Baie groot koue, maar baie warm harte. Om sewe uur was die Callie Humansentrum reeds stampvol. Almal het hartlik saam gesing. Dit was so mooi, dat ek soms net stil gesit en luister het. Dan moes ek telkens vir myself sê: "Jy droom nie. Dit is werklik". So was elke sang geleentheid ŉ belewenis: Hemels!

ŉ Vol program het vir ons gewag. Die Staatspresident, fakkels uit die hele land wat saam ŉ sentrale vlam aangesteek het, verwelkomingsboodskappe, oorhandiging en voorlesing van boodskappe uit elk van die 11 sinodale gebiede. Hier moet ek eers melding maak van ŉ inspirerende boodskap uit Zimbabwe. Hulle het wel genoem dat hulle as Christene baie swaar kry, maar dat daar nog ŉ hoopvolle toekoms in Christus vir hulle voorlê.

Na ŉ inspirerende boodskap deur die Staatspresident, is ŉ "Boodskap aan die Jeug" ŉ Jeugjaar bord nr 1 van die genommerde 1000 en ŉ stel van 6 Jeugjaar bekers oorhandig.

Die naweek verder was baie inspirerend. Woord en sang het Jesus geëer. Inspirerende boodskappe is gelewer. Die hoofboodskap vir my was dat ons altyd moet onthou ons is op ŉ triomftog vir Christus op aarde besig op pad na die jaar 2000. Ons mag nie omkyk na terugslae nie, maar ons moet vorentoe, na bo kyk, na God.

Stilweg, ja, later begeesterd het ek geweet - daar is hoop vir ons jeug in Suid-Afrika op pad na 2000!

JOHAN AVENANT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## S E K S I E  S K E N K I N G S

Wel, vandat ons laas iets van ons laat hoor het, het baie hier in ons afdeling gebeur. Daar het heelwat skenkings ingekom wat ons alweer klaar uitgesorteer het. Dan het ons siekte en verlof hier gehad.

Die afgelope vakansie was ons aldrie met verlof. Erna na Balito waar sy tot haar groot ontsteltenis haar eerste week van haar vakansie in die bed moes deurbring met griep. Gelukkig kon sy die res van haar vakansie ten volle geniet. Laura en haar krose was weg na Oos-Londen en ek na die Wildtuin, waar 'n leeu besluit het om, net nadat ons die deur van die Autovilla agter ons toegetrek het, 'n onaardse brul te laat hoor, net om ons te laat verstaan wie is nou eintlik baas in daardie omgewing!

Dit gaan ook maar kruppel op die stadium van die geveg, want kwinte en kwale het sy greep hier op die drie van ons kom uitoefen. Eerstens het die groot stoeier by name Griep ons kom uitdaag vir 'n geveg en het ons aldrie uitgeklop. Eerstens vir Erna, daarna was ek aan die beurt. Toe word Laura uitgedaag en ook uitgeklop vir 'n paar dae. So, wees gewaarsku teen daardie kalant, hy is gevaarlik!

Hierdie keer groet ons nie uit die stofwolke nie, maar uit 'n stoflose afdeling - ons het die stof uiteindelik oorwin!!

Groet sonder 'n gehoes, -nies en -proes.

CORRIE

## B O E K B E S T E L L I N G S

Here, U weet beter as ek self dat ek ouer word en dat ek eendag oud sal wees.

Help my dat ek nie praatsiek word nie en behoed my veral vir die noodlottige gewoonte om te meen dat ek iets te sê moet hê oor elke onderwerp en by elke geleentheid.

Verlos my van die behoefte om ander mense se sake vir hulle te wil reël.

Hou my gees vry van die relaas van nimmer eindigende besonderhede - gee my vleuels om die kern van 'n saak te stel.

Ek vra genoeg genade om ander mense se siektes en kwale aan te hoor. Help my om met geduld daarna te luister. Maar sluit my lippe as ek oor my eie kwinte en kwale wil begin praat - dit neem toe, en die behae wat ek daarin skep om daaroor uit te wei, word groter soos die jare verbygaan. Leer my die grootste les dat dit tog af en toe moontlik is dat ek my dalk kon vergis het.

Hou my redelik goedgeaard; ek wil nie 'n heilige wees nie - sommige van hulle is so moeilik om mee saam te leef - maar 'n iesegrimmige ou vrou is een van die duiwel se pronkstukke.

Maak my bedagsaam, maar nie buierig nie. Hulpvaardig, maar nie baasspelerig nie. As ek dink aan die skat van wysheid waarook ek beskik, lyk dit vir my jammer dat ek dit nie alles kan gebruik nie - maar U weet, Here, dat ek aan die einde tog 'n paar vriende wil hê.

## G S V

Met die lente so amper om die draai, wil ek graag noual 'n paar ruikers uitdeel. Eerstens aan al ons paneeldames - die aflosmense wat klokslag met vriendelike glimlagte vir ons kan aflos na 'n harde dag se werk in hul eie afdelings - wat met vriendelikheid en gewilligheid by GSV kom oorneem en ons met geruste harte laat huistoe gaan, wetende dat GSV in goeie hande is. Aan julle, baie dankie en wavragte vol blomme. Ons het groot waardering vir julle, en het elkeen van julle lief gekry. Sonder julle kan GSV maar "toemaak". Nog ruikers aan die Toonbank- en IBL-mense wat so gewillig is om in tye van nood hul eie afdelings te verlaat en te kom help. Baie dankie, ons waardeer jul samewerking. Aan Joggie, 'n groot bos rooi rose vir al die tikwerk! Aan Leo, ons nuwe aanwins, hartlik welkom. Ons het jou baie nodig by GSV. Aan Hannetjie, vir alles wat jy my geleer het, baie dankie, en die blomme van jou keuse. Aan mnr Otto - my beste wense op die pad vorentoe. Watter blomme wil u hê? Aan die res van die personeel, vriende en minder bekendes, die mooiste lentewense!

YVONNE VAN WYK



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## " ... THE IMPOSSIBLE TAKES A LITTLE LONGER."

Interlibrary loan is a worthwhile service, but at times does it seem slow? Did you ever wonder what happened to those request forms after they were swallowed by the supplying library? Or why, occasionally, those urgent demands appeared to take longer to fill? Perhaps the patron only had vague information, but how big a problem was that? Let's take a look from the other side of the fence, at the ILL department of a supplying library.

Shirley Mills

In a large scientific library, the initial processing unit of the interlibrary loans department was the first to receive the deluge of requests. These arrived by regular or electronic mail, teletype and telephone, from governments, universities, businesses and individuals, at an average rate of 1,200 per day. (There was incipient hysteria when 2,235 came in once but, fortunately, this was an exception.)

Most forms requested copies of periodical articles, and they were pigeon-holed to receive call numbers, with red-tagged "urgent" ones handled first. Monographs and conference papers were searched for on the computer; those of pre-1977 vintage were then checked in the card catalogue.

Periodical requests were checked in the five-volume book of the library's holdings. Many requests were straightforward and passed through the system easily, having a turnaround time of three days, but there were those requests that dragged their feet.

Abbreviations, misspelled citations, vague information or missing dates slowed the process. If a journal was found which might be the correct one, but there was no cross-reference to the volume number and date, the forms went to the stacks with "please try" written beside the call number. There it was verified if the author or article title matched.

There were those requests that simply could not be filled. A request for Excerpta Medica and a date, for example, left too great a gap to be covered. There are 67 different sections of this periodical, and the form was returned to the sender for more information.

A processing delay could be caused by offbeat information. When an 1879 periodical was requested, but the desired article concerned solar heating, the volume numbers matched by adding 100 years to the publication date. One request appeared to be in code - the correct citation was located by moving over one finger position on the typewriter keys.

Abbreviations, however, provided the biggest challenge. Familiarity sometimes helped, as in the case of "J R Cell Gen. Pr." This was easily translated into The Journal of the Royal College of General Practitioners, and found under "R." Association publications could be listed under the sponsoring body, but there was an equal chance there would be a frustrating "see" reference to transactions, reports, proceedings or memoirs of the group.

Both "rev." and "met" were unpopular short forms. "Rev." could mean review(s), revised, revisions, revista or revue, using the appropriate in, on, of, de, or du. "Met." on the other hand, ran through metabolic, metal(s), metallizer, metallography, metallurgy, plus foreign titles such as Metallgesellschaft, Metallofizika, Metallovedenie, Metallurgia or simply Das Metall.

The shortened citation could backfire though. A request was received for "Res Mech." Resources? Research? Results? No. Res Mechanica.

Sometimes a clue was obtained from other parts of the form. This was especially true with foreign titles where, even without an aptitude for languages, many words could be recognized. For "It. Gr.," the desired article concerned printing and



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

with a quick trip to New Serial Titles, Italia Grafica was located.

Of course, problems were created where none existed. A request for "Mat. Const." proved difficult until it was noted that the form was from Quebec, and the title of the article asked for was in French. "C'était vraiment très facile. Matériaux et constructions."

Titles that were not located then went to the computer. The Dortmunder Bibliotheks-systems, DOBIS for short, listed the holdings in libraries across Canada. It handled cataloguing, acquisitions and circulation, but the ILL department was concerned only with searching. DOBIS is broken into subdivisions for names, titles, ISBN/ISSN numbers, shelflist, etc., and was a very useful tool.

There was much information on DOBIS, but the trick was to find it. The listings were in alphabetical order and appeared with 14 headings per screen. With luck, the correct one was in the second position. The joy of DOBIS, though, was the speed at which an entry could be changed. For "Prod. Prod. Bull.," the words "products, production productivity" combined with "and, &, in" could be juggled easily and The Productivity and Production Bulletin emerged. By pressing the second position key, the record for this entry appeared.

The (brief) record showed a title, author if applicable, volumes, publishing information and call number. When the publication was not held locally, symbols of other libraries were given.

"The NAWDAC Journal" was a minor triumph. No one could even hazard a guess at what was wanted. The initials were glimpsed on DOBIS as part of a title, and by following through to the full record, the sponsoring body was found. The information was fed into the names category, and there it was" "The National Association for Women Deans, Administrators & Counselors, journal."

With the alphabetical listings of entries, other factors had to be considered. Once it was decided whether "Inst." stood for institute(s) or institution(s); the "Soc." was singular, plural or in another language or the ampersand (&) or "and" had been used, the correct preposition was important. Most corporate bodies were "of", "of the", and "for", but there was a sprinkling of "on's" and at least one "against." The latter was Tuberculosis, which made sense as no society would be "for" a disease, but it did make locating it difficult.

Conferences provided their own problems. Straightforward ones such as IEEE (Institute of Electrical and Electronics Engineers), Artificial Intelligence or Ice Conditions in the Beaufort Sea were well catalogued and usually easily found. There were occasions, though, when, for example, the 13th conference was requested and perversely only the 12th, 14th and 15th appeared on the screen. With a call number from one of these, the shelflist came in handy. There the conferences were listed in sequence, includisng the 13th - one of the quirks of cataloguing.

More obscure references proved elusive. There was the question of whether papers were the same as proceedings or if it was preprints that were requested. Was the reference catalogued under the sponsoring body such as the relatively unknown Potato Chip Institute of Norway? Was it to be found as a conference, seminar, meeting, discussion group, workshop or report on? Perhaps the clue was in the key words "Wild Turkey" (seminar) or (the workshop on) "Baby Carrots."

There were occasions when "overdiligence" was unnecessary. A request for "B.A.N.Z. antarctic expedition ..." proved difficult to find. At last it was located, but the smugness was tempered when a line was noticed at the bottom of the form that said, "the initials stand for British, Australian, New Zealand."

One library could not meet every request, but if the correct citation was found it



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

was possible to advise the sender of the other libraries where an item was held. For the problem inquiries, where no amount of manipulation came up with the correct title, the request was passed to other sections of the ILL department where a more in-depth search was undertaken.

There were union lists, reference materials and other data bases to be tried, for no one liked to admit defeat. Unfortunately, there were a few that defied definition, though the percentage was small. Of the more than 24,000 requests received monthly, only about three per cent fell into this category and could not be identified.

Yes, there were frustrations and delays in interlibrary loans, but when an abbreviated, misspelled, vague citation was found, there were satisfactions too.

Shirley Mills is a library technician who recently worked on contract in CISTIs Interlibrary Loan Department. Her article was received Nov. 20 and accepted for publication Feb. 15.

CLJ June 1985 p 61-62

Uit bogenoemde artikel blyk dit dat interbiblioteeklenings dwarsoor die wêreld dieselfde is. Die artikel vanuit Kanada, kon net so wel 'n beskrywing van 'n dag by die Interbiblioteeklenings, Merensky-biblioteek, Suid-Afrika gewees het. Waar hulle egter DOBIS as laaste toevlug gebruik, gebruik ons Sabinet en watter groot hulp is die nie! Ons omkeertyd is natuurlik ook net 24 uur en nie drie dae nie.

'n Mens besef ook weer hoe belangrik die korrekte bibliografiese inligting is. Die spoed waarmee die aanvraag afgehandel kan word, hang daarvan af. Daarom probeer ons by Inter geen aanvrae deur te stuur wat nie bibliografies korrek is nie. Vir die rede word aanvrae soms na gebruikers of na die vakbibliotekarisse teruggestuur. Ons reken dis beter om nou so drie dae te verloor en die regte gegewens te kry as om die aanvraag deur te stuur en na twee weke 'n negatiewe antwoord te ontvang.

D WHEELER
IBL

## V E E A R T S E N Y K U N D E

WAT JOU TROETELDIER VAN JOU VERKLAP!

Of dit nou perde, voëls, skilpaaie of slange is wat jou met liefde vervul, kan jou medemens nou na 'n onlangse studie aflei watter soort mens jy is. Aline Kidd, professor in sielkunde aan Mills College, Oakland, California, het 200 diere-eienaars persoonlikheidstoetse laat aflê. Haar bevindinge het getoon dat elke dier 'n spesifieke soort individu aantrek.

Mans wat perde aanhou (in hierdie studie) was aggressief, dominant en nie eintlik spontaan nie. In teenstelling was dames met perde gemaksugtig en vredeliewend.

Skilpaaie se aanhouers was oor die algemeen hardwerkend, betroubaar, bedagsaam en doelgerig.

Slangliefhebbers was ontspanne, maar ietwat onvoorspelbaar. Hulle hou van nuwigheid en nie van roetine nie.

Mense wat voëls aanhou, was gesellig, hoflik, sorgsaam en tevrede.

Wie weet, dalk word "Watter soort troeteldier hou jy aan?" een van die hoofvrae by die onderhoud van nuwe biblioteekpersoneel!

Van slange gepraat, ons jongste uitstalling handel juis oor dié diersoort. Ongelukkig (?) kan ons nie soos Medies spog met 'n lewendige een by die uitstalling nie, maar 2 (heel lewend) is wel Biblioteek toe gebring vir identifikasie met behulp van die uitstalprente. Diere word wel deur slange gepik en as die eienaar die slang saambring vir identifikasie kan die nodige teengif toegedien word. Ons beste slangnaslaanbronne bestaan uit die pragtige nuwe uitgawe van Fitzsimons' Snakes of Southern Africa en die kleurplakkaat van Transvaalse slange, uitgegee deur die Natuurlewevereniging van Suidelike Afrika. Na die uitstalling sal dit gemonteer word vir permanente uitstal in die Biblioteek. En daar sal ook een vir die ontvangslokaal van 'Buitepasiënte' gemonteer word sodat die slange dadelik daar uitgeken kan word. (Ek en Hein het al begin wonder of ons nie op 'Danger pay' moet aandring nie!)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WHAT TO DO IF A PYTHON SHOULD TRY TO EAT YOU

(with acknowledgements to Walter Rose's book, The reptiles and amphibians of Southern Africa, published in 1962 by Maskew Miller - Editor)


... should any of our readers be attached by a really hungry python, the advice given some years ago in a missionary magazine which secured well-merited publicity may be of value. We therefore give it verbatim, though we have never been quite satisfied about the position of the writer's tongue when he composed it.

"Remember not to run away, the python can move faster. The thing to do is to lie flat on the ground on your back with your feet together, arms to the sides and head well down. The python will then try to push its head under you, experimenting at every possible point. Keep calm, one wriggle and he will get under you, wrap his coils around you and crush you to death. After a time the python will get tired of this and will probably decide to swallow you without the usual preliminaries. He will very likely begin with one of your feet. Keep calm. You must let him swallow your foot. It is quite painless and will take a long time. If you lose your head and struggle he will quickly whip his coils around you. If you keep calm, he will go on swallowing. Wait patiently until he has swallowed about up to your knee. Then carefully take out your knife and insert it into the distended side of his mouth and with a quick rip slit him up."

It all sounds very simple provided the snake does elect to start at the foot end. The "probably" and "very likely" in the above sound rather disquieting. However, the main point appears to be to keep clam and hope that the snake also is acquainted with the correct technique and the rule that a slit mouth stops him from constricting. One must accept the writer's assurance that the leg-swallowing is quite painless, despite the python's formidable teeth and the successive traction on the flesh of the two sides of the maxilla and mandible in swallowing. But supposing one is not carrying a knife?"

Uit: African Wildlife, Volume 38, No 6

ERICA VAN DER WESTHUIZEN



"Why you are right! His eyes are bulging! We call that exophthalmos, and it is seen in hyperthyroidism, retro-orbital abscess and tumor, glaucoma ..."

## MAKRO-ONTSLUITING

Miskien sit sy agter daardie pilaar, of hierdie kas ... nee, ook nie. So middel Augustus moes ŉ mens hard soek om al die daaglikse gesigte by Makro-ontsluiting raak te loop. Dit was behoorlik ŉ leë vlakte hier. Verlof, bywoning van kursusse en siekte het hiertoe bygedra. Die vroeë lentegriep het sy voelers hier by ons kom uitgooi en ŉ paar slagoffers as prooi bed toe gestuur.

Tussen die werkery kry Susan Scholtz en Estelle nog kans om hulle akademies bedrywig te hou. Susan het weekliks praktiese groepwerk met weduwees waar sy oefen om die traumatiese sy van die lewe te hanteer. Estelle het vir ŉ paar weke marathon ure gewerk. In die oggend het die skoolkinders haar "beproef" en saans moes sy ŉ verdere beproewing deurstaan deur nog "naguildiens" te verrig.

Die ooievaar is hard besig om in hierdie Afdeling te werk. ŉ Merensky-tweeling - het dit al in die geskiedenis plaasgevind ...? As taak het die ooievaar om hulle te gaan haal, maar het nog eers ŉ ander bondeltjie om af te lewer.

Aangesien AACRII nog steeds ons "baas" is, is voortgesette opleiding hierin hervat in Augustusmaand. In verroeste geheuens is weer ingegryp en deur nuwe kennis is ons verryk.
ŉ Paar van die ontsluiters het deelgeneem aan die ERID-kursus. Rekenaarsoektogte gegrond op Boolese logika, het ons logika laat werk. Met die regte logika-resep, siedaar, net sommerso en ons het inligting uit Amerika gaan haal.

Groetnis tot die volgende maand.

SHEWKE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# L A N D B O U

In die Vakbibliotekarisstelsel het ons mos nou 'n nuwe speelding: Nuut-Nuwer-Nog Nuwer-Nuutste. Die uitvinder hiervan is Thea Heckroodt met doodveilige "back-up and covering" deur dr Trichardt. Dit kom kortliks neer op die voltooiing van verskillende soorte statistiekvorms. Jou gebruikers word verdeel in Tipes (nie dat hulle dit nie altyd was nie) en jy ken aan hulle Waardes toe (maar nie op die punte waarop jy graag sou wou nie). Vat nou bv Vrydag 27 Junie 1985.

Piet de Kock skakel 26 Junie en sê met 'n diep stem: "Anne, môre is Dagboekstatistiek hoor". Nouja, dit beteken natuurlik jy moet jou doelwitte vir die dag uiteensit, en jy moet van elke minuut se handel en wandel vir dié dag rekenskap gee. Alles skriftelik, op 'n amtelike vorm, natuurlik.

En net hier begin die sports by 'n Takbiblioteek.

Vat nou hierdie einste 27 Junie 1985, by Landbou. Anneline Viljoen het reeds die vorige dag met verlof vertrek en is veilig op pad na Glenmore. Die Varsity sluit 29 Junie en sodoende sal die Biblioteek tog doodstil wees, almal het mos reeds vertrek.

Dis immers logies.

Ek bepaal my doelwitte:

Kantoorruimte netjies maak.
Katalogus verskuif.
Studieruimte skuif en netjies kry.
Tydskrifsirkulasie afhandel.
Interbiblioteeklenings.
Dringende aandag aan die kombuis ens.

So gesê, so gedoen

7h45 : Yskas afgeskakel
7h50 : Plat skoene aangetrek en baadjie uitgetrek
7h55 : Alle tafels in die studielokaal van die mure weggetrek.
Plante uitgedra.
Met twee bodes se krag die katalogus verskuif.
Skoonmaker begin vloere skrop.
Vensters oop, verwarmers af. Alles afstof met 'n nat lap.
Tydskrifte alfabeties gesorteer.

Ai, dit voel goed. Hier gaan vandag dinge gebeur, hoor. Vrydag is mos skropdag in elk geval.

Maar - wat wou! Seminare vir die vakansie!!!

Boeke en boeke uitleen. En ag, hoekom kies 'n mens juis op so 'n dag 7 van sy 10 boeke uit ou voorraad wat nog nie op DOBIS is nie? Lynkodes inplak, vriendelik glimlag (o, aarde, loop die water nie al by die yskas se deur uit nie) Lekker vakansie toewens. En die vrae! Nee, ek gaan nie weg nie. Ja, die biblioteek is oop gedurende vakansie, gewone tye - Nee, ek weet nog nie watter perd ek gaan speel in die July nie - Ja, dankie jy ook - Ja, ek het al in die see geswem in die nag. Nee, nog nie kaal nie (!) Baie dankie, ek sal graag 'n skulpie van die Kaap af wil hê. Nee, dit maak nie saak watter familie nie(?) Gegewens oor wát meneer? O ... (wat die duiwel .... Anneline w-a-a-r is jy tog) Nee, ek is nie weg nie, ek was net gou die yskas. Ja, ek was die yskas. Terwyl jy nou hier is, vat gou bietjie die anderkant van die lessenaar dat ons hom kan draai. Ja dankie jy ook - 'n Resep vir growwe beskuit? Nee, hulle sal nie vries nie, hulle hou van koue. - Nee, ek swot nie meer nie (kind, weet jy hoe oud ek is?) - Hoekom ek alles so rondskuif in die biblioteek? Sodat almal na alles kan soek.

En natuurlik is Nashua die dag skielik vol winde en pyne. Ek kyk, die Gebruiker kyk, Junior kyk, Samuel sê (telefonies): "Nonnie, klap hom 'n bietjie" Niks. Samuel kom wikkel die oudjie 'n slag. Niks. Laat maar die langhaarmannetjie kom wat. En natuurlik wil almal nou juis op die Nashua werk, A3 asb. Die Landboufakulteit se masjien is ook stukkend. Nouja. ..... ENS, ENS, ENS.

Hoe laat is dit? Vier uur. Nog 30 minute dan is die dag ook verby. Nou eers bietjie sit. Agge nee! Agge nee!! Statistiekvorm!!!

Doelwitte Maandag 1 Julie 1985:

1. Probeer 'n statistiekvorm voltooi vir Vrydag 27 Junie 1985
2. Probeer tydskrifsirkulasie ......

Grote tot volgende keer.

ANNE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# *Gelukwense....*



SEPTEMBER

3 Mnr Dirk Bezuidenhout (Regte)
7 Mev Annatjie Myburgh (Alg Admin)
9 Mej Diana Minnaar (6de Vlak)
10 Mev Irma van Wyk (IBL)
15 Mnr Dawie Hughes (Bindery)
18 Mej Katrien Blomme (Tydskrifte)
19 Mej Sophia Moller (Medies)
20 Mev Anita Rossouw (Musiek)
Mnr Willie Porter (Bindery)
23 Mnr Neels du Plessis (Kelder)
Mev Annemarie Pienaar (Tiksters)
25 Mev Denise Wheeler (IBL)
27 Mev Erna van der Westhuizen (Veeartsenykunde)
Mev R Viviers (4de Vlak)
28 Mev Laura Pienaar (Skenkings)

## IN EN OM MERENSKY .....

Op Dinsdag 24 September 1985 om 14h00 - 16h00 in die Biblioteekkunde Laboratorium: Voortgesette opleiding aangebied deur die Vakbibliotekarisstelsel (Geesteswetenskappe). Die onderwerp is: "Aborsie en Genadedood."

## GELUKWENSE

Nelene Ferreira het Noord-Transvaal kleure in gimnastiek verwerf. Baie geluk!

## FINANSIëLE ADMINISTRASIE

Was my verbasing nie groot toe ek oorgeplaas word na Finansiële Administrasie nie. My pos behels nog steeds om af te los by Alg Administrasie, dus is ek nou deel van altwee afdelings.

Daar is nie 'n beter deuntjie vir hierdie Afdeling nie, nl.:

"Money in the morning
Money in the evening
Money at supper time
...........etc.

Die take hier behels 'n wye verskeidenheid, o.a. die balanseer van geld van fotostate vir toonbank, Africana, GSV, KHI, Landboubiblioteek ens. Oorsese firmas word in kennis gestel van fakture wat deurgestuur is vir betaling. Kodering van syfers word gedoen ens. ens. Dit is werklik 'n baie interessante afdeling - en soos die Engelse spreekwoord sê: "There is never a dull moment".

Die telefoon lui aanhoudend, dan is dit iemand se lig wat flikker, of die hitte is te ondraaglik, (of soms is dit te koud), of soek asseblief 'n bode, of Gideon word dringend benodig. Dan hardloop Gideon heen en weer en ons hou die fort.

Frea is altyd besig met haar SANSO, ek sien dit behels baie syfertjies en optel en soms 'n sug! Van die ander dingetjies sal ek seker nog later leer.

Meneer Ferreira is altyd ewe geduldig om sy werk te doen en om duisende vrae wat daagliks aan hom gestel word, te beantwoord. Ek waardeer so 'n rustige hoof baie, asook Frea en Gideon wat altyd gewillig is om met alles mee te help.

Joggie hou my lagspiere aan die gang met haar pittighede anderkant die avokadopeerboom. Mag haar boom mooi in die lente uitspruit en mag dit 'n mooi en gelukkige lente vir almal in die biblioteek wees en mag die mooi lente tot 'n vol somer uitloop.
Groete

DORIS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Interdepartementele skrywe 2 - 8 - 85 19

VAN: Rita Kadenhoot AAN: Erna, Laura en Connie

Erna, Laura en Bettie -

Ek wou al lankal hierdie briefie skryf om vir julle te sê dankie vir die manier waarop julle die geskenke-afdeling reggekry het en alles so mooi organiseer. Veral 2 dinge wil ek spesiaal noem: - dat julle reël dat boeke eers 'n bietjie skoongemaak of afgestof word voordat ons daarmee moet werk & ook dat sekere boeke vinnig kan deurgaan as ons dit vra.

Baie dankie julle! Rita

Dankie vir die Dankie
Erna, Laura en Connie

LAAT BERIG

BINNELANDSE TELEGRAM
INLAND TELEGRAM

BEDRAG/AMOUNT ........ No. ........

| Rekeningno./Account no. | Woorde Words | Landkode Cntry.cde. | Sp | Dienskode Srvce. cde. | Bedrag/Cost | Aangeslaan Assessed | Gekontroleer Checked | Ingeskryf Entered | Oorgesend Sent |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | R1 05945 c | | | | |

| Klas Class | Kantoor van herkoms/Office of origin | Woorde Words | Datum Date | Tyd Time | Diensinstruksies Service instructions |
|---|---|---|---|---|---|
| A | WASHINGTON | 59 | 16-8-85 | 16h05 | EXPRESS ! |

| AAN TO | Tarief Rate | BLOKLETTERS/BLOCK LETTERS |
|---|---|---|
| | | H. A. ENSLIN ONDERSTEPOORT |

LIEWE HEIN EN KITTY STOP BAIE BLY OM TE Sê DAT MY WERK IN AMERIKA BYNA AFGEHANDEL IS STOP HOOP OM OOR AGT MAANDE TERUG TE WEES IN DIE REPUBLIEK STOP BRING DAN JULLE TROUGESKENK SAAM STOP BLY OM TE HOOR VAN JULLE BETROKKENHEID IN SO PRAGTIGE GEMEENTE STOP BAIE GROETE EN LIEFDE STOP

JULLE OOM - OOM OOIEVAAR STOP

VAN
FROM

Moenie oorgesend word nie. / Not to be transmitted.

Handtekening van afsender / Signature of sender ........

Naam in blokletters / Name in block letters O. O. IEVAAR

Adres / Address WASHINGTON

Telefoonnommer (as daar is) / Telephone number (if any) ........

L.W.—Die Departement is nie vir verliese weens die onjuiste oorsending, vertraging of nie-aflewering van telegramme aanspreeklik nie. Onduidelike skrif kan vertraging en onjuiste oorsending veroorsaak.

N.B.— The Department is not liable for losses owing to incorrect transmission, delay or non-delivery of telegrams. Indistinct writing can cause delays and incorrect transmission.

(07865—80—25000—500) R.P.W.

T20



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# A A N S T E L L I N G S



MEV ILSE DU PLESSIS




MNR FANUS BOOYSEN



MEV MALA MOUTON



MEJ GERDA PRETORIUS



MNR LEO DU TOIT

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Sept. 1985

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## EERSTE Sê

### Biblioteekdienste aan die gemeenskap

Die standpunt van die Departement van Nasionale Opvoeding in sy SANSO-verslag no 110 is dat universiteite drie basiese doelstellings het, tewete onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens (2, p 3-5). Die standpunt is verder dat eersgenoemde twee doelstellings in 'n mindere of meerdere mate tot gemeenskapdiens bydra, het sy globaal gesien in terme van bydraes lewer tot 'n nasionale kultuur en esprit de corps, of in 'n erger sin, tewete dienslewering aan 'n spesifieke gemeenskap. (2, p 5)

Universiteitsaktiwiteite wat as gemeenskapsdienste gereken kan word (en wat ter wille van SANSO-doeleindes as 'n "Public Services Programme gereken kan word) is volgens SANSO 002" ... those activities earnied out to make available to the public the various unique resources and capabilities of the institution for the specific purpose of responding to a community need or solving a community problem. Included in this programme are the provision of institutional facilities as well as those services of the staff that are made available outside the context of the institution regular instruction and research programmes" (1, p 15)

Voorbeelde van aktiwiteite wat deur SANSO 002 as deel van 'n "public services programme" gereken word, is:

- Kontraknavorsing
- Uitbreidingsdienste, soos konsultasie- en adviesdienste, verhuring van konsertsale, sportfasiliteite, en rekenaar fasiliteite.
- Gemeenskapsdiens. Aktiwiteite hieronder sluit in: Konserte, opvoerings, uitstallings, en ander aktiwiteite wat gewoonlik deur die universiteit self geborg en beheer word, in teenstelling met kontraknavorsing en uitbreidingsdienste wat normaalweg onderhewig is aan eksterne finansiering en beheer.

SANSO 002 en 110 verwys nêrens in hulle behandeling van die "Public Service Program" spesifiek na biblioteekdienste nie. Nietemin blyk dit uit SANSO 002 se uiteensetting van die akademiese ondersteuningsdienste waarby universiteitsbiblioteke ingereken is, dat 'n akademiese ondersteuningsdiens ook ondersteuning aan gemeenskapdienste-programme kan gee:

> "The Academic Support Programme includes all those activities carried out in direct support of one or more of the three primary programmes (Instruction, Research, Public Service) " (1, p 18) (Kursivering in aangehaalde teks).
>
> en
>
> The Library Services Subprogramme "includes those activities that directly support the collection, cataloguing, storage, and distribution of published materials in support of one or more of the institution's primary programmes." (1, p 18)

Uit die voorafgaande aanhalings blyk dit duidelik dat universiteitsbiblioteke, volgens SANSO-riglyne, 'n ondersteunende rol kan hê ten opsigte van 'n universiteit se gemeenskapsdiensprogramme. Met ander woorde, soos wat 'n universiteitsbiblioteek direkte ondersteuning bied aan onderrig- en navorsingsprogramme deur middel van die beskikbaarstelling van voorraad en dienste aan diegene wat met daardie programme gemoeid, netso kan die biblioteek ook sy voorraad en dienste beskikbaar stel aan diegene wat met gemeenskapsdiensprogramme gemoeid is.

Benewens bogenoemde ondersteunende rol met betrekking tot gemeenskapsdiens, wil dit uit SANSO se verduideliking van die Public Service Programme voorkom asof universiteitsbiblioteke ook regstreeks aan "Public Service Programmes" sou kon deelhê. Hierdie afleiding word gemaak deurdat SANSO 002 in sy verdudeliking van die "Public Service Programme" nie voorskriftelik is ten opsigte van watter departemente, afdelings, institute, ensovoorts aan daardie program mag deel hê nie.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die kriteria vir deelname aan gemeenskapsdiensprogramme blyk dus nie organisatories- of struktuurgebonde te wees nie, maar wel dat die universiteit (of enige van sy afdelings) wat gemeenskapsdiens wel onderneem oor die unieke kundigheid en vermoëns moet beskik om in ꞌn bepaalde gemeenskapsbehoefte te voorsien of ꞌn bepaalde gemeenskapsprobleem op te los. (ꞌn Verdere kriterium blyk te wees dat ꞌn afdeling (byvoorbeeld ꞌn universiteitsbiblioteek) wat gemeenskapsdiens wil onderneem nie die fondse wat universiteite via SANSO se subsidieformule ontvang, van gemeenskapsdiensprogramme mag aanwend nie. Volgens SANSO 110 is gemeenskapsdiensprogramme nie subsidieerbaar nie, aangesien die voordele wat sodanige dienste meebring, normaalweg regstreeks deur die ontvangers van die dienste benut word, en daaraan deur die ontvangers self betaal behoort te word. (1, p 18) In hierdie verband is dit ook SANSO 110 se standpunt dat gemeenskapsdiensprogramme gewoonweg volgens markprys aangebied word, dit wil sê, ten volle koste-verhalend.

SANSO 110 erken egter dat pryse van sommige gemeenskapsdienste, byvoorbeeld dienste op die gebied van die visuele en uitvoerende kunste, nie altyd genoegsame fondse kan genereer om kostes ten volle te verhaal nie. Dit is nietemin SANSO 110 se mening dat sodanige tekorte nie via die universiteitsubsidieformule verhaal moet word nie, maar van ander instellings verhaal moet word, wat spesifiek vir dié doel daargestel is (1, p 18).

Hoewel SANSO 002 noem dat aktiwiteite in die kategorie "gemeenskapsdiens" van Public Service Programme gratis kan wees, is dit nie ꞌn teenstrydigheid met SANSO 110 se uitsprake nie. Dit beteken net dat gratis dienste nie moontlik gemaak moet word met fondse wat via die SANSO-subsidieformule ontvang word nie. Gratis dienste kan deur universiteite uit ander fondse geborg word.

Samevattend kan gesê word dat daar binne SANSO-norme wel ruimte en regverdiging is vir die lewering van universiteitsbiblioteekdienste aan die gemeenskap. Genoemde norme verwag egter dat dit unieke kundigheid en dienste moet wees wat gelewer word, dat dit in reaksie sal wees of bepaalde gemeenskapsbehoeftes of -probleme. Dit verwag verder dat waar biblioteekdienste aan die gemeenskap grens aan kontraknavorsing of uitbreidingsdienste, dit sover moontlik koste-verhalend moet wees. en waar dit in terme van SANSO 002 "gemeenskapsdiens" is, dit uit fondse anders as owerheidssubsidies moet kom.

ADRIAAN SWANEPOEL

Verwysings


1. SOUTH AFRICA (Republic). Department of National Education. Macro Education Policy Directorate.

   South African Post-Secondary Education Programme Classification Structure Manual.
   Pretoria: The Department, May 1982.
   (SAPSE-002)

2. SOUTH AFRICA (Republic). Department of National Education. Macro Education Policy Directorate. An investigation of government financing of universities.
   Pretoria: The Department, August 1982.
   (SAPSE-110)


## MUSIEK

Na byna twee-en-ꞌn-halwe maand se "eensame afsondering" in die Musiekbiblioteek, het ꞌn nuwe assistente in die persoon van mev Wilna Marais haar by my aangesluit. Ek wil haar graag langs hierdie weg welkom heet en haar by voorbaat bedank vir die lekker samewerking - wat trouens reeds vanaf die eerste dag manifesteer - tussen ons. Mag jou verbintenis by die Merensky baie aangenaam wees, Wilna. Ek wil ook graag my dank uitspreek teenoor al die dames wat in die afgelope tyd so gereeld en getrou my kom aflos het. Julle hulp word baie hoog op prys gestel.

ANITA ROSSOUW



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TEGNOLOGIESE DAGBOEK

1900 - Die skuifspeld word gepatenteer.
1901 - Die eerste elektriese tikmasjien - die "Blickensderfer Electric" word ontwerp.
1902 - Frank Clark patenteer die eerste outomatiese teemaak-masjien.
1903 - K C Gilette ontwerp die moderne skeermeslemmetjie.
1906 - Permanente haargolwing verseker natuurlike krul.
1908 - Die warmbrak ("hotdog") kry sy naam.
- Die bekende Model T Ford motor kom op die mark.
1911 - Die middel van die pad word met ŉ wit streep aangedui.
1913 - Die ritssluiter ("zip") word vervolmaak.
1916 - Die eerste verkeersveiligheids-veldtog in London.
1920 - Die parfuum Chanel no 5 word bekendgestel.
1926 - "Anti-freeze" vir die verkoelers van motors.
1928 - Penicillin word deur Fleming ontdek.
- Rice Krispies word deur Kellogg's bemark en ŉ hele geslag se eetgewoontes word verander.
1929 - Haarkleuring tuis word moontlik 10 skakerings om van te kies.
1934 - Die speletjie Monopoly bring verligting in die Depressie.
1937 - Die eerste fotokopieerder word bekendgestel.
1945 - Die Tupperware Maatskappy word gestig.
1956 - FORTRAN programmeringstaal word ontwikkel.
1961 - Yuri Gagarin bring 1 uur 48 min in die ruimte deur en voltooi 1 omwenteling om die aarde in die VOSTOK 1.

1967 - Louis Washkansky ondergaan die eerste hartoorplanting.
1969 - Op 20 Julie betree Neil Amstrong die maan.
1978 - Louise Brown, die wêreld se eerste proefbuisbaba word gebore.
1981 - Rubik se speelblokkie frustreer en fassineer die mensdom.
1983 - 1990 ŉ Chemiese middel GK-101 vervang die gevreesde boor in die tandarts se spreekkamer.
1991 - 1995 90% van alle gesinne in Amerika en Engeland sal ten minste 1 tuisrekenaar besit.
1996 - 2000 ŉ Vliegtuig die "Century Airplane" sal 1500 passasiers kan vervoer.

ŉ Nuwe trein sal plus minus 1 900 km/h kan bereik.

2000 ???

Bron: The timetable of technology - Joseph Michael

Watter rol gaan die biblioteek in die jaar 2000 speel?

## VOORKLINIES

Met so ŉ baas
Wie is Klaas
Sy blaas en blaas
Maar nooit g'n raas

Met gebruikers ferm maar bedees
Sy werk soos ŉ bees
Net bene bly oor van die vlees
Wie kan dit wees?

Groete

'N KLASIE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MAKRO-ONTSLUITING

Literary achievements abound and are well recorded. Seldom, however, does one read about interesting cases of non-achievements or spectacular failures on the literary front.

Take for example the case of "The most unseccessful version of the Bible": The most exciting version of the Bible was printed in 1631 by Robert Barker and Martin Lucas, the King's printers at London. It contained several mistakes but one was inspired - the word 'not' was omitted from the Seventh Commandment and enjoined its readers, on the highest authority, to commit adultery. Fearing the popularity with which this might be received in remote country districts, King Charles I called all 1 000 copies back in and fined the printers £ 3 000!

Another non-achievement was that of the "slowest selling book."

No author has ever equalled the record-breaking effort of David Wilkins whose translation of the New Testament from Coptic into Latin was published by the Oxford University Press in 1716. When it went out of print in 1907 it had sold only 191 copies. This represents one copy every 139 days or about two and a half a year!

Every library has a problem with overdue books. The worst case ever recorded was a copy of Dr J Currie's FEBRILE DISEASES.

It was taken out of the University of Cincinnati Medical Library in 1823 by Mr M Dodd and returned on 7 December 1968 by his great-grandson. In the intervening period it had accrued a fine estimated at 2 646 dollars (then £ 1 102)!

BRON: PILE, Stephen; The book of heroic failures; Futura Publ., 1980.

"Oh, joy! to see the Library staff perpetually jogging,
And to see the cataloger in the act of cataloging."

## MAKRO-ONTSLUITING SE LAAGTEPUNT

Dit gebeur nie aldag nie dat 'n afdeling in sy werksaamhede 'n laagtepunt bereik en dan nog boonop baie trots is daarop. Makro-Ontsluiting is besig om die afgelope tyd so 'n laagtepunt te bereik deurdat ons die agterstand, waarmee ons al sedert die oorskakeling op DOBIS te kampe het, so te sê heeltemal weggewerk het.

As ons na die statistiek van ons verlede kyk, is dit maar 'n taamlike donker, prentjie. Vir die kwartaal April-Junie 1980 (ons het in Junie 1980 oorgeskakel na Dobis) was die agterstand 5665 bande. In die Januarie-Maart 1981 kwartaal was dit 7760 bande, maar dit is die volgende drie maande-tydperk afgewerk na 5625 bande. Die meegaande grafiek wys die stand van die agterstand kwartaalliks. Vakansietye het altyd 'n negatiewe invloed op die statistiek gehad maar ons kon tog sedertdien daarin slaag om die agterstand te laat krimp, ook ten spyte van die feit dat ons personeel verminder het.

Die agterstand, of dan nou liewer die laagtepunt, sal egter nooit werklik op nul te staan kom nie omdat daar tog nog steeds nuwe bande inkom, hoe min ook al. Die feit dat daar in Maart vanjaar besluit is om weens die swak toestand van die Rand teenoor ander geldeenhede, veral die Dollar en die Pond, nie meer nuwe boeke te bestel nie, het natuurlik daartoe bygedra dat ons in die maande daarna die agterstand kon afwerk.


Op die oomblik ontsluit die afdeling, saam met die 334 bande wat ons jongste agterstandsyfer ten opsigte van nuwe bande is, ook geskenke wat vanaf Geskenke-afdeling deurkom. Tot dusver is 380 bande in Junie, 525 bande in Julie en 518 bande in Augustus afgehandel, 'n totaal van 1423 geskenke. Ander normale verpligtinge, soos die ontsluiting van tesisse, mikrovorme, OV-materiaal en ander take gaan natuurlik ook voort.

Ons verwag dat daar weer vanaf Oktober nuwe bande ontvang sal word, maar ons sal dit vinnig kan afhandel. Ons het tans volle vertroue en ook die ideaal dat ons nie gou weer so 'n reuse agterstand sal hê nie. Ons wil bly by ons laagtepunt!

Miemie Vink



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## RESEP VIR DIE LEWE

Die lewe is so gejaagd vandag dat daar nie tyd is om jou te bekommer oor dinge wat in die verlede gebeur het of nog in die toekoms kan gebeur nie. Omdat 'n mens te besig is het jy ook nie veel tyd, liefde of geduld vir jou medemens oor nie. Vandag is daar soveel haat en nyd oral in die wêreld. Daar is rampe, oorstromings, droogtes, brande, ongelukke, skakings, kapings, terrorisme, oorlog, haat, moord, doodslag, diefstal en alles wat onder rampe resorteer in die wêreld teenwoordig. En tog is daar dinge wat baie belangriker is as al die lelike dinge in die wêreld. Daar is soveel mooi dat 'n mens die lelike dinge wil vergeet en net die mooi raaksien.

'n Mens se lewe is net 'n sekere aantal jare lank, hoe lank kan nie een van ons sê nie. Daarom moet ons soveel as moontlik daarvan geniet en hoe kan 'n mens daardie kort tydjie in 'n mens se lewe geniet as jy nie gelukkig is nie. Almal van ons kry maar sy af-dae, dit is heel natuurlik in vandag se lewe. Baie mense is humeurig, buierig, kwaad, ongeskik, onbedagsaam, ontaktvol, en soms sommer net lelik. Ons moet altyd probeer om die goeie dinge in die lewe na te streef al gaan dit soms baie moeilik. Geen probleem is so groot dat dit nie opgelos kan word nie. Daarvoor is daar altyd krag en hulp van Bo.

As 'n mens die dag nie baie lekker voel nie, of met die verkeerde voet uit die bed uit opgestaan het of sommer net kwaad is moet 'n mens jouself dwing om aan die volgende dinge diep en aandagtig te dink;

liefde vir die lewe en mense om jou; vreugde in die lewe; vrede; verdraagsaamheid teenoor ons medemens; vriendelikheid en minsaamheid; saggeaardheid; selfbeheersing; geloof en nederigheid is die hele resep waaruit 'n mens se lewe bestaan en indien 'n mens kwaad wil word vir iemand, begin net om diep daaroor te dink. Die lewe sal dan sommer weer beter lyk en 'n mens kry dan sommer lus om berge te versit.

TIKSTERS
Alida Murray

## Duplikate O, Duplikate!!

Wat my kruisbande heeltemal pap maak (mev Langkilde se gesegde) in ons werk om tydskrifte op te skryf, is die liewe DUPLIKATE. Ek probeer myself elke dag dissiplineer om dit te aanvaar as deel van die opset, maar elke keer as ek 'n duplikaat ontvang, styg my boeddruk oor die honderd. (Die kinders sê mos hulle soek 'n ding oor 'n honderd - wel ek soek 'n duplikaat beslis nie oor die honderd nie - miskien is die gesegde reeds verouderd. Ek weet nie).

Duplikate het 'n wye verskeidenheid oorsake. Nommers wat ontbreek en gereeld geeïs word is 'n groot oorsaak. 'n Mens moet betyds 'n ontbrekende uitgawe eis anders laat die uitgewer net weet dat die eis ongeldig is. Miskien was daar 'n vertraging met versending en 'n paar weke na jou eis ontvang jy die ontbrekende nommer. Drie of vier maande later of selfs langer kom die nommer wat geeïs is en siedaar 'n duplikaat.

Gratis publikasies kom soms in halfdosyne. Die uitgewer meen seker hier is so baie studente dat ons sommer vir elkeeen 'n koerantjie in die hand kan stop.

Ander uitgewers is weer so gaaf om sommer twee tydskrifte vir die prys van een te stuur. En as daar 'n nommer ontbreek, skitter die duplikaat gewoonlik ook in sy afwesigheid.

Duplikate is 'n baie delikate probleem, maar die duplikaatrak het al menige keer 'n groot probleem opgelos. Dus, maak vrede met duplikate (niemand anders het so 'n wrok teenoor duplikate nie) al sou 'n mens graag wou hê dat alle nommers altyd betyds ontvang word sodat daar geen "ontbrekendes" is nie en ook geen duplikate nie. Maar nouja, niemand is volmaak nie en ons lewe in 'n gebroke wêreld waar niks volmaak is nie. Ons moet maar met die gebrokenheid, ontbrekendes en duplikate saamleef tot ons die volmaaktheid eendag sal bereik.

HETTA MALAN



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## STAATMAKER-AMPTENARE

Die onderstaande is 'n paar uittreksels uit 'n artikel wat op 6 September 1985 in die PRETORIA NEWS verskyn het:

If you think all government departments are content with the universal public service image of inefficiency, rudeness, slowness and a variety of other sins tied together with the proverbial red tape, consider the following leader that appeared in the staff magazine of the Home Affairs Department.

In light vein, the magazine told the department's officials to leave their Sloppy Joes, boop-tjoops, minis, punk hairstyles, chains and headbands at home, not only because such comtemporary styles of dress do not comply with the regulations, but because they were detrimental to the department's image.

On a more serious level, the magazine spent more than a dozen pages on suggestions for weeding out the habits at the root of bureaucracy's bad image.

As unacceptable as certain styles of dressing, the magazine says, are sour early morning faces, rude behaviour either from behind the counter or over the telephone, disorganised offices and the delicate art of spooning.

The department's image mainly depends on what its officials project to the outside world, the magazine says.

Not to mention some officials who don't identify themselves properly when answering a call, but merely bark an unmannerly "yes!," secretaries who ask people to hang on for their bosses but don't come back to them, or officials too lazy to obtain information asked for by telephone or to put the caller through to the correct department.

Correct public service telephone manners, according to the magazine, includes not only courtesy, but also effective service by providing the correct information, refraining from promises that can't be kept and channelling calls to the corect places.

An official, according to the pamphlet, can promote the image of his department by giving a client his full attention, instead of nattering over the telephone or with a colleague.

An official does not smoke or chew gum on duty.


An official greets his client in a friendly manner, looks him in the eye and explains fully why he has to leave the counter - instead of disappearing without a word.

And a public official, according to the pamphlet, listens calmly to complaints from a member of the public, tries his best to rectify a wrong and apologises on his department's behalf when complaints are justified, even if he personally was not responsible.

On the subject of attitudes, the magazine tells Home Affairs Officials:

Crawlers, yes-men, officials who don't have enough self-confidence to express an opinion, and gossips are not acceptable.

Comradeship, a team spirit, higher productivity and greater efficiency, on the other hand, are important components of the department's image.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKONTVANGSTE

Ons het weereens gedurende Augustusmaand agtergekom dat dit wonderlik is om ware vriende te hê!

Ek het dit self ondervind toe ek tuis was na my operasie. Ek was afwesig vir sewe-en-dertig dae.

Die dames by ons afdeling het my een Vrydag verras met 'n besoek. Ons het baie lekker gesels en ek het sommer stukke beter gevoel om al die bekende gesigte weer te sien.

Ek het ook die pragtigste pienk ruiker ontvang van almal hier by Merensky. My innige dank dan ook aan u almal. U kan nie dink hoe baie dit my opgebeur het nie - daarom wil ek graag die volgende gebed opdra aan al my kollegas:

VRIENDE

Here Jesus
Ek wil my vriende na U bring vanoggend
Dankie vir die voorreg om vriende te kan hê
dankie vir saamgesels, saamkuier, saamstem, gedagtes wissel
dankie dat ons ook as vriende in liefde van mekaar kan verskil
Dankie dat ek 'n vriend vir ander kan wees
Help my om in my vriendskappe 'n voorbeeld vir my vriende te wees
om altyd bereid te wees om vir hulle tyd in te ruim
om 'n fyn aanvoeling te hê vir hulle behoeftes
om altyd met opregte belangstelling na hulle te luister
om hulle lief te hê ten spyte van hulle gebreke
om hulle te vergewe, die kere wanneer hulle my te na kom
Help my om hulle van U te vertel
en elke dag so te lewe dat hulle vir U in my lewe kan raaksien.

Maak my ook bereid om vir daardie mense tot wie ek nie
onmiddellik aangetrokke voel nie, 'n vriend te wees
Want U beveel my in U Woord om my naaste lief te hê soos myself
Dankie dat U my heel beste Vriend is
dat ek my lewe in U hande kan toevertrou
dat U my so liefgehad het, dat U gewillig was om U lewe
vir my af te lê
Maak my so 'n vriend vir ander
soos wat U vir my is
Dankie Here dat ek ook U vriend kan wees
dat ek dag vir dag met U kan wandel
oomblik vir oomblik met U kan praat
in my binnekamer met U gemeenskap kan hou
Dankie dat U vriendskap vir my vrede verseker
en goeie dinge oor my laat kom
Help my om dit te besef
dat ek slegs U vriend kan wees as ek die dinge doen wat
U my beveel
Help my om in U te bly
soos die loot in die wingerdstok
Vorm my soos U my wil hê
soos die pottebakker met die klei doen
Maak my te alle tye bereid om u gebooie te gehoorsaam
en uit U mond onderrig aan te neem
want slegs dan
sal ek 'n ware vriend vir een van my vriende kan wees

Amen

(geneem uit "'n Sirkel rondom my" van NINA SMIT)

DINA TERBLANCHE

## GEDAGTE VAN DIE MAAND

It is not so true that "prayer changes things" as that prayer changes <u>me</u> and I change things

OSWALD CHAMBERS





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## B U I T E M U U R S

Op ekonomiese gebied gaan dit tans moeilik in ons land. Elkeen voel dit aan sy eie lyf en ons sien dit daagliks in die koerante en op die televisie. Sodoende raak 'n mens verblind vir dit wat nog mooi en goed is rondom ons: die fris lentegeur van blomme ruik ons nie eers nie, die heldergroen blare merk ons nie op nie, want ons hele bestaan is deurdrenk met dit wat lelik is.

Tõg vra die Bybel dat ons in alle omstandighede dankbaar sal wees, want dit is wat God in Christus Jesus van ons verwag (1 Tess. 5: 18). Dit sluit seker ook in dat dankbaarheid betuig en betoon sal word vir dit wat goed en mooi en reg is. Daarom sou 'n mens verwag dat daar oorvloedige waardering betuig moet word vir al die goeie en korrekte dinge wat in die gemeenskap gedoen word - deur die kerk, die owerheid, maatskaplike instellinge en organisasies ensovoorts.


Tog tref dit 'n mens hoe daar in korrespondensie in koerante en tydskrifte by vergaderings en konferensies gewoonlik baie meer fout gevind en kritiek uitgespreek word as wat daar dank betuig word. 'n Mens kry soms die indruk dat daar oneindig méér verkeerd en kwaad in die gemeenskap gedoen word as goed, en dat die meeste mense se oë slegs oop is om die verkeerde verskynsels raak te sien en nie ook die regte en goeie dinge nie. Van dank en waardering is daar gewoonlik weinig sprake. Om slegs die oë op swakhede te rig en nooit 'n goeie woord vir verdienstelike dinge te hê nie, is nie net eensydig nie, maar ook in stryd met die gesindheid wat by die mens behoort te wees. Deur waardering vir dit wat mooi is, word die las van swaarkry ook ligter en waardeer mens dit as die son weer skyn, die voëltjies fluit en die lenteprag om bewondering en waardering roep.

## V E R J A A R S D A E




OKTOBER

| | | |
|---|---|---|
| 2 | Mev Hetta Malan | (Tydskrifte) |
| 6 | Mev Annette Booysen | (Voorklinies) |
| 7 | Mev Hermien Bornman | (6de Vlak) |
| 15 | Mnr Piet Smit | (Bindery) |
| 20 | Mej Maretha van Vuuren | (Tiksters) |
| 22 | Mev Margie Kotze | (6de Vlak) |
| 24 | Mev Christa Strydom | (1ste Vlak) |
| 25 | Mej Erna Klopper | (Geskenke) |
| 26 | Mev Susan Marsh | (Ontsluiting) |
| | Mev Elma Kock | (Toonbank) |





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Algaande leert men

Hierdie spreekwoord het waar geword hier by die Instituut. Twee geheel en al uiteenlopende projekte is aangepak en het interessante oomblikke opgelewer.

In samewerking en in opdrag van die Departement Afrikaans is 'n projek ten opsigte van een van die voorgeskrewe boeke, "Het Achterhuis", die dagboek van Anne Frank aangepak. 'n Uitstalling met heelwat inligtingsmateriaal is gedoen en mev F H Pols het 'n lys vrae hier gelaat, waarvan die antwoorde te vinde was in die materiaal wat uitgestal is. Hierdie studente was die eerstejaars Afrikaanse studente.

Met so 'n groot groep studente was dit heel opvallend, hoe verskillend elke student sy studies en opdragte hanteer. Die groot meerderheid het werklik belanggestel en het selfs aanvullende leesstof gevra. Ander het hier in gewoerts-warts en net so vinnig uitgevlieg. Party was skoon, "hans", om 'n studentewoord te gebruik. Hier is 'n voorbeeld daarvan: Ek het by die tafel gesit om aan 'n groepie die verskynsel van anti-semitisme te verduidelik. Ek hoor voetstappe en sien so 'n windmaker kêreltjie met 'n wit broek, wit skoene en 'n wit pet die biblioteek ingevladder kom. Voordat ek nog iets kon sê, kom hy na my toe, slaan my op die skouer met 'n teatrale handgebaar en sê: "Ou vroutjie! As ek maak of ek die boek gelees het, sal jy my gou gou al die antwoorde gee." Wat sê 'n mens nou? Ek het hom goed aan die verstand gebring dat ek nië hier is om sy deel van die werk te doen nie.

'n Hele paar het nie hulle ore in die klas oopgemaak nie en dan volg 'n gesprek soos die volgende:

Student: "Môre Tannie."
Ek: "Môre Mnr of Mej." wat ook al die geval is.
Student: "Waar is die Anne Frank goeters."
Ek: "Die vraelys is op die tafel en die antwoorde moet jy in die stukke op die uitstallingstafel naslaan."
Student: "Jig !!! Ek dag ek sal die antwoorde afgerol kry en nou moet ek dit soek."

Soos ek reeds gesê het, sulke studente is beslis die uitsondering. Die groot meerderheid het werklik belanggestel en hulle het met oorspronklike denke en insigte hul take aangepak. Die luietjies en gemaksugtiges vat 'n mens vas en hulle maak tog die lewe interessant.
Die ander projek was vir die ANK II studente bedoel, onder leiding van mev M Jordaan. Hulle het die Kunste in Nederland tydens die agttiende eeu behandel en hulle opdrag was om die letterkunde van daardie tydperk te bestudeer teen die agtergrond van die geestesstrominge van daardie tydperk. Uiteraard was dit nie 'n literêre opdrag nie maar die studente moes die skrywers en digters se werk binne die kultuurhistoriese tydperk nagaan en bespreek.

Hierdie groep studente was heelwat kleiner as die Afrikaanse studente en 'n mens kon meer persoonlike kontak met hulle maak. Wat veral interessant was by hierdie groep is dat afgesien van vier skrywers of digters wat almal moes bespreek, moes elkeen nog een self uitkies en behandel. Hierdie eie keuse het werklik elke student se eie persoonlikheid weerspieël. Die B A Beeldende kunste studente wat ANK II loop het die meer liriese en flambojante skrywers gekies. Die een student wat kleuteronderwys loop, het van Alphen gekies wat veral bekendheid verwerf het vir sy kindergediggies. Van die meer uitgesproke en selfversekerde damesstudente het 'n voorliefde vir Aagje Deben en Betje Wolff getoon omdat hulle reeds in die agttiende eeu omstrede figure was as gevolg van hul skerp protes teen die minderwaardige rol wat die vrou in daardie tyd beklee het. Voorlopers van "womans lib" né!

Om weer by my spreekwoord uit te kom. Deur so met studente te werk en betrokke te wees in hul studies leer 'n mens nie net meer en meer van aspekte van kennis waarmee jy voorheen net oppervlakkig kennis gemaak het nie, maar 'n mens se menseverhoudings verbeter en jy doen geweldig baie mensekennis op.

Ek is dankbaar vir die voorreg wat ek het om op so 'n wyse met die jongmense te doen te hê. Ek voel ook dat die groot kern van ons jongmense doelgerig hul studies aanpak en dat slegs 'n klein groepie werklik "lui" is. Ek sien in ons groot massa studente 'n hele klomp kerngesonde jongmense wat my met hoop vir die toekoms vervul.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Op 20 Augustus 1985 het dr Jongsma van Nederland 'n besoek gebring aan die Kultuurhistoriese Instituut. Dr Jongsma was die gas van Dept Onderwys en Kultuur. Sy belangstelling gaan onder meer uit na die Wes-Germaanse taal (w.o. Oud-Noors, Oud-Germaanse tale, asook die Oud-Fries en geskiedenis van Friesland). Hy het die biblioteek besoek onder leiding van mej Breed en was beïndruk met die inhoud van die biblioteek.

Studente van die Dept Afrikaans was ten tye van sy besoek besig met 'n taak oor Anne Frank en dr Jongsma het kortliks met



die studente oor die onderwerp gedagtes gewissel.

Die kultuurgeskiedenis van Nederland en Wes-Europa is een van sy baie belangstellingsgebiede.

Op die foto verskyn Dr Jongsma saam met mej Jo Breed en mev H E de Vries.

BOEK TERUG NÁ 188 JAAR

TRENTON (New Jersey) - 'n Biblioteekboek wat sowat 188 jaar uit die stadsbiblioteek van Trenton vermis was, is uiteindelik teruggegee.

'n Klein pakkie van Haverford-kollege in Pennsylvanië het die boek, wat 199 jaar oud is bevat.

Op die titelbladsy van die boek, Belisarius deur M Marmontel, verskyn die handgeskrewe woorde "Trenton Library".

Volgens die direkteur van die biblioteek, mnr Harold Thompson, het die biblioteek die boek omstreeks 1797 aangekoop. Die boek is in Londen gedruk, waarskynlik in 1786.
- (Sapa-AP).



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

"Waarschuwing voor Velocipediste"

Velocipediste en hul velocipees of overgesetsynde in Afrikaans fietse en fietsryers was met die aankoms van die eerste fietse vanaf 1816 nie altyd gewild nie. Die titel bo-aan hierdie paar opmerkings oor fietsry in die vorige eeu is afkomstig uit 'n regulasie van 'n gemeentebestuur in Holland. Dit lui soos volg:-

"WAARSCHUWING

De Velocipedis zij gewaarschuud, dat wanneer een paardt en wagen nadert, hij van zijn voertuig stappe; zich bezijde van de weg opstelle en de stuurkruk met zijn jas bedekte, opdat het paard niet schrikke

Het Gemeente bestuur."

Hierdie "gevaarlike rytuig" het angs en kommer by familielede veroorsaak. 'n Ene mnr S P T Semel het op 3 September 1893 aan sy nefie geskryf, om sy verontwaardiging en bekommernis oor die aanskaf van 'n rywiel, deur die nefie, op skrif te stel. Hy skryf dat hy en sy vrou met skok en verbasing verneem het dat die nefie 'n rywiel aangeskaf het. "Daarom haast ik mij te schrijven en je dringend te verzoeken: Mij lieve Wim, als je jezelf, je tante en mij liefhebt, zet dan dat gevaarlijke ding op zij vóór we het verdriet en de bittere smart beleven dat je met een gebroken been of arm thuis te krijgen. Ik heb nooit op een wiel gezetten en ben toch gekomen waar ik wezen wilde. Ik vind het wielrijden erg bespotlik. Een wiel is niets meer of minder dan een hoepel, deze drijft men met een stok voort en ieder die een greintjie verstand in zijn bol heeft, stelt zich niet zo dwaas aan daarop te gaan zitten."

Vele klagtes oor die nuwe mode van fietsry, het in koerante verskyn. Wasvrouens en stryksters kla dat linneklere nie meer gedra word nie en hulle werk verminder. Barbiers kla dat fietsryers hulle hare nie meer dikwels laat skeer nie, enersyds as beskerming teen koue en ook omdat hul nie meer vir hul uiterlik omgee nie. 'n Klaviermaker se vreeslike klag is dat mense liewer fietsry as klavierspeel en hy nie meer klaviere kan verkoop nie. Trempassasiers het verminder en die eienaars van huurkoetse se besigheid verminder steeds.

'n Artikel wat getitel is "Dat Vreselijke Rijwiel!" meld dat juweliers, horlosiemakers, teaterdirekteure en sigarethandelaars groot besware teen die fiets inbring. In plaas van 'n duur horlosie of juweliersware verkies die jongmense 'n fiets as geskenk. Kleremakers maak slegs "rywielcostumes en daaraan is niet veel te verdienen." 'n Goeie fietsryer rook minder en drink ook minder sterk drank en dit veroorsaak ontevredenheid by die handelaars in hierdie artikels. Die teaterbestuurslui sê dat teater besoek sterk afgeneem het: "Nu willen zij alleen fietsry." Die volgende aanhaling spreek vanself:- "De rÿwiel is op het oomblik de afgod van Europa. Wat Europa op het oomblik in de mond heeft en aan het hart drukt is geen grote politieke gedachte, geen hoge maatschappelijke ideaal. De fiets is het!"

Fietsryers moes hulself verdedig, hulle moes hul liefde vir hul "voertuie" ook op skrif stel. "De fiets, juichen hare vrienden, reduceert afstanden, ze is een dierevriendin want ze neemt werk over dat vroeger door paarden werd verricht; zij is een wonderdokter daar zij de longen, het hart en gezicht verscherp; ingewandsaandoeningen en rheumatiek geneest en tevens tegen zwaarlijvigheid en dikbloedigheid beveiligt. Haar grootste deugd is de geheime macht welke zij bezit om levensvreugde op te wekken. De gebruik van een rijwiel maakt het gebruik van medicynen zo goed als overbodig. Ge moet dus gaan wielrijden wanneer genu toe aan zenuwachtigheid, slechte spijsvertering, zwartgalligheid, slecht humeur en dergelijke ziekten heb geleden. Het is beter geld te besteden bij de rijwiel fabrikant dan bij de dokter.

"Dit is dan hoe mense in die vorige eeu oor die fiets gevoel het. Hoe dit ook al sy, die fiets word nog steeds gery.


Groete vanuit die Instituut.


JO BREED


BRON: DE VRIES, L: De dolle entree van de automobiel en velocipee. Bussem; De Haan; 1973.




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## WEES NOOIT VOLDAAN NIE

Wees tevrede met jou lewe, maar nie met hoe jy leef nie - wees nooit voldaan oor wat jy doen en gee nie. Probeer altyd wees om op gister te verbeter, en maak onderweg iemand ander se drag ligter.

Wees met wat jy nou besit, gelukkig en vergenoeg, maar gooi die saak, wat jouself betref, oor 'n ander boeg. Erken geredelik jou foute en gebreke. Mor minder, doen 'n bietjie meer - om jouself 'n aangenamer mens te maak as vroeër.

Wees nie alte selfversekerd sodat jy die waarheid omtrent jouself verbloem nie - let deurgaans op die dinge wat jy dink en sê en doen. Wees tevrede, selfs al moet jy die groot geluk nog mis - wees tevrede met wat jy het, maar nie met wat jy is.



## VOORONTSLUITING

Lente is hier in al sy glorie.
Mag die somer vir ons genoeg reën, goeie gesondheid en 'n vrugbare tyd inhou.
Hier ter plaatse bestel ons al vir drie weke lank geen dokumente nie, hoewel die aanbevelings, wat nog weekliks inkom, steeds voorberei moet word.

Jeanie is eindelik terug en op die been, rugstut en al. Ons is bly om haar terug te hê, nadat sy twee maande tuis was.

Die afgelope winter is niemand van siektes gespaar nie. Makkie het longvliesontsteking gehad, Mariana het maaggriep gehad (sy is die nuwe skraal enetjie wat so tussen Voorontsluiting en Makro-ontsluiting op die Dobis- en Sabinet-terminale gly), Martjie, Rita, Joy en Rozaan had elkeen op eie tyd die gewone griep (wat niemand regtig eintlik vrygespring het nie).

Intussen het ons eindelik weer ons twee Dobis-terminale terug op hul plek (Sabinet het tans net een), maar uit die aard van ekonomiese omstandighede, word hulle nou nie soveel gebruik soos wat ons eintlik graag sou wou nie.

Die rustigheid hou egter die voordeel in om onafgehandelde take, wat van tyd tot tyd ontstaan, in te werk en 'n beter perspektief te verkry oor die breër omset waarin ons werksaam is. Iets wat tog belangrik is, maar vergete gebly het met die onverbete stryd van aanbevelings kontroleer, katalogiseer en invoer van bestelling. Ook uit 'n breër perspektief gesien, kan ons maar net hoop dat dié rustyd kort van duur sal wees.

Aangesien ons 'n nie-winsgewende diensorganisasie is, sal gebruikers egter nog altyd in die toekoms van ons diens gebruikmaak. Dit is 'n hoopvolle, maar tog realistiese gedagte.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Dr A H van Wyk praat oor "Development problems of South Africa and the role of information dealing with such problems"

Dr A H van Wyk is van mening dat ontwikkeling in ons land die veantwoordelikheid is van alle staatdepartemente, provinsiale administrasies, derde vlak owerhede en semi-staat instellings.

Dié ontwikkeling kan egter nie effekiteif plaasvind as daar nie 'n voldoende inligtingstelsel in die strategiese dele van ons land funksioneer nie. Detail inligting móét van die openbare en privaatsektor ontvang word. Dringende verskuiwings gaan binne die volgende jaar plaasvind as gevolg van die konstitusionele veranderinge.

Staatkundige ontwikkeling is dus afhanklik van die korrekte inligting op die regte tyd. Voorbeelde hiervan is die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram, die Nasionale Fisiese ontwikkelingsplan ens. Deur integrasie van bogenoemde 2 planne en die Bevolkingsontwikkelingsprogram, kan 'n beplanningsprogram werk geskep word wat baie meer bruikbaar is. Dié inligting het dus 'n groot implikasie op die daarstelling en strukturering van databasisse en inligtingstelsels. Die teikenvelde van bogenoemde inligtingstelsels en databasisse is gemik op die privaatsektor, publiek en ander organisasies wat geregtig is op hierdie inligting om hul aktiwiteite te aktiveer.

'n Knelpunt op hierdie staduim is onderlinge inligting beskikbaarstelling. Talle departemente het hul eie inligtingstelsels wat slegs deur hulle self gebruik word. Departemente versuim dus om inligting onderling uit te ruil wat lei tot duplisering en selfs inligting wat verlore raak. Daar word nou 'n poging aangewend om 'n sentrale databank saam te stel sodat alle departemente kan deel in die uitruiling van inligting.

'n Tweede knelpunt is inligtingverskaffing aan ons ontwikkelende gemeenskapppe. Hier is geweldige agterstande as gevolg van verskeie faktore vasgestel, maar daar word indringend na die saak gekyk. Die regering is reeds besig met dienste vanaf die staat se kant.

HOE ERVAAR MENSE ONTWIKKELING
Prof Robbertze Departement Psigiatrie, Medunsa

Prof Robbertze van MEDUNSA het die onderwerp behandel en vir hom het die kern van die probleem gegaan oor die hedendaagse jongmense van Suid-Afrika. Wie is die jongmense en wat is die ontwikkleing waarmee hulle te doen het?

Prof Robbertze het daarop gewys dat daar nog altyd teen die kinders gediskrimineer is. In die Renaissance toe daar 'n groot ontploffing van kennis plaasgevind het, het daat 'n groot kloof tussen kinders en volwassenes ontstaan omdat laasgenoemde gedink het hulle het al die kennnis en die kinders weet niks.

Die lewe het geleidelik meer ingewikkeld geraak sodat ons nou in Suid-Afrika se posisie het waar die kinders neersien op hulle ouers omdat hulle skolasties verder as hulle ouers ontwikkel is. Veral in die swart gemeenskappe is dit die geval. Die swart mense is egter gereed vir gemeenskapsontwikkeling as dit op die regte wyse aangebied word.

Dr Robbertze het beweer dat daar vandag nog steeds teen die kinders gediskrimineer word, maar die kinders voel dat hulle ook oor hulle eie toekoms besluite wil neem. Ons sal moet besef dat ons kinders kosbaar is en dat ons hulle sal moet raadpleeg as daar besluite oor die toekoms van Suid-Afrika geneem word.

JOHANNESBURGE OPENBAREBIBLIOTEEK

Mnr B Brooke-Norris Johannesburgse Openbare Biblioteek

Die afgelope vier jaar was daar meer veranderinge as die afgelope dertig jaar.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar was 'n geweldige toeloop van Swart gebruikers by die biblioteek. As gevolg van die verstedeliking van die Swartman sal die dienste van die biblioteek baie meer uitgebrei word.

Omdat daar 'n groot nadruk geplaas word op beter opleiding, word die opleidingsgeriewe baie druk besoek. Die biblioteek se rol word al hoe groter, omdat die kinders langer op skool bly. Die biblioteek se studie fasiliteite is net nie voldoende nie. Die besetting is 100% en mense staan tou buite die biblioteek. Ander lokale moet gevind word.

Waar pas die bibliotekaresse in? Wat is hulle toekomstige rol? Hulle beleid van aankope en organisasie sal moet verander. Daar moet ook 'n verslapping van die uitleenbeleid wees. Die tradisionele rol van die biblioteek in die samelewing sal verander. 'n Mosie is ingedien vir die Raad en daar sal ondersoek ingestel word.

AFDELING VIR PAPIERBEWARING EN PAPIERRESTOURASIE

Mej L Twentyman-Jones, Universiteit van Kaapstad; Mnr H H Wirth, Universiteit van Stellenbosch; Mnr J C N Maree, Universiteit van Kaapstad en Mnr N S Smit, Parliament Biblioteek.

Mej Twentyman-Jones het 'n bondige opsomming gegee van die huidige stand van boek- en manuskripbewaring in Suid-Afrikaanse biblioteke, argiewe en museums. Volgens 'n 1984 opname word die gevaar van vuur nog as die grootste probleem in bewaring beskou, terwyl die kontrole van vogtigheid en temperatuur die laagste prioriteit geniet. Sy beleid dat voorkoming die hoeksteen van papierbewaring is en dat die ideale berging toestand gekontroleerde vogtigheid ten temperatuur is. Mnr Maree het uitgegys dat die hoë suur gehalte van modern (na 1980) papier tot gevolg het dat die bewaarde kennis van die mensdom gerig is om tot stof te vergaan op ons biblioteekrakke. Volgens sy metode van bemonstering het hy bewys dat in 'n mingebruikte versameling van boeke in die Parliament Biblioteek, wat tussen 1908 en 1982 gepubliseer is, 21% ernstige agteruitgang van die papier vertoon het en dat inderdaad 95% van die hele versameling deur die suur probleem geraak is.

Beide mnre Wirth en Smit het verduidelik hoe 'n restourasiesentrum ingerig word. Alhoewel dit moontlik is om met heel eenvoudige toerusting te begin is dit duidelik dat 'n doeltreffende sentrum besondere duur aparaat benodig.

TECHNIKONBIBLIOTEKE
Mej A C Tuck, Technikon Natal-Biblioteek

Die afgelope drie jaar was daar 'n groot verbetering by die Technikonbiblioteke in Natal. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die totale voorraad in die Technikon biblioteke plus minus 100,000 bande is.

'n Groot nadeel van die biblioteke is hulle groote en versameling. Die Technikonbiblioteek is slegs gerig op die voorgraadse studente, dus moet die versamelings daarby aanpas. Daar word nie na 'n indiepte versameling gestreef nie.

Die onderrigsituasie is ook besig om 'n verandering te ondergaan. Die Technikon wil wegbreek van die tradisionele "bord-enkryt" onderrig na klasopdragte. Die biblioteek sal dus 'n groter rol vertolk in die nabye toekoms.

Technikon's in Natal wil 'n voortou neem met die sogenaamde "Grey-literature". Dit is opgepubliseerde pamflette, verslae ens. "Saibinet" het gesê dat hulle bereid is, om die versameling op te neem in hulle stelsel. Die Technikon gaan dus begin met hulle ondersoek, wat eers binne vyf jaar voltooi sal wees.

Die Technikon het ook 'n diens bekend as "Natex". Dië diens is gerig op die industrieë. Die Technikon's in Natal sien 'n biblioteek sonder "mure" om al die moontlike gebruikers te bereik.

OPSOMMINGS VAN REFERATE

Probleemareas in die Suid-Afrikaanse Informasie situasie
Dr E N van Deventer, Voorsitter, NABI

Daar is 'n toenemende gewaarwording by beleidsmakers en die publiek dat informasie en kennis sentraal staan tot belangrike nasionale imperatiewe en derhalwe as 'n strategiese nasionale hulpbron, 'n nasionale kommoditeit wat vertroetel en beskerm moet word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die fenominale tempo van informasie-skepping en voorsiening en die gepaardgaande konvergensie en potensiaal van informasie- en kommunikasietegnologieë het aanleiding gegee tot die amper afgesaagde uitdrukking van "informasie-revolusie".

John Naisbitt sê in sy boek "Megatrends" dat "We have for the first time an economy on a key resource that is not renewable, but self-generating. Running out of it is not a problem, but drowning in it is".

Bostaande oorwegings impliseer dat baie probleme aangespreek en opgelos moet word voordat informasie ontgin kan word as unieke (intellektuele; abstrakte) strategiese nasionale hulpbron. Dit is veral die geval in die Suid-Afrikaanse konteks met sy komplekse samelewingsopset.

Die Nasionale Adviesraad vir Biblioteek- en Informasie-wese het dertien probleemareas onderskei waaraan hy indringend aandag gee deur 'n stelsel van nasionale komitees en werkgroepe.

INLIGTING AS 'n ELEMENT IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DERDEWêRELDKOMPONENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMEENSKAP

Professor Seth Manaka. Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Universiteit van die Noorde.

Die konsep "derde wêreld" word omskryf en krities ontleed. Die belangrikste eienskappe van lewe in die derde wêreld word ondersoek, met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Die inligtingsbehoeftes van mense en gemeenskappe wat in der waarheid binne Suid-Afrika onder derdewêreldomstandighede leef, word bespreek. Die rol van opvoeding - informeel, nie-formeel en formeel - word onder die loep geneem. Die bydrae van persone in die kennisberoepe in die vooruitgang van mense en gemeenskappe wat onder derdewêreldomstandighede leef, word krities ondersoek.

Die voorsiening van inligting, geïnterpreteer as oorlewingsbehoefte, in verskillende lewensfere, vir die individu, die gemeenskap en die nasie, word ondersoek. Die oënskynlike gaping tussen gemeenskappe en indiwidue wat onder "ontwikkelde" en dié wat onder "ontwikkelende" omstandighede leef, word ondersoek. Strategieë wat daartoe kan bydra om die gaping te oorbrug, word voorgestel.

Die geïnstitusionaliseerde benadering tot die disseminasie van inligting, byvoorbeeld deur biblioteke, word gekontrasteer met die nie-institusionele benadering. Uiteindelik word 'n holistiese benadering tot die voorsiening en disseminasie van inligting bepleit, in 'n poging om die breë gemeenskap aan inligting bloot te stel.

DIE POTENSIëLE BYDRA VAN OPVOEDKUNDIGE RADIO EN TELEVISIE TOT ONTWIKKELING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Dr P J van Zyl, Hoof Opvoedkundige Programme RTV1

Opvoedkundige radio(OR) en televisie(OTV) gerig op die informele en die nie-formele onderwys is aan die begin van 1984 deur die SAUK geloods. Daar sal waarskynlik gedurende 1986 begin word met programme gerig op die formele onderwys.

Opvoedkundige programme behoort gerig te wees op hoë prioriteitsleerbehoeftes aangesien daar in die kortste moontlike tyd die maksimum tot mensontwikkeling bygedra behoort te word. In die RGN se verslag "Die benutting van die radio en die televisie in onderwys en opleiding" (1983), is 'n eerste poging aangewend om die belangrikste leerbehoeftes te identifiseer. Sedertdien is verskeie navorsingsprojekte aangepak om die leerbehoeftes van sekere teikengroepe te bepaal. Hierdie navorsing sal kortliks bespreek word.

Enkele voorbeelde van die aanwending van OR en OTV ten behoewe van ontwikkeling elders in die wêreld sal belig word. Uit hierdie bespreking sal aangetoon word watter faktore tot die potensiële sukses of mislukkig van sodanige projekte (ook in Suid-Afrika) kan bydra.

Ten slotte sal aspekte soos die volgende aandag kry binne die konteks van die benutting van hierdie media ten behoewe van ontwikkeling:

- Die reikwydte van radio en televisie.
- Die ondersteuning van die formele onderwys met behulp van OR en OTV
- Die komplimentêre benutting van OR en OTV
- Die benutting van ondersteunende media.
- Samewerking met bestaande organisasies betrokke by ontwikkelingsprojekte. Vergelyk in hierdie verband die potensiële samewerking met openbare biblioteke.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE ONTWIKKELINGSPOTENSIAAL VAN TELEMATIEK

Professor Johan Bekker, Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Ontwikkeling impliseer verandering. By die mens vind daar eerder geestelike as liggaamlike verandering plaas. Kennis is die grondslag daarvan. Alle ander soorte ontwikkeling (maatskaplik, tegnologies) het geestelike ontwikkeling as vooronderstelling. Kennis word al hoe meer van inligtingsrekords en -stelsels afhanklik.

Telematiek, die gesamentlike aanwending van rekenaars en telekommunikasie, maak dit moontlik om baie inligting te berg, te verwerk en oor groot afstande gestel word. Die mens se geestelike vermoëns word in al hoe groter mate deur die rekenaar nageboots (kunsmatige intelligensie). Die rekenaar is nie soos ander rekordsoorte bloot 'n geheuehulpmiddel nie. Die resultaat kan versnelde geestelike evolusie en gevolglik skouspelagtige ontwikkeling op baie terreine wees.

As doeltreffende wisselwerkende inligtingstelsels wêreldwyd tot stand gebring word, kan nie-ontwikkelde gemeenskappe ook daarby baat. Geletterdheid geld byvoorbeeld nie as voorvereiste vir die benutting van ouditiewe en oudiovisuele media nie. Verder kan kommunikasiesatelliete baie minder fisiese infrastruktuur op land as byvoorbeeld 'n tradisionele telefoondiens verg. Veral op die terrein van inligtingskommunikering dien tegnologiese uitvindings as dinamo vir vinnige sosiale verandering. 'n Mens kan sekerder wees dat dit vooruitgang sal wees as natuurwetenskaplike navorsingsresultate gerugsteun word deur toepaslike sosiaal- en geesteswetenskaplike navorsingsresultate.

KNELPUNTE VAN EN UITDAGINGS VIR NASIONALE BIBLIOTEEKDIENSTE IN DIE RSA

Dr J G Meijer, Eenheid vir Biblioteek- en Inligtingkunde Navorsing, RGN

KNELPUNTE

Die ernstige knelpunte van nasionale biblioteekdienste in die RSA is

i) die gebrek aan beleid waarin die doel, hooffunksie, dienste, riglyne vir standaardisering en verantwoordelikhede duidelik neergelê is;
ii) die onvoldoende aanvaarding van nasionale verantwoordelikheid vir hierdie dienste, en
iii) 'n negatiewe ingesteldheid teenoor hierdie dienste in die biblioteekwese van die land.

UITDAGINGS

i) Skepping van 'n klimaat met die oog op erkenning van die noodsaaklikheid van nasionale biblioteekdienste, 'n klimaat wat
   a) eensgesinde neerlegging en aanvaarding van beleid vir hierdie dienste, en
   b) gesamentlike optrede tot aanvaarding van verantwoordelikheid vir hierdie dienste deur die sentrale regering bevorder.

ii) Prioriteite in die nasionale biblioteekdienste
   a) Algemeen:
   - Voorkoming van onnodige duplisering van dienste en onoordeelkundige besteding van belastinggelde.
   b) Die basiese dienste:
   - Versameling van min gebruikte dokumente op alle kennisterreine (versamleing).
   - Versorging van nasionale bibliografie van bibliografieë (ontsluiting en verwysing).
   - Ontwikkeling van 'n register van lopende en afgehandelde navorsing in die land (ontsluting en verwysing).
   - Samestelling van 'n register van kundiges ten behoewe van beleidmakers (ontsluiting en verwysing).
   - Kanalisering van aanvrae van dokumente wat deur lening uit die buiteland verkry moet word (beskikbaarstelling) ten einde leemtes in die nasionale bronnevoorraad te kan vasstel (versameling).

BEMARKING AS 'n METODE OM DIE ROL VAN INLIGTINGSDIENSTE IN LANDBOU TE VERHOOG

Mev Rona V van Niekerk, Cedara-Landboukollege

Landboubiblioteekkunde behels die organisasie en ontginning van inligtingsbronne wat waardevol vir landboukundiges is. Faktore wat doeltreffende informasievloei in landbou vertraag, is duidelik in Cedara Biblioteek en elders merkbaar. Bemarkingsmetodes het moontlike oplossings gebied. 'n Bemarkingsprogram is ingestel en geëvalueer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die volgende hipotese is ondersoek: "Die gebruiker se kennis van biblioteekdienste en -hulpbronne sal deur 'n bemarkingsprogram verbeter word". Cedara Biblioteekgebruikers is in twee hoof groepe verdeel: personeel van die Departement van Landbou (Natalstreek), en studente aan Cedara Landboukollege. 'n Vraelys is vir elke groep opgestel. Die vraelys is voor en na die bemarkingsprogram ingevul om enige verandering vas te stel. 'n Kontrole vir die personeelgroep (Hoëveldstreek), wat nie deur die bemarkingsprogram bëinvloed was nie, is ook ondersoek. Die ontwikkeling van produkte vir die personeelgroep is op die antwoorde in die eerste vraelys gebaseer.

Albei eksperimentele gebruikersgroepe het 'n betekenisvolle (P 0,01) verbetering in hul kennis van die biblioteek getoon. Die kontrolegroep het 'n betekenisvolle (P 0,01) afname in hul kennis van die biblioteek getoon. Gedurende die eksperimentele periode, het biblioteekgebruik (uitlenings) op Cedara vermeerder, en op Hoëveld afgeneem.

Die hipotese wat ondersoek word, is deur hierdie resultate ondersteun. Die outeur kom dus tot die gevolgtrekking dat bemarking die doeltreffendheid van informasiedienste kan bevorder, en mag noodsaaklik vir biblioteekkunde word.

ONDERWYSMEDIA IN PERSPEKTIEF
Dr R M Briel, Adjunk-Hoof: Transvaalse Onderwysmediadiens

1. Inligting kan op geen ander manier as deur 'n medium oorgedra of gekommunikeer word nie. Deur die loop van die geskiedenis en as gevolg vn tegnologiese ontwikkeling, is nuwe kommunikasiemedia toenemend ingespan om die steeds groeiende hoeveeldheid inligting al verder oor die wêreld uit te dra. Gewoonlik het hierdie media ook hulle weg na die klaskamer gevind om die onderwys doeltreffender te maak (Onderwysmedia).

2. Verskeie onderwysmedia word vandag in lesse geïntegreer - van die beproefde skryfbord en handboek, tot die tegnologies meer gevorderde video, rekenaar en inter-aktiewe video. Elkeen van hierdie onderwysmedia beskik oor sekere eienskappe wat op sy beurt weer bepaal op watter manier inligting oorgedra word. Die eienskappe waaroor 'n onderwysmedium beskik, bepaal dus sy moontlikhede.

3. In die onderwys is dit belangrik dat die onderwyser elke onderwysmedium se moontlikhede (en beperkings) ken en gevolglik die geskikte medium/media vir 'n onderwerp selekteer. Hierdie seleksie raak nie slegs die onderrig nie, maar ook die manier waarop die kind leer.

4. In die skool het die onderwyser die taak om die kind vir die lewe voor te berei in dieselfde tipe milieu as wat die kind daar buite beleef en deur middel van dieselfde soort media wat die inligting daar buite versprei. Aangesien die mediastentrum die onderwyser in sy taak steun, is dié eise ook van toepassing op hierdie inligtingsbron.

OPENBARE BIBLIOTEEKDIENSTE AAN 'n MEDIAGELETTERDE JEUG
Mej J M Dubbeld, Stadsbibliotekaresse: Benoni

Dienste wat 'n openbare biblioteek lewer, is normaalweg 'n vooruitskatting of 'n reaksie op moontlike op bepaalde behoeftes in 'n spesifieke gemeenskap. Alhoewel die term "biblioteek" letterlik beteken dat dit slegs om boeke gaan, bied openbare biblioteke in Suid-Afrika reeds 'n geruime aantal jare ook ander media aan: prente, knipselsdienste, grammofoonplate, kunsafdrukke en in sommige provinsies ook films. Meer gedetaileerd word mikrorekenaars, video's, dienste soos INEG en SABINET bespreek, asook die gebruik van 'n inligtingsdiens met behulp van videoteks: BELTEL. Redes vir die beperkte voorsiening van oudiovisuele media is meer ekonomies van aard as 'n onwilligheid om hulle te verskaf.

TERREINVERKENNING: 'n SITUASIE-ANALISE NA AANLEIDING VAN DIE RAU-VAKINDABA VAN MEI 1985
Prof R B Zaaiman, Hoof Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Volgens die algemene sisteemteorie word kurrikulering gesien as 'n substelsel van die gemeenskap as hoofstelsel. Kurrikulering bestaan op sy beurt weer uit 'n aantal substelsel. In hierdie voordrag word die belangrikheid van die situasie-analise as substelsel van kurrikulering aangedui.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die konstituerende dele van 'n situasie-analise word behandel aan die hand van die uiteensetting deur R A Krüger in Beginsels van kriteria vir kurrikulumontwerp. Hoofstuk 2. Beginsels vir kurrikulumontwerp, afd. 2.1 - 2.2.10, p. 33-52. Pretoria: HAUM, 1980.

Die belangrikste faktore wat in die situasie-analise ondersoek moet word, is
1) die waardes wat deur samelewing nagestreef word, en die wesenlike rol wat hierdie waardes in die selfvervulling van die beroepsmens speel,
2) die behoeftes van die samelewing,
3) die eise van die samelewing,
4) die eise van die student,
5) didaktiese eise,
6) ekonomiese oorwegings,
7) toekomseise,
8) die ontginning van die dissiplines, en
9) die beginsituasie.

Aandag word gegee aan die mate waarin dosente in die Biblioteek- en Inligtingkunde 'n positiewe bewustheid toon van die beginsels en komponente van situasie-analise. Leemtes in hul benadering tot 'n situasie-analise word genoem.

Die rol en waarde van 'n situasie-analise as koördinerende en rigtende faktor by die gevoelde behoeftes van dosente word aangedui.
As agtergrond by die voordrag sal geld:

1. Verslae van besprekingsgroepe by Vak-indaba op RAU-eiland, 17-19 Mei 1985, versprei deur prof A Blom.
2. Biblioteek- en Inligtingkunde: nuwe leerplanne nodig. SAIBI-nuusbrief, 5(7) Julie 1985,p.3.

DOELWITBEPALING VIR DIE OPLEIDING IN DIE BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGKUNDE IN DIE ALGEMEEN
Dr H de Bruyn, Direkteur van Biblioteekdienste, UOVS

Daar word uitgegaan van die standpunt dat opleiding doelgerig moet geskied aan die hand van wetenskaplike kurrikulumontwikkeling wat onder ander situasie-analise, doelformulering, leerstofseleksie, seleksie van metodes en tegnieke van aanbieding van die resultate van opleiding sal insluit. Doelstellinge kan op verskillende vlakke onderskei word. In hierdie bydrae word aandag gegee aan die oorhoofse doel van formele en nie-formele opleiding in die biblioteek- en inligtingkunde en daar word aangedui dat doelstellinge die terreine van kennis, gesindhede ven vaardighede behoort te dek. Die noodsaaklikheid van 'n filosofie oor die biblioteek- en inligtingkunde as wetenskap, die biblioteek- en inligtingwese as praktyk en die opleiding in die biblioteek- en inligtingkunde, word beklemtoon. As vertrekpunt vir gesprekvoeringe, word geargumenteer dat die doel van die opleiding in die algemeen behoort te wees om die studente toe te rus met relevante wetenskaplike, professionele en persoonlike kennis, gesindhede en vaardighede om inligting as hulpbron en kommoditeit asook die inligtingsprosesse te begryp, te vertolk en te bevorder deur doeltreffende beroepsbeoefening in verskillende vertakkinge en op verskillende vlakke van die inligtingsbedryf.

Toepaslike Tegnologie as ontwikkelings hulpmiddel in die derde wêreld en die potensiaal vir biblioteek en inligtings ondersteuning
Mev M E de Vries (Inligtingsdienste NI I WNNR)

Toepaslike Tegnologie is gemik daarop om die mens selfonderhoudend te maak asook om hom van sy basiese behoeftes te voorsien. Die WNNR se sentrum vir Toepaslike Tegnologie het meer as 'n jaar gelede tot stand gekom. Daar is egter verskeie ander sulke sentra in die land.

Die kenmerke van die Sentrum is

1. Klem op kundigheid.
2. Oordrag van nuusitems deur middel van Nuusbriewe.
3. Inligtingsdienste byvoorbeeld lokale bibliografiese databasisse.

Die klem is ook sterk geplaas op ontwikkeling van klein sake ondernemings en die rol wat Toepaslike Tegnologie daarin speel.

Verskeie handleidings is beskikbaar byvoorbeeld hoe om waterleidings te maak, gietwerk te doen, sementfabrieke op te rig ensovoorts.

As die klem op opvoeding geplaas word kan die biblioteek sy rol sien as biblioterapeut. By die beskikbaarstelling van stof




Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

oor Toepaslike Tegnologie word ook opgetree as voorligtingsbeampte.

Die ideale beampte vereis:

1. Die vermoeë om mense en natuurlike bronne te kan analiseer.
2. Finansieringsmoontlikhede.
3. Vertroudheid met verskillende tegnologieë.
4. 'n Gevoel van wat 'n suksesvolle onderneming gaan wees.

Slot opmerking: Ons kan almal op die een of ander manier 'n bydrae lewer.









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VYFDE VLAK

Die vyfde vlak se mense is net besig met uitstallings! Dit is Maatskaplike Werk seminare, die SAIBI konferensie en dan moet die vloer se uitstalkas ook so nou en dan aandag kry. Matilda se vingers was permanent blou geverf met die

SAIBI-uitstalling en was dit nie vir Gideon nie, was ek en die polistiriensnyer altwee deur die uitstalkamer se dak.

ŉ Groot dankie vir die uithangborde wat sê op watter vloer jy jou bevind. Ons hoop regtig nie dit die laaste van die aanwysings nie. As daar een ding is waarvoor ons nou al jare smeek, is dit behoorlike leesbare aanwysings. So baie van ons tyd word onproduktief bestee aan beduie en verduidelik en gaan wys waar die rak is. Arme Jeanette lyk al hoe meer na ŉ windpomp van al die beduie.

Wat die huidige betref, op vlak 5 hou Céu al lekker vakansie in Suid-Wes (teen die tyd dat Biblikasie verskyn) en het sy dit wel verdien na al die drama wat sy met haar nuwe motor gehad het. (Ons is almal weereens oortuig dat ŉ pa ŉ wonderlike ding is). Pa Agostinho het baie hard gehelp motor koop vanuit Suid-Wes!!

Nouja, lyk my die toekoms hou nog vele dinge vir ons in voordat Kersfees aanbreek. Buitemuurs se boeke kom een van die dae, en voorspel weereens ŉ hewige geskuif op ons vloer en as alles verloop soos verlede jaar gaan ons na-graadse gebruikers ons ook weer toestroom in die vakansie.

Gelukkig is Kersfees en die vakansie al naby genoeg om te kan beplan en uitsien.

LENTEDAG '85

Met ŉ klein, maar gedugte spannetjie het die Merensky die ander departemente van die Universiteit aangevat. In nie een van die items was ons suksesvol nie, maar dit het nie ons moed gebreek nie. In die vlugbal het ons twee spanne ingeskryf, en in albei gevalle is ons in die eerste rondte uitgeskakel. In die Lenteloop het ons ŉ gemengde span ingeskryf. Alhoewel hulle nie eerste was nie, het hulle baie goed gevaar.

Daarna was daar balstoot, ŉ unieke sportsoort waar twee spanne ŉ groot bal (so ses voet hoog) probeer stoot na die opposisie se kant toe. Een span het met ŉ vaart van die een rigting in die bal ingestorm, en lede van die ander span in die ander kant van die bal in. Dit het nogal ŉ gestoei afgegee en ŉ paar koppe het geklap teen die grond.

Baie van die personeel kon ongelukkig nie die fees bywoon nie, as gevolg van die SAIBI- konferensie. Ons hoop hulle kan dit volgende jaar meemaak. Daar word al glads gepraat van oefen voor die tyd vir volgende jaar.

Ten spyte daarvan dat ons die beste plakkaat gehad het, het ons nie die prys daarvoor gekry nie.

ŉ Spesiale woordjie van dank aan Amanda en Hermien vir al die reëlings met die kos. Hulle het hard gewerk alles was puik.


DIE SPORTREDAKTEUR
(MELK) of te wel,
MERENSKY LENTEDAGKOMITEE









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

VOORKLINIES

"Ons het oorgeslaan!" Dit is ons belangrikste en lekkerste nuusbrokkie en beteken dat ons uitreikings nou ook gerekenariseer is. Daar was heelwat werk wat afgehandel moet word voordat ons uiteindelik dié stadium kon bereik. Eerstens is die Uitleentoonbank verleng en so ingerig dat dit die terminale kan huisves. As gevolg hiervan is die biblioteek se voorkoms baie verander en dit lyk nou ruimer en mooier by die ingang. Verder is in ŉ poging om die uitreikings op datum te bring sodat die oorskakeling makliker kon plaasvind, tientalle aanmanings uitgestuur en baie "verlore" gebruikers en boeke opgespoor.

Hierdie verwikkeling het die uitleenfunksie nou ook hier baie makliker en doeltreffender gemaak. (Terloops, het iemand dalk raad vir ons oor hoe om van ŉ gereelde, maar ongenooide en onwelkome gas ontslae te raak, naamlik Dobis Blits 532??! Grrrrrrrrrr ........)

Groete van ons almal

VOORKLINIES

## VERSKUIWINGS

Derde Vlak

Mev Irene Venter is nou die DOBIS/LIBIS Skakelpersoon. Sy is verantwoordelik vir die uitleenstelsel en hanteer alle foute, probleme en regstellings met die rekenaar.

Mev Bokkie Malan is nou die nuwe hoof van Toonbank en beheer steeds die Inligtingdienspunt.


Sesde Vlak

Mev Elsabé van der Merwe is nou assistent by mej Rita Badenhorst.
Mev Hermien Bornman is nou assistente vir beide mevv Amanda van der Merwe en Annatjie Botes.

Mnr Lappies Labuschagne bly assistent vir mej Bosman en sal ook later vanjaar betrokke wees met die oortrek vanaf Buitemuurs se biblioteek.

## MOSES HET BESLUIT:

Dis nou hoog tyd dat Prof Coetzee tot Generaal gepromoveer word.
Heel oorspronklik - nie waar nie?



## NUWE AANSTELLING

Mev Wilna Marais.





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# BEDANKINGS



Yvonne van Wyk



LYON PRETORIUS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Okt. 1985

Universiteit van Pretoria

# Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE Sê

SUKSESVOLLE VERGADERINGS?

Wat dink u is die duurste kommunikasie aktiwiteit in vandag se gejaade lewe? Duisende telefoonoproepe, rekenaars en terminale, briewe, aantekeninge of verslae skryf? Nee, glo dit as u wil - interne vergaderings.

'n Mens is geneig om nie aan vergaderings te dink in terme van koste nie. 'n Vergadering van 12 tot 14 goed betaalde personeellede wat ongeveer 2 uur vergader, beloop 'n koste van ongeveer R1 000. Hou in gedagte dat daar ongeveer 252 werksdae in 'n jaar is. Watter koste kan uiteindelik bereken word?

Hierdie syfers kan 'n mens totaal van stryk bring, maar dit is glad nie so verreikend indien hierdie vergaderings gehou word met die doel voor oë om probleme op te los en die personeelaangeleenthede van die organisasie te verbeter nie. Dan is die kool beslis die sous werd.

Te veel vergaderings lei egter tot negatiewe aanmerkings soos: wat 'n mors van tyd! of hoekom moes ék die vergadering bywoon? Dit is 'n algemene probleem in enige organisasie en waarteen ernstig gewaak moet word.

'n Ondersoek is in Amerika geloots wat die volgende resultate opgelewer het. 70% van die bestuurders wat ondervra is het gesê die vergaderings was 'n mors van tyd, 90% se houding was gemik teen die onvermoë om te beplan en te ontwikkel. Hier teenoor het 78% gesê hulle het nooit opleiding ontvang oor hoe om 'n vergadering te lei nie en 76% het gesê hul maatskappye het geen riglyne hoe om vergaderings te lei nie. Dié gegewens is skokkend en onrusbarend.

Daar is egter 'n paar beginsels wat vir en tydens vergaderings toegepas moet word.

Eerstens moet 'n beleid vasgestel word waarvolgens vergaderings behoort te verloop. Die meeste organisasies het 'n personeelbeleid tov salarisse, keuring ens sowel asook oa 'n bemarkingsbeleid, maar 'n beleid tov vergaderings ontbreek. Effektiewe vergaderings wat daagliks, weekliks ens plaasvind is gebaseer op die ondersteuning vanaf topbestuur tov die organisasie se beleid jeens vergaderings. Vir vergaderings om suksesvol te verloop moet steun verleen word deur topbestuur vanaf die begin, tydens die verloop en opvolging van besluite. Die waarde van 'n beleid kom egter slegs tot sy reg indien daar by die beleid gehou word en nie somtyds opsy geskuif word agv gebrek aan tyd nie. As 'n beleid skriftelik vasgelê is moet dit deurgaans uitgevoer word.

Die volgende ses riglyne kan bydra tot die sukses van 'n vergadering :

EERSTENS: Hou slegs vergaderings waarvoor daar 'n dringende behoefte is. In baie organisasies is weeklikse of personeelvergaderings effektief om elkeen op hoogte van sake te hou. Soms het topbestuur net nodig om met enkele persone te vergader. Ook dit blyk hoogs effektief te wees, maar vergaderings elke Dinsdag omdat dit altyd voorheen so was kan sy waarde verloor en ook groot skade berokken.

Vergaderings moet slegs gehou word om probleme te bespeek en op te los, inligting uit te ruil en moeilike situasies te bespreek.

Die positiewe aspekte van effektiewe vergaderings is individuele bydraes waardeur 'n persoon kan deel in besluitneming en die jonger garde wat luister en deelneem aan die vergadering en sodoende ontwikkel hul bestuursvaardighede. Die negatiewe aspekte van 'n vergadering is oa die hou van 'n vergadering om roetine sake te



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

bespreek. Dit is 'n groot fout. Aan die anderkant is die ontduiking van verantwoordelikheid deur 'n groep mense te laat besluit oor 'n saak ipv één persoon. So 'n vergadering mors tyd, geld en demoraliseer die betrokke personeel.

TWEEDENS: Elke vergadering moet geformuleerde doelwitte hê sowel as 'n rede vir die bymekaar kom. Wanneer daar 'n behoefte, 'n voorneme en 'n doelwit tydens 'n vergadering neergelê is, is dié vergadering goed beplan, goed georganiseer en sekerlik suksesvol.

DERDENS: Nooi slegs diegene wat 'n positiewe bydrae kan lewer of wat regtig nodig het om kennis te dra van 'n aangeleentheid. In hierdie geval is die gebruik van protokol die grootste sondebok. Nog 'n geval wat dikwels voorkom is die nooi van iemand om jou te help omdat jy reeds so baie vir hom gedoen het. Dié benadering is totaal verkeerd en kos dit die organisasie baie geld.

VIERDENS: Elke vergadering moet 'n agenda hê. Die beste tyd om 'n agenda op te stel, is 2 - 3 dae voor die betrokke dag van die vergadering. Dié tydperk laat genoeg ruimte vir voorbereiding, raadpleging van kollegas of die insameling van genoegsame inligting wat benodig mag word. Vergaderings wat skielik opduik vereis steeds die voorlegging van 'n agenda. 'n Agenda kan vooraf gesirkuleer word of tydens die vergadering. Die opstel van 'n agenda vooraf, verplig die voorsitter om te organiseer, voor te berei en die items te deurdink voordat die vergadering begin. 'n Ondersoek het getoon dat 75% van alle vergaderings sonder 'n agenda gehou word.

VYFDENS: 'n Notule moet binne 3 dae na elke vergadering aan die teenwoordiges gestuur word, hoofsaaklik om te bevestig wat alles bespreek is, besluite wat geneem is en stappe wat gevolg gaan word. Nog 'n belangrike rede vir die uitstuur van 'n notule is om skriftelik besluite en stappe op papier te hê. Indien twyfeling bestaan oor die gegewe inligting moet dit gekorrigeer word en die regte kopie gesirkuleer word. 'n Notule moet egter nie te veel detail bevat nie - 1 bladsy wat die hoofpunte, besluite en plan van aksie aandui is voldoende.

SESDENS: Alle vergaderings moet stiptelik begin en afgesluit word soos vooraf bepaal is. Dit is een van ons grootste probleme, wat ernstige aandag vereis. Daar moet in gedagte gehou word dat almal se tyd beperk is en gerespekteer moet word. 'n Vergadering moet stiptelik begin al is die voorsitter of enige ander hoë gas nog nie teenwoordig nie.

Hierdie ses riglyne is moeiliker om toe te pas as wat dit op skrif is. Die grootste rede hiervoor is omdat dit strydig is met baie bestuurders se wyses van doen. Nogtans is hulle aanvaarbaar en prakties. Indien hulle uitgevoer word kan u verseker wees van :

- * geldbesparing
- * beter gesindhede agv nastrewing van doelwitte
- en * ontwikkeling van die personeel.

Stappe moet voor én na vergaderings geneem word. Die mees eenvoudige 3-stap plan is heel duidelik :

1. wat moet vóór 'n vergadering gedoen word
2. wat moet tydens die vergadering plaasvind
3. wat moet ná die vergadering gedoen word.

Voor die vergadering

Die bespreking van 'n lokaal, regkry van hulpmiddele, verversings ens word baie keer ligtelik beskou of aanvaar dat alles reg sal wees. Daar is niks meer frustrerend as 'n toe lokaal of 'n gloeilamp wat geblaas het nie. Dié saak vereis dus meer aandag as wat normaalweg daaraan gegee word.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Gedurende die vergadering

Tydens die vergadering moet die voorsitter die vergadering lei en sorg dat verrigtinge glad verloop. Die voorsitter se posisie is baie delikaat. Hy of sy moet objektief bly, regverdig en die belangrikste is om nie die vergadering te domineer nie.

Nog 'n belangrike punt is dat die voorsitter moet weet wanneer om toe te gee en wanneer om te sê wat gesê moet word.

Bespiegelinge oor teenwoordigheid van 'n sekretaresse tydens 'n vergadering doen ook die rondte. Elke organisasie is vry om daaroor te besluit. Die belangrikste is dat aantekeninge gemaak moet word en dit is nie die voorsitter se verantwoordelikheid nie.

'n Belangrikheid wat altyd nagelaat word - die voorsitter moet aan die einde van die vergadering 'n opsomming gee van watter onderwerpe behandel is, besluite wat geneem is, doelwitte wat bereik wil word en die datums waarop die betrokke stappe moet plaasvind.


Na die vergadering

Die belangrikste stap is om vas te stel of al die nodige besprekings plaasgevind het. Die maklikste manier om dit vas te stel is die opstel en uitstuur van 'n notule. Amper elke suksesvolle aktiwiteit word gedra deur sekere reëls en verwysings. So ook word elke suksesvolle vergadering onderlê met sekere reëls.

Elke organisasie moet 'n beleid vaslê waarvolgens vergaderings plaasvind met die oog op produktiwiteit en tydbesparing.

BRON: Sigband, N B. Meetings with success. Personnel Journal May 1985.

REDAKTRISE



**MAKRO-ONTSLUITING**

Oktobermaand is 'n gees- en spookmaand vir Makro-Ontsluiting, hoewel die een 'n bietjie langer duur as die ander een. Vroeg in die maand het ons die vakansiegees beleef en drie van ons mense het so 'n bietjie gaan uitspan. Annatjie het sommer net rustig tuisgebly, geswem en verder niks gedoen nie. Hannie en gade was saam met haar suster en dié se gesin by Port Edward waar hulle onder andere kreef uitgehaal het. Miemie het ook see toe gegaan en by haar broer in Amanzimtoti gekuier. Gertrud se vakansiegees het haar eers later in die maand gevang en sy is met verlof vanaf 14-25 Oktober.

Tans is dit die eksamenspook wat 'n paar van ons in die afdeling vasgevat het. Susan Scholtz, Estelle en Mike is behoorlik in sy greep en ons wens hulle alle sterkte toe met wat nog vir hulle voorlê.

Gedurende die tydperk 4-14 Oktober is die rekenaar verskuif na die nuwe Wis-Natgebou en kon ons, saam met ons kollegas in die res van die Biblioteek, nie ons werksaamhede op DOBIS voorsit nie. Ons het in dié week wel deeglik agtergekom hoe verknog ons aan die stukkie masjien is want om nie te kan werk nie, was tog 'n frustrasie. Nou gaan alles weer die gewone gang en is almal weer gelukkig.

Vanaf 14 Oktober vir 'n tydperk van twee weke kon Mariana haar onderwysdiploma goed benut terwyl sy ons almal in die afdeling inlei in die bemeestering van SABINET. Die afdeling is soms in twee groepe ingedeel en die eerste groep het hul opleiding al agter die rug terwyl die tweede groep sin nog voorlê. Ons sê baie dankie aan Mariana vir al haar voorbereiding.

Aan die einde van die maand verlaat Susan Marsh ons en ons wens haar 'n aangename paar wagmaande toe. Ons hoop sy geniet die voorbereiding en die rustigheid tot die groot dag aanbreek!

Groot nuus vir ons afdeling is dat Magda Coetzee op Maandag 21 Oktober 'n seun van 3,3kg ryker geword het. Ons hartlike gelukwense aan haar en Awie.

Groete tot volgende keer.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## SEKSIE BOEKONTVANGSTE



Pakkies oopmaak



Ontvangs van boeke



Dobis hang



Boeke wegpak



Tydstudies



Probleme



Te veel probleme



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## L A N D B O U

Goeiemôre

En vanoggend is alles skielik blou-pers.

Jakarandatyd! Droomtyd, verliefweestyd, jonkweestyd, stuitigweestyd. Kyk ek deur die venster stem ek saam met die digter wat sê: "Teen die blou van die jakarandas is die blou van die lug maar bleek"; ons viooltjies in die vensterbank staan blou in die blom: waar die nuwe parkeerterrein hier buite gebou word ry hulle grond weg met ŉ blou trekkertjie; hulle swart werkers dra almal blou oorpakke; 50% van die studente het blo jeans aan en party voel maar blou want dis Maandag; en op die koop toe hol Anneline hier rond in ŉ blou rok.

Jakaranda - Audrey Blignaut se Vrolike Lied. Baie Australianers beskou die boom as inheems aan hulle land, maar hierdie pragtige boom kom oorspronklik van Brazilië, van die hoogliggende woestyngedeeltes, en floreer dus op droogtes. Maar Brazilië of nie, ek twyfel of daar by hulle ŉ mooier prentjie kan wees as hier voor ons venster. ŉ Paar drama-studente oefen tussen die blou blomme op die gras aan ŉ nuwe produksie en is besig om lustig op mekaar te gil.

Van drama-studente gepraat. Hulle het sopas ŉ speelvak van "Sneeuwitjie" agter die rug. Busse en busse vol skoliere is aangery, van speenoud (kleuters) tot stokoud (onderwysers). Ons sou nie eers bewus gewees het van die opvoering nie, maar op ŉ stadium trek daar gewoonlik die vreeslikste gille deur die plek. Dit is dan die punt waarop Leeu sy opwagting maak hier buite op die gras, en al wat kind is raak histeries. Wel, wat ŉ léëu met Sneeuwitjie te doen het weet ek nie. Sover my kennis van die geliefde kinderstorie strek was daar net ŉ aaklige koningin, maar of sy nou deur ŉ leeu vervang is in ŉ meer "modern version" van die verhaal sal ek maar moet gaan uitvind. En hierdie leeu is ook gladnie "ferocius" en "growling" nie, maar al huppelend op sy agterpootjies met twee voorpootjies wat ewe fyn-fyn gefladder word. Aarde!!!

Junior is steeds vir ons ŉ vreugde. Die gesprekke tussen hom en die studente (nou dat sy naam nie meer vir hulle laggendsnaaks is nie) verskaf ons baie plesier. Hy het gou hulle streke agtergekom en om hom tussen so twintig studente in die fotokopieërkamer te sien, volkome meester van die situasie, is nogal groot pret. Horende doof gaan hy sy gang, sien sy sien waar nodig, en reageer doodkalm op uitroepe soos: "Junior, jong, hierdie een sê hy's dors". (Dis natuurlik ŉ Nashua met ŉ rooi liggie).

Landbou bly steeds ŉ ontdekkingsveld, met sy voor- en nadele. Daar is onlangs ingebreek by ons bodes se kamertjie. Joseph, ons skoonmaker, se koffie, melk, suiker en halwe brood het verdwyn, en Junior spog met ŉ splinternuwe bruin oorjas en ID-kaart in die plek van sy voriges wat ook gegaps is. Maar wat ŉ ontdekking maak ons toe nie in die proses nie. In hulle kamertjie is daar toe drie kartondose mikrofilms, en - skielik het Landbou nou ook ŉ oudiovisuele-versameling! (Nou weet ek hoekom die ou mense kort-kort huis gedraai het).

Ons studente, veral die finale-jaars, raak al hoe meer gespanne weens die naderende eksamen. Ons weer, raak hartseer om afskeid te neem van hulle.

En op hierdie blou noot groet ek tot volgende maand.

ANNE

## F I N A N S I ë L E  A D M I N I S T R A S I E

As the year is drawing to a close we would like to share this verse with you all.

"I said to the man who stood at the gate of the year

Give me a light that I may go safely into the unknown and he said: Go out in the darkness and put your hand in the hand of God and that will be safer than light and better than a human way."

Although a month tóó early - nevertheless an prayer for you all will be the same.

DORIS BOTHA



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## PROF GERRYTS OORSEE

PROF GERRYTS BESOEK DIE BUITELAND ....

Prof Gerryts het gedurende September besoek aan die buiteland afgelê. Hy het Italië, Venesië, Duitsland en Brittanje besoek.

In Italië het prof Gerryts die jaarlikse DOBIS/LIBIS-konferensie by Dei Camera Dei Deputati in Rome bygewoon. Prof Gerryts is lid van die DOBIS/LIBIS bestuur en hy het Suid-Afrika daar verteenwoordig waar hy ook weer eens vir die volgende jaar tot die bestuur verkies is.

Hier besoek prof Gerryts ook die Landgoed van die pouslike wyne, genaamd Frascati. Ek glo dat dit 'n belewenis was!

In Venesië het prof Gerryts geen amptelike besoek afgelê nie, maar Venesië met sy waterstrate besoek soos wat enige ander besoeker sou doen, voor sy vertrek na Suid-Afrika.

Daarna vertrek prof Gerryts na Duitsland waar hy Frankfurt, Heidelberg en Düsseldorf se universiteitsbiblioteke besoek het. Samesprekings hier het goeie vrugte afgewerp en het prof Gerryts met nuwe en goeie idees teruggekom.

In Brittanje besoek hy London en Bournemouth. In London het prof Gerryts onderhandel met persone van die British Library, Institute for Information Scientists en ASLIB. In Bournemouth het hy die konferensie "Information 85" bygewoon.

U het reeds in die teekamer van prof Gerryts self verneem van sy aanvanklike teenstand, maar tog suksesvolle besoek. Later sal ons aan u meer detail inligting deurgee, betreffende dié oorsese besoek.

Prof Gerryts, welkom terug in die land van melk en heuning. Ons vertrou dat u die besoek verrykend en leersaam gevind het.

REDAKTRISE.

## VOORONTSLUITING


Die seksie se weeklikse voortgesette opleiding in AACRII het baie bygedra om almal se kennis te verfris en probleme op te los. Mev H Coetzee van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde en mev E Langkilde was ook met sommige van die lesings behulpsaam.

November is ons besigste maand aangesien dit die laaste geleentheid is vir vakbibliotekarisse om bestellings vir boeke in te stuur. Ons is egter gereed om die stormloop te hanteer en alle bestellings in Desember af te handel. Blydskap is duidelik by Makkie, Joy en Martjie te bespeur aangesien die laaste toetse en take vir die jaar afgehandel is. Hierdie gebeurtenis is dan ook op vrolike wyse met 'n ete by 'n restaurant gevier. Met die eksamens om die draai wil ons hulle sterkte toewens.

Ons wil graag met almal wat lief is vir lees en gelukkig voel tussen boeke die volgende reëls deel met die woorde van C J Langenhoven:

> "Ek en jy wat bevoorreg was om te leer lees, om van boeke ons helpers en troosters en metgeselle te maak - wat sou ons nie desnoods opoffer om hulle te behou nie? Ons sou sê, as dit nie anders kan nie, gee ons die skraalste kos en die grofste klere - gee ons strooi om op te slaap, en korsies om te eet en rou velle om ons naaktheid te bedek, maar laat ons boeke."

M BOTES






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## POS UIT DIE VSA...

### THEA EN CHRISTINE

Ds Kobus Mey is 'n student wat die afgelope twee jaar op die vyfde vlak van die biblioteek 'n studiehokkie beset het. Intussen het hy geregistreer as student aan die Southern Baptist Theological Seminary in Kentucky. In 'n brief aan ons het die volgende interessante gegewens gekom.

Die Biblioteek is 'n fees! (sy eie woorde) Dit is net 'n Teologiese biblioteek met meer as 300 000 bande en meer as 600 000 boeke op mikrofiche. Verder word ingeteken op 1 300 tydskrifte (skynbaar titels) en die koste daaraan verbonde is $60 000 per jaar. Die gebou beslaan vier verdiepings met die kelderverdieping vir kerkmusiek - sluit ook plate in. Grondvloer: boeke, studietafels en studiehokkies. Derde vloer: tydskrifte, fotostaatkamer met masjiene wat met munte werk en ook 'n kleingeldmasjien. Heel bo is weer boeke met leesareas en 'n argeologiese museum met Egiptiese mummies en van die oudste rolle en ontdekkings. Die biblioteek het ook 'n ruskamer met outomate wat verversings voorsien en op die vloer is ook nog twee groot lesingkamers.

By die Seminarium doen die studente self al die werk wat hier by ons deur swart arbeiders gedoen word. Hulle kry ongeveer $4,50 per uur. Kobus skryf dat die student (man of vrou) wat die biblioteek se badkamers skoon maak, netnou by jou in die klas sit. Die werk sluit ook administrasie werk in. Internasionale studente mag egter nie werk nie.

Die studente woon in klein huisies sonder omheinings en almal is glo baie spontaan en vriendelik en oorlaai hulle met liefde. Almal stuur vir mekaar waarvan hulle te veel het. Daar is omtrent 4 000 studente met net 'n klein persentasie vroue, met darem 'n sterk feministiese beweging!

Voor sy vertrek was hy baie bekommerd oor hulle finansiële posisie. Dit lyk egter of dit in die verband juis goed gaan: Hulle bewoon 'n huis vir $350 per maand en kon 'n motor koop vir $740. Hulle koop 4 brode vir 'n dollar en 'n gallon petrol kos $1,11. Varkvleis, hoener en kalkoen kos die helfte minder as hier en hulle kan 12 blikkies Coke koop vir $2,99, 'n gallon druiwesap vir 89 sent en 5 blikkies bone of ertjies vir $1,00. 'n Nuwe motorband kos $24,00. Hy het vir hom 'n paar Nike drafskoene gekoop vir $10,00.

Die omgewing van die Seminarium is glo pragtig met baie groot bome en immergroen grasperke. Kobus werk hard en hoop om daar sy doktorsgraad te kry.

## BUITEMUURS

Dis Jakaranda-tyd hier in die Middestad en Proesstraat. Waar ons geleë is, is een van die mooiste strate met sy ou jakarandabome aan albei kante wat mekaar bolangs ontmoet en 'n lang blou tonnel vorm waardeur jy ry. Vanoggend, na die lekker reën van gisteraand, is daar twee tonnels - een bo en een onder. Van binne af is die uitsig nog mooier en al is daar baie werk en voorbereidings vir die groot trek na Binnemuurs. Ons moet nou en dan stil staan om die prag te bewonder en God te prys vir Sy wonderlike skepping!

Terug aarde toe! Na die werklikheid van 20 000 boeke wat uitgesorteer moet word, 15 000 vir Binnemuurs en 5 000 vir afskrywing. Na afskeidneming van ons vriendelike gebruikers en die dinge waaraan ons gewoond geraak het, soos die krakende hek by ons toonbank, ons eeuoue tikmasjien, die ou-voorraad katalogus wat ons so amper reggekry het, ens. Ons dink aan vorige personeellede wat hier werksaam was. Mnr du Toit wat so lank die leisels hier gehou het en 'n mens kan nie help om hartseer te voel dat hierdie era ook tot 'n einde gekom het nie.

Nogtans kyk ons vol moed na die toekoms, met dankbaarheid vir die verlede.

Deo Gratias!

RAY SMITHERS

## JAMMER!!

'n Foutjie het ingesluip en verlede maand se Biblikasie as Oktober aangedui. Dit was September se uitgawe - u lees nou OKTOBER se uitgawe!!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

GEWIGGIES, O GEWIGGIES

Daar word soveel geskryf oor oefeninge, diëte, verslankingsmiddels, ens. dat 'n mens nie anders kan as om nie te vergeet van jou probleem nie. Oral word jy daaraan herinner en word dit behoorlik ingevryf. Skimpe en aanmerkings kan jy nie regtig ignoreer nie en dan word jy gedwing om iets daaraan te doen. Dit is deesdae mos "maklik" om gewig te verloor. Daar is soveel dieetdrankies, suikervrye koeldrank en kougom, onversoete dit en dat en verslankingspille en -middels op die mark wat net vertel van soveel kilogram in soveel maande of weke of dae wat verloor kan word. Dadelik is ons die ene oë en ore en lees ons soveel moontlik oor kilogramme en gewigsverlies tot die regte soort gevind word wat ons pas. Aan geld is daar nie 'n tekort nie en dadelik word die naaste apteek of afdelingswinkel besoek. Rande en rande word daaraan bestee om die kilogramme net die hok te slaan. Of dit werk of nie moet 'n mens nog uitvind. Dan is oefeninge baie belangrik en dadelik word daar by 'n "gym" aangesluit. Alles begin baie goed en dit gaan voor die wind. Na die eerste week voel jy 'n ander mens, mâãr dan word daar op die skaal geklim en die gewig bly dieselfde, die kilogramme is nog net daar. Dit laat 'n mens se moed sommer net daar in jou skoene sak. Jy sê vir jouself dat alles tog nie gehelp het, jou geld lê in die water, en dan om jou bietjie beter te laat voel gaan klim jy in die koskas en help jouself aan 'n "bietjie" van alles. En daar gaan jy al weer, net tot die volgende artikel of advertensie van vinnige en maklike gewigsverlies in een of ander tydskrif of op TV verskyn en net daar begin die stryd van vooraf. Dieselfde ritueel as voorheen.

'n Mens se hart sal dit nie kan hou met soveel oefeninge nie.

Maar helaas, indien jy dalk uithou en aanhou en kophou kan jy dalk die kilogramme oorwin. Moet net nie verwag dat dit in 'n dag of selfs 'n week of 'n maand sal wegsmelt nie. Dit het jare geneem om die kilogramme te kry en om dit te verloor mag dalk ook so lank duur. Wees maar net geduldig. Dit sal wel gebeur dat jy jou nuwe self sal ontdek, kilogramme minder en plooie meer, maar iets moet jy prysgee.

Moet ook nie sê dat jy eers dit en dit sal doen as jy eers maer is nie. Die lewe gaan by jou verby en as jy sien is jy jare ouer, jou kilogramme nog daar en dan het jy nog glad nie die lewe geniet nie. Geniet die lewe elke dag al beplan jy om gewig te verloor. Dit is definitief nie die alfa en die omega van 'n mens se bestaan nie. Daar is baie ander dinge wat belangriker is al sien 'n mens dit glad nie so in nie.

ALIDA

## TYDSKRIFTE

MOENIE MY VRA NIE - EK WERK NET HIER.
'n PAAR KANTOOR-KWIKSLAE

Ek het vandag net een fout gemaak ... Ek het werk toe gekom.

Daar is net een klein dingetjie wat my hinder van my werk ... My salaristjek.

Ek kan hierdie werk in my slaap doen ... dis wat ek die meeste van die tyd doen.

As dit lyk soos koffie,
Ruik soos koffie,
Smaak soos koffie ... is dit beslis nie ons kantoorkoffie nie.

Ek gaan in die toekoms bevorder word ... Ek weet net nie hoe lank dié toekoms is nie.

Niemand hier werk harder as ek nie ... Dit verklaar hoekom ons nie veel gedoen kry nie.

Ek is nie bang vir 'n loonbevriesing nie ... Ek is al jare buite in die koue (Hallmark)

TYDSKRIFTE

## GESAMENTLIKE KATALOGUS

NUWE WERK SIEN DIE LIG

Die hersiene uitgawe van die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge van die Suid-Afrikaanse Universiteite, 1918 - 1984 is sopas vanaf Potchefstroom ontvang.

Volgens die opstellers daarvan is 'n aantal proefskrifte en verhandelinge wat in 1985 verskyn het, reeds hierin opgeneem. Hulle beplan om voortaan elke jaar 'n volledige kummulasie tot op datum te publiseer.

Vakbibliotekarisse se aandag word op hierdie nuttige naslaanwerk, wat by IBL staan, gevestig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Beroepsaanduidinge in rym

Die rymende beroepsaanduidings het sy bloeityd in die 17de eeu beleef. Hierdie aanduidings was heel prettig en pittig.

Voor ŉ apteek, waar ŉ brandewynkroeg onder in die kelder was, het die volgende uithangbord gehang:

"Hier verkoopt men, zoo wel boven als onder, dranken,
Het een voor de gezonden, het ander voor de kranken."

ŉ Besemmaker het die volgende rympie op sy uithangbord gehad:-

"De bezem kuis
Reinigt het huis
Van onkuisheden
't was te wenschen
Dat alle menschen
Ook zoo deden"

Die volgende twee glaswinkels het nie geglo aan lang rympies nie

1) "Licht
en dicht"

2) "Met glas en loot
win ik mijn broot"

Die volgende rympie voor ŉ hoedemakers-winkel is heel komies:

"Hier maakt men hoeden om de hersens in te sluiten
Op dat het los verstand daar niet mag vliegen buiten"

Die houtverkoper maak geen geheim daarvan dat hy sy saak winsgewend wil bedryf nie!:

"Hout te verkopen
Met grooten hoopen
Om mijn gewin
Dat is mijn zin"

Die lakenstopster adverteer haar beroep so:

"Hier stopt men lakens, grof en fyn
Die werkt bringt sal welkom zÿn"

Die melkboer prys sy ware op die volgende wyse aan:

"Hier verkoopt men room
Zeer vroom
en zoete melk
Voor elk"

Hoe vandag se regsgeleerdes oor die volgende uithangbord sal voel is ŉ saak wat oop is vir bespreking:

"Hier woon Jacobus Hoccius, Prokureur en Notaris van alle zaken of 'tleugen of waar is"

Die pruikmakers was in groot aanvraag en een van hulle het die volgende advertensie op sy uithangbord laat aanbring.

"Hier maakt men pruiken om ieder te gerieven van levend menschenhaar, niet van gehangen dieven"

ŉ Heel prettige rympie voor ŉ skoenmaker se winkel in Gent, laat die voornemende koper duidelik verstaan dat sonder "betalen" "hoefje ook geen schoene te kom halen"

"Meester Coene
Maeckt my een paar schoene
Ja Juffrouw dat wil ik wel doene
Meester Coene maakt die schoon en sterk
Ja Juffrouw, dat is mijn werk
Wanneer mag, ik die kom halen?
Als gij geld het om te betalen
Maar als ek geen geld het om te betalen
Dan hoefje ook geen schoene te kom halen
Adieu Meester Coene
Adieu Juffrouw zonder schoene"

Onderwysers het ook geadverteer en het selfs in daardie dae nie geskroom om te kla oor karige lone nie

"Schoolmeester"
"In een kleine stad van Oos-Friesland"

"Hier foet men op de jeugt
Tot wetenschap en deugt
Bewerkt bÿ stoute kinderen
Het weterspanning hinteren
En hael daaruit ter naawernoot
Een karig taagliks proot"

Dit wil voorkom asof skrynwerkers in daardie dae nóg in Hardewyk nog in Middelburg genoegsaam verdien het en die vrou nog altyd iets by moet doen. Of die "naarstig na Kerk gaan die klante beindruk het is ook ŉ ope vraag:



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Skrynwerker te Harderwijk

"Aan eene zij van dees winkel verkoopte men kistemakerswerk
Mijn vrou verkoopte sajet en garen en gaat naarstig na de kerk

Skrynwerker te Middelburg

"Hier woont Jan Klaasz, die maakt kisten en kasser
Sy vrou gaat uit schoonmaken en wassen"

Die slagter stel dit baie duidelik dat dit bitter moeilik is om alle mense tevrede te stel:

"Al had ik Samsons Krachten
En Salomo's gewin
Zo zou ik nog niet slachten
na een ieders sin."

Die volgende taphuis het nie net vir die mens gesorg nie maar ook vir die dier.

"Wel doen en vrolijk sijn
Is't beste goed op aarde.
Hier verkoopte men, bier en wijn
En haver voor de paarde"

Feitlik alle beroepe is so op rym geadverteer, ek kon egter nêrens iets oor 'n biblioteek of bibliotekaris vind nie. Ek wonder of daar nie iemand onder my kollegas by Merensky goeie vriende met die digterlike muise is nie, dalk kan iemand vir ons 'n rympie oor ons beroep skryf.

Al rymende groet ek vanuit die Instituut.

BRON: Van Hennep, J en Ter Gouw, J
Het boek der Opschriften.
Amsterdam, Gebroeders Kraay,
1869.

JO BREED

## TIKSTERS

Wat 'n verrassing was dit nie! Ja, ek was mos weer grootmond! "Julle sal my tog nooit uitvang nie" - en het hulle nie!

Aan my hoof Joggie en mede kollegas - dankie vir 'n wonderlike kombuistee, ek glo nie Merensky het al ooit so iets beleef nie, en ek glo ook nie ek praat nou groot nie, want dit was baie oorspronklik.

Aan almal wat bygedra het en ook die kombuistee bygewoon het, baie dankie vir alles, dit sal altyd 'n mooi herinnering bly.

Wel, dit is ook die laaste keer wat ek 'n bydra tot die publikasie sal lewer, daarom wil ek net aan almal wat ek ken sê dankie vir vier wonderlike jare wat ek as personeellid saam met julle kon werk.

Ek gaan julle almal baie mis - glo dit of nie - maar moet net nie dink dat julle permanent van my ontslae gaan wees nie, Potjiestroom is nié so ver van Pretoria af nie!

Aan Joggie, Alida en Annemarie - kollegas, dankie vir 'n fees van 'n tyd saam met julle.

Groete

MARETHA

## VOORKLINIES

MET KOMPLIMENTE VAN VOORKLINIES MAAR ....
N V T !!!!!

HOOR HIER

* When they gave out brains, I thought they said trains - and I missed mine
* When they gave out looks, I thought they said books - and I didn't want any
* When they gave out noses, I thought they said roses - and I asked for a red one
* When they gave out legs, I thought they said kegs - and I asked for two fat ones
* When they gave out ears, I thought they said beers - and I asked for two long ones
* When they gave out chins, I thought they said gins - and I asked for a double
* When they gave out heads I thought they said beds - and I asked for a soft one
* Well, since then I'm trying to listen better!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## SESDE VLAK

Wisdom is ever a blessing; education is sometimes a curse.
JOHN A SHEDD, Salt From My Attic, p 29

The only really educated men are self-educated.
JESSE LEE BENNETT, Culture and A Liberal Education

The wise man does not lay up treasure. The more he gives to others, the more he has for his own.
LAO-TSZE, The Simple Way. No 81

There are three faithful friends - an old wife, an old dog, and ready money.
BENJAMIN FRANKLIN, Poor Richard, 1738

A Father's a Treasure; a Brother's a Comfort; a Friend is both.
BENJAMIN FRANKLIN, Poor Richard, 1747

Liberty is worth whatever the best civilization is worth.
HENRY GILES, The Worth of Liberty

Liberty .... is one of the greatest blessings that Heaven has bestowed upon mankind.
CERVANTES, Don Quixote. Pt. ii, ch. 58

By the accident of fortune a man may rule the world for a time, but by virtue of love he may rule the world forever.
LAO-TSZE. The Simple Way, No 13

A quiet tongue makes a wise head.
THOMAS COGAN, John Buncle, Junior, i, 238

Some read to think, - these are rare; some to write, - these are common; and some to talk, - and these form the great majority.
C C COLTON, Lacon

The pleasures of the rich are bought with the tears of the poor.
THOMAS FULLER, Gnomologia. No 4707

There are only two families in the world, the Haves and the Have Nots.
CERVANTES, Don Quixote. Pt. ii, ch. 20

Every man's life is a fairy-tale written by God's fingers.
HANS CHRISTIAN ANDERSEN, Works: Preface

The greatest truths are the simplest; and so are the greatest men.
J C AND A W HARE, Guesses at Truth

Ignorance is not innocence, but sin.
ROBERT BROWNING, The Inn Album. Canto v.

The wise man draws more advantage from his enemies, than the fool from his friends.
BENJAMIN FRANKLIN, Poor Richard, 1749

I never did repent for doing good, Nor shall not now.
SHAKESPEARE, The Merchant of Venice. Act iii, sc. 4, l. 10

BRON: Stevenson's Book of Quotations
Tenth Edition. 1967.
Cassel & Co Ltd



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## BOEKONTVANGSTE

Dit lyk asof bestelde boeke nou weer in ŉ konstante stroom begin inkom! Hieroor is Makro-ontlsuiting se dames seker bly. Ek sien so nou en dan een van hulle wat kom loer of die rakke in "Kerkstraat" nie miskien ŉ paar nuwe boekies bygekry het nie!

Alhoewel die geldsake vir 1986 volgens mnr Duminy rooskleurig lyk, is dit tog ontstellend dat die regering reeds die 10% invoerbelasting ingestel het. Tesame met die addisionele heffing op pakkies en die AVB, betaal ons nou ongeveer 25% belasting op ons ingevoerde boeke. As ŉ mens in ag neem dat ons ongeveer 97% van alle boeke wat ons koop invoer, is die bedrag wat ons aan belasting moet betaal heelwat. Hierbenewens moet die wisselkoers, hanteringskoste en die handelaar se wins ook nie vergeet word nie!

REEKSE:

Die seksie is vir die hantering van 1032 subskripsies op monografiese reekse, losbladpublikasies en onvoltooide reekse verantwoordelik. Vir Regte is daar byvoorbeeld 230 subskripsies, wat tot ŉ baie groot mate uit losbladpublikasies bestaan. Dit bring mee dat mev R Viviers, mnr D Bezuidenhout en mev E Smit gedurig met die rug-teen-die-muur moet veg om al die korrespondensie probleme en insortering van losblaaie af te handel.


OUDIOVISUELE MATERIAAL

Ons is deesdae nou ook invoerders! Omdat dit in die verlede duur en omslagtig was om OV-materiaal uit die buiteland via boekhandelaars te bestel, het ons nou self die nodige vrystellingsertifikate en invoerpermitte bekom en kan ons met elke bestelling wat ons plaas (lugpos en al) meer as ŉ 100% op die finale prys spaar. Ons het ŉ goeie ambassadeur in Gideon Roets - hy verrig wonders met die "uitsorteer" en moeilike vorms en amptenare!! Hierdie reëling kan in die toekoms vir ons baie geld spaar, veral as ons in ag neem dat die aanvraag (veral vanaf die Mediese Biblioteek) in die laaste tyd baie toeneem.

PERSONEEL

Hierdie maand was ŉ rekord tot op hede! Ons het nie ŉ enkele dag siekverlof aangeteken nie, en as dit nie vir Aartia Joubert se oorplasing na mnr Otto se afdeling was nie, was ons die hele maand voltallig!

NORRIE NEL




VERJAARSDAE - NOVEMBERMAAND

7 Mev Dina Terblanche
(Boekontvangste)

12 Mev E Viljoen
(Tydskrifte)

19 Mej Martie van der Walt
(Voorklinies)

23 Mnr Mathew Syphus
(Tydskrifte)

24 Mev Mala Mouton
(5de vlak)

26 Mev Daleen Stephens
(Africana)
Mnr Louis Botha
(Kelder)

28 Mev Christie de Klerk
(IBL)



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GELUKWENSING

Magda en Awie; Baie geluk met jul baba seuntjie. Ons glo dat julle saam baie vreugde sal deel.

Mev Ina van Vuuren het nog 'n kleinseun ryker geword. Ina, baie geluk!

IN EN OM MERENSKY .....

Die Algemene Jaarvergadering van DOBIS/LIBIS vind plaas op 13 November 1985 in die Biblioteeklaboratorium op die Vyde Vlak.

Dié vergadering bestaan uit die volgende sessies:

1. Besigheidsvergadering.

2. Program bestaande uit mini-referate oor bestuurs- en rekenaartegniese aspekte en ontsluiting mbv DOBIS/LIBIS. Hierdie is 'n oop-sessie.

3. Behoefte- en voorkeurbepaling vir 'n DOBIS/LIBIS in die medium en langtermyn, (5 - 10 jaar).

## VYFDE VLAK

"Op die afdraande pad" kan mens seker maar hierdie tyd van die jaar noem. Die vloer word al hoe stiller, behalwe vir die laatslapers wat seker nooit sal leer nie, en nou in die knyp sit. Die kwessie van afdraandes is nog altyd 'n lekker gedagte - dit is nou as mens na die positiewe sy kyk. Dit is die tyd van die jaar om terug te kyk na alles wat gebeur het en na alles wat uitgerig is. Dit is so al asof mens 'n entjie terugstaan en iets bewonder, en gelukkig is dit mos maar in die mens se natuur om eerder die mooi en lekker te onthou.

As mens eers bo op die bult is, kan jy na die landskap onder jou kyk - na agter, die lang paadjie wat jou tot hier gebring het, en vorentoe, die groen heuweltoppies, die nou nog vér blou see, en die dynserige horison.

Maar wag, ons moet nie nou al te bly raak oor die lang vakansie wat voorlê nie. Hier op die vyfde vlak is 'n klompie van ons wat egter eers 'n paar klippe uit die pad moet rol, of eerder, een gróót klip, nl. die eksamen! Maar wat, siende dat ons tog op die "afdraande pad" is, sal die klippe seker maklik rol!

Aan almal wat besig is om voor te berei vir die eksamen, hou moed, dit is nie meer lank nie voor ons ook kan terugsit en (hopelik) tevrede terugkyk na dié bedrywige jaar.

# Being "matured"

**"You know you're growing old when ...**

- Almost everything hurts, and what doesn't hurt, doesn't work.
- You feel like it's the morning after the night before — only there wasn't a night before.
- You're still chasing women but can't remember why.
- You finally know all the answers but nobody asks the questions.
- You look forward to a dull evening
- You turn off the lights for economical rather than romantic reasons.
- Your knees buckle, but your belt won't.
- A pretty girl walks by and your pacemaker opens the garage door.
- You sink your teeth into a steak and they stay there.

**Acknowledgement: Fokus**



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## AFRICANA

As ŉ mens een of ander sonde vertroetel is dit mos altyd baie gerusstellend vir die gewete om uit te vind dat daar ander mense is wat ook skuldig is. Een van my vele sondes is dat man, kind en huis soms deeglik beproef raak wanneer ek nie kans sien om ŉ interessante boek neer te sit nie. Daarom was dit vir my onlangs baie vertroostend om ŉ paar aanhalings te kon maak uit twee boeke van mense wat versot is op boeke en die leesgewoonte. Ek wil dit graag deel met al die ander boekwurms in die Merensky.

Uit die bundel sketse van Marietjie van Rooyen, Riet-alleen die volgende:

"ŉ Mens raak uitgepraat, uitgeslaap, uitgeëet en uitgekuier, maar nooit uitgelees nie.

Lees is lekker.

En lees is nie teen die wet nie, dit is nie sonde nie en dit maak nie vet nie. Daar is nie baie ander lekker goed waarvan ŉ mens dit kan sê nie.

En die leesgoed raak nooit op nie. As ek vanoggend in ŉ sonkolletjie gaan sit en lees tot die einde van my dae, sal daar nog iets wees wat ek graag wou lees voordat ek doodgaan".

"Lees is ŉ sosiaal aanvaarbare dwelmmiddel. Solank jy jou in ŉ boek kan verdiep, moet hartseer en probleme hul beurt afwag. ŉ Vervelige boek is beter as ŉ slaappil en ŉ interessante boek is die naaste wat die meeste van ons aan ŉ rooiwarm avontuur sal kom".

"Lees raak nie uit die mode nie. En tot vandag toe beteken 'Ek gaan vannaand vroeg in die bed klim met ŉ boek' nie dat ŉ mens ŉ afwyking het nie".

In haar bundel Die Goue Vreugde waarin Audrey Blignault "ŉ keur uit jare se leesgenot" saamgevoeg het sê sy onder andere dat die behoefte aan ŉ storie diep in ons almal lê.

Oor haar boeke sê sy die volgende:

"ŉ Mens se eie biblioteek is jou beste verskansing teen eensaamheid, teen die aanslae wat die lewe bring.
In tye van verdriet en vertwyfeling kon ek my nog altyd tot my boeke wend en daar die vertolking van my ervaring vind.
Die betowering van die boek is - salige wete! - nooit aan tyd of plek gebonde nie. Solank ŉ mens jou boeke by jou het, kan jy maar op enige plek wees sonder dat jou omgewing jou onderkry. In één skraal jaar van my lewe op ŉ afgeleë dorp het ek Dostojewski leer ken en vandag weet ek dat juis dáárdie jaar een van die rykste in my bestaan was.

ŉ Groot troos is dit dat ŉ mens se boeke oral met jou kan saamgaan. Dit bly een van die groot plesiere in die lewe om iemand te ontdek met wie ek die vreugde oor ŉ boek kan deel. Die boek was vir my nog altyd ŉ band met ander mense, ŉ sleutel tot vriendskap waar ek ook al gaan".

Aan almal wat noual begin beplan vir Desember se luilekker vakansiedae wil ek baie aangename uurtjies van leesgenot toewens!

[illegible] COETZEE

## THE MIRACLE OF DIALOGUE : R L HOWE

"Every man is a potential adversary, even those whom we love. Only through dialogue are we saved from the enmity toward one another. Dialogue is to love what blood is to the body. When the flow of blood stops the body dies. When dialogue stops, love dies and resentment and hate are born. But dialogue can restore a dead relationship. Indeed, this is the miracle of dialogue: it can bring relationships into being, and it can bring into being once again a relationship that has died.

There is only one qualification to these claims for dialogue: it must proceed from both sides, and the parties to it must persist relentlessly."



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## TAKING A CLOSER LOOK AT THE LONELY WORLD OF THE DIETER

Her world is enveloped in lettuce leaves and tomatoes, half slices of rye bread and not more than two boiled potatoes.

Height/weight charts loom at her from all angles, scales appear round every corner. Seven glasses of water a day are essential, - fizzy drinks banished for ever. Black coffee rears its dark, ugly head from every crevice not allowing even half a teaspoon of sugar to come within het periphery.

She was stimulated into this gloomy environment by just-one-more-cheese-snack, another-potato-won't-hurt-anyone and who's-looking-if-I-have-two-helpings-of-icecream - events which have made this woman a sufferer, a depressive ........ a dieter!

She can be recognised by her built-in resistance to bathroom scales and mirrors - her most feared, offensive and despised possessions; objects which can turn the normal happy-go-lucky woman into a manic depressive.

They know nothing of mercy if temptation has been allowed to conquer.
These devices can gauge with despicable accuracy the individual's ability to live up to the name "dieter". Sometimes this can provide innumerable hours of back-patting and ego-boosting - a rare state, unfortunately, in the life of the individual.

Alcohol is considered a dirty word where the dieter roams. A glass of wine, a sip of beer or a toast of champagne become predators trying to exterminate will-power.

A tot of brandy with a drop of Coke can play absolute havoc with the dieter's weight and conscience, resulting in weeks of squandered effort.

### AGONY

A person falling into the "dieter" category often can be seen experiencing mental and physical agony while sitting perfectly still.
She's probably envisaging the ghastly activity of jogging in a most inadequate pair of shorts, which accentuate her curves of "shapeliness" out of all proportion. It is highly likely that such exercise is taken down the main street at rush hour. She may however, get words of encouragement from passers-by - though they may be so camouflaged in giggles and gasps she will not hear them.

Alternatively, this woman may contemplate escaping to the confines of a private sauna. Here she can primarily sweat, then fry, then die in peace, without ugly comments from ogling strangers.

If exercise is not her cup of tea (black, unsugared) this woman may be spotted at the local health shop. She'll probably be seen handing vast sums of money to a slim blonde assistant who assures her that those tonics and tablets are FABULOUS!
The dieter will be oblivious of the assistant's double-decker hamburger (tucked under the counter) and will walk out of the shop with her paper bag of "miracle workers", already feeling kilos lighter. (Her empty wallet has probably played sly tricks on her mind).

### BULGING

The dieter's general state of fanaticism apparently is induced by bulging zips, popping buttons and splitting seams. These act as emergency warning signals for the individual to participate in the dull world of letuce leaves.

A woman usually experiences this state during one or another phase of her life. She may, however, have found it such a dismal existence that the order of the day becomes new clothes of a bigger size and the dismissal of the bathroom scales.

In the unlikely event that willpower triumphs in the battle of the bulge, great satisfaction can be gained. Smooth riding zips, unrestrictive clothing, friendly scales and wolf-whistles can cause such immense happiness that a celebration is called for.
A cosy meal for two at a most delightful little restaurant, with a champagne toast to the now EX-dieter, perhaps???....
How regrettable! Yet another potential thinny's efforts gone to WAIST!!

Uit: "YOUR FAMILY", July 1985




'I'm on the pasta diet. I walk pasta bakery without stopping, I walk pasta sweet counter without stopping . . .'



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

AANSTELLING



Mnr Japie de Jongh

BEDANKINGS



Mev Susan Marsh



Mev Irma van Wyk



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Universiteit van Pretoria

Biblioteekdiens

# BIBLIKASIE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## DIE EERSTE 8ê

"TIMES ARE NOT WHAT THEY USED TO BE"

Die pessimistiese opmerkings van baie mense in die jongste tyd het my onwillekeurig aan die jare rondom die tweede wêreldoorlog laat dink. Die lyding en swaar wat mense moes deurmaak, sal ons nooit werklik kan begryp nie. Mnr Stollard, wat my Volkswagen in tip-top-toestand hou, het as Oos-Duitser die oorlog meegemaak en het die onbeskryflike trauma van kommunistiese oorname beleef. Sy wyse woorde het my al dikwels tot nadenke gestem. Sy gesin is groot gemaak met die uitgangspunt: al sou ons môre alles verloor, moet ons oormôre nog kan voortgaan.

Die toekoms het al dikwels vir mense donker en futiel gelyk. Daar word dikwels gesê: "Alas, times are not what they used to be!" Onthou dan, op een van die oudste geskrifte, die "Prisse Papyrus", wat meer as 6 000 jaar oud is, kom dieselfde woorde voor! Na aanleiding van die Tweede Wêreldoorlog skryf iemand "Millions of people everywhere in the world had lost faith in the future.. "...there was a breakdown of values and ideals, a creeping paralysis of fear and suspicion. People no longer felt secure. They no longer had faith or confidence in the future". Mense het net teen die vernietigende mag van die atoombom vasgekyk. Die voordeel van kernenergie vir die mensdom is geïgnoreer.

Vanweë 'n sameloop van omstandighede het Suid-Afrika ook in 'n probleemsituasie beland. Ek dink ons moet die positiewe wat daaruit gebore mag word nie uit die oog verloor nie. Dit is frustrerend om te ervaar hoe maklik mense moed en perspektief verloor. Wat onlangs nog ons trots en inspirasie was, is ewe skielik 'n verleentheid. Dit is dwaas. Jy moet die eenheid van die geskiedenis aanvaar en met trots op die goeie in die verlede voortbou; anders pleeg jy geestelike selfmoord! Jy moet aanvaar dat dit juis die uitdagings en probleme is wat jou spierkrag toets.

Vir te veel bibliotekarisse is die rekenaar en inligtingstegnologie ook iets soos 'n atoombom wat die eeu-oue bekende wêreld van die boek en biblioteek om hulle sal vernietig. Die gevaar van 'n beroepsoorname deur inligting- en rekenaarkundiges word as 'n trauma beleef. Die simptome hiervan op die Information 85-konferensie in Engeland was duidelik waarneembaar. 'n Groot persentasie bibliotekarisse besef nog nie dat die inligtingstegnologie die "kernenergie" kan voorsien wat ons in staat stel om die kern van ons professionele uitdaging beter as ooit in die verlede aan te spreek nie. Die wyse waarop u, kollegas, hierdie saak onder die knie gekry het, verdien groot lof. U is u eweknieë in die Duitse universiteitsbiblioteke wat ek onlangs besoek het vêr voor. Dit was vir my 'n wonderlike gewaarwording.

Die styging in boekpryse en die onvermoë van elke biblioteek om sy tradisionele beleid by die aankoop van biblioteekmateriaal te handhaaf, beteken vir baie bibliotekarisse ook 'n "breakdown of values and ideals..." Maar kan ons inderdaad langer bekostig om op mekaar se drumpel 'n duplisering van tydskrifte met 'n lae gebruiksfrekwensie te handhaaf? Ons finansiële omstandighede sal 'n noodsaaklike realisme meebring. Trouens, die besef van interafhanklikheid by die onderlinge versameling en beskikbaarstelling van publikasies is 'n noodsaaklike voorspel tot wat optimale netwerkbenutting in elk geval impliseer. Wat die voorsiening van biblioteekruimtes betref, was die UOVS en Stellenbosch se biblioteke gelukkig om die laaste sluk uit die voorspoed-bottel te kon neem. Maar ook hieruit sal iets goeds gebore word. By die beplanning van enige biblioteekruimte vir die toekoms moet ons met nuwe waardes en modelle werk.

Soos op die volksakker sal ons egter steeds op die goeie van die verlede voortbou. Ons sal die waarde van die boek as geestesproduk respekteer en bevorder, maar ons sal ook die eenheid van die geskiedenis begryp en weet dat 'n boek op slapskyf in 'n stadium ook op 'n slap papirus was.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Wat ons land, ons beroep en ons persoonlike lewe betref - ek glo in die laaste woorde van Franklin D Roosevelt: "The only limit to our realization of tomorrow will be our doubts of today. Let us move forward with strong and active faith". Mag Kersfees dit vir elkeen van ons bevestig!

**Prof E D Gerryts**

Die Redaksie het kennis geneem dat prof Gerryts opgetree het as geleentheidspreker by die gradeplegtigheid van die Fakulteit Teologie op 22 November 1985. Sy onderwerp het gehandel oor "'n Veranderde boek- en Biblioteekwese: Implikasies vir teoloog en predikant". Ons onderneem om in die nuwe jaar breedvoerig hieroor verslag te lewer.

## 1985 VAARWEL

Maandag is hier en die son skyn
Blommetjies pronk buite in die tuin
Binne begin die nuwe week
Hier in ons VET biblioteek.

"Tannie, hoekom wil die masjien nie werk?"
Miskien moet dit nog na die naweek aansterk
Of het jy nie dalk die teller omgedraai
Nee, die papier moet jy nou inlaai.

Met 'n glimlag hier en 'n groet daar
Is die werk mos nou-nou klaar
Ag daar lui die telefoon alweer
Dis Dr So-en-So wat 'n paar artikels begeer.

"Dis dringend, dus haal ek hulle om een
Dan soek ek ook inligting oor die volstruis se been
Ek weet daar was 'n artikel in 1865 gepubliseer
Maar skrywer of tydskrif dit weet ek nie meer"

"O môre mevrou, ag help tog gou
By Buitepasiënte lê daar 'n siek makou
Hy hiperventileer en toon neurologiese neigings
Kyk op die rekenaar vir die jongste verwysings!"

Vir ERID is ek lankal nie meer bang nie
Daar's niks wat DIALOG meer met my kan aanvang nie
Ge-'train' deur Maureen begaan ek geen flater
"Jammer", sê DIALOG, "Ek gaan af, probeer later"

<u>Ortopediese chirurgie van die hond en die kat</u>

Dis die boek wat ek soek en dis nie op die rak
Die volstruisbeen moet wag en DIALOG ook
Die gebruiker is haastig, die teewater kook.

Die boek is gevind - op die rooi rak waar dit hoort
Die rekenaarsoektog vir die makou gaan nou voort
'n Slukkie tee sal nou lekker wees
Ek wens net dit kon die siek makou genees.


Hein by die toonbank is die Toring van Babel
Dis Zulu, Hebreeus, Engels - dis g'n fabel

IBL- en bloukaarte word die wêreld ingestuur
Sy mikrofiche-oë begin brand soos vuur.

Lammertjies blêr buite en voëltjies sing
Maar die plaasgeluide kan nie tot binne deurdring
Waar die tikmasjien tik en die Nashua dreun
En die video op Amerikaans sy boodskap uitkreun.

Die week is verby, die maand en die jaar
Doelwitte, statistieke en boekbestellings is klaar.
Die bou van die nuwe Bib gaan vlot voort
GROETE van ons almal op ONDERSTEPOORT!!

ERICA VAN DER WESTHUIZEN



*"Now that we know how to read, they're banning all the good stuff."*



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## ONDERHOUD MET PROF GERRYTS

WAT SOU U SÊ WAS DIE HOOGTEPUNTE VAN U BESOEK?

In Rome, tydens die DOBIS/LIBIS vergadering is 'n mosie ingedien waarop gevra is dat Suid-Afrika uitgeskop moet word. Die Italianer wat die mosie ingedien het, het gesê dat Suid-Afrika se binnelandse beleid onaanvaarbaar is en Suid-Afrika dus nie meer welkom is nie.

Die voorsitster van die sessie het egter gesê dat sy nie die mosie aanvaar nie, want dit is 'n wetenskaplike vergadering. Die dame is met 'n handeklap ondersteun en daarna is prof Gerryts eenparig deur die raad herkies tot raadslid.

Prof Gerryts voel egter dat hy goeie inter-persoonlike verhoudinge tydens sy 3 jaar as raadslid opgebou het, wat vir hom as persoon baie beteken. Dit is vir hom die les wat hy uit sy ondervindinge onthou.

Prof Gerryts voeg ook by dat hy voel dat hy op akademiese grondslag 'n deurbraak gemaak het. Hy was bevoorreg om daar ontvang te kon word, want so baie akademici moes omdraai omdat Suid-Afrika nie welkom is nie.

Duitsland:

By die Duitse universiteite het die vriendelikheid en hulpvaardigheid van die mense prof Gerryts beïndruk. Ander akademici kon egter nie met soveel lof van hulle praat nie.

Brittanje:

By die konferensie "Information 1985" het ons die goeie nuus ontvang. Die bevestiging van die toekomspad van die biblioteekdiens. Dit was die uitgangspunt van die mees invloedrykste mense wat 'n mens net positief stem.

HOE VOEL U OOR DIE STAND VAN SAKE IN DIE DOBIS/LIBIS-STELSEL EN IS DAAR ENIGE VERANDERINGE WAT VIR ONS AS BIBLIOTEEKDIENS VAN WAARDE KAN WEES?

Prof Gerryts is baie optimisties oor die toekoms van DOBIS/LIBIS. IBM is besig met stappe om die ontwikkeling van die DOBIS/LIBIS-stelsel beter te bestuur. DOBIS/-LIBIS word nou geakkomodeer in akademiese- en inligtingstelsels.

Verder is IBM ook nou besig om Dobis/Libis in Amerika te bemark. Hulle is ook besig met 'n langtermynplan waarin hulle 'n taakgroep saamgestel het om hulle te adviseer. Suid-Afrika is ook gevra om hul inset te lewer op die eerste vergadering wat in London volgende jaar gehou word.

Daar bestaan huidiglik 5 Nasionale gebruikersgroepe waarvan Frankryk die eerste land was wat toegetree het tot die stelsel, terwyl Suid-Afrika tweede toegetree het. Die jongste toevoeging is die Australiese biblioteekstelsels.

HOE SIEN U DIE PROBLEEM RONDOM INLIGTINGVERSKAFFING SOOS KON BLYK UIT DIE KONFERENSIE "INFORMATION 1985?

Prof Gerryts: Die tema van die konferensie was: "Using knowledge to shape the future." Uit die samesprekings het dit geblyk dat die ontwikkeling van die inligtingsgemeenskap ingrypende verandering in die biblioteekwese impliseer. Telkens is berig oor hoe die biblioteek sal verander. Die kommersiële sy verbonde aan inligtingverskaffing was 'n onderwerp wat baie aandag geniet het. Oor hierdie geldkwessie is daar 2 rigtings te bespeur.

Die een groep bly vashou aan die tradisie van die bibliotekaris as 'n bewaarder van boeke. Hulle voel ook dat enige persoon vrye toegang tot alle inligting moet hê. Daarteenoor is die groep wat voel dat iemand moet betaal vir essensiële inligting. Die gehalte inligting wat verskaf word, moet bepaal of die persoon sal betaal. Dit gaan dus oor die mees relevante inligting op die regte tyd.

Prof Gerryts het hier sy beskeie mening gelig deur te sê dat hy voel dat verskillende organisasies meer moet saamwerk. Daar moet 'n nouer samewerking wees tussen byvoorbeeld professionele verenigings, kommunikasie- en rekenaarwetenskaplike verenigings.

WAT WAS U INDRUKKE EN DOEL VAN U BESOEK AAN DIE ONDERSKEIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEKE?

In die breë was prof Gerryts teleurgesteld in die stand van sake by die universiteitsbiblioteke. Hul denke is nie so ver ontwikkel soos ons dink nie, in teendeel Suid-Afrika is eerder verder ontwikkel. Hier ondervind prof Gerryts dat daar 'n groter stryd by hulle bestaan om hul kollegas se ondersteuning te kry ten opsigte van die verandering van die inligtingstegnologie. Hier speel tradisie steeds die belangrikste rol.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HET U ENIGE IETS NUUTS RAAKGELOOP WAT U OP ONS BIBLIOTEEK VAN TOEPASSING KAN MAAK?

Daar is ook kontak gemaak met die BBC oor 'n projek waarin hulle van die videoskyf gebruik maak. Foto's word dan hier in geberg en in skyfvorm verkoop in plaas van boekvorm. Hierdie idee wil prof Gerryts gebruik om ons skyfies in skyfvorm te berg.

Prof Gerryts sluit af deur sy waardering uit te spreek teenoor sy Europese kollegas se openhartigheid teenoor hom ten spyte van die televisie en media oor Suid-Afrika se situasie.

Prof Gerryts sê ook dat daar baie bespiegel word of so 'n besoek geldmors is of nie. Die belangrikste meriete, volgens hom vir so 'n besoek is om kennis in te voer. Goeie idees kan baie geld en tyd spaar, wat so 'n besoek regverdig!

**Baie dankie prof Gerryts vir 'n baie interessante onderhoud.**

REDAKTRISE

## VIERDE VLAK

Hierdie is eintlik net om dankie te sê. Vandat ek hier begin werk het gedurende Junie, het almal moeite gedoen om my te help en my ook touwys gemaak. Veral Ria Viviers (met die ysterhand in 'n fluweelhandskoen en tonne geduld) en Markus Mathabe, die "Boffin" op die wegpakprojek. Informele opleiding deur Markus help Ria en myself om woord vir woord sy taal te leer. Ook hier toon hy besondere geduld. Geen wonder dat hy vanjaar 'n merieteverhoging ontvang het nie.

Die eksamenkoors is vol in die lug hier by ons. Losblad-toevoegings, fotokopieermasjiene en boeke vanaf buitermuurs wat weggepak moes word, is alles dinge wat die litte laat roer (veral die wysvinger met die rubber vingerhoed). Ek mag seker nie die statistiekvorms vergeet nie, want dis deel van ons daaglikse take.

Vanaf die vierde vlak, 'n Geseënde Kersfees en lekker vakansie aan almal.

DIRK

HORTON'S LAWS OF PUBLICATION

1. In technical writing, there is always an easier way, always a clearer way, always a more accurate way. Unfortunately, they are seldom the same way.

2. The more important a piece of information is, the less available it is.

3. The quality of prose is inversely proportional to the number of coauthors.

4. The amount of criticism of a publication is inversely proportional to its true value.

5. No deadline is impossible to the person who doesn't have to meet it.

6. Beware the unscathed review draft. It is hiding a fatal flaw.


7. After you detect and correct an error, you will discover that you were right in the first place.

8. White space never lies.

9. Every reader will immediately find the mistake that no proofreader could ever find.

10. There is always one more typo.

11. If it is possible for a typesetter code to be confused with text, it will be.






Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## MEDIES

Die Departement Aansteeklike Siektes, soos dit in UP se jaarboek voorgekom het, is al 'n geruime tyd gelede afgeskaf - of 'n mens kan maar sê, hy het by die Fakulteit Geneeskunde - biblioteek toe geskuif.

Hier is alles aansteeklik. Dis nie net siektes en kwale nie, maar ook 'n menigte ander dinge. So twee jaar gelede het vyf van die sewe mense op die personeel nuwe dakke oor hulle koppe gaan soek. Dit het alles in minder as 'n jaar gebeur by mense wat nou nie juis trekkerig van aard is nie.

Die volgende aansteeklikheid was om oorsee te gaan rondrits, en het Stella, Clarisse, Sannie en Sophia jeukvoete ontwikkel en omtrent die eindes van die aarde gaan verken.

Die dag as iemand met 'n seer tand by die werk aankom en vroeg-vroeg 'n tandarts soek, begin meer as een ongemaklik rondskuif want tandpyn is mos aansteeklik.

Dieselfde kwaal duik by ons motors op, en gee dit 'n gesonde klompie organisasie af om almal wat van hulle motors afhanklik is op die om-die-beurt garagé-dae by die werk te kry.

Met verlede jaar se griepepidemie het al sewe rosig en gesond dit oorleef, en ondanks al die kieme wat daagliks saam met dokters en verpleegsters by die biblioteek ingedra is, het nie 'n enkele een griep gehad nie - tot baie dokters se verbasing. Dié jaar het ons een-een uitgesak, en was dit op die ou end net Sophia wat die totale aanslag oorlewe het.

Die Maandag toe Clarisse by die deur instap nadat sy ses weke tuis na 'n operasie was, lig Sannie ons in dat sy daardie selfde Vrydag nog geopereer word - en minstens 'n maand by die huis sal wees. My droë antwoord was dat ek dankbaar is dat die mense mekaar aflos en gelukkig nie gelyk-gelyk weg is nie. Presies 'n week nadat Sannie terug gekom het, het ek self 'n draai in 'n hospitaal gaan maak, gelukkig met veel minder katastrofiese gevolge as my voorgangers - fisies ja, maar finansieel voel dit maar net 'n kortkop.

Skaars terug by die werk of Maureen skuifel een middag letterlik sleepvoet hier uit. Op my vraag waarheen - was haar beswaarde antwoord "dokter toe, en ek het byna my afspraak gekanselleer - ek hou niks van hierdie voorspooksels van julle nie". Daardie keer het sy los gekom, maar dit was skaars drie weke later of sy begin "Hoesê? op alles wat jy sê, en begin so al skeef-skeef die wêreld benader. Nadat die dokter haar ore weer horende gekry het, het haar vervolgingswaan ook sommer verdwyn. Ek dink sy't hoeka gedink ons skinder van haar as ons dan so sag praat!

Al die aansteeklikheid is seker die rede hoekom Stella besluit het, om maar te bedank, en terug te keer na haar eerste liefde - en gaan sy heel waarskynlik volgende jaar weer tafels leer en nerfaf knieë dokter in plaas van Index Medicus aan die studente leer en fotostaatmasjiene dokter. Stella, dit was 'n fees om saam met jou te werk en ons almal gun jou net die mooiste. Kom loer volgende jaar so 'n slag of wat in - moet ons nie vergeet nie hoor!

Met al die kwale en skete nou iets van die verlede, glo ons dat dit wat volgende jaar gaan aansteek net lekker kan wees, en dat die nuwe jaar net so blink soos Halley se Komeet oor ons hemel sal lê.

Aan die personeel van die Biblioteekdiens ons dank vir die jaar se saamwerk, en mag die Kersgety en die nuwe jaar vir almal vol vrede en vreugde wees.

MAGRIET LEE

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

### Middeleeuse Kersliedere in Nederland

Die Nederlandse Middeleeuse Kerslied besit 'n gevarieerdheid wat nêrens anders aangetref word nie. Die verhalende liedere lê klem op die boodskap van die engel, die geboorte, die aanbidding van die wyse manne of die vlug na Egipte. Daar is ook dank- en lofliedere wat innig en opreg is.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Hierdie Middeleeuse liedere het 'n besondere bekoring omdat dit nog nie beïnvloed was deur streng reformatoriese dogma nie, en gemeensaamheid met die Heilige Kind en sy ouers spreek duidelik uit hierdie liedere. Die Kindjie word toegedraai in Josef se kouse, die os en die esel kniel aanbiddend voor die krip, Maria is 'n tipiese aardse moeder en Josef kook pap. Die wonderwerke is ook nie uitgesluit nie; in Egipte skiet pasgesaaide koring vol are; die dadelpalm buig omlaag en 'n fontein ontspring op bevel van die Christuskind. Die Nederlandse Middeleeuse Kerslied dra 'n aantreklike naïwiteit met al die kenmerke van 'n primitiewe geloofsgemeenskap.

"Joseph maect ons een papken soet
Haestelÿck in corter tijt
Loet mij tog voeden dit onnosel bloet
Het is gods sone geberedyt
Hi sal verlossen dies seker sijt"

Die "noëls is altyd vrolik en besing van die aanvang van die 16de eeu die verering van die herders. Hier kom die gemeensaamheid met die Christuskind weer duidelik na vore. In een van die bede kry Maria 'n nuwe borstrok. Die figuur van Josef as 'n patetiese ou man, en die herders wat mekaar met stokke tot rede bring, prikkel soms die lagspiere. Alles in ag geneem is hierdie "noëls" 'n uitdrukking van 'n meelewe met die Heilige gesin en 'n intense gevoeligheid van die Middeleeuse geloofservaring.

Die Nederlandse Middeleeuse Kerslied is egte volksliedere. Hierdie liedere spreek tot die gewone mens. Die volksang in die kerk gedurende die Middeleeue was iets besonders. Huise en strate het weerklink van die sang van die gelowiges. Al hierdie liedere het 'n besondere karakter. Die liedere spreek deurgaans van innige dankbaarheid vir God se ontferming oor die sondige mens. Alle aspekte om die geboorte van Christus word besing, die aankondiging, die herders, die engelesang, die drie wysemanne, Herodes se kindermoord en die vlug na Egipte.

Uit al hierdie ou liedere straal lof, aanbidding en dank. Mag ek dan aan al my kollegas my kersboodskap oordra: Laat ons in hierdie tye die boodskap van vrede op aarde uitdra en die groot boodskap van Christus uitleef dat ons mekaar moet liefhê en mekaar se laste dra.

Groete vanuit die Instituut

JO BREED

## AMERIKA TOE...

'n Lang reis laat 'n mens baie wonder oor reis: wat besiel jou om jou swaarverdiende geld teen so 'n ongehoorde tempo te gaan uitgee terwyl daar tuis soveel gate is wat eintlik daarmee toegestop behoort te word? Dis om vreemde plekke te sien, om te sien hoe ander mense leef en om dinge te doen wat jy tuis nooit kan of durf doen nie, sê ons altyd.

### VREEMDE PLEKKE

Die V.S.A. is oorweldigend! Niks wat jy in die mooiste fotoboeke gesien het, kan jou voorberei op die grootheid, die grootsheid en verskeidenheid van die land nie. Dinge is daar inderdaad groter, hoër, dieper, verder, warmer, helderder ens. as elders in die wêreld. En daar is so 'n oorvloed van alles: magtige riviere, derduisende glashelder mere met baie visse daarin, berge so mooi soos in Switserland en eindelose woude wat sommer net daar lê vir die mooi.

Van helderder gepraat: een van die interessante natuurwonders is die kratermuur in Oregon. Duisende jare gelede was dit 'n aktiewe vulkaan, Berg Mazama, wat so geweldig uitgebars het dat daar volgens beraming 13 kubieke myl van sy spits weggeskiet het. Mettertyd het die krater met reën en sneeu gevul en vandag is dit 'n meer met 'n deursnit van 6 myl, 1932 voet diep. Die water is glashelder en inderdaad blouselblou (vir die van u wat nog weet van blousel!) Om die rand van die krater loop 'n pad. Somertyd is die wêreld oortrek met kleurvolle blommetjies langs stroompies gesmelte sneeu. Wintertyd word daar aan die hange van die berg geski en op die meer geskaats. Ons het in die krater afgestap en 'n bootrit onderneem wat vir my kinders besonder lekker was aangesien dit die dag was waarop die skole hier geopen het.

### ANDER MENSE

Suid-Afrika, synde een van die vryemarkkolonies is natuurlik so baie soos die VSA dat dit aanvanklik teleurstellend is. 'n Mens mis die onderskeid wat Europa so lekker maak. Dis eers by nadere kennismaking dat dinge jou begin opval. Tot jou droefheid besef jy dan ook dat die mees beskaafde aspekte van die Amerikaanse leefwyse blykbaar nie na ons deursypel nie maar dat ons al wat banaliteit is resloos oorneem.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Amerikaners is oor die algemeen informeel, oop, vriendelik en hoflik. Hulle lewensfilosofie is definitief gebaseer op die vryheid van elke mens en hulle leef dit uit: daarom sal hulle ons beslis nooit verstaan nie. Die meeste mense in diensposisies bëindruk jou met hulle effektiwiteit en lewendige hulpvaardigheid.

In elk geval is hulle taamlik anders as wat ŉ mens uit die flieks kan aflei: hulle kom beslis nie gejaagd voor nie. Hulle wag gedwee in rye en veral by padwerke. Hulle is in elk geval konsidererende bestuurders en tesame met die lae spoedgrens (80 k.p.h) en die goedkoop petrol maak dit van rondry ŉ vreugde. As hulle materialisties is - (moet seker wees) - stal hulle dit nie so uit soos ons met statussimbole nie. Hulle skram nie weg vir enige soort werk nie en is onverbloemd en benydenswaardig patrioties.

Oral, ook by privaat woonhuise hang die stars and stripes en byeenkomste eindig maklik met solidariteitsgebare soos handeklap op maat van musiek, ballonne of duiwe wat losgelaat word. Dit hang natuurlik saam met die sekuriteit wat ŉ ryk, feitlik onaantasbare land bied en die grootmoedigheid wat aan wêreldmag so ŉ menslike aanskyn gee.

DINGE OM TE DOEN

Ons is buitelugtipes en die vakansiedeel van ons reis het oorwegend bestaan uit uitkamp, staptogte, klimmerasies, kanovaarte en hengel. Daar is natuurlik onbeperkte moontlikhede vir al hierdie aktiwiteite en baie mense bring die somer so deur. Kampeerterreine het min geriewe en ons het uiters bedrewe geraak met tentopslaan, matrasse opblaas (jig!), kook oor oop vure en was in plastieksakke.

Een van die prettige ervarings van ons vakansie was ŉ vlotvaart op die Slangrivier in Idaho, wat een van die sosiale uitstappies tydens ŉ kongres was. Hoewel dit nie een van daardie woeste, helm-op-die-kop, witwater vaarte was nie, moes ŉ mens nogtans klou vir al wat jy werd is en kon jy kliphard gil deur die stroomversnellings as die vlot so goed as in ŉ gat duik en ŉ reuse brander bo-oor jou slaan.

Om op te maak vir die rustige dele het watergevegte tussen die verskillende vlotte uitgebreek. Op ons vlot het een eerbiedwaardige kongresganger die roeier oorgehaal om ŉ ander vlot te bekruip sodat ons hulle skepemmers kon steel. In die proses het hy en my man, Pieter, en die hoofaanstigter van die ander vlot, ŉ Fransman met ŉ David Nivengesig oorboord geval en was dit ŉ gedoente om hulle kort voor ŉ stroomversnelling weer in te help.

Middagete het ons geëet op ŉ sonnige sandbank. Daar was ŉ oordadige verskeidenheid broodjies, koue vleis, garnerings, slaaie, vrugte en kiste vol yskoue bier en koeldrank (ooreet en gepaardgaande vetsug is baie algemeen). Die sonlê was egter kortstondig want net na ete het die uitgelatenheid weer begin met bekruipers wat niksvermoedende mense aan hande en voete in die water gooi.

..... EN TERUG

Was dit die moeite en die R!?*** werd vra jy dalk? Ja, ons het baie pret gehad en ons het baie geleer. Ek weet ook nou baie van vliegtuie en ruimtereise - danksy my oudste kind en ek het op ŉ rollercoaster gery - danksy my jongste kind! Vir die eerste keer dink ek dat ek iets verstaan van wêreldpolitiek. Die reis het ons ook kans gegee om die ongelooflike haat teen Suid-Afrika van naderby te sien en uiteindelik te ervaar dat dit jou nie bang maak nie, net baie patrioties en dikwels baie woedend. Dit het ons kans gegee om baie openlik met ons kinders oor politiek en menseverhoudinge te praat en ons eie standpunte hieroor te heroorweeg.

Ek sal weer gaan as ek die kans kan kry, maar dan om ŉ tyd lank daar te bly, verkieslik in Vermont. Ek dink nie ek sou vir altyd daar wil bly nie - die lewe daar het ŉ oppervlakkige kwaliteit waarop ŉ mens nie maklik jou vinger kan lê nie en ek is beslis ŉ Afrikaner.

MONICA HAMMES

Voel jy bedruk oor die eksamen/jaareinde/
inflasie/onluste?
Voel dit of die wêreld op sy kop staan?
Onthou dis net ŉ kwessie van perspektief
en glad nie ŉ slegte een daarby nie
want dit beteken
SUID-AFRIKA BO! (of darem amper)

MONICA HAMMES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOORKLINIES

Die afgelope jaar met sy wel en weë het vir ons hier baie interessanthede opgelewer - baie om te leer en baie om te geniet. Ons is nou meer vertroud met die gerekenariseerde uitleenstelsel al sukkel ons nog nog gedurig om die blitse weg te kry! Van Buitemuurs het ons mooi stoele en ŉ tafeltjie geërf en ons is van plan om vir ons ŉ baie gesellige teekamer in te rig.

Naweke en vakansies was ook vir elkeen vol bedrywighede. Rita het gereeld (so vinnig soos ŉ DOBIS-blits) in haar rooi karretjie heen en weer gerits tussen Pretoria en haar pa se Bosveldplaas. Annette weer, het eendag met die nuus gekom "Boetie gaan Border toe!", en nou is haar eersgeborene al kwartpad deur sy Weermagopleiding. Verder het Rita en Annette hul Jane van Tonda-oefeninge en Wimbledontennis gereeld bygehou. Helene het ŉ paar keer weggebreek van die "Tannemond"-navrae en gaan uitspan in die Laeveld naby Tweebuffelsmeteenskootmorsdoodgeskietfontein. Almal was natuurlik ook pal op diëet (of wat sê ek nou????) en daar is vanaf "sticks and stones" tot die mees oneetbare diëetstaffies tot onverteerbare pille wat in jou maag opswel, met groot entoesiasme onder mekaar uitgeruil (party middae kon ek nie wág om tuis te kom en die yskas te bestorm nie!!!)

Nou is die Kersvakansie net om die draai en ons wens almal by Merensky en die ander takbiblioteke ŉ heerlike ruskansie toe en beste wense vir die jaar wat daarna weer voorlê.

MARTIE

## BINDERY

Van die Bindery kom groete en goeie wense vir al die afdelings van die Biblioteekdiens en al sy takke, Medies, Voorklinies, Veaartsenykunde, Landbou en Kalafong. Baie dankie vir nog ŉ jaar se lekker saamwerk en dankie dat julle altyd gesorg het dat ons genoeg werk gehad het.

Mag almal, vanaf Topbestuur tot by die swartwerkers, ŉ aangename Kersseisoen geniet en mag 1986 vir ons almal baie vreuge en veel gesondheid inhou.

WILLIE PORTER

## GSV

Vanuit GSV wil ons graag vir Ray Smithers baie hartlik welkom heet in ons geledere. Ons wens haar ŉ lang en aangename verblyf toe hier by ons.

Dan moet ons ook afskeid neem van Leo du Toit. Leo, baie dankie vir jou hulp en bystand. Ons wens jou alles wat mooi is toe vir die toekoms. Daar is baie mense wat jou beny waar jy op die drumpel staan met ŉ wonderlike toekoms in die vooruitsig. Koop die tyd uit!

Baie dankie aan Topbestuur vir die behendige wyse waarop u sake hanteer. Dis voorwaar ŉ voorreg om deel uit maak van Merensky.

Aan al ons "spanmaats" baie dankie vir ŉ heerlike jaar van verdra en saamwerk. In die besonder wil ek graag baie dankie sê aan Toonbank en IBL vir hulle onbaatsugtige hulp en bystand tydens "krisistye".

Sëenwense vir ŉ vreugdevolle Feestyd!!

HANNETJIE

## BINDERY

Soos ons almal weet was oom Willie Porter die afgelope jaar vir drie maande met siekverlof as gevolg van ŉ nekoperasie wat hy ondergaan het. Die operasie was ŉ sukses, maar ongelukkig het daar komplikasies ingetree, te wete binneaarse trombose in sy been. Hy is baie dae in ongerief en ongemak hier by die werk, maar ons kan net ons Skepper dank dat hy nog elke dag op sy pos is.

Verder aan almal wat met verlof gaan in die Kersvakansie wil ek net sê geniet dit, en aan hulle wat die fort gaan hou - sterkte!

ŉ Baie gesëende Kersfees en ŉ Voorspoedige Nuwejaar aan almal.

DAWIE HUGES



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK VYF

Wie sou nou kon dink dat 'n trekkery vanaf Buitemuurs soveel dinge kon laat plaasvind.

Die "Groot Trek" vanaf Buitemuurs, onder leiding van Generaal Johan Labuschagne het 'n aanvang geneem op 4 November 1985. Gedurende die Groot Trek moes Merensky solank voorbereidings tref vir dié groot aanpassing - en het dit nou vir jou verandering teweeg gebring.

Met 'n uitgedunde personeel van gemiddeld 4 het die grootskaalse trekkery begin. **Generaal Labuschagne het ook nie sy tyd verspeel nie en voordat Merensky kon verwerk wat nou werklik besig is om te gebeur; toe arriveer die Groot Trek.**

Honderde klein kartonne en stapeltjies boeke het by die hysbakke hul verskyning gemaak. Vinnig moes dié in wegpakruimtes geberg word. Nou is die ergste afgehandel. Al wat oorbly is die sortering van hierdie boeke in hul onderskeie vakgebiede. Dit is mos eenvoudig genoeg.

**Nou ja toe! Dit was toe die einde van die Groot Trek maar 'n groot kopseer vir Vyfde Vlak. Waarheen moet al hierdie boeke heen? En die tydskrifte? En die duplikate? En waar is daar genoeg ruimte? En** genoeg rakke en genoeg personeel?

Onderskeie denkskrums is gehou. Boeke is van rak tot rak geskuif om ruimte te kry. Ou voorraad is nader aan mekaar geskuif en steeds sien ons nie lig nie.

Intussen het die nagraadse studente besef dit is die tweede laaste maand van die jaar. Dosente vind dit raadsaam om nou agterstallige werk in te haal en ander begin sommer met 'n nuwe stokperdjie. Dit alles vereis inligting wat ook nog intussen deurgestuur moet word.

Op die vloer is nie 'n siel te bespeur nie en die ander wat met wit jassies rondloop is nie dokters nie, maar hulle pak rakke af en boeke weg.

Om alles te kroon - Berig: "'n haelstorm is oppad". Almal hardloop om motors onderdak geparkeer te kry - dit was alles verniet, want 13h00 toe skyn die son heerlik.

Die ander deel van ons geledere wat eksamen skryf het kom oë wys. Dit was ook al wat ons te sien gekry het. Die skrik was te groot oor al die dinge wat op die vloer aangaan. Wel, ek sou ook geskrik het as ek nie reeds in die ding was nie.

**Skielik maak ons 'n deurbraak en dinge begin meer vlot verloop. Ons begin by Sielkunde en daar verloop alles seepglad. Ons kry hulp vanaf Buitemuurs en soos ons almal weet "vele hande; ligter werk". Ons werk, werk, werk en skielik is ons trollies leeg. Wat sou dit nou beteken? Al wat dit beteken is dat ons nou die ander deel van die vloer moet help.**

Hier trek ons toe geduldig en gedwee na die anderkant van die vloer. Nou begin die werk eers, want hier moet nog méér boeke weggepak word. Topbestuur het egter ingegryp en afgevaardigers uit die ander afdelings aan ons gestuur. Nou voel dit weer asof ons voltallig is. Soos een man trek ons nou saam.

Rak vir rak en boek vir boek word oorgepak en begin dit lyk asof die einde, vanjaar nog insig is. Ons laaste uitdaging vir 1985 lyk dus as volg:

Doelwit: Buitemuurse boeke moet ingesorteer wees voor 20 Desember 1985.

N.S. Ek is seker ons doelwit sal nagestreef word.

Aan al my kollegas op Vlak Vyf - baie dankie vir 'n lekker jaar van saamwerk. Die studerendes; sterkte met jul uitslae.

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar vol vreugde en vrede vir julle almal.

Geniet die wel verdiende rus!

Kersgroete

CEU





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK SES

Dinsdagmiddag 19 November 1985, 4 nm, die Teekamer. Kan dit wees? - Die hele vertrek is skielik omskep in 'n kersligwêreld, kersboom en geskenke en 'n tafel wat kraak onder die gewig van kaas, beskuitjies, tuisgebakte brode, doopsouse en laaste, maar nie die minste nie, wyn en vrugtepons.

Ja, die mense van die Vakbibliotekarisstelsel het Kersparty gehou en behoorlik feesgevier. Dit was heerlik en die sirkel met geskenkies uitruil het baie pret verskaf. Almal was nuuskierig om te sien wat in die ander een se pakkie is en elkeen was bang dat wanneer die musiek skielik ophou, hy of sy met haar eie geskenkie opgeskeep sal wees.

Nogmaals baie dankie aan die ander lede van die Komitee, Elsabé van der Merwe en Céu Agostinho, almal wat met die voorbereidings gehelp het, almal wat iets te ete gemaak het en almal wat na die tyd opgeruim het.

En, o, ja, baie dankie vir die manne en die "two-step" hier teen die einde van die aand toe nog net die bittereinders oor gebly het.

ANNATJIE BOTES

Baie dankie ook vir julle dankies. Dis goed om te weet jou werk word waardeer. Een dankie-kaartjie met heerlike vrugte voorop wat ek ontvang het, het gelui: "wou eintlik vir jou die vrugte persent gee, maar kon nie by die mark uitkom nie". Estrellita, jy weet net nie hoe lekker daardie "vrugte" gesmaak het nie. Dít maak mos dat mens "swaarkry met lekkerkry klaarkry."

Aan my A-Team - vir julle ondersteuning en wonderlike samewerking is ek baie dankbaar, dit is vir my 'n voorreg om saam met julle te werk.

By al die lekker dan ook die hartseer, want ons moet tot siens sê vir Maretha, en almal stem saam dat Merensky nooit weer dieselfde sal wees nie. Op die 7de Desember word sy mev De Korte en sal dan in dieselfde bootjie as ons ouer garde roei ... skottelgoed ... wasgoed ... koffie maak ... koskook ... stryk ... toebroodjies maak op ontydige tye ... goeters soek wat "weg" is ... ens. ens. Toemaar Maretha, na 20 jaar sal jy weet dit was tóg die moeite werd. Ons wens jou en Rian net die mooiste toe, ons weet julle gaan baie gelukkig wees.

'n Vreugdevolle Kersgety word almal toeegwens, mag 1986 baie voorspoedig wees!

JOGGIE

## TIKSTERS

Nog 'n jaar het gesneuwel! Twee jaar gelede kon ek nie glo dat ek ooit hier sou aanpas nie en nou weet ek ek is deel van die groot Merensky-masjien. Dit is lekker om te weet jy hoort êrens, dat daar mense is wat omgee, mense vir wie jý kan omgee en dat iemand wat gister nog vir jou 'n vreemdeling was, vandag vir jou iemand is saam met wie jy graag op jou oudag sal wil teedrink op die stoep.

1985 was 'n mooi jaar! Ek wil al die personeel in Merensky bedank vir die heerlike samewerking. Daarsonder kan geen afdeling sinvol funksioneer nie. Dankie vir julle konsiderasie, dankie dat julle <u>nie</u> met potlood skryf nie (dit spaar ons oë) en baie dankie vir die netjiese konsepte, dit maak tikwerk 'n plesier.

### GELOOF

Ons leef hier sonder oogbewys;
en as ons "hofsaak" hier moet dien,
dan is daar geen getuienis;
want niemand van wie lewend is,
kan sê: "Ek het gesien".

Ons seil hier sonder wêreldkaart
op onontdekte kuslande aan;
want vir geen mens aan boord die skip
het ooit voorheen 'n berg of klip
uit die afgrondsdiepte opgegaan.

Tóg leef ons voort, gewis en vas,
al het ons ook geen oogebewys;
tog seil ons voort op ons kompas:
dié kusland sál ons oog verras
as't uit die golwe oplaas verrys.

UIT: PASSIEBLOMME, verse van TOTIUS



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VOOR-ONTSLUITING

Die einde van 1985 is in sig. Vir laas span almal kragte in om die laaste stroom bestellings af te handel voor die welkome en welverdiende vakansie aanbreek.

Vir byna twee weke van November was die personeelgetalle van Voorontsluiting redelik skraal, toe daar druk geleer en eksamen geskryf is. Makkie, Joy en Martjie, ons glo dit het sommer baie goed gegaan en ons hou saam duimvas vir die uitslae! Terwyl die drie agter die boeke geswoeg en sweet het, het Rita, Jeanie en Rozaan hulle plekke volgestaan.

Wanneer die einde van 'n jaar aanbreek is dit altyd met gemengde gevoelens. Daar is die opgewondenheid oor die feestyd wat voorlê, maar daar is ook 'n tikkie meewoed oor dit wat verby is. Vir Rozaan is die tydjie wat sy verbonde was aan Merensky ook byna verby. Hulle verhuis Kaapstad toe waar haar man gaan praktiseer. Rozaan, ons vertrou dat jy en jou gesin baie gelukkig gaan wees daar!

1985 was in baie opsigte nie 'n maklike jaar nie. Dink maar aan die moeilike ekonomiese tyd wat ons beleef. Die jaar het egter ook mooi dinge in gehou en ek glo as ons elkeen na ons eie lewens kyk, besef ons daar is baie om voor dankbaar te wees.

In een van Boerneef se gedigte skryf hy:

> wanneer kry jy weer so jaar
> wie weet hoe lol dit aankomende jaar
> speel nou die aghorria tussen die
> vygies
> vir skaaplam en korhaan en
> kanniedoodblaar

Tot 'n volgende keer

MARIANA NIEUWOUDT

## AFRICANA

1985 was vir die Africana-afdeling 'n rustige jaar. As ons nie die opwinding van Daléne se huwelik in Mei beleef het nie, sou dit eintlik 'n jaar sonder hoogtepunte gewees het. Die feit dat ons die jaar afsluit met 'n voltallige personeelposisie is darem rede tot groot dankbaarheid.

'n Mens is seker nie altyd daarvan bewus nie, maar jou werksplek waar jy soveel ure van elke dag sluit, het groot invloed op jou persoonlikheid en belangstellingsveld.

Tien jaar gelede sou ek nie kon dink dat ek nog eendag soveel in die Africanawaarde van 'n boek kon belangstel nie en nou voel ek al amper self soos 'n Africanaboek - effens stowwerig met die leerbindwerk al 'n bietjie krakerig en hoewel die inhoud ietwat verouderd is, is dit tog só vol lewenswysheid! Ongelukkig is die studente gewoonlik te dom om my te "lees"!

Daléne het oor 'n periode van ongeveer ses maande meer as 5 000 stukkies Afrikaanse bladmusiek van die F Z van der Merwe-versameling oorgeplaas na nuwe houers en van identifikasie voorsien. Die versameling lyk nou indrukwekkend in die mooi "space saver" kabinette. In die proses het Daléne op maat van die musiek begin beweeg. Dit is gewoonlik 'n vrolike Mazurka of vinnige Polka maar daar kom dae wanneer sy eers op rustige walsmaat ingestel is. Dis in elk geval baie gaaf dat haar melodie harmonieus bly en dat haar vriendelike glimlag steeds die nodige begeleiding verskaf.

Vir Olivia was dit 'n baie goeie jaar en sy sal 1985 hopelik met 'n splinternuwe BBibl-graad in haar sak, kan afsluit. Ons wil haar byvoorbaat gelukwens. Sy is nou net so "slim" soos een van haar Tukkiana-publikasies (bedoelende 'n intreerede en nie 'n studentekoerant nie). Haar "aggressiewe" aanskafbeleid het die Tukkiana-versameling vanjaar reeds 'n goeie hupstoot gegee. Daar is min van die dosente wat dit waag om suinig te wees as Olivia vriendelik maar vasberade bel om te sê dat sy persoonlik sy nuutste publikasie by hom sal gaan haal.

Aan al ons kollegas wil ons hier uit Africana 'n hartlike dankie rig vir hulle vriendelike samewerking gedurende die afgelope jaar. 'n Geseënde Kersfees en 'n baie Voorspoedige Nuwejaar.

JORIET COETZEE



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## UIT · DIE MUSIEKBIBLIOTEEK

"Môre, kan ek asseblief hierdie plate en grys oorfone kry?" So begin menige dae hier by ons - en soms hou dit die hele dag so aan.

Die afgelope 2½ maande wat ek saam met Anita by Musiek werk, het my oë vir baie dinge "agter die toonbank" oopgegaan. Wie het ooit kon dink dat uitreiking en uitleen 'n "ass" so besig kan hou - om nie eers van rakkontrole en die talle ander vanselfsprekendhede te praat nie!

Soms moet ek eers tot stilstand kom om te besef dat ek wel wakker is en nie droom nie. Dis dan wat ek van verbasing stomgeslaan is, dat God dit in Sy raadsplan besluit het om my hier te plaas om my in die voorreg van Merensky-personeellid-wees, te laat deel. Hoe kan ek dan anders, as om elke dag met dankbaarheid na 'n taak en uitdaging wat voorlê, uit te sien. As ek my ervaring van my nuwe "tuiste" moet saamvat, is dit een van "arbeidsvreugde met opregte dankbaarheid." Naas my dank aan God, wil ek vir Anita baie dankie sê vir die "lekker-saamwerk" - dankie vir die manier waarop jy my touwys gemaak het; dit het bygedra tot 'n positiewe benadering van my kant.

'n Gedagte vir 1986:

Genuine joy grows not from contemplation
not from riches and not from fame

but from work that has its own
inner value

Wilfred Grenfell

WILNA MARAIS

## TOONBANK

Tradisioneel is hierdie die groettyd van die jaar hetsy in die vorm van mooiwense of afskeid. Gestand aan die tradisie moet ons dan ook nou afskeid neem van Ivy Kotzé sowel as Japie de Jongh.

Ivy was 'n geruime tyd by ons werksaam. Sy's die naguiltjie wat van vieruur tot nege-uur saans gewerk het. Die nagwerkery is egter nou te veel vir Ivy en soos sy tereg sê "Ek's 'n regte huishen." Sy gaan dus by haar huis bly. Ivy, dit was baie lekker om saam met jou te werk. As ons te veel verlang na jou sal ons maar kom swem en van jou lekker gebak kom proe. Ons beste wense vergesel jou.

Almal ken vir Japie - dis die lang outjie waarop Toonbank trots is. Hy was 'n deelnemer aan die Kellerprinz Droommyl Atletiekbyeenkoms op Stellenbosch die 9de November. Japie het 2de gekom in die 400 m. Sommige van julle het dit seker op TV 4 se sportprogram gesien. Ons wil ook aan Japie ons beste wense oordra en baie sterkte toewens met sy studies sowel as die atletiek.

Ina Boon, Marie Bredell en Elma Kock gaan almal die see opsoek vir Desember. Ina gaan saam met haar ouers na Gouritzmond toe, terwyl die Kock-gesin by Nature's Valley gaan uitspan. Dis dan seker ook hier in die lagune van Nature's Valley waar die kuns van "windsurfing" bemeester sal word. Marie Bredell en gesin gaan vakansie hou by Scottburrough. Ons wens die drie gesinne 'n voorspoedige rit en vakansie toe.

Die res van die Toonbank gaan in Pretoria agterbly. Bokkie, Irene en Hannes werk nog tot die 20ste Desember. Ons sal maar ons werkstasies sulke lekker vakansiename gee dan hou ons ook "vakansie." Pepsi werk nie, maar is hier in Pretoria. Sy moet maar elke oggend tienuur met oggendtee vir ons iets bring om aan te knibbel.

Die afskeid is nou agter die rug en nou bly net die mooi wense oor. Aan almal in die Merensky wil ons graag 'n baie Geseënde Kersfees toewens en mag die Nuwejaar 'n voorspoedige jaar wees. Aan almal wat met vakansie vertrek, reis versigtig en geniet die vakansies terdeë. Laaste maar nie die minste, aan die hele Merensky-span op wie die Toonbank hom telkens moes beroep vir hulp, baie dankie.

IRENE VENTER





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

HOFLIKHEID IN AKSIE

Takt is die vermoë om ander mense se gevoelens te hanteer sonder om hulle te na te kom of seer te maak.

Konsiderasie is bedagsaamheid teenoor ander waarvolgens ons dit doen wat ander sal behaag en hinderlike, teleurstellende optrede vermy.

Simpatie of medelye het 'n remmende uitwerking op aksies wat geestelike pyn of verleentheid by ander mense tot gevolg gehad het.

Hoflikheid kan gedefinieer word as die kuns om mense te ontmoet en hul belange op 'n gepaste en vriendelike wyse te hanteer sonder om aanstoot te gee of om iemand seer te maak.


## EERSTE VLAK

Aan al die personeel wat gedurende 1985 in die Kelder diens gedoen het, al was dit net 'n kort periode, baie dankie. Soms was dit maar onder moeilike omstandighede, maar sonder behulpsame en vriendelike personeel kon ons dit nie doen nie.

Sterkte aan Christa, Neels en Louis met die uitslae en ook dankie vir die hulp en vriendelike samewerking van die afgelope jaar.

Vanuit die Kelder word Merensky-personeel 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar toegewens.

ANNETJIE MYBURGH




## MAKRO-ONTSLUITING

Hier by Makro-Ontsluiting is ons taamlik uitgedun: Mike worstel nog met die eksamenspook, Karin het so 'n tussenin wekie verlof geneem om met die familie uit Suid-Wes te kuier en Sjeuwke is sommer al heeltemal weg met verlof en ons sien haar eers weer in Januarie 1986.

Ons gaan egter voort en die Groenewald-skenking en oorplasing van Buitemuurse boeke na ons voorraad ontvang. nou ons volle aandag saam met nuwe boeke wat ontsluit moet word. Dit is 'n groot mondvol om af te handel voordat die meeste van ons met vakansie vertrek.

Die afdeling het ook onlangs besoek gehad: Elrien het weer kom oë wys en Magda het met haar seun kom spog. Ons het almal saamgestem dat Dries pragtig is.

Nouja, so nader ons vinnig die einde van nog 'n jaar en met die verwagting van 'n heerlike vakansie wat voorlê. Goeie wense aan almal vir 'n baie aangename rustyd en vir 'n mooi Kersfees en 'n gelukkige Nuwejaar.

MIEMIE VINK

Dit is November en my eerste jaar by Merensky is amper agter die rug. My gedagtes gaan terug na November 1983 in Israel. By die Universiteit van Ben Gurrion waar ek werksaam was, het ek gepraat van die jaar wat alweer amper verby is - net om die verbasing op die gesigte te sien. Is ek dan so pessimisties? Die jaar het dan so pas begin! (Ter inligting, die nuwe jaar begin amptelik op 1 Oktober.)

Dit is nie 'n goeie beleid om twee instansies te vergelyk nie, maar ek sal graag 'n paar verskille wil aantoon. Hier by Merensky is die werksatmosfeer rustig en die oggendtee is 'n heerlike lafenis vir 'n droë keel. By die biblioteek in Israel bring elke persoon sy eie indompelaar om tee te maak. Die tee word by die lessenaar gemaak en daar gedrink. Daar is geen gesellige groepe mense nie. Elke persoon bring sy eie voorraad suiker en tee. Vreemde persone (soos in my geval) word nie tee aangebied nie. Ek het gou geleer na 'n paar dae se droë keel, dat ek self iets moet doen om my "nood" te verlig.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar is altyd 'n gevaar van terrorisme. Die biblioteek is omring met 'n hoë sekuriteitsheining. Elke dag moet jy verby die sekuriteitswag beweeg. Jou handtas word dan oopgemaak en deursoek. Die sekuriteitswagte is bewapen met outomatiese masjiengewere.

By die koshuise op die kampus, doen die studente diens in die aand. Dames en mans met masjiengewere doen deurnagdiens by die koshuise. Hulle word elke vyf ure afgelos.

'n Slotgedagte - die gras is nié altyd so groen aan die anderkant nie!

HANNIE BEZUIDENHOUT

Met die naderende warm droë maande en streng waterbeperkings in gedagte, plaas ek toe ook my geloof en vertroue in 'n waterwyser en sy mikstokkies. Die familie se reaksie hierop was: "Ma, dis soos in spoke glo!" Ek hou my hard - gaan haal die 79-jarige oom naby Brits en met groot verwagting bring ek hom in my voortuin. Die boormense wil mos so naby as moontlik aan die pad boor. Die sowat 12 mikstokkies (± 'n jaar lank verouderd) word sagkens op die gras neergeplaas. Op my vraag watter soort hout dit is, antwoord die waardige omie: "dit, my kind, is mý geheim!" Met 'n ver blik in sy oë, staar hy eers oor die lappie aarde - nou "sien" hy glo water! Die gallery van huishulp, man, kinders en honde, hou hulle asems op - in doodse stilte. Skielik vang sy oog 'n "aar" - hy gryp 'n mikstokkie en toe begin die gewoel! In my geval is ek gelukkig - op 'n punt word hy tot op sy knieë gedwing deur die sterk water! - 2 "are" kruis mekaar op daardie plek. Die mikstokkie ruk onbeheerbaar in sy hande en breek in twee stukke toe dit die aarde tref! My huishulp skud net die kop - my man sê dit was 'n goeie "performance" - en my kinders wil net weet wanneer boor ma op ma se 2 are! Die oom - liggaamlik en geestelik gedaan - vra met 'n hees, droë stemmetjie "asseblief, nou net 'n koppietjie swart tee om my kragte weer te herwin".

So, hopelik besproei ek Kersfees onbeperk my tuin as ek water op my 2 "are" raakboor.

ANNATJIE GREYLING

## UIT DIE HUISHOUDKUNDE SPENS

### RYK VRUGTEKOEK

Gebruik 500 gr botter; ½ tl sout; 500 gr suiker; 500 gr meelblom; 1 k gekapte dadels; 1 k pitlose rosyne; ½ k korente; 1 k sultanas; 1 k glanskersies, in helftes gesny; ½ k gemmerkonfyt; ½ k groen vye, dreineer en sny in stukkies; ½ k gemengde versuikerde skil; ½ k waatlemoenstukke; (u kan egter enige mengsel vrugte gebruik, solank dit 6 koppies is); ½ k brandewyn; 8 eiers; 1 t koeksoda; 1 t gemengde speserye; kwart t naeltjies; kwart t gemmer; kwart t neut; ½ t kaneel; 250 gr amandels, gepel en gekap; 250 gr okkerneute.

Gooi die brandewyn oor die vrugte, maak toe en sit oornag in die koelkas. Sif die droë bestanddele. Klop botter en suiker tot room. Klop 2 eiers by en dan 1 eetl. van die droë bestanddele. Herhaal tot al die eiers ingeklits is.

Vou die res van die bestanddele by en daarna die vrugte. Meng goed en vou laastens die neute in.

Skep in 'n goed gesmeerde pan - voer die pan uit met bruinpapier - en bak 4½ uur lank stadig by 300 grade F (150 grade C).

Sprinkel brandewyn oor wanneer die koek afgekoel is. Draai goed toe en laat dit ryp word. Versier soos verkies.

### KOELKASKOEK

Gebruik 2 pakkies gekrummelde Marie-beskuitjies; 2/5 k brandewyn; 1 k botter; 1 k suiker; 2 geklitste eiers; 1 k pitlose rosyne; 1 k sultanas; 1 k gekapte dadels; 1 k gemengde glansvrugte volgens eie smaak (byvoorbeeld kersies, pynappels, gemmer ensovoorts); 1 k gemengde neute; 1 eetl. kakao.

Gooi die brandewyn oor die beskuitjiekrummels en sit eenkant.

Smelt die botter, voeg suiker by en roer totdat dit opgelos is. Haal van die hitte af en klits eiers by. Voeg al die vrugte



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

by, laat oor baie stadige hitte tot kookpunt kom. Roer voortdurend. Laat vyf minute lank stadig kook. Roer kakao by.

Haal van die hitte af en roer krummelmengsel en neute by. Gooi in gesmeerde broodpannetjie wat met foelie uitgevoer is. Druk dit goed vas en laat minstens 48 uur lank in koelkas. Haal uit en ontvorm.

Draai toe en bêre tot nodig.

HEERLIKE VISVOORGEREG

1 Koppie gaar stokvis
½ Koppie rys
1 Groot ui
1 Koppie gekapte sampioene
Bietjie pietersielie
Cheddar kaas
Mayonaise
1 Teelepel blatjang
Knoffelsout en swart peper

Braai ui tot bruin en voeg sampioene by. Laat stowe tot gaar.

Voeg rys en vis by en voeg smaakmiddels by. Meng een teelepel blatjang en een teelepel mayonaise en die pietersielie met die mengsel en laat goed deurkook. Gooi in vuurvaste, gesmeerde bak en gooi gerasperde kaas bo-oor. Bak in oond 180° tot bruin. Skep op in skulpbakkies vir voorgereg.

ANNATJIE BOTES

NASIONALE INTELLEGENSIEDIENS BESOEK MERENSKY


Op Dinsdag 12 November het 12 verteenwoordigers van die Nasionale Intellegensiediens Merensky besoek. Hulle wou graag meer weet van die verskillende metodes

waardeur inligting bekom kan word. Mej Pienaar het dit vir hulle aan die hand van die bibliografiese ketting voorgehou en ook die belang en gebruik van Tydskrifindekse- en ekserpte verduidelik. Mev Pieterse het die gebruik van Dewey en INEG gedemonstreer terwyl mev Odendaal DIALOG verduidelik het en 'n rekenaar-soektog gedemonstreer het.

SAVING OUR WRITTEN HERITAGE

"With about 80% of the nation's books and artifacts on paper threatened by aging and deterioration ... rescue efforts are under way ... Many of the problems are caused by a manufacturing process adopted around 1850 to produce paper more cheaply than the old method, which used rag fragments. For more than a century, most manufacturers have used wood pulp and alum in the paper base. Alum, however, produces sulfuric acid when moisture is present in the air, and the result is a weakening of the paper. Books once lasted for centuries, but many printed in the past few decades are crumbling. The Library of Congress process (of restoration) removes acidity in books by injecting diethyl zinc gas into a chamber containing up to 5 000 volumes at a time. At a cost of about $2 per book, the method is one of the cheapest available for preserving volumes and may extend their life spans up to 500 years."

William MacDougall & Sharon Golden in US News & World Report 22 Apr 85, p. 68 (pd 2609)




Easily, and inexpensively, with Annual Editions!



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## GESKENKIES VIR ELKE DAG

"Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre" - Matteus 2: 11 6.

**********

Meeste van ons gee graag aan mekaar presente: weggaan-presente, huis-toe-kom-presente, mooi-so-presente, jammer-presente, ek-dink-aan-jou-presente, dankie-presente.

So maak ons ook hier in die Merensky. Watter feestelikheid is dit nie as jy verjaar nie! Teen die einde van die jaar maak ons ook so: geheime verrassingspresentjies van jy-weet-nie-wie-nie.

In watter verskeidenheid kom presente nie: ŉ flessie bessiekonfyt uit Frankryk, ŉ houertjie tuisgebakte growwe beskuit, ŉ lekkerruiksepie, die mooiste mooi skryfpapier, ŉ bottel wyn, ŉ boepenskers vir langaandkuier, ŉ avokadopeer uit die Laeveld, ŉ bossie songeel kappertjies uit eie tuin gepluk, ŉ lekkergoedjie in ŉ lessenaarlaai .....

Ons gee graag ŉ geskenk aan iemand anders omdat ons dit wil gee - ons gee dit met ŉ besondere gesindheid, ŉ warm plekkie in die hart. En so ŉ geskenkie bring ook ŉ warmtetjie in die hart van dié een wat die geskenkie kry - dié wete: die geskenkie is vir mý bedoel, iemand wou vir mý iets gee.

Maar daar is ook ŉ ander soort geskenk - minder tasbaar, maar meer kosbaar vir gewer én ontvanger: geskenkies van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing.

Hierdie geskenkies kan ons elke dag van elke jaar vir mekaar gee. Ons hoef dit nie in spesiale pakkies toe te draai vir besondere geleenthede nie. Ons kan dit sommerso gee elke oomblik elke dag: ŉ glimlag, ŉ groet, ŉ begrypende blik, ŉ bemoedigende aanraking.

Vir elkeen wat hierdie jaar in ons biblioteek gewerk het, wil ek graag hierdie "leespresentjie" gee: Audrey Blignault se "Goud en wierook en mirre" in haar bundel "Die wind van die see af".
Lekker lees!

RITA BADENHORST

## REDAKSIONEEL

Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om my redaksie te bedank. Erna en Hannetjie:- Baie dankie vir jul getroue bystand die afgelope jaar. Sonder julle twee sou Biblikasie nie so suksesvol gewees het nie en ook nie so gereeld verskyn het nie. Ek waardeer jul harde werk.

So wil ek ook elke verteenwoordiger uit al die afdelings en takbiblioteke bedank vir jul bydrae. Dankie dat ek kon staatmaak op jul samewerking - sonder jul berigte sou Biblikasie nie kon realiseer nie.

Hiermee ŉ Geseënde Kersfees en ŉ voorspoedige Nuwe Jaar!!

CÉU AGOSTINHO

## WELKOM AAN BUITEMUURS

Die Buitemuurse-span het hul by ons geledere aangesluit. Baie welkom in Merensky. Ons glo en vertrou dat u hier net so gelukkig sal wees en lekker sal werk.

Mev Ray Smithers is nou die hoof van GSV. Mev Irene de Jonge is werksaam by IBL. Mnre Chris de Wet en Johan Avenandt sal steeds hul aanddiens verrig soos by Buitemuurs.

## HUWELIKSKLOKKE LUI...

Maretha van Vuuren tree in die huwelik met Rian de Korte op Saterdag 7 Desember 1985. Maretha, baie geluk en beste wense vir ŉ mooi en gelukkige toekoms.

## MEDELYE

Ons medelye aan mevrou Hannie Bezuidenhout met die afsterwe van haar moeder. Ons innige meegevoel, Hannie en Braam.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## KULTUURHISTORIESE INSTITUUT

Aan die einde van 'n jaar dink 'n mens terug aan baie gebeurtenisse. Toe ek nou die dag die datum 1 November 1985 neerskryf, het ek skielik besef dat dit my tiende verjaarsdag by Merensky as personeellid is. My gedagtes het toe na 'n paar dinge teruggegaan. Almal is nou vertroud met Dobis, AACR en Dewey. Dit was nie altyd so "maklik" om die katalogus in stand te hou nie. Ons moes vóór Dobis en Dewey sukkel met die ou notules, wat geen indeks gehad het nie. Elke Maandagoggend het die ontsluiters in gelid by die katalogus gestaan en kaarte met die hand ingeliasseer, en ook mekaar se liassering oor en weer gekontroleer.

Mev Langkilde en Rolf moes hare op hul tande gehad het om ons touwys te maak met die nuwe stelsel. Mev Langkilde het week in en week uit die AACR reëls en Dewey in ons koppe probeer kry en Rolf moes ons met die rekenaar vertroud maak.

Ons eerste oop dag vir demonstrasie van Dobis, aan die UP personeel het groot opgewondenheid veroorsaak. Die ontsluiters is twee-twee by 'n terminaal ingedeel, die een moes invoer en die ander een moes, soos 'n wafferse onderwyser, met 'n stokkie gewapen die prosedures van invoer verduidelik. Hoe het ons almal nie geskarrel om boeke in die hande te probeer kry wat net reg was vir die demonstrasie nie.

Die groot dag het aangebreek en met Professor Gerryts, Rolf, mev Langkilde en mnr Duminy as wagters op Sionsmure het ons ingevoer, gedemonstreer en verduidelik. Die dag was 'n reuse sukses en daarvandaan vorentoe het dit makliker gegaan.

Personeellede het in die tien jaar gekom en gegaan, veranderinge het plaasgevind, maar ek kan met groot vrymoedigheid sê dat ek uitsien na die volgende tien jaar by Merensky.

JO BREED

## OM BEWUSTELIK TE LEEF
Pred. 10:12-20

In Palestina het die meeste huise destyds plat dakke gehad. Die dakke was van latte gemaak met 'n kleilaag daaroor. In die somer met sy skroeiende son en winde verdroog die klei op die dak en kom daar barste in. Wanneer die harde reënbuie van die reënseisoen weer uitsak, sak sulke dakke inmekaar. Daarom moet die eienaar altyd sorg dat die toestand van die klei op die dak goed is en dit gereeld herstel. Hierdie beeld gebruik die Prediker nou om daarmee te sê dat 'n mens voortdurend aan jou lewe moet werk, dat jy altyd bewustelik moet leef en nooit 'n ding onnadenkend moet doen nie.

In dié verband noem hy dan 'n paar heel konkrete dinge om aan te toon dat die lewe vele situasies oplewer waarin daar met groot oorleg te werk gegaan moet word en waar 'n mens fyn moet onderskei as jy regtig sinvol wil lewe. Hierdie paar situasies is egter alleen voorbeelde wat aandui hoe ernstig die lewe benader behoort te word. So moet 'n mens versigtig wees vir 'n nodelose geklets (10: 12-15), oppas vir 'n onverstandige beleidmaker (10: 16-17), luiheid om die regte voorsorg te tref (10: 18), 'n onnadenkende lewenstyl (10: 19) en 'n onversigtige optrede (10: 20). Die lewe moet op alle terreine en te alle tye gehanteer word soos die slangmeester die slange hanteer (10: 11), want die lewe is erns.

So 'n versigtige en oorwoë lewe kan 'n mens natuurlik alleen voer as jy die lewe as sodanig aanvaar het en die sinvolheid daarvan erken. Vandag kan ons ook so sinvol leef as ons ag gee op elke besluit wat ons neem en nie maar onnadenkend voortbestaan nie. Want daar is 'n groot verskil tussen voortbestaan en lééf.

UIT: Met God Vandag
FERDINAND DEIST



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

## VLAK SES

Dië jaar het ons geskuif en beplan.
Rita en Elsabé trek nou saam in een span
Andrea en Hermien moes swot dat dit klap
en Lappies moes reël vir die GROOT inpak.
Piet is op studieverlof tot aan die einde van die jaar,
ons hoop hy het baie kennis vergaar.
By die Natuurwetenskappe is daar geen rede tot sorg
Amanda en Annetjie is mos ons waarborg.
Diana en Margie dra die Ingenieurs op die hart
en was daar gelukkig nie rede tot smart.
Doelwitte en statistiek het ons koppe laat draai
tog was dit ŉ heerlike jaar -
en nie een dag was saai!!

The speed with which our moments fly;
I sigh not over vanished years,
But match the years that hasten by
BRYANT, The lapse of Time

******

The years teach much which the days never know
EMERSON, Essays, Second Series: Experience

******

Sad, sad to think that the year is all but done.
CHARLES KINGSLEY, The Starlings

*******

Gone! gone forever! - like a rushing wave
Another year has burst upon the shore
Of earthly being - and its last low tones,
Wondering in broken accents in the air,
Are dying to an echo.
GEORGE D PRENTICE, Flight of Years.

*******

Ons ou klompie op vloer ses
elk met sy eie leed en vrees
probeer net elke dag ons bes -
al lyk dit soms nie so!
om in lief en vrede met die res
ons ou dagtakies te verrig
Maar met of sonder druk van bo
maak ons tog maar kort-kort moles
Ons bly maar mense op vloer ses!

## IBL

ŉ Jaar is verby - die tyd het gevlieg - in alle waarskynlikheid, omdat ons so besig was en is.


Ons het ŉ groot wisseling van personeel ondervind. Vanaf Januarie het eers Elsa en Olivia ons geledere verlaat, na ŉ jaar van lekker saamwerk en grappies. Linda en Jakkie voeg hulle toe by ons; weer eens werk ons lekker saam. Na slegs 5 maande verlaat Linda en Jakkie ons. Laasgenoemde om te wag op die koms van haar eersteling.

Gerda en Ilse is toe die nuwetjies. Krisisse oorval ons toe die eksamen- en proeftydperk vir Ilse aanbreek, want drie van ons is besig met verdere studies.

Irma wag toe nog vir ŉ beroep - of liewers haar man. Die groot dag breek toe aan en sy is weg. Ons het nog niks weer gehoor nie, maar die spreekwoord lui mos geen nuus is goeie nuus. Aan die einde van Oktober is Aartia aan ons geleen vanaf GSV. Ons was verheug - was - omdat dit net tydelik is. Weer is dit eksamen en weer is ons minus 3 paar hande. Gelukkig skuif Buitemuurs toe oor en ons kry tydelik vir Irene wat worstel om die vrag tydskrifaanvrae te hanteer.

Dit was 1985.

Ons wens almal ŉ baie mooi Kersfees en Nuwejaar toe. Dankie en sterkte aan die paartjies wat IBL gaan beman terwyl ons ander lekker rus.




"Let go of the nice doctor! ... Shame on you ... Let go of the



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

*Gelukwense....*



VERJAARSDAE

DESEMBER

1. Mej Alida Murray (Tiksters)

2. Mej Hulda Fritz (Boekontvangste)
   Mnr J C Avenant (5de Vlak)

6. Mnr Fanus Booyens (Tydskrifte)

7. Mej Annie Pienaar

9. Mev Norrie Nel (Boekontvangste)

19. Mev S Reeder (Medies)

21. Mev Corné Barnard (Boekontvangste)

22. Mnr Edgar Snel (Bindery)
    Mev Miemie Vink (Makro-ontsluiting)

31. Mej Jo Breed (KHI)
    Mej Jolien Vermeulen (Tydskrifte)
    Mev Aartia Joubert (IBL)
    Mej Markie Pauw (Voor-ontsluiting)

JANUARIE

1. Mnr Piet de Kock (6de Vlak)

2. Mej Jeanette Marais (5de Vlak)

7. Mnr Johan (Lappies) Labuschagne (6de Vlak)

8. Mev Erna Meyer (5de Vlak)

11. Mev Ina van Vuuren (Tydskrifte)

15. Mev Marie de Wet (Sekretaresse)
    Mej Makkie Biggs (Voor-ontsluiting)

16. Mev Rita Botes (Voor-ontsluiting)

19. Mnr Mike Volschenk (DOBIS/LIBIS Koördinering)

21. Mev Mathilda Pieterse (5de Vlak)

23. Mev Amanda v d Merwe (6de Vlak)

27. Mej Estelle Els (Makro-ontsluiting)
    Mev Ivy Kotze (Toonbank)

29. Mej Maureen Brassel (Medies)

31. Mej J C Engelbrecht (Voor-ontsluiting)

TOTSIENS

Met 'n tikkie hartseer is dit my taak om tot siens te sê. Maretha, ons fotograaf gaan ons verlaat. Maretha, duisend dankies vir al jou moeite met die foto-sessies. Ek waardeer dit baie en namens die redaksie: BAIE DANKIE.
Ons sal jou baie mis. Geniet jou troue en kom kuier gerus.

REDAKTRISE





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

# VAKBIBLITOEKARIS K E R S P A R T Y









Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

DIE GROOT TREK ... VYFDE VLAK










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

WEES GEGROET BUITEMUURS










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019





Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


## WELKOM AAN BUITEMUURS




Ray Smithers



Irene Dejonge



Johan Avenant




Chris de Wet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019


# TOTSIENS




Mej Maretha van Vuuren
Tiksters



Mnr Leo du Toit
G S V




Mev Corné Barnard
Boekontvangs



Mev Ivy Kotzé
Toonbank




Mev Aartia Joubert
I B L



Mev Stella Rheeder
Medies


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019



Mnr Mathew Syphus
Tydskrifte




Mev Ilse du Plessis
I B L



Mnr Fanus Booyens
Tydskrifte



Mev Rozaan Boer
Voor-ontsluiting



Mnr Japie de Jongh
Toonbank

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019